

**DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN SUB- EN
KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE IN SUID-AFRIKA
VANUIT 'N OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF**

deur

CORINNE MEIER

voorgelê luidens die vereistes
vir die graad

DOCTOR EDUCATIONIS

in die vak

HISTORIESE OPVOEDKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROFESSOR SLH VAN NIEKERK

JANUARIE 1996

Studentenommer: 797-550-3

Hiermee verklaar ek dat: Die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika vanuit 'n opvoedkundige perspektief, my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.


C. Meier

HANDTEKENING
(MEV C MEIER)

1996.04.12

DATUM

369.406 8 MEIE	
Class	1997-01-31
Klas
Access
Aanwin



1662273

Opgedra aan my eggenoot, Kobus

DANKBETUIGING

Alhoewel ek die ontvanger van hierdie graad is, het baie persone meegehelp tot die afhandeling daarvan. My opregte dank en waardering aan:

- professor Lien van Niekerk vir haar professionele leiding, insette, advies en taalversorging van die proefskrif. Haar harde werk word opreg waardeer.
- my eggenoot, Kobus, vir sy geduld en opoffering gedurende die studietydperk
- my ouers en skoonouers vir hulle belangstelling en voortdurende onderskraging
- Henk Harmse vir die tegniese versorging
- my vriende en kollegas vir hulle volgehoue ondersteuning en die uitruil van gedagtes
- die biblioteekpersoneel by name Lisa Thompson en Karlien de Beer, wat op 'n vriendelike, tog deeglike manier die soektog na bronne vergemaklik het

OPSOMMING

In elke samelewing kan die jeug as 'n opsigselfstaande groep geïdentifiseer word. Die unieke eienskappe van die jeugfase lei tot die ontstaan van konstruktiewe of subkulturele jeuggroeperinge en destruktiewe of kontrakulturele jeuggroeperinge. Sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge oefen 'n direkte invloed op die onderwys en opvoeding van die jeug uit. 'n Ondersoek na die faktore wat aanleiding gee tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge is in die lig daarvan van dwingende belang.

'n Analise van die stambegrippe *kultuur*, *subkultuur* en *kontrakultuur* is 'n voorvereiste vir die begryp en verstaan van die tema ter sprake. Kultuur is die somtotaal van menslike betrokkenheid in sy materiële en nie-materiële wêreld. Hierdie betrokkenheid lei tot kultuurvorming. Die vorming, oordrag en verandering van kultuur het 'n bepaalde gesindheidsverandering by individue tot gevolg. Die nie-konformering met kultuurverandering het die formulering van 'n alternatiewe of subkulturele stel waardes en norme tot gevolg. 'n Subkultuur kan beskryf word as enige segment van die dominante kultuur waarvan die waarde en normstruktuur van die dominante kultuur verskil, maar nie in konflik daarmee is nie. Die algehele afwysing of pogings tot die omverwerp van dominante waardes en norme het kontrakulturele waardes en norme tot gevolg.

Sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge is eiesoortig van aard. Subkulturele jeuggroeperinge funksioneer met gemak in die dominante kultuur. Kontrakulturele jeuggroeperinge word deur die dominante kultuur as 'n bedreiging beskou.

Die faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika aanleiding gee, kan kortliks saamgevat word as: politieke omstandighede, ideologiese invloede, ekonomiese, demografiese, sosiale (waaronder 'n gedepriveerde sosiale omgewing en huislike faktore, gesinsgrootte, enkelouergesinne, gesagskrisis, generasiekonflik en religieuse faktore), kulturele vervreemding en onderwyskundige faktore.

Kontrakulturele jeuggroeperinge wat op geweld uitloop, het 'n destruktiewe invloed op die fisiese en psigiese omgewing van die skool, die medeleerlinge, die gesagsdraers en die leeromgewing. Desnieteenstaande staan die skool in 'n ideale posisie ten opsigte van die identifisering,

rehabilitering en akkommodering van kontrakulturele jeuggroeperinge en die onderrig van lewensvaardighede waardeur anti-normatiewe gedrag afgewys kan word.

SUMMARY

In every society the youth can be identified as a separate group. The unique characteristics of the youth phase results in constructive or subcultural youth groupings, as well as destructive or countercultural youth groupings. Sub- and countercultural groupings exert a direct influence on the instruction and education of the youth. An investigation of the factors giving rise to the development of sub- and countercultural youth groupings is therefore imperative.

An analysis of the key concepts of *culture*, *subculture* and *counterculture* is a prerequisite for the comprehension of the theme at issue. Culture is the sum total of people's involvement in their material and nonmaterial world. This involvement generates culture. Culture, and the forming, transmission and change of culture results in a change of mindset in individuals. Nonconformity with cultural change results in the formulation of an alternative or subcultural set of values and norms. A subculture can be defined as any segment of the dominant culture that subscribes to a set of values and norms that differ from, but are not in conflict with, those of the dominant culture. Complete rejection of, or attempts to overthrow dominant values and norms result in the formation of countercultural values and norms.

Sub- and countercultural youth groupings are unique. Subcultural youth groupings function with ease in the context of the dominant culture. Countercultural youth groupings are perceived as a threat by the dominant culture.

The factors leading to the origin and development of sub- and countercultural youth groupings in South Africa can be briefly summarised as: political circumstances, ideological influences, economic, demographic and social influences (including a deprived social environment and domestic factors, family size, single-parent families, authority crises, generation conflict and religious factors), cultural alienation and educational factors.

Countercultural youth groupings that resort to violence have a destructive influence on the physical and psychic school environment, on fellow pupils, on office-bearers and on the learning environment. Despite all this, however, the school is ideally placed to identify, rehabilitate and

accommodate countercultural youth groupings and to provide instruction in life skills with a view to expelling antinormative behaviour.

Titel van die proefskrif:

**DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN SUB- EN KONTRAKULTURELE
JEUGGROEPERINGE IN SUID-AFRIKA VANUIT 'N OPVOEDKUNDIGE PERSPEKTIEF**

Sleutelterm:

Culture, cultural process, subculture, counterculture, subcultural youth movement, countercultural youth movement, theories on violence, factors contributing to subcultural and countercultural youth movement formation, violence, lifeskills, actionplan to combat countercultural youth movements in school

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGING	iv
OPSOMMING	v
SUMMARY	vii
LYS VAN DIAGRAMMATIESE VOORSTELLINGS	xviii
LYS VAN INTERSUBJEKTIEWE GESPREKKE	xix
LYS VAN AFKORTINGS	xx

HOOFSTUK 1: ORIËNTERENDE VOORARBEID

1.1 INLEIDING	2
1.2 AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE	2
1.3 PROBLEEMFORMULERING	4
1.4 DOEL VAN DIE NAVORSING	5
1.4.1 Doelstellings	5
1.4.2 Doelwitte	6
1.5 TITELANALISE EN BEGRIPSVERKLARING	7
1.5.1 Kultuur	7
1.5.1.1 Etimologie van die begrip <i>kultuur</i>	7
1.5.1.2 Aksentverskuiwing in die begrip <i>kultuur</i>	9
(a) Die pluralisering van die kultuurbegrip	9
(b) Die verruiming van die kultuurbegrip	9
(c) Die dinamisering van die kultuurbegrip	10
1.5.1.3 Die begrip <i>kultuur</i> nader omskryf	11
1.5.2 Kulturele diversiteit	14
1.5.3 Kulturele relativisme	14
1.5.4 Kulturele herstrukturering/modifisering	15
1.5.4.1 Kultuurassimilasie/nivellering	17
1.5.4.2 Kultuuramalgamasie	18
1.5.4.3 Kultuurintegrasie	19
1.5.4.4 Kultuursegregasie	19

1.5.4.5	Kultuurdifferentiasie	20
1.5.4.6	Akulturasie	20
1.5.4.7	Kultuurdiffusie	20
1.5.4.8	Enkulturasie	21
1.5.4.9	Dekulturering	21
1.5.4.10	Herkulturering	21
1.5.4.11	Omkuurering	21
1.5.4.12	Kultuurvervreemding/-verwildering	22
1.5.5	Kultuursimbole	22
1.5.6	Groepvorming	23
1.5.6.1	Samelewing	23
1.5.6.2	Gemeenskap	23
1.5.7	Subkultuur	24
1.5.8	Kontrakultuur	26
1.5.9	Jeug	27
1.5.9.1	Sub- en kontrakulturele jeuggroepering	28
1.5.10	Verlore generasie	29
1.6	AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN	30
1.7	NAVORSINGSMETODOLOGIE	31
1.7.1	Benaderingswyses	31
1.7.1.1	Probleemgerigte benaderingswyse	31
1.7.1.2	Metabletiese benaderingswyse	32
1.7.1.3	Fenomenologiese benaderingswyse	32
1.7.2	Navorsingsmetode	33
1.7.2.1	Basies-wetenskaplike navorsingsmetode (histories-opvoedkundige navorsingsmetode)	33
1.7.3	Navorsingsingesteldheid	34
1.7.3.1	Christelike stellingname	34
1.7.3.2	Die antropologies-ontologiese denkhouding	34
1.7.3.3	'n Prakties-funksionele wetenskapsbeskouing	35
1.7.4	Werkswyse	35
1.7.4.1	Literatuurstudie	35
1.7.4.2	Intersubjektiewe gesprekvoering	36
1.8	VERDERE INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE ONDERHAWIGE NAVORSING	37
1.8.1	Stilistiese oorwegings	37
1.8.2	Programaankondiging	37
1.9	SAMEVATTING	38

HOOFSTUK 2: KULTUUR: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING

2.1	INLEIDING	41
2.2	KULTUUR AS MENSLIKE VERSKYNSEL: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING	43
2.2.1	Die werklikheid as ontiese gegewe	44
2.2.2	Die mens as antropologiese gegewe	46
2.2.3	Die vorming van 'n groep	49
2.2.4	Die dinamiese aard van die kultuurproses	50
2.2.4.1	Kultuurvorming/skepping	52
(a)	Die komponente van kultuur	53
(b)	Funksies van kultuur	55
2.2.4.2	Kultuuroordrag	57
2.2.4.3	Kultuurkontak	57
2.2.4.4	Kultuurdiffusie	58
2.2.4.5	Kultuurontplooing	58
(a)	Kultuurverandering	59
(i)	Die begrip <i>verandering</i>	59
(ii)	Faktore wat verandering prikkel	59
(iii)	Die internalisering van kultuurverandering	61
(iv)	Weerstand teen verandering	63
(b)	Kultuurontwikkeling	64
(c)	Kultuurvernuwing	65
2.2.4.6	Kulturbewaring	65
2.2.4.7	Kultuurverbrokkeling	66
2.2.4.8	Kultuurkrisis	69
2.2.4.9	Kultuurrevolusie	70
2.3	SAMEVATTING	72

HOOFSTUK 3: SUBKULTUUR EN KONTRAKULTUUR: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING

3.1	INLEIDING	74
3.2	SUBKULTUUR: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING	75
3.2.1	Wat is 'n subkultuur?	75
3.2.2	Die vorming van 'n subkultuur	78
3.2.2.1	Faktore wat tot die vorming van subkulture aanleiding gee	79
(a)	Kulturele diversiteit	79
(b)	Genotipiese faktore	79

	(c) Fenotipiese faktore	80
3.2.3	Die ontwikkeling en groei van 'n subkultuur	81
	3.2.3.1 Subkulturele parameters	81
	3.2.3.2 Subkulturele gedragskodes	83
	3.2.3.3 Subkulturele sanksies	83
	3.2.3.4 Subkulturele diffusie	86
3.2.4	Subkulturele styl	87
3.2.5	Eienskappe van 'n subkultuur	90
3.2.6	Funksies van 'n subkultuur	90
3.2.7	Subkulturele jeuggroepering	91
	3.2.7.1 Die begrip <i>subkulturele jeuggroepering</i>	91
	3.2.7.2 Die vorming van subkulturele jeuggroeperinge	91
	3.2.7.3 Eienskappe van subkulturele jeuggroeperinge	96
	3.2.7.4 Funksies van subkulturele jeuggroeperinge	96
3.3	OPPOSISIE- EN KONTRAKULTUUR: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING	97
3.3.1	Wat is 'n opposisie- en kontrakultuur?	97
3.3.2	Die vorming van 'n kontrakultuur	98
	3.3.2.1 Faktore wat tot die vorming van kontrakulture aanleiding gee	98
3.3.3	Die ontwikkeling en groei van 'n kontrakultuur	100
	3.3.3.1 Kontrakulturele parameters	100
	3.3.3.2 Kontrakulturele gedragskodes	101
	3.3.3.3 Kontrakulturele sanksies	102
	3.3.3.4 Kontrakulturele diffusie	102
3.3.4	Kontrakulturele styl	103
3.3.5	Eienskappe van 'n kontrakultuur	103
3.3.6	Funksies van 'n kontrakultuur	104
3.3.7	Kontrakulturele jeuggroepering	105
	3.3.7.1 Die begrip <i>kontrakulturele jeuggroepering</i>	105
	3.3.7.2 Die vorming van kontrakulturele jeuggroeperinge	105
	3.3.7.3 Eienskappe van gewelddadige jeugbendes as eksemplaar van 'n kontrakulturele jeuggroep	107
	3.3.7.4 Funksies van gewelddadige jeugbendes as eksemplaar van 'n kontrakulturele jeuggroep	109
3.3.8	Verklaringsteorieë vir die ontstaan van gewelddadigheid by kontrakulture	109
	3.3.8.1 Koloniale-teorie van F Fanon	110
	3.3.8.2 Ras-en-ekonomiese beperkingsteorie van L A Curtis	111
	3.3.8.3 Populasie-grootte-kweek-onkonvensionaliteit-teorie van C S Fischer	112
	3.3.8.4 Anomie-teorie van R K Merton	113
	3.3.8.5 Instinktoïde-teorie van A Maslow	115
3.4	SAMEVATTING	117

HOOFSTUK 4: FAKTORE WAT TOT DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN SUB- EN KONTRAKULTURELE JUEGGROEPERINGE IN SUID-AFRIKA AANLEIDING GEE

4.1	INLEIDING	120
4.2	FAKTORE WAT TOT DIE ONTSTAAN VAN SUB- EN KONTRAKULTURELE JUEGGROEPERINGE AANLEIDING GEE	121
4.2.1	Politiese omstandighede	122
4.2.2	Ideologiese invloede	126
4.2.2.1	Christen-liberale-tydperk (1884-1943)	127
4.2.2.2	Pragmaties nasionalistiese en Afrikanistiese-tydperk (1943- 1976)	128
4.2.2.3	Krities nasionalistiese en Afrikanistiese-tydperk (1976- 1994)	129
4.2.3	Ekonomiese faktore	130
4.2.4	Demografiese faktore	133
4.2.5	Sosiale faktore	136
4.2.5.1	Gedepriveerde sosiale omgewing	136
4.2.5.2	Huislike faktore	137
4.2.5.3	Behuisingsnood	138
4.2.5.4	Gesinsgrootte	139
4.2.5.5	Enkelouergesinne	139
4.2.5.6	Gesagskrisis	140
4.2.5.7	Generasiekonflik	141
4.2.5.8	Religieuse faktore	142
4.2.6	Kulturele vervreemding	143
4.2.6.1	Tradisionele kultuur <i>versus</i> geïndustrialiseerde westerse kultuur	143
4.2.6.2	Kulturele deprivasie	145
4.2.6.3	Anti-kind ingesteldheid	145
4.2.7	Onderwyskundige faktore	146
4.3	DIE VERBAND TUSSEN DIE VERKLARINGSTEORIEË VIR DIE ONTSTAAN VAN GEWELDDADIGHEID BY KONTRAKULTURE EN DIE FAKTORE WAT TOT DIE ONTSTAAN VAN SUB- EN KONTRAKULTURELE JUEGGROEPERINGE AANLEIDING GEE	152
4.3.1	Koloniale-teorie van F Fanon	152
4.3.2	Ras-en-ekonomiese beperkingsteorie van L A Curtis	154
4.3.3	Populasie-grootte-kweek-onkonvensionaliteit-teorie van C S Fischer	154
4.3.4	Anomie-teorie van R K Merton	155
4.3.5	Instinktoïde-teorie van A Maslow	156
4.4	DIE ONTWIKKELING EN GROEI VAN SUB- EN KONTRAKULTURELE JUEGGROEPERINGE IN SUID-AFRIKA	157
4.4.1	Die verbroekeling van voor-koloniale etniese kulture (1884-1939)	157

4.4.2	Die ontstaan van stedelike swart kulture (1939-1955)	158
4.4.3	Die ontstaan van 'n stedelike jeug werkersklaskultuur (1955-1976)	158
4.4.4	Die toenemende sigbaarwording van kontrakulturele jeuggroeperinge en politieke weerstand (1950-1976)	159
4.4.5	Die ontwikkeling van 'n jeugweerstandsbeweging (1976-1985)	160
4.4.6	Die krisis rondom jeugweerstandsbewegings en die herverskyning van kontrakulturele jeuggroeperinge (1985-1990)	161
4.4.7	Die verskyning van konformerende en middelklas subkulturele jeuggroeperinge (1985-1995)	162
4.5	SAMEVATTING	163

HOOFSTUK 5: DIE INVLOED VAN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE OP DIE ONDERWYS

5.1	INLEIDING	167
5.2	DIE INVLOED VAN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE OP DIE SKOOL AS MIKROGEMEENSAP	168
5.2.1	Invloed op die fisiese omgewing	169
5.2.2	Invloed op die psigiese omgewing	170
5.2.3	Invloed op medeleerlinge	173
5.2.4	Invloed op gesagsdraers	176
5.2.5	Invloed op die leeromgewing	177
5.2.6	Invloed op die gemeenskap	179
5.3	PRAKTIESE RIGLYNE VIR DIE HANTERING VAN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE IN DIE ONDERWYS	180
5.3.1	Mikrovlak - Die skool	182
5.3.1.1	Doelwitbepaling	182
5.3.1.2	Aksieplan	185
(a)	Die onderwyser in sy klaskamer	185
(i)	Die vroegetydige identifisering van kontrakulturele jeuggroeperinge	186
(ii)	Die skoolkurrikulum moet in die werklike behoeftes van die leerlinge voorsien	189
(iii)	Die kurrikulum moet verband hou met die sosiale werklikheid	190
(iv)	Toereikend gekwalifiseerde onderwysers	190
(v)	Positiewe onderwyser-kind-verhouding	191
(vi)	Dissiplinerings	191

b)	Die leerlinge in die skool	191
i)	Opleiding aan lede van kontrakulturele jeuggroeperinge met die doel om gedragswysiging te inisieer	192
ii)	Opleiding aan medeleerlinge met die doel om kontrakulturele jeuggroeperinge in hul rehabilitasie en akkommodasie by te staan	193
c)	Die skool	194
i)	Inagneming van die behoeftes van die leerlinge	195
ii)	Voldoende ontspanningsgeriewe	195
iii)	Konstruktiewe vryetydsbesteding	195
iv)	Uitbreiding van ondersteuningsgroepe	196
5.3.2	Mesovlak - Die gemeenskap	197
5.3.3	Makrovlak - Die staat en internasionale gemeenskap	198
5.4	SAMEVATTING	198

HOOFSTUK 6: EVALUERING: BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1	INLEIDING	201
6.2	KULTUUR: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING	202
6.2.1	Bevindinge	202
6.2.2	Gevolgtrekkings	203
6.2.3	Aanbevelings	204
6.3	SUBKULTUUR EN KONTRAKULTUUR: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING ..	204
6.3.1	Bevindinge	204
6.3.2	Gevolgtrekkings	206
6.3.3	Aanbevelings	208
6.4	FAKTORE WAT TOT DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN SUB- EN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE IN SUID-AFRIKA AANLEIDING GEE	208
6.4.1	Bevindinge	208
6.4.2	Gevolgtrekkings	210
6.4.3	Aanbevelings	211
6.5	DIE INVLOED VAN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE OP DIE ONDERWYS	212
6.5.1	Bevindinge	212
6.5.2	Gevolgtrekkings	213
6.5.3	Aanbevelings	214

6.6	AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING	216
6.7	AANBEVELINGS VIR ONDERWYSVERNUWING	217
6.8	SLOTOPMERKING	217
	GERAADPLEEGDE BRONNE	220

LYS VAN DIAGRAMMATIESE VOORSTELLINGS

	Bladsy
Diagram 1: Kultuurmodifisering as gevolg van kultuurkontak	16
Diagram 2: Tydtriadiese ondersoek na die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika	39
Diagram 3: Dinamiese aard van kultuur	51
Diagram 4: Stadia van kultuurvorming	52
Diagram 5: Drie wyses waarop kultuurverandering plaasvind	62
Diagram 6: 'n Kultuur en 'n aantal subkulture en kontrakulture	77
Diagram 7: Normgehoorsaming en normoortreding	85
Diagram 8: Faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee	151
Diagram 9: Hantering van kontrakulturele jeuggroeperinge op mikro-, meso- en makrovlak	181

LYS VAN INTERSUBJEKTIEWE GESPREKKE

Fisher, J J 1995. Verkoopsman by 'n kwekery, 20 Oktober, Pretoria.

Masetle, A 1995. Amptenaar by die Departement Gesondheid: Direktoraat Geestesgesondheid.
25 Oktober, Pretoria.

Mathabatha, S 1995. Huishulp, 16 Oktober, Pretoria.

Nortjé, J A 1995. Direkteur Regsdienste: Suid-Afrikaanse Polisie Diens, Wes-Kaap. 27 Desember
1995, Kaapstad.

Phatudi, M A 1995. Hoof: Afrikatale. Vlakfontein Hoërskool, 21 Oktober, Pretoria.

Seletela, A 1995. Verkoopsman by 'n kwekery, 20 Oktober, Pretoria.

Vorster, L P 1994. Professor in Antropologie en Inheemse Reg aan die Universiteit van Suid-
Afrika, 7 Oktober, Pretoria.

LYS VAN AFKORTINGS

ANC	African National Congress
BCM	Black Consciousness Movement
COSAS	Congress of South African Students
DOO	Departement van Onderwys en Opleiding
HOP	Heropbou en Ontwikkelingsprogram
NEUM	Non-European Unity Movement
NP	Nasionale Party
RGN	Raad vir Geestes Wetenskaplike Navorsing
SAP	Suid-Afrikaanse Party
VSA	Verenigde State van Amerika

1

Oriënterende voorarbeid

"Geesteswetenskaplike navorsing is 'n gemeenskaplike menslike aktiwiteit waardeur 'n bepaalde verskynsel in die werklikheid op 'n objektiewe wyse bestudeer word ten einde 'n geldige begrip van die verskynsel daar te stel" (Mouton & Marais 1990:7).

1.1 INLEIDING

In elke samelewing, wêreldwyd, kan die jeug as 'n opsigselfstaande groep geïdentifiseer word. Opsigselfstaande in dié sin dat die volwasse wêreld óf verstom staan oor die *konstruktiewe* kreatiwiteit van jeuggroeperinge óf verstom staan oor die *destruktiewe* kreatiwiteit van jeuggroeperinge. Die vraag wat in hierdie navorsing beantwoord word, is watter faktore aanleiding gee tot die ontstaan en ontwikkeling van konstruktiewe of subkulturele jeuggroeperinge en destruktiewe of kontrakulturele jeuggroeperinge?

In 'n ondersoek na die ontstaansredes vir sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge kan die stambegrippe *kultuur*, *subkultuur* en *kontrakultuur* nie onaangeraak gelaat word nie. Die vorming, oordrag en verandering van kultuur (wat in hierdie navorsing as die kultuurproses gesien word) het 'n bepaalde invloed op die gesindheid of ingesteldheid van individue. Die nie-konformering met kultuurverandering het die formulering van 'n alternatiewe of subkulturele stel waardes en norme tot gevolg. Subkulture word binne die dominante kultuur aanvaar. Die algehele afwysing of pogings tot die omverwerp van dominante waardes en norme het kontrakulturele waardes en norme tot gevolg. Kontrakulture word nie deur die dominante kultuur aanvaar nie. Kontrakulture is meer "sigbaar" as subkulture aangesien die groepsnorme en -doelstellings van 'n kontrakultuur anti-sosiaal vertoon en in die meerderheid gevalle op konflik met die gereg uitloop.

Vervolgens word daar aangetoon waarom die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge as navorsingstema geselekteer is.

1.2 AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

In die tien jaar tussen die periode 1983 tot 1992 het die misdaadsyfer in Suid-Afrika, persentasiegewys, 'n skerper toename getoon as die bevolkingsaanwas. Die toename in halsmisdade was 135%, gewapende roof 109%, huisbraak 71%, motordiefstal 64% en verkragtings 62% (Race Relations Survey 1993/1994:296). Wat hierdie statistiek kommerwekkend maak, is die feit dat jeugdige nie net meer die slagoffers van misdaad is nie, maar toenemend

by misdaad betrokke raak (*Vrye Weekblad*, 30 November 1990:8).

In die geskiedenis van die wêreld is Suid-Afrika nie die enigste land wat van tyd tot tyd op maatskaplike en politieke gebied die jeug as problematies, opstandig en dikwels rewolusionêr ervaar nie. Bekende voorbeelde in dié verband is die sogenaamde "wolwekinders" van Rusland, wat selfs nie deur iemand soos Stalin (1879-1953) beheer kon word nie en die "skinheads" in Los Angeles, Miami en New York wat geen respek vir lewe of gesag het nie en waar die "bloed op jou hande van ander" 'n statussimbool geword het (Brake 1985:79).

Die verskil tussen die sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika en dié in die res van die wêreld lê daarin dat dit hier te lande nie gaan om honderd- of duisendtalle nie, maar oor miljoene maatskaplike "outsiders" of randfigure wat in 'n sub- of kontrakultuur saamgetrek word. Die omvang daarvan is van so 'n aard dat daar reeds van die sogenaamde "alienated youth" of die "lost generation" of die "marginalised youth" gepraat word (Van Niekerk & Meier 1995:69). Die "verlore generasie" bestaan uit ongeveer 3 miljoen swak geskoolde, werklose swart jeugdige met 'n hoë voorkoms van misdaad, geweld, politieke radikalisme en algemene anargie. Onderwys is nie een van die aktiwiteite waaraan hulle tyd afstaan nie (*South African Broadcasting Corporation*, 15 Augustus 1990).

Teen die einde van die tagtigerjare het die sogenaamde "lost generation" om verskeie redes in kontrakulturele jeuggroeperinge ontaard. Die individu, gesin, onderwys en gemeenskap word bedreig deur kontrakulturele jeuggroeperinge waar waardes soos agting vir die lewe, gesag en ander mense se eiendom, verduister word deur die tydelike en skeefgetrekte waardes wat binne die kontrakulturele jeuggroeperinge botoon voer. Kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika is rewolusionêr van aard en het die potensiaal om die land op alle lewensterreine te destabiliseer. Waar opvoedkundige eers bekommerd was oor die invloed wat geweld in die samelewing op die jeug het, het dit nou verskuif na kommer van die invloed van onhanteerbare jeugdige op die samelewing (*The Weekly Mail*, 16 November 1990:23). Die belangrikheid daarvan om aan die verskynsel van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aandag te gee, word onderstreep deur die scenario dat daar teen die jaar 2000 na verwagting sowat 8 100 000 swart jeugdige in Suid-Afrika gaan wees (*The Star*, 18 February 1990:12).

Die jeug is 'n volk se belegging vir die toekoms. Ter wille daarvan is dit uiteraard noodsaaklik

dat die "beleggingsmateriaal" ten opsigte van normatiewe aangeleenthede kerngesond moet wees. Navorsing op hierdie terrein kan waardevolle riglyne voorsien vir die hantering en akkommodering van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in die onderwys, gemeenskappe en in die samelewing.

1.3 PROBLEEMFORMULERING

Die doel van 'n probleemformulering word soos volg deur Landman (1987:47) verduidelik: "Die werklikheid wat ondersoek moet word, moet aan die hand van sinvolle vrae op die voorgrond kom. Die verwoording van sinvolle vrae staan bekend as probleemformulering, wat rigting gee aan die navorsing en die navorser motiveer om sinvolle oplossings te soek".

In die lig daarvan kan die volgende vrae in die wesensanalise van die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika gestel word:

- Wat is kultuur?
- Wat is 'n subkultuur en subkulturele jeuggroepering?
- Wat is 'n kontrakultuur en kontrakulturele jeuggroepering?
- Watter faktore het tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika aanleiding gegee?
- Wat is die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge op die onderwys?
- Watter praktiese riglyne ten opsigte van die hantering van kontrakulturele jeuggroeperinge kan binne die onderwys voorgestel word?

Die sentrale probleem wat in die gekose navorsingstema ondersoek word, is die ontstaansredes vir die vorming van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika.

1.4 DOEL VAN DIE NAVORSING

Met die navorsingsdoelstelling word 'n breë aanduiding van wat met die navorsing bereik wil word, gegee. Drie soorte navorsingsdoelstellings kan onderskei word:

- *verkennende navorsing* waardeur nuwe insigte oor die domeinsverskynsel ingewin word
- *beskrywende navorsing* waar die klem val op 'n in diepte beskrywing van 'n groep, individu, stam of sosiale voorwerp
- *verklarende navorsing* wat verband hou met voorspellende en evaluatiewe studies en die aantoon van oorsaaklikheid tussen veranderlikes (Mouton & Marais 1990:44-47)

Die doel met die onderhawige navorsing word as 'n kombinasie van bogenoemde doelstellings in algemene doelstellings en spesifieke doelwitte uiteengesit.

1.4.1 Doelstellings

Die volgende geld as oorkoepelende doelstellings:

Om langs 'n wetenskaplik, erkende opvoedkundige werkwyse

- 'n verkenning en beskrywing van die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika te gee
- toekomsriglyne vir Suid-Afrika daar te stel wat rigtinggewend vir onderwysbeplanners en onderwysopleiers in die hantering en akkommodering van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in die onderwys kan wees.

1.4.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte word ten opsigte van die onderskeie hoofstukke gestel:

Om

- 'n analise van die begrip *kultuur* te maak
- 'n analise van die begrippe *subkultuur* en *subkulturele jeuggroepering*, *kontrakultuur* en *kontrakulturele jeuggroepering*, te maak
- 'n verkenning en beskrywing van die faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika aanleiding gegee het, voor te hou
- aan te toon wat die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge op die skool as mikrogemeenskap is
- praktiese riglyne, wat rigtinggewend vir onderwysbeplanners in die sinvolle hantering van kontrakulturele jeuggroeperinge in die skool, kan wees voor te stel
- 'n verklaring te probeer gee vir en 'n summatiewe evaluering te maak van die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika en 'n sintese van bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings, wat op praktykverbetering gerig is, voor te hou.

Doelwitstelling word aan die begin van elke hoofstuk verfyn om die leser aan die inhoud van die hoofstuk bekend te stel en gedagtes te rig. Verfynde doelwitstelling is nie aan die begin van hoofstuk 1 onderneem nie aangesien hoofstuk 1 nie 'n inhoudshoofstuk verteenwoordig nie, maar slegs 'n oriënterende voorarbeid ten opsigte van die navorsing is.

1.5 TITELANALISE EN BEGRIPSVERKLARING

'n Titelanalise en begripsverklaring is volgens Grant (1978:46) essensieel vir die daarstel van duidelike werksdefinisies. "Terms serves as ground rules for perceiving and understanding educational concepts. Terms may have more than one meaning and thus may convey varying perceptions to different people. This type of variation frequently results in educational programmes that are weakly conceptualized, poorly designed, and misinterpreted". Die verklarings en werksdefinisies van die onderskeie begrippe word konsekwent in die navorsing benut.

1.5.1 Kultuur

Die werklike aard en wese van die begrippe *sub-* en *kontrakulture* kan moeilik objektief geëvalueer word indien die begrip *kultuur* nie tot in sy fynste besonderhede ontleed en beskryf is nie. Dit sou onverantwoordelik wees om uitsprake oor sub- en kontrakulture te lewer sonder om die verwickeldheid van die begrip *kultuur* aan die orde te stel.

1.5.1.1 Etimologie van die begrip *kultuur*

Die etimologie van die begrip *kultuur* het sy oorsprong in die voor Christelike Romeinse beskawing as Latynse begrip, *cultus of cultura* in samehang met die werkwoord *colere*. *Colere* het verwys na al die daaglikse werksaamhede van die Romeine, vanaf versorging van die liggaam en versiering van die woning tot landbou (Van der Wateren 1979:48). Van der Wateren (1979:48) stel hierdie werksaamhede en die begrip *colere* aan *arbeid* gelyk. Hierdie arbeid staan in direkte relasie met die voorsiening in die lewensbehoefte van die mens deur die bewerking en bewoning van die aarde. Die mens gaan dus arbeidsaam met die natuur (materiële wêreld) om (Jenks 1993:8; Waugh 1983:11). Volgens Venter (1962:5) omsluit die begrip *colere* die totale lewensuiting sowel as die diepsinnige geestesarbeid (nie-materiële wêreld) van die Romein en as sinvolle geheel is die lewe van die mens afgestem op 'n "kulturele eindbestemming".

Hierdie "kulturele eindbestemming" word duidelik namate die begrippe *cultura* en *cultus* betekenis verkry. *Cultura* stem ooreen met die begrip *kultuur* in sy kontemporêre konteks. Die begrip *cultus* verwys na kultus of diens aan die gode. Van der Wateren (1979:48) stel die begrip

cultus aan optrede of 'n handeling gelyk. Dié kultuur(optrede)handeling het neergekom op kultus(godsdienstige)handelinge. Die "kulturele eindbestemming" is deur die *cultus* bepaal. Vir die Romeine was *cultura* altyd *cultus* (Venter 1962:5). Die Romeinse kultus, wat die veiligheid en voortbestaan van die Romeinse Keiserryk verteenwoordig het, is later deur die opkoms van die Christendom bedreig. Die Christene het wel die begrip *cultura* oorgeneem, maar die begrip *cultus*, wat op heidense-god-verering dui, is deur die Christene verwerp. In plaas van die begrip *cultus* is die begrip *godsdienst* (Gods-diens) gebruik. Die begrip *kultuur* soos deur die Christendom voorgestaan, het vir bykans 1600 jaar sonder enige betekenisverandering bly voortbestaan. Vir die Christen was sý "kulturele eindbestemming" die Koninkryk van God (Venter 1962:5). Teen die tweede helfte van die 18de eeu is die oorspronklike betekenis van die begrip *kultuur*, wat op 'n handeling gedui het, vervang met die betekenis dat kultuur die *resultaat* van die skeppings- en bewerkingsaktiwiteite van die mens is (Buiks & Kwant 1981:12; Blauw 1978:17).

Oberholzer (1968:340) wys daarop dat die begrip *cultura* en die begrippe *cultura animi*, wat deur Cicero (106-43 v.C.) benut is, met die veredeling, versorging en ontwikkeling van die gawes van die mens verband hou. Hierdie betekenisgewing aan *cultura animi* stem weer ooreen met die Griekse begrip *paideia* wat die normering, dissiplinerig, en opvoeding van die mens beteken. Normering is afgelei van die Latynse woord *norma* wat winkelhaak beteken. Met 'n winkelhaak word gemeet. 'n Norm word gebruik in die sin van 'n maatstaf, kriterium, 'n reël van hoe iets gedoen behoort te word (Van Rensburg & Landman 1988:136). Norme as riglyne hou verband met die ordening van die mens se lewe (Heyns s.a.:27). Die mens se lewe word deur bepaalde handelinge gerig. Aangesien kultuur die skeppende handelinge van die mens veronderstel en al die mens se handelinge normbepaald is, kan aanvaar word dat die normstruktuur die onderbou van kultuur is (Waugh 1983:57).

Die aksiologie of waardeleer kan nie losstaande van norme beskou word nie. Waarde is afgelei van die Latynse woord *valere* wat "van waarde wees" beteken. Waarde is die besondere betekenis wat 'n bepaalde aangeleentheid vir die mens het. Waarde druk die verhouding tussen mens en objek of sy gesindheid ten opsigte van 'n bepaalde saak uit (Van Rensburg & Landman 1988:237). Kultuurskeppende handelinge wat deur 'n normstruktuur gerig word, veronderstel ordeskepping. Ordeskepping veronderstel op sy beurt weer die voorkeur of waarde wat die mens aan 'n bepaalde lewensstyl of lewenswyse heg (Waugh 1983:59). Die mens maak waarde-

uitsprake oor 'n legio aangeleenthede. In hierdie proses word waardes in 'n rangorde van voorkeur geplaas. Dié waardes wat met die hoogste rangplek bekleed word, is rigtinggewend vir die mens se lewe (Pistorius 1976:166).

Die betekenis van die begrip *kultuur* val dus in die begrippe, *optrede of handeling* (*culture, cultus*) en *arbeid* (*colere*) uiteen. Optrede en arbeid binne die konteks van kultuur word gekwalifiseer as optrede en arbeid van die *mens*. Vanuit alle lewens- en werklikheidsbeskouings word kultuur slegs aan die mens gekoppel (Ingold 1994:333; Jenks 1993:8; Pistorius 1974:7; Schusky & Culbert 1978:37). Aangesien kultuur 'n eg menslike verskynsel is, word kultuur breedweg as *menslike gedrag*, gedefinieer: "culture comprises all types of human action and results of such action" (Paelinck 1990:17).

1.5.1.2 Aksentverskuiwing in die begrip *kultuur*

In die loop van die twintigste eeu het daar verdere aksentverskuiwings in die begrip *kultuur* na vore getree. Kirsten (1985:4) plaas die aandag op drie sodanige aksentverskuiwings:

(a) Die pluralisering van die kultuurbegrip

Die aandag word gevestig op " ... die tendens om kultuur nie langer op 'n enkelvoudige wyse met die Westerse kultuur te vereenselwig nie, maar om die meervoudigheid van kultuur te beklemtoon deur die aandag op die eiesoortigheid van verskillende kultuurvorme te vestig" (Kirsten 1985:4). Deur die pluralisering van die kultuurbegrip word 'n pleidooi gelewer om die elitisme wat aan die Westerse kultuur gekoppel word, af te breek en die waarde en bydrae van andersoortige kulture in ag te neem. Die klem val op kulturele gelykheid of kulturele relativisme (Wax 1993:104).

(b) Die verruiming van die kultuurbegrip

Kirsten (1985:5) verklaar verruiming soos volg " ... dat die kultuurbegrip nie langer gereserveer word vir 'n bepaalde aspek van die mens se selfekspressie (die sogenaamde hoër geestesuitinge) nie, maar dat dit uitgebrei word om die menslike lewenswyse in sy geheel te omvat".

Die begrip *kultuur* het tradisioneel slegs die hoër geestesuitinge van die mens omvat soos onder meer religie, kuns, filosofie, wetenskap en politiek (Van Peursen 1982:10). Die eng kultuuroppvatting was die resultaat van die onderskeid wat tussen kultuur en beskawing getref is. Beskawing, in hierdie sin dui op die uiterlike, materiële en verganklike vorme van die maatskaplike ekspressie van die mens. Kultuur daarenteen dui op die innerlike, geestelike en meer blywende vorme van die mens se individuele selfuitdrukking (Kirsten 1985:5). Hierdie onderskeid tussen die individu en sy sosiale dimensies het mettertyd in die Britse en Amerikaanse kultuurteorieë verdwyn. Die begrip *kultuur* is toenemend meer pluralisties aangewend. Samelewing en individu kan nie teenoor mekaar gestel word nie aangesien die twee komponente as sinonieme beskou word (Jenks 1993:9).

Op sy beurt beskou Adorno (in Kirsten 1985:5) die onderskeid tussen individu en samelewing as 'n vervalsing en wel om 'n historiese rede. Volgens Adorno het die sogenaamde "hoër" kultuur op grond van die ontwikkeling van die moderne Westerse samelewing hul teleologiese selfstandigheid van vroeër verloor. Die moderne samelewing het 'n allesomvattende makroverband geword wat alle menslike ekspressie bepaal en insluit. Die verruimde opvatting van die kulturbegrip omvat derhalwe alle fasette van die menslike leefwyse.

(c) Die dinamisering van die kulturbegrip

Met dinamisering van die kulturbegrip bedoel Kirsten (1985:5) " ... die tendens om die kulturbegrip nie langer in die eerste instansie met 'n objektiewe en relatief statiese gegewe (kultuurbesit) te verbind nie, maar om dit in 'n werkwoordelike opsig op die gebeure van die mens se aktiewe betrokkenheid by sy omringende wêreld van toepassing te maak". Tradisioneel is kultuur as selfstandige naamwoord gebruik. Die klem is hoofsaaklik op oorleweringe, die erfenis en die kulturele besit van gemeenskappe, met ander woorde tradisie, geplaas. Mettertyd het die klem wat op tradisie (kultuur) geplaas is, en die neiging om kultuur só te bewonder en te bepeins dat dit blote objek word (wat soos 'n argiefstuk bewaar of soos 'n museumstuk beskerm word), tot 'n soort kulturele narcisme aanleiding gegee (Viljoen 1978:58). Geen gevoeligheid is met hierdie ingesteldheid aan die dinamiese eienskap van kultuur openbaar nie.

Van Peursen (1982:11) vestig die aandag daarop dat tradisie wel dinamies is en aan verandering blootgestel word in die sin dat die mens tradisie óf aanvaar, óf verwerp óf verander. Die woorde

van Ingold (1994:332) weerspieël dieselfde gedagte: " ... cultural form is seen to be held within the current of human relationships: what each generation contributes to the next are not templates or schemata for the organization of experience, but rather the specific conditions of development under which successors, growing up in a social environment, acquire their own embodied skills and dispositions". Die dinamisering van die begrip *kultuur* wil daarom wegdoen met die statiese opvatting van kultuur as blywende, stabiele en tydlose waardes van die mens se bestaan en vestig eerder die aandag op 'n proses waarin die mens en natuur saam betrokke is en in beweging kom.

1.5.1.3 Die begrip *kultuur* nader omskryf

Die begrip *kultuur* is so veelfasettig dat 'n eenduidige omskrywing daarvan onhaalbaar is (Corsini 1994:353; Wilson 1993:108; McLeod 1987:68; Seymour-Smith 1986:65). In 'n ondersoek blyk dit dat daar tussen 1871 en 1950 nie minder nie as 160 verskillende omskrywings van die begrip *kultuur* die lig gesien het (Camilleri 1986:8).

Volgens Seymour-Smith (1986:65) is die eerste werklike definiëring van die begrip *kultuur* in 1871 deur die Engelse antropoloog, E B Tylor (1832-1917) gemaak. Tylor (1958:1) het die begrip *kultuur* soos volg omskryf: "Culture or civilization, ... is that complex whole which includes knowledge, belief, art, morals, law, customs and any other capabilities and habits acquired by man as a member of society". Ongeveer ses dekades later, in 1948, het A L Kroeber (1876-1960) die begrip *kultuur* omskryf as: " ... consisting of speech, knowledge, beliefs, customs, art, and technologies, ideals and rules; what is learned from other men, from elders, and what is added to it" (Alexander & Kumaran 1992:11). Die omskrywing verskil nie wesenlik van die beskrywing deur Tylor nie. Dit impliseer dat daar nie noemenswaardige veranderinge plaasgevind het in die fisiese omskrywing van die begrip *kultuur* nie.

In 1952 egter het die begrip *kultuur* nuwe betekenis verkry met die omskrywing daarvan deur A L Kroeber en C Kluckhohn (1905-1960). "They stated that culture consisted of patterns, explicit and implicit, of and for behaviour, acquired and transmitted by symbols, constituting the distinctive achievements of human groups, including their embodiment in artifacts; the essence of culture consists of traditional (i.e., historically derived and selected) ideas and especially their attached values; a culture system may, on the one hand be considered as a product of action and, on the other, as a conditioning of further action. In short, culture is the total social heritage

acquired by man as a member of society" (Kroeber & Kluchhohn in Alexander & Kumaran 1992:12).

Dit blyk uit bostaande omskrywing dat kultuur

- ☞ ■ uit eiesoortige patrone bestaan
- deur mense gedeel word
- menslike gedrag beïnvloed en vorm
- die kenmerk van waarde-oriëntasiepatrone besit.

Benedict (in Wax 1993:101) se bydrae tot die omskrywing van die begrip *kultuur* was dat sy gepropageer het dat individuele kulture nie eie status besit nie. Benedict konstateer dat kultuur 'n sameflansing van kulturele invloede as gevolg van diffusie (kyk par. 1.5.4.7) is: "each (culture is - CM) an aggregate of hodgepodge of cultural traits ... culture was built of disparate elements, combined and recombined" (Wax 1993:101).

Borgatta en Borgatta (1992:404) skryf die veelfasettigheid van die begrip *kultuur* toe aan die persoonlike voorwetenskaplike lewens- en wêreldbeskouing en vakwetenskaplike uitgangspunte ten opsigte van die omskrywing van die begrip *kultuur*. Hierby kan die woorde van Ingold (1994:329) gevoeg word: "... scholars have adapted their notions of culture to suit the dominant concerns of the day and they will do no doubt continue to do so".

- Persoonlike voorwetenskaplike uitgangspunte

Hier kan onderskei word tussen denkers met 'n gesekulariseerde standpunt soos Sorokin (1889-1968), Herskovits (1895-1963), Malinowski (1884-1942), Dittmer, Mühlmann en denkers met 'n Christelike standpunt soos van Peursen, Van Til, Van Riessen, Kuyper en Dooyeweerd (1894). 'n Kategorisering van dié voorwetenskaplike uitgangspunte lei tot die volgende beklemtoninge:

- die *mens se doen en late* en die *konteks waarbinne hy hom bevind*
- dit wat *ideaal en voortreflik* is

- die *vaslegbare en tasbare vergestaltung* van kultuur in die vorm van bouwerke, dokumente, en so meer
- die *dinamiese aard* van kultuur, waar kultuur as 'n strategie om by die omgewing aan te pas, gesien word.

Die totaliteitsbeeld van kultuur moet steeds in gedagte gehou word omdat die weglating van een van die bogenoemde kategorieë in die bestudering van kultuur tot 'n verskraling daarvan en 'n verengde uitgangspunt kan lei.

■ Vakwetenskaplike uitgangspunte

Ten opsigte van die vakwetenskaplike uitgangspunte kan tussen vakwetenskappe soos die Sosiologie, Antropologie, Sielkunde, Opvoedkunde, Kriminologie en Politieke wetenskappe onderskei word.

Opsommenderwys kan gesê word dat kultuur

- ☞ die somtotaal is van 'n spesifieke groep se aktiwiteite (versimboliseer deur implisiete en eksplisiete simbole, vergestalt in kultifakte en artefakte), in die materiële en nie-materiële wêreld, waardeur die groep skeppend, selfverbeterend, selfversorgend en aanpassend volgens tradisionele (histories ontwikkel en geselekteerde) waardes en norme optree. Kultuur kan enersyds gesien word as aktiwiteitsprodukte en andersyds as voorwaarde vir verdere aktiwiteit (Waugh 1983:11; Pistorius 1974:8; Wolfgang & Ferracuti 1967:96).

Die werksdefinisie wat in die onderhawige navorsing geld, is die volgende:

- ☞ Kultuur is die somtotaal van menslike emosie en normbepaalde gedrag in dinamiese relasie tot homself, sy medemens, die natuur en sy God.

In hoofstuk 2 word 'n verdere filosofiese begroning van die begrip *kultuur* onderneem. Vervolgens word daar oorgegaan tot die omskrywing van begrippe wat met die titel verband hou.

1.5.2 Kulturele diversiteit

Deur die eeue heen het ekonomiese, sosiale, religieuse en politieke faktore wêreldwyd demografiese verskuiwings meegebring. Die direkte gevolg daarvan was die ontstaan en uitbreiding van diverse kultuurgemeenskappe binne geografiese grense. Dit het weer gelei tot 'n stryd om politieke, sosiale en religieuse dominasie. Die kultuurgemeenskap wat byvoorbeeld die politieke mag besit, word as dominante in die samelewingsopset beskou. Kulturele diversiteit is daarom tekenend van alle samelewings (Bates & Plog 1990:5).

Popenoe (1991:70) omskryf die begrip *kulturele diversiteit* soos volg: "Each culture is different because it is adapted to meet a specific set of conditions both physical and social. Social ecologists have made us aware of the physical conditions that help shape a culture, including climate, geography, population, and physiology ... Social factors include the society's stage of technology, its language, its prevailing beliefs and its amount and types of contact with other cultures". Volgens Pratte (1979:4-5) is kulturele diversiteit kenbaar aan drie eienskappe:

- die gekose verskille tussen groepe is so fundamenteel van aard dat dit verskillende waardes en lewensinstellings tot gevolg het
- diversiteit gaan verder as die sienlike; diversiteit word weerspieël in die sosiale gedrag van groepe
- diversiteit "is not a matter of genetics; it is a matter of cultural transmission across generations. A sense of historical and participational identity" (Pratte 1979:5-6).


1.5.3 Kulturele relativisme

Vreemde kulture word dikwels vanuit 'n subjektiewe lewens- en wêreldbeskouing beoordeel. Kulture verskil ten opsigte van hul partikuliere waardesisteme. Soms word die uitgangspunt gehuldig dat kulture wat nie aan die standaard van die eie kultuur voldoen nie as primitief beskou moet word. Hierdie houding staan as *etnosentrisme* of kulturele elitisme bekend (Corsini 1994:353; Seymour-Smith 1986:97). Vergelykings tussen kulture behoort nie vanuit 'n vooropgestelde universele waardestruktuur gedoen te word nie, maar teen die agtergrond van die

unieke waardestruktuur van elke kultuur (Kroeber & Kluckhohn 1952:174; Horton, Leslie & Larson 1988:23; Woods 1975:40). "The very core of cultural relativism is the social discipline that comes of respect of differences - mutual respect" (Herskovits 1972:11).

1.5.4 Kulturele herstrukturening/modifisering

Weinig samelewings kan steeds as monokultureel getipeer word. Onderlinge kontak tussen kulture lei tot kulturele herstrukturening of modifisering. Enkele sodanige tendense word in diagram 1 (p. 16) voorgestel. 'n Verfyning van die begrip *kulturele modifisering* is nodig aangesien kulturele modifisering direk gekoppel kan word aan die ontstaan van sub- en kontrakulture.



1.5.4.1 Kultuurassimilasie/nivellering

Die proses van kultuurassimilasie het die totale absorbering/nivellering van kleiner, nie-dominante kultuurgemeenskappe in die dominante makrokultuur ten doel. In die proses van kultuurassimilasie boet die geassimileerde gemeenskap sy opsigselfstaande kulturele karakter in (Banks & Lynch 1986:197; Appleton 1983:29). Pratte (1979:62) stel dié gebeure soos volg voor:

$$A + B + C + D = A$$

In die model verteenwoordig A, B, C, en D verskillende kultuurgemeenskappe met A, as die mees dominante. In dié assimilasiemodel konformeer die 'nuwe' kultuur (byvoorbeeld immigrante) met die meer dominante kultuurgemeenskap. Smolicz (1979:91) gebruik die begrip *dominante monisme* om hierdie soort kultuurassimilasie te beskryf. Dominante monisme erken nie die voortbestaan van mededingende kulture nie en kulturele sintese moet deur integrasie uitgeskakel word.

Smolicz (1979:80) gebruik 'n volgende begrip, *hibride monisme*, om 'n verdere variasie van die assimilasiemodel te beskryf. Hibride monisme kan verduidelik word as die wisselwerking tussen kulture waardeur 'n nuwe kultuur tot stand kom. Gollnick en Chinn (1983:22) huldig ook hierdie mening as hulle konstateer dat die doel van die assimilasiemodel is om 'n "melting pot" (hutsput) te skep waarin al die kulturele gemeenskappe saamgevoeg word, sodat hulle tot 'n enkele nuwe kultuur kan versmelt.

In die assimilasiemodel, word gemeenskaplikheid oordryf en diversiteit op die agtergrond geskuif. Dit is dan ook die dominante kultuurgemeenskappe wat assimilasie voorstaan omdat hulle beseft dat dit hul kultuurposisie kan bevoordeel (Banks & Lynch 1986:197). Kultuurassimilasie kan in die praktyk as sinoniem aan kulturele imperialisme gereken word (Van Niekerk 1988:18).

Die teenstand teen die assimilasiemodel ontstaan omdat die mens 'n natuurlike drang het om hom met sy eie te assosieer en beleidmakers hou dikwels nie daarmee rekening dat menslike verskille

onuitwisbaar is nie.

1.5.4.2 Kultuuramalgamasie

Kultuuramalgamasie het die skepping en ontwikkeling van 'n heel unieke, nuwe en eiesoortige kultuur ten doel (Popenoe 1991:273). Kultuurassimilasie en -amalgamasie verskil nie in die praktyk veel van mekaar nie. Daar is wel 'n teoretiese verskil. Banks (1988:4) verduidelik hierdie verskil aan die hand van die Verenigde State van Amerika (VSA) as voorbeeld, soos volg: " ... what in fact happened, however, was that most of the immigrant and ethnic cultures stuck to the bottom of the mythical melting pot. Anglo-Saxon culture remained dominant; other ethnic groups had to give up many of their cultural characteristics in order to participate fully in the nation's social, economic, and political institutions".

Die idee van die "melting pot" is afkomstig uit die toneelstuk, *The melting pot*, wat deur 'n Britse Jood, Israel Zangwill geskryf en in 1908 in New York opgevoer is. Die toneelstuk beeld die droom van die hoofkarakter uit waarin hy sien hoe al die etniese- en kultuurgemeenskappe in die VSA versmelt om een nuwe kultuur, superieur tot dié waaruit dit ontstaan het, te vorm.

Gollnick en Chinn (1986:21) gebruik die begrippe *assimilasie*, "*melting pot*" en *amalgamasie* as sinonieme omdat amalgamasie in die praktyk op assimilasië neerkom. Appleton (1983:31,68) en Pratte (1979:65) tref wel 'n onderskeid tussen assimilasië aan die een kant en die "melting pot" en amalgamasie aan die ander kant. Pratte se model van amalgamasie word soos volg voorgestel:

$$A + B + C + D = E$$

A, B, C en D verteenwoordig verskillende kultuurgemeenskappe en E stel die amalgamasie of sintese van die onderskeie gemeenskappe tot 'n nuwe kulturele identiteit voor.

Die verskil tussen kultuurassimilasie en -amalgamasie lê daarin dat kultuurassimilasie die volledige assimilering van minderheidsgroepe in die dominante kultuur is, terwyl

kultuuramalgamasie die skepping van 'n heel nuwe kultuur ten doel het.

1.5.4.3 **Kultuurintegrasië**

Die doelbewuste poging om vermenging van verskillende kultuurgemeenskappe te bewerkstellig, word as kultuurintegrasië gereken. Pratte (1979:XX) definieer kultuurintegrasië soos volg: "Specifically, integration presupposes an easy and fluid mixture of people of diverse racial, religious, and ethnic backgrounds in social cliques, families (intermarriage), private organizations, and intimate friendships". Volgens Popenoe (1991:73) is kultuurintegrasië "When cultural traits are logically consistent with one another ... ". Schaefer en Lamm (1992:82) huldig ook dieselfde standpunt wat daarop neerkom dat kultuurintegrasië die betekenis dra van kultuursaambindende faktore in 'n samelewing. Dit kom met ander woorde neer op 'n soort "kulturele gee-en-neem" om 'n samelewing as geheel te laat funksioneer.

'n Volgende standpunt is dat kultuurintegrasië 'n benadering is wat spruit uit die onderskatting of selfs minagting van die groepe waarmee geïntegreer word. Die waarde en identiteit van die eie groep word deur kultuurintegrasië afgetakel (Viljoen 1978:85-86).

Die betekenis wat in hierdie navorsing aan kultuurintegrasië toegeken word,

☞ is dat kultuurintegrasië in dieselfde kategorie as kultuurassimilasië geplaas word.

1.5.4.4 **Kultuursegregasië**

Die begrip *segregasië* dui op die maatskaplike of politieke bestel waarvolgens 'n skeiding (onder andere dienste, residensiële gebiede en ander fasiliteite) tussen rasse, etniese groepe en klasse gemaak word (HAT 1988, s.v. "segregasië"; Popenoe 1991:275). Deur kultuursegregasië word daar 'n doelbewuste onderskeid tussen kulture gemaak.

1.5.4.5 **Kultuurdifferentiasie**

Die begrip *differentiasie* dui op verskille (HAT 1988, s.v. "differentiasie"). Deur kultuurdifferentiasie word die klem op die verskille tussen kulture geplaas (Todd 1991:39).

1.5.4.6 **Akulturasie**

Akulturasie is die proses waar 'n individu of groep deur *kontak* met ander kulture beïnvloed en verander word. Akulturasie vind plaas wanneer die kulturele eienskappe van ander kulture aanvaar en oorgeneem word (Allen & Santrock 1993:462; Hernández 1989:16). Herskovits (1938:10) is van mening dat "Acculturation comprehends those phenomena which result when groups of individuals having different cultures come into continuous first-hand contact, with subsequent changes in the original cultural patterns of either or both groups ... under this definition, acculturation is to be distinguished from culture change of which it is but one aspect, and assimilation which is at times a phase of acculturation. It is also to be differentiated from diffusion, which, while occurring in all instances of acculturation, is not only a phenomenon which frequently takes place without the occurrence of the type of contact between peoples specified in the definition given above, but also constitutes only one aspect of the process ... of acculturation".

1.5.4.7 **Kultuurdiffusie**

Die begrip *diffusie* is aan die fisiese wetenskappe ontleen en dui op die beweging van molekules vanaf 'n hoër na 'n laer konsentrasie, verby 'n gegewe grens. Kultuurdiffusie is die proses waardeur kultuureienskappe bewustelik of onbewustelik tussen kulture uitgeruil word (Borgatta & Borgatta 1992:487; Seymour-Smith 1986:77-78; Kroeber 1952:344; Wissler 1923:128). Woods (1975:17) wys egter daarop dat " ... borrowing is selective. People do not accept everything that is offered or available in the cultural inventory of the group or groups they come into contact ... A trait must have utility for the potential borrowers to be adopted".

1.5.4.8 Enkulturasie

Enkulturasie dui op die proses van die oordraging en internalisering van die kultuurbesit van geslag tot geslag (Bates & Plog 1990:18; Coertze 1980:60). Enkulturasie beteken dat die groepsidentiteit, groepsnorme en groepsideale deur die individu aanvaar word, maar dit beteken nie dat individue kultuur as 'n statiese verskynsel verwerf nie (Van Niekerk 1988:144).

1.5.4.9 Dekulturering

Kultuur is die konkretisering van waardes en norme in 'n partikuliere rangorde (kyk par. 1.5.1.1). Indien die struktuur van waardes en norme op 'n bedoelde of onbedoelde wyse aangetas word, vind dekulturering plaas. Waugh (1983:160) stel dekulturering aan *ontkulturering* gelyk. *Onbedoelde dekulturering* vind plaas wanneer die individu as gevolg van nihilisering en verontmensliking in 'n tegnokratiese samelewing (kyk par. 2.2.4.7 tot 2.2.4.9), onveilig en verward in sy kultuurgebondenheid voel. Uitkoms word gesoek in vreemde ideologieë, die mistiek, die okkulte, kultusse, sub- en kontrakulture. Sodanige ontvlugting het kultuurvervreemding en kultuurverwilderings tot gevolg. *Bedoelde dekulturering* vind plaas wanneer 'n doelbewuste, doelgerigte poging aangewend word om die individu sy norm en waardevoorkeur wat partikulier aan sy kultuur is, te verwerp. Die gevolg is die verwerping en vernietiging van die bestaande kultuur met negatiewe gevolge vir die individu sowel as die groep (Waugh 1983:160-161).

1.5.4.10 Herkulturering

Herkulturering dui op die vrywillige afstaan - gedeeltelik of geheel - van die eie kultuur ten gunste van 'n vreemde kultuur. Herkulturering kan aan akulturasie gelykgestel word. Die mate van herkulturering hang af die gesindheidsverandering wat intree na kulturele kontak (Coertze 1980:104).

1.5.4.11 Omkulturering

Herkulturering en dekulturering is fasette van omkulturering. Waugh (1983:165) omskryf omkulturering as " ... 'n doelbewuste, doelgerigte, beplande, sistematiese bemoeienis om 'n

radikale verandering of omstelling van die kultuur van individue of gemeenskappe te bewerkstellig. Om 'n sodanige verandering aan te bring, vereis dat die betrokke individu of die hele gemeenskap eers gedekultureer word, sodat herkulturering in 'n vreemde of anderse kultuur as bepaalde leefwyse teweeggebring kan word".

1.5.4.12 **Kultuurvervreemding/-verwildering**

Die toenemende industrialisering, vertegnisering van die samelewing, snelle bevolkingsaanwas, burokratisering, verabsoluttering van produksie, materialistiese ingesteldheid, internasionalisme, die vermeerdering van kennis, om maar enkele aspekte te noem, maak die lewe vir die individu ongekend ingewikkeld en ondeursigtig. As ontvlugting uit 'n ontwrigte, verwarde, mensbedreigde wêreld, word die mens deel van die massa. In hierdie massa word medemenslike verhoudings versaaklik en eiesoortige kulturele waardes en norme, wat as rigtingwysers beskou is, oorboord gegooi. In hierdie verwerping soek die mens ander oriënteringspunte en dit dra by tot die ontvlugting in kultusse of subkulture. Die hoogste vorm van ontvlugting is verset teen die bestaande orde en die vorming van kontrakulture (Pretorius 1990:111-113; kyk par. 1.5.7 tot 1.5.10)

1.5.5 **Kultuursimbole**

'n Simbool is 'n versinnebeelding van iets, 'n verteenwoordiger van die realiteit. Alle woorde, syfers, tekeninge, fotos, kledingstukke, haarstyle, gebare en so meer is simbole. Die nut van simbole lê daarin dat dit kommunikasie vergemaklik. Ingewikkelde inligting kan op 'n verkorte wyse oorgedra word deur die gebruik van simbole. Simbole verteenwoordig ook sekere houdings of ingesteldhede (Blok 1990:60). So byvoorbeeld laat die woord of simbool "vark" 'n verskeidenheid van interpretasies toe. Van die "laagste" interpretasie naamlik die dier tot "hoër" interpretasies van 'n persoon wat morsig eet.

Daar bestaan 'n noue verband tussen kultuur en die gebruik van simbole. Die voortbestaan van kultuur is direk eweredig aan die vermoë van individue om simbole binne kultuurverband korrek te interpreteer (Bates & Plog 1990:20). Kultuur bepaal wat die individu of groep sien. 'n Voorwerp moet eers 'n stoel genoem word voordat dit as voorwerp waarop gesit kan word, geïnterpreteer kan word. Indien 'n kultuur 'n stoel as 'n wapen sou definieer, sou dit as 'n

verdedigingsmiddel aangewend word.

1.5.6 Groepvorming

Een van die mees fundamentele eienskappe van die mens is sy behoefte aan sosiale interaksie (kyk par. 2.2.3). Sosiale interaksie ontwikkel uit die kontak wat tussen individue ontstaan (Page & Berkow 1994:4). Hierdie kontak kan 'n losser of meer intieme kenmerk vertoon en het noodwendig groepvorming tot gevolg. Binne 'n groep word waardes, norme en doelstellings gedeel (Allen & Santrock 1993:508-509). Gedeelde waardes, norme en doelstellings dien as motivering vir die vorming van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge. Daar word vervolgens oorgegaan tot die omskrywing van enkele groepe wat vir hierdie navorsing van belang sal wees.

1.5.6.1 Samelewing

Per definisie is 'n samelewing 'n "handeling van saam te lewe, 'n groep mense wat 'n vaster of losser groep vorm" (HAT 1988, s.v. "samelewing"). Die begrippe *gemeenskap* en *maatskappy* word dikwels verkeerdelik as sinonieme vir die begrip *samelewing* gebruik. Samelewing is 'n oorkoepelende begrip waaronder verskillende gemeenskappe as kleiner selfstandige eenhede funksioneer.

1.5.6.2 Gemeenskap

Die HAT (1988, s.v. "gemeenskap") omskryf die begrip *gemeenskap* as "die deel hê aan iets saam met 'n ander". Lidmaatskap van 'n bepaalde gemeenskap is 'n keuse wat elke individu maak op grond van sy kulturele waardes en norme.

In die woorde van Gracia (1982:7) beteken die begrip *kultuurgemeenskap* "some human group that provides a person a way of life or living". Wanneer daar van 'n bepaalde kultuurgemeenskap gepraat word, sluit dit etniese-, taal-, godsdiens- en selfs rassegroepe in.

1.5.7 Subkultuur

Die begrip *subkultuur* word deur sosioloë, antropoloë en sielkundiges op verskeie wyses omskryf. Die voorvoegsel *sub* dui op 'n gedeelte van die geheel en nie op 'n ondergeskikte deel nie (Jenks 1993:10; Wolfgang & Ferracuti 1967:95). In teenstelling met die klassieke interpretasie van die begrip *subkultuur* dat dié segment op kriminele optrede, geweld, misdaad en afwykende gedrag dui, is navorsers (Van Niekerk & Meier 1995:68-71; Baker & Rubel 1980; Gordon 1947:40-42; Green 1946:40-42) dit eens dat 'n subkultuur 'n *segment van die dominante kultuur verteenwoordig*. Ondanks die verruiming van die begrip *subkultuur* en die toenemende gebruik van die begrip *kontrakultuur* bestaan die klassieke interpretasie steeds dat subkultuur na misdaad verwante groepe heenwys.

Volgens Hebdige (1979:75) kan informele verwysings na die begrip *subkultuur* in die Britse geskiedenis tot die negentiende eeu teruggevoer word¹. 'n Meer wetenskaplike benadering tot die begrip word in die 1920's aangetref met navorsing wat deur Frederick Thrasher² en William Whyte³ onder jeugdige straatbendes in Chicago onderneem is. In 1939 verskyn 'n artikel van A B Hollingshead (1939:816) waarin hy voorstel dat: "... the sociologist and anthropologist should include within the focus of their attention the behaviour systems of definable functional groups, wherever they occur, whether criminal or not".

Alhoewel A W Green (1946:40-42) in sy artikel *Sociological Analysis of Horney and Fromm* ook na die begrip *subkultuur* verwys, is die aandag in 1947 op 'n artikel van Milton Gordon (1947:40-42), *The concept of the sub-culture and its application* gerig, waarin hy die gebruik van die begrip *subkultuur* bepleit. Gordon (1947:40-42) wys daarop dat daar in die verlede na segmente van die dominante kultuur verwys is as stedelike kultuur, middelklaskultuur en plattelandse kultuur. Hy (Gordon 1947:40-42) sê "broadly speaking, we have been content to stop the concept

¹ H Mayhew *et al* (1851) se *London Labour and the London Poor* en T Archer (1865) se *The Pauper, the Thief and the Convict* kan as die eerste pogings gereken word wat 'n gedetailleerde omskrywing van die kriminele onderwêreld van London se Oos Einde daarstel.

² In Thrasher se werk in 1927 *The Gang* (University of Chicago Press), doen hy verslag oor 'n 1000 straatbendes.

³ In sy werk *Street Corner Society* (Chicago University Press) in 1955 beskryf Whyte die eienskappe en rituele van een spesifieke bende.

of culture at national boundaries, and engage in our intra-national analyses in terms of the discrete units of ethnic background, social class, regional residence, religious affiliation, and so on". Voorts omskryf Gordon (1947:40) 'n subkultuur as "a concept used here to refer to a sub-division of a national culture, composed of a combination of factorable social situations such as class status, ethnic background, regional and rural or urban residence and religion affiliation, but forming in their combination a functioning unity which has an intergrated impact on the participating individual". Waar Thrasher (1927) en Whyte (1955) se omskrywings van die begrip *subkultuur* slegs op misdaad van toepassing is, het Hollingshead (1939:816), Green (1946:40-42) en Gordon (1947:40-42) die begrip verbreed om alle segmente van die samelewing in te sluit.

'n Subkultuur openbaar unieke karaktereenskappe (onder meer opsigselfstaande waardes en norme), maar deel ook terselfdertyd in die karaktereenskappe van die dominante kultuur (Corsini 1994:353). Die unieke karaktereenskappe van die subkultuur dra by tot die vorming van 'n realiteitsbeeld wat 'n samehorigheidsgevoel binne die subkultuur skep. Die realiteitsbeeld van 'n subkultuur dwing sekere gedragstipes af en ontmoedig ander. Daar kan na 'n subkultuur verwys word as 'n "kultuur binne 'n kultuur" (Macionis 1992:40; Seymour-Smith 1987:65-66; Baker & Rubel 1980:141). Subkulture is so omvattend dat individue in bykans algehele isolasie van die norme van die dominante kultuur kan funksioneer (Horton *et al* 1988:28).

Vir die doel van die onderhawige navorsing dra die begrip *subkultuur* die betekenis van

- ☞ enige *segment* van die dominante kultuur wat eiesoortige waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole, nie konflikterend met die dominante kultuur nie, voorstaan.

Alhoewel die meeste subkulture op die een of ander wyse van die dominante kultuur verskil, is hierdie verskille nie noodwendig onaanvaarbaar nie. Indien die waardes en norme van die subkultuur in skerp kontras met die dominante kultuur is of selfs die omverwerping daarvan beoog, word die bestaan van sodanige subkultuur deur die dominante kultuur verwerp. 'n Subkultuur wat bogenoemde eienskappe openbaar, word as 'n kontrakultuur onderskei (Popenoe 1991:142).

1.5.8 Kontrakultuur

Tydens die literatuurstudie is 'n verskeidenheid spelwyses en variante van die begrip *kontrakultuur* en die engelse vertaling daarvan, *counterculture*, opgemerk. Die spelwyse wat deurgaans, buiten aanhalings benut sal word, is "kontrakultuur" en "counterculture".

Die begrip *kontrakultuur* ("*contraculture*") is deur J M Yinger (1960:625-628) bekendgestel. Hy het geargumenteer dat daar verwarring bestaan ten opsigte van watter subgroepe in die dominante kultuur as subkulture en watter as kontrakulture bekend behoort te staan. In sy ontleding van die begrip *subkultuur* het hy bevind dat daar wel subgroepe is waarvan die waardestruktuur in konflik met dié van die dominante kultuur is. Yinger (1960:625-628) beskou 'n subkultuur, waarvan die waardestruktuur 'n afwysing van die dominante kulturele waardes is, as 'n "*contraculture*". Met die begrip *kultuur* verwys Yinger na normatiewe aspekte van die fenomeen wat ondersoek word en met die voorvoegsel "contra" vestig hy die aandag op konflik.

Kirby (1971:204) gaan 'n stap verder en stel voor dat 'n "*contraculture*", soos deur Yinger gebruik, die betekenis behoort te dra van 'n groep wat weerstand bied en in konflik met die dominante kultuur is, maar nie noodwendig 'n omverwerping van die dominante kultuur voorstaan nie. Daarom kan daar van 'n *opposisiekultuur* gepraat word. In teenstelling daarmee is 'n "*counterculture*" of *kontrakultuur* aktief en gewelddadig betrokke om verandering in die dominante kultuur te bewerkstellig.

Die begrip *kontrakultuur* word in 'n toenemende mate deur navorsers gebruik om 'n snit van die samelewing se algehele verwerping van die bestaande orde voorstaan, te beskrywe (Macionis 1992:40-41; Popenoe 1991:142). Selfs Yinger (1977:833; 1982:3) maak in sy latere navorsing van die begrip "*counterculture*" gebruik.

Roszak (1970:42) omskryf 'n kontrakultuur as "a culture so radically disaffiliated from the mainstream assumptions of our society that it scarcely looks to many as a culture at all, but takes on the alarming appearance of a barbaric intrusion". Die "kultuur"-gedeelte van kontrakultuur behoort eintlik tussen aanhalingstekens geplaas te word, aangesien die nuwe kultuur of kontrakultuur op onsekere en ongedefinieerde fundamente gebou is. Die vreemdsoortige bevrediging wat in 'n kontrakultuur gevind word, word egter deur die aanhangers daarvan tot die

status van 'n kultuur verhef (Roux 1972:12-13).

Vir die doel van hierdie navorsing dra die begrip

☞ *opposisiekultuur* die betekenis van

'n segment van die dominante kultuur waarvan die waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole in konflik met die waardes en norme van die dominante kultuur is en waarin die simboliese omverwerping van die waardes en norme van die dominante kultuur voorgestaan word.

☞ *kontrakultuur* die betekenis van

'n segment van die dominante kultuur waarvan die waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole in konflik met die waardes en norme van die dominante kultuur is en die fisiese (gewelddadige) omverwerping van die waardes en norme van die dominante kultuur voorgestaan word.

1.5.9 Jeug

Die volgende is enkele uitgangspunte ten opsigte van die begrip *jeug*:

- Die HAT (1988, s.v. "jeug"; "puberteit"; "volwasse") omskryf die begrip *jeug* as "tydperk van jonk wees, veral vanaf puberteit (ongeveer vanaf 14 jaar by seuns en vanaf 12 jaar by meisies) tot volwassenheid (geestelik ryp, verantwoordelik). Die HAT koppel nie die bereiking van 'n sekere ouderdom aan volwassenheid nie.
- Die *Convention on the Rights of the Child*, deel 1, artikel 1 beskryf die begrip *jeug* soos volg: "a child means every human being below the age of eighteen years" (United Nations 1991:appendix 1).

- Die *Kindersorg Wet 74 van 1983* beskou 'n kind ook as onder 18 jaar (Republiek van Suid-Afrika 1983).
- Juridies word die volgende groepe onderskei te wete (Van der Vyver & Joubert 1991:138):
 - minderjariges (tussen die ouderdom 0 en 21 jaar). 'n Spesiale onderskeid word gemaak vir die ouderdomsgroep onder 7 jaar synde *infants*. Hierdie groep is juridies ontoerekeningsvatbaar.
 - meerderjariges (vanaf die ouderdom van 21 jaar).

Jeugdigheid strek nie wyer as die ouderdom van 21 jaar nie aangesien meerderjarigheid na die bereiking van 21 jarige ouderdom intree. Jeugdigheid sluit meerderjarigheid uit. Weens die ontoerekeningsvatbaarheid van 'n *infants* word die begrip *jeug* omskryf as die ouderom tussen 7 en 21 jaar.

Vir die doeleindes van die onderhawige navorsing word die begrip *jeug* wydlopend omskryf as

☞ persone tussen die ouderdom van 7 en 21 jaar.

1.5.9.1 Sub- en kontrakulturele jeuggroepering

'n Groep kan omskryf word as 'n aantal persone wat deur iets gemeenskaplik aan mekaar gebind is deur gemeenskaplike doelstellings (HAT s.v "groep"). 'n Jeuggroepering is die gesamentlike aksie van die jeug ter bereiking van 'n bepaalde doel.

'n Subkulturele jeuggroepering kan omskryf word as

☞ 'n spesifieke groep jeugdiges wat as 'n segment van die dominante kultuur hulself met eiesoortige waardes, norme, gedragsmanifestasies en simbole, *nie konflikterend* met die dominante kultuur nie, identifiseer ter bereiking van 'n bepaalde doel.

'n Kontrakulturele jeuggroepering kan omskryf word as

- ☞ 'n spesifieke groep jeugdiges wat as 'n segment van die dominante kultuur hulself met eiesoortige waardes, norme, gedragsmanifestasies en simbole, *konflikterend* met die dominante kultuur, identifiseer ter bereiking van 'n bepaalde doel.

1.5.10 Verlore generasie

Dit is 'n wêreldwye verskynsel dat groepe jeugdiges om verskeie redes van die samelewing vervreemd raak. In Suid-Afrika het hierdie tendens sedert die sewentiger- en tagtiger jare ramspoedige afmetings aangeneem as gevolg van die groot getalle onder die vervreemde jeugdiges. Mamphela Ramphele, adjunk vise-kanselier van die Universiteit van Kaapland, beweer dat dié vervreemde jeug die potensiaal besit om die land ter eniger tyd te destabiliseer (*Sowetan*, 6 June 1991:6). Dié vervreemde jeug in Suid-Afrika staan as die "lost generation", "marginalised youth" of "alienated youth" bekend (Ramphele 1991:7; Van der Walt 1992:9). Martin Challenor berig in die *Daily News* (20 January 1992:3) dat "the lost generation is the name given to people between 10 years of age and the early 30s who do not go to school or have never gone to school and are unemployed". Die verlore generasie het ook alle vrees en respek vir die polisie verloor.

Vir die doeleindes van die onderhawige navorsing dui die begrip *verlore generasie* in Suid-Afrika op

- ☞ ongeveer drie miljoen werklose, swak geskoolde jong swart mense met 'n hoë voorkoms van misdadigheid, politieke radikalisme en geweld.

Volgens Tom Boya (*Die Burger*, 6 Oktober 1992:13), voormalige burgemeester van die swart woonbuurt Daveyton aan die Oos-Rand, bestaan die verlore generasie uit twee groepe swart mense:

- Die een groep is die slagoffers van die 1976 onluste en onderwysonrus en is vandag ongeveer 28 tot 30 jaar oud. Hulle is ongeskool, werkloos en woon in armoede met hulle gesinne in plakkergemeenskappe.

- Die tweede groep is die jeug wat in 1984 met die slagspreuk "liberation before education" hul rug op onderwysgeleenthede gedraai het (*Beeld*, 8 Julie 1992:8). Dié groep is vandag in hulle vroeë twintiger jare, ongeskoold en werkloos. Om te oorleef, vorm die tweede groep bendes of sub- en kontrakulturele jeuggroepe (*Die Burger*, 6 Oktober 1992:13). In hoofstuk 3 stel die navorser ondersoek in na die aard van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge. In hoofstuk 4 val die fokus op enkele ontstaansredes vir sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge.

1.6 AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN

Die verskeidenheid sub- en kontrakulture onder die jeug wêreldwyd, kan nie in die bestek van hierdie proefskrif in sy volle omvang aan die orde gestel word nie. Ten einde die omvang en inhoud van die navorsing binne sinvolle en hanteerbare perke te hou, val die klem op die geografie, leeftyd/ouderdom, etnisiteit en gesitueerdheid met betrekking tot die verskynsel sub- en kontrakulture:

- Geografies is die ondersoek tot *Suid-Afrika* beperk. Die insluiting van ander geografiese eksemplare kan vanweë die verwickeldheid en omvang daarvan nie ingesluit word nie.
- Die ouderdoms- of leeftydsafbakening word *tussen die ouderdomme 7 tot 21 jaar* gestel en veronderstel die jeug.
- Alhoewel die manifestering van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge nie tot swart jeugdige beperk is nie, is wel besluit om *swart jeugdige* as ondersoekgroep uit te sonder vanweë die krisis waarin die swart jeug hul bevind.
- Alhoewel daar etlike uitinge van kontrakulturele jeuggroeperinge bestaan, val die fokus op kontrakulturele jeuggroeperinge waar *geweld* 'n uitingswyse is.

1.7 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Geesteswetenskaplike navorsing word deur Mouton en Marais (1990:7) beskryf as: "'n gemeenskaplike menslike aktiwiteit waardeur 'n bepaalde verskynsel in die werklikheid op 'n objektiewe wyse bestudeer word ten einde 'n geldige begrip van die verskynsel daar te stel". Best en Kahn (1993:20) gee 'n meer gedetailleerde uiteensetting van wat navorsing behels. Hulle (Best en Kahn) omskryf navorsing as 'n formele, sistematiese, objektiewe analisering en opname van gekontroleerde waarnemings wat tot die daarstel van teorieë, voorspellings, grondbeginsels en veralgemenings lei.

Opsommenderwys kan gesê word dat

☞ navorsing 'n sistematiese handeling is wat op die ontdekking en die ontwikkeling van 'n kennisstruktuur gerig is.

1.7.1 Benaderingswyses

'n Benaderingswyse is 'n universele vertrekpunt in navorsing wat grootliks op 'n beskrywende grondslag gedoen word. Die navorsingsveld van die verlede is onmeetbaar groot en sluit alles in wat oor die opvoedingsverskynsel gesê en geskryf is. Om die navorsingsveld tot 'n hanteerbare omvang te reduseer, word bepaalde benaderingswyses gevolg. 'n Benaderingswyse is met ander woorde 'n beskouingswyse of ingesteldheid aan die hand waarvan informasie hanteer word.

1.7.1.1 Probleemgerigte benaderingswyse

Die opvoedingspraktyk word ondermeer sigbaar deur die kristallisering van opvoedingsprobleme. Opvoedingsprobleme rig 'n appél tot navorsers in die Opvoedkunde om navorsing op probleemoplossing te rig. 'n Probleem wat ondersoek word, vorm slegs 'n snit van die werklikheid. Die probleem is nie 'n netjies afgebakende deel van die werklikheid nie. Die probleem of navorsingssubjek is nie bloot as gegewe aanwesig nie, maar moet moeisaam aan die hand van probleem- of vraagstelling aan die opvoedingsverlede ontworstel word (Venter 1985:167).

Die probleem wat ondersoek word, kan terselfdertyd as tema van die navorsing dien. 'n Tema wat in die opvoedingspraktyk as problematies beleef word, word as vertrekpunt geneem waarna die opvoedingsverlede ondersoek word met die oog op probleemoplossing. Die probleemgerigte benaderingswyse word in die onderhawige navorsing gevolg om dit-wat-geskied-het (na aanleiding van die begrip *geskiedenis*) te ontknoop, sodat 'n rekonstruering van die basisveld van die tema gemaak kan word (Best & Kahn 1993:26) (kyk diagram 2 p. 39).

Die keuse en afbakening van die probleem en tema naamlik die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid- Afrika, spreek uit die aktualiteit van die navorsing soos verduidelik in paragraaf 1.2.

1.7.1.2 Metabletiese benaderingswyse

Die navorser wat die verlede as navorsingsterrein proklameer, kan nouliks die toepassing van die metabletiese benaderingswyse ontkom. Die begrip *metabletika* is afgelei van die Griekse woord *metaballein* wat *verandering* beteken. Die woord *metabletika* beteken die *leer van verandering* (Venter & Van Heerden 1989:160). In die gebruik van die metabletiese benaderingswyse word gepoog om aan te dui hoedanig die opvoedingsteorie en -praktyk in tyd en ruimte verander het.

In die onderhawige navorsing is die metabletiese benaderingswyse van belang omdat gepoog word om aan te toon watter faktore oor tyd heen aanleiding gegee het tot *verandering* binne kulture en hoe dit bygedra het tot die vorming van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge.

1.7.1.3 Fenomenologiese benaderingswyse

Die fenomenologiese benaderingswyse is van belang aangesien die wesenskenmerke van 'n bepaalde verskynsel (fenomeen) met 'n buitengewone, objektiewe blik denkend waargeneem en beskryf word (Van Rensburg & Landman 1988:56).

Absolute objektiwiteit in navorsing is as gevolg van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing nie moontlik nie (Schumacher & McMillan 1993:10; LeCompte & Preissle 1993:44-45). Objektiwiteit moet nagestreef word deur metodologies verantwoordelik met die informasie te handel.

1.7.2 Navorsingsmetode

Die etimologie van die begrip *metode* is afgelei van die Latynse woord *methodus* of die Griekse *methodos* (*meta* plus *hodus*) wat *die-weg-waarlangs* beteken (Van Rensburg & Landman 1988:123).

'n Metode is 'n formele, sistematiese prosedure wat gevolg word. Dit kom daarop neer dat die verskynsel wat ondersoek word "bevra" word. Daar is ook nie slegs een metode aan die hand waarvan navorsing gedoen kan word nie. Trouens die oorbeklemtoning van of die kritieklose afdwing van 'n bepaalde metode kan tot metodemonisme aanleiding gee. Uit 'n verskeidenheid metodes word die mees toepaslike vir die navorsingstema geselekteer. In die onderhawige navorsing is die volgende metodes benut.

1.7.2.1 Basies-wetenskaplike navorsingsmetode (histories-opvoedkundige navorsingsmetode)

Die Historiese Opvoedkunde maak grootliks van die basies-wetenskaplike navorsingsmetode, ook bekend as die histories-opvoedkundige navorsingsmetode, gebruik.

'n Aantal stappe word in die basies-wetenskaplike navorsingsmetode onderskei. Die stappe volg nie noodwendig in die gegewe volgorde nie en kan mekaar selfs oorvleuel of afwissel.

- Stap: 1 Keuse van die navorsingstema
2 Probleemformulering
3 Konseptualisering en operasionalisering
4 Data insameling
5 Analise en interpretasie van data/inligting (Mouton & Marais 1990:35).

Die navorsing wat in die proefskrif onderneem is, is deur bovermelde stappe gerig. Die inhoud van hoofstuk 1 tot 5 is in hoofsaak deur stappe 1 tot 5 gerig en hoofstuk 6 in hoofsaak, deur stap 5.

1.7.3 Navorsingsingesteldheid

In navorsing oor kontensieuse aangeleenthede soos sub- en kontrakulture is dit wenslik om die navorsingsingesteldheid van die navorser, sy denkhouding en wetenskapsbeskouing *per se*, onomwonde voor te hou.

1.7.3.1 Christelike stellingname

Aangesien kultuurskepping gebaseer is op waardes en norme en laasgenoemde religieus bepaald is, neem die navorser die Christelike stellingname as religieuse vertrekpunt. Telkens word die mens as *antropos* en sy gesitueerdheid binne die *ontos* vanuit 'n Christelike stellingname geëvalueer sonder om die Christelike as subjektiewe vertrekpunt te neem waardeur die fenomeen op 'n bepaalde wyse ingekleur word.

1.7.3.2 Die antropologies-ontologiese denkhouding

Die kennisideaal van die antropologie is om as fundering te dien vir die totale en radikale beskouing op menslike betrokkenheid en leefwêreldlike betrokkenheid. Die betrokkenheid van die mens in sy leefwêreld word blootgelê in die opbou van die werklikheid deur menslike handeling. Die mens bevra voortdurend die sin van sy bedrywighede deur daarvoor na te dink en daarvoor te besin (Van Rensburg & Landman 1988:12).

'n Ontologiese denkhouding dui op die vraag na die oorsprong, die wese en die essensie van 'n (opvoedings)verskynsel. Die navorser wat ontologies te werk gaan, stroop die opvoedingsverskynsel en beskryf dit soos dit werklik is. Daarna word die samehange aangedui (Van Rensburg & Landman 1988:12). Die Opvoedkunde, as besondere antropologies-ontologiese dissipline, handel met die opvoedingsverskynsel teen die universele werklikheid as agtergrond (Van Rensburg & Landman 1988:13).

In die navorsingsverloop word die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge (as menslike- en opvoedingsverskynsel) as verskynsels teen die agtergrond van die universele werklikheid, ondersoek.

1.7.3.3 'n Prakties-funksionele wetenskapsbeskouing

Die volgende stelling het die navorser genoop om praktykverbetering as die primêre oogmerk in die navorsing te stel: "Daar bestaan 'n aanvoelbare ongeduld dat navorsingsresultate nie op die biblioteekrakke moet lê en stof vergaar nie" (Engelbrecht 1989:46). Aangesien 'n vae teoretisering juis 'n "spinnerakbenadering" veronderstel, lê die navorser eerder klem op die rigtinggewende aanwending van die beskrywings, verklarings en aanbevelings van die navorsing.

1.7.4 Werkswyse

In die navorsing ter sprake, is in hoofsaak op 'n literatuurstudie en intersubjektiewe gesprekke gefokus wat beskrywend aan die hand van die geselekteerde benaderingswyses en die basies-wetenskaplike navorsingsmetode in 'n bepaalde kennisstruktuur aangebied word.

1.7.4.1 Literatuurstudie

Kennis en begrip ten opsigte van die navorsingstema is hoofsaaklik deur middel van 'n literatuurstudie bekom. Die navorsingsmateriaal dek 'n wye spektrum van primêre en sekondêre bronne onder andere wetgewing, verslae van wetgewende liggame, kongresverrigtinge en staatsdepartemente, meningsopnames, koerantberigte, tydskrifartikels proefskrifte, verhandelings en boeke.

Vanweë die gedifferensieerdheid van die ontstaansredes van sub- en kontrakulturele jeuggroepeeringe is die navorsing intra-, inter- en multidissiplinêr onderneem. Literatuur in vakgebiede soos die Opvoedkunde, Sosiologie, Antropologie, Geskiedenis, Sielkunde, Kriminologie en Teologie, is geraadpleeg. Vir die kritiese leser mag dit voorkom asof veral die bronne oor die begrip *kultuur* verouderd is, maar in diesulke gevalle is van die primêre bronne gebruik gemaak.

Die literatuurstudie is telkens onderwerp aan

- *eksterne kritiek* waarin die egtheid van dokumente vasgestel is

- *interne kritiek* om die inhoud van dokumente te ontleed en die geloofwaardigheid daarvan vas te stel (Best & Kahn 1993:95).

1.7.4.2 Intersubjektiewe gesprekvoering

Waardevolle inligting en insigte is bekom deur intersubjektiewe gesprekke. Deur middel van ongestruktureerde vrae het die individue hulle ervaring met betrekking tot die probleem en tema van die navorsing weergegee.

Die volgende beweegredes word aangevoer in die keuse van die respondente:

- Die twee verkoopsmanne en huishulp is geselekteer om hulle indrukke van hulle lewensomstandighede as nie-blankes te bekom. Hulle is ook uitgevra oor die probleme wat die swart jeugdige in die onderwys ervaar.
- Die hoof van Afrikatale van die Vlakfontein Hoërskool is ondervra ten einde haar ervaring in swart onderwys te benut. Haar indrukke oor die probleme wat swart jeugdige in swart onderwys ervaar, is insgelyks verkry.
- Die amptenaar verbonde aan die Departement van Gesondheid: Direkoraat Geestesgesondheid is ondervra vanweë haar betrokkenheid by die instel van jeugklubs wat die rehabilitasie van ontspoorde swart jeugdige ten doel het.
- Die Direkteur Regsdienste: Suid-Afrikaanse Polisie Diens het waardevolle inligting verskaf ten opsigte van die verpolitiserings en die frekwensie en erns van wetsoortredings van swart jeugdige.
- 'n Informele gesprek is met die professor verbonde aan die Departement Antropologie van die Universiteit van Suid-Afrika oor bepaalde kultuuraspekte gevoer.

Die inligting wat op hierdie wyse verkry is, is waar ter sake in die navorsing verwerk en dien ooreenkomstig aangedui.

1.8 VERDERE INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE ONDERHAWIGE NAVORSING

Enkele aspekte met betrekking tot stilistiese oorwegings en die navorsingsverloop word vervolgens uiteengesit.

1.8.1 Stilistiese oorwegings

Die redaksionele beleid en stilistiese oorwegings in die onderhawige navorsing is in ooreenstemming met die Departement Redaksie aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Die konsep van interaktiewe teks is benut en tipografiese ikone is gebruik om kerngedagtes visueel te beklemtoon.

1.8.2 Programaankondiging

Vanweë die feit dat die verlede bestudeer word om die kennis van die hede te verdiep, te verryk en te verhelder en riglyne vir die toekoms voor te hou, is die hoofstukke wat volg 'n indringende ondersoek na die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge.

In *hoofstuk 1* is aangetoon dat sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge wêreldwyd en veral in die huidige tydgleuf in Suid-Afrika 'n bedreiging vir die bestaande orde en sinvolle onderwystoekoms van sodanige jeuggroeperinge inhou. Ten einde 'n beter begrip van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge daar te stel, is die aandag veral ook afgespits op 'n verklaring van verbandhoudende begrippe. Navorsingsmetodologiese aspekte is ook uiteengesit.

In *hoofstuk 2* word 'n filosofiese begroning van die begrip *kultuur* daargestel.

In *hoofstuk 3* word 'n filosofiese begroning van die begrip *subkultuur* en *kontrakultuur*, *subkulturele jeuggroepering* en *kontrakulturele jeuggroepering*, daargestel.

In *hoofstuk 4* word die faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulture onder die swart jeug in Suid-Afrika aanleiding gegee het, onder die loep geneem.

In *hoofstuk 5* word aangetoon tot watter mate kontrakulturele jeuggroeperinge 'n invloed op die skool as mikrogemeenskap het. Praktiese riglyne, wat rigtinggewend vir onderwysbeplanners in die hantering en akkommodering van kontrakulturele jeuggroeperinge binne die onderwys behoort te wees, word voorgestel.


In *hoofstuk 6* word die bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die navorsing spruit, voorgehou.

1.9 SAMEVATTING

In die onderhawige hoofstuk is aandag gegee aan navorsingsprosedures soos die aktualiteit van die navorsingstema, die formulering van die navorsingsprobleem en die uiteensetting van bepaalde doelstellings en doelwitte wat met die navorsing bereik wil word. Die navorsingsterrein is ook begrens deur onder meer aandag te gee aan die eenduidige omskrywing van werksdefinisies. Navorsingsmetodologiese aspekte, die stilistiese oorwegings en die programaankondiging is ten slotte aangebied.

In hoofstuk 2 word 'n filosofiese begroning van die begrip *kultuur* onderneem.

Voorts moet kennis geneem word van die feit dat 'n tydtriadiese ondersoek na die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge onderneem is. Die tydtriadiese ondersoek is geensins eksak aantoonbaar of aan 'n bepaalde stap gekoppel nie, maar word deurlopend ingespan om informasie logies en sistematies aan te bied. Die tydtriadiese verloop kan diagrammaties soos volg voorgestel word.



2

Kultuur: 'n filosofiese begronding

"The culture of a society is its beliefs, its knowledge, its language, its moral principles, its technical skills - in short, its total 'design for living' "(Popenoe 1977:74).

Die doelwitte van die onderstaande hoofstuk is om

- die verhoudings tussen die werklikheid en menslike gedrag te verstaan deur menslike kultuur te verstaan, aan te toon
- die verhoudings tussen die mens en kultuur te verstaan deur menslike kultuur te verstaan, aan te toon
- aan te toon dat kultuur deur menslike gedrag tot stand kom
- 'n teorie te ontwikkel van die verhoudings tussen die menslike kultuur en die mens
- aan te toon dat menslike kultuur 'n invloed het op die menslike gedrag
- die gevolge van verandering in menslike kultuur te verstaan, aan te toon

2.1 INLEIDING

Uit die ontleding wat in hoofstuk 1 van die begrip *kultuur* gemaak is, kan daar gekonstateer word dat kultuur die somtotaal van menslike gedrag in sy materiële en nie-materiële wêreld is. Kultuur beïnvloed alle menslike handeling en menslike handeling beïnvloed kultuur. Bredemeier en Stephenson (1965:4) sê die volgende "It would be very hard to find any human action not influenced by cultural definitions. Even basic biological drives - the closest things human beings have to instincts - are controlled and modified, sometimes beyond recognition by cultural definitions".

Die belangrikheid van kultuur in die mens se lewe kan nie weggedink word nie. Daarom kan nóg die individu, nóg 'n sosiale groep, nóg enige samelewing begryp word as dit nie teen die agtergrond van 'n kultuuraffiliasie gemaak word nie. Dit is dan ook kultuur wat 'n onderskeid tussen individu en individu, tussen groep en groep en tussen samelewing en samelewing bewerkstellig.

Die begrip *kultuur* is 'n begrip met 'n hele aantal omskrywings, verklarings en betekenis. 'n Etimologiese omskrywing van die begrip *kultuur* is in paragraaf 1.5.1 onderneem. Die verskyning van verskeie werke waarin daar 'n analise van kultuur gemaak is (Kroeber 1952; Malinowski 1957; Tylor 1958; Van Peursen 1974 & 1982; Wissler 1923; Herkovits 1938, 1958 & 1966; Woods 1975; Zijdeveld 1983), maak 'n indiepte ontleding van kultuur oorbodig. 'n *Filosofiese* begroning van dié aspekte van kultuur wat tot 'n beter begrip van die verbandhoudende begrippe, naamlik *sub-* en *kontrakultuur* sal lei, word in die onderhawige hoofstuk onderneem.

Om uiteindelik die faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulture en sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, te ontleed en die invloed wat kontrakulturele jeuggroeperinge op die onderwys het te ondersoek, is dit noodsaaklik om eers 'n ontleding van die *kultuurproses*⁴ te maak. Die *kultuurproses* sluit in:

- kultuurvorming/skepping
- kultuuroordrag
- kultuurkontak
- kultuurdiffusie
- kultuurontplooiing
- kultuurvernuwing
- kultuurbewaring
- kultuurverbrokkeling
- kultuurkrisis en
- kultuurrevolusie

⁴ Die somtotaal van die interne- en eksterne veranderinge in kultuurverband word saamgegroeper onder die begrip *kultuurproses*.

Hoewel 'n waterdigte onderskeid tussen bostaande begrippe nie moontlik is nie, bied dit 'n bruikbare basis vir die ontleding van die kultuurproses en die daaruit voortvloeiende ontstaan van sub- en kontrakulture. Op sigwaarde mag dit blyk dat 'n filosofiese begroning en analise van kultuur (hfst. 2), subkultuur, kontrakultuur, subkulturele jeuggroeperinge en kontrakulturele jeuggroeperinge (hfst. 3) in die onderhawige navorsing 'n primêre rol speel. Tog is 'n begroning van die genoemde fenomene 'n voorvereiste vir die begryp en verstaan van die omvang, diepte, essensie en invloed wat dit op die jeug *per se* en onderwysvoorsiening in Suid-Afrika het. Die rol van subkulturele en kontrakulturele jeuggroeperinge kan nie langer deur opvoedkundiges as randfenomeen beskou word nie. Dit het 'n direkte verband met die opvoeding van en onderwysvoorsiening aan die jeug van Suid-Afrika.

2.2 KULTUUR AS MENSLIKE VERSKYNSEL: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING

Soos in paragraaf 1.5.1.1 uiteengesit, kan kultuur breedweg as die skeppings- en bewerkingsaktiwiteite van die mens beskou word. Hierdie aktiwiteite is nie 'n vanselfsprekende wilsgegewene van die mens nie, maar is vanuit 'n Protestants-Christelike stellingname 'n kultuuropdrag aan die mens. Dié kultuuropdrag word in Genesis 1:28 aan die mens gegee: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit" (*Die Bybel* 1983:12).

Om die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge te deurgrond, is dit van belang om die begrippe *mens* en *kultuur*, wat die kern van die begrippe *sub-* en *kontrakultuur* vorm, te ontleed. Vanuit alle lewens- en werêldbeskouinge word die skepping en bewaring van kultuur slegs aan die mens toegedig (kyk par. 1.5.1.1). Dit dwing vrae soos die volgende op die voorgrond:

- Wat behels die wesenskenmerke van die ontiese werklikheid waarbinne die mens werk en leef?
- Wat behels die wesenskenmerke van die mens as antropologiese gegewe?
- Is dit aantoonbaar dat kultuur deur groepsdinamika tot stand kom?

2.2.1 Die werklikheid as ontiese gegewe

Die begrip *ontologie* het sy oorsprong in die Griekse woord *ontos* wat *dit wat is*, beteken. Dit gaan dus om 'n studie van die werklikheid (Van Rensburg & Landman 1988:151).

Die wesenskenmerke van die werklikheid is onties van aard, met ander woorde die wesenskenmerke van die werklikheid is oorspronklik gegee en is universeel vir die werklikheid. Daar bestaan nie 'n eksakte uiteensetting van die wesenskenmerke van die werklikheid nie aangesien elke beskouing 'n eiesoortige lewensbeskouing ten grondslag lê. Die wesenstrekke wat vervolgens aangesny word, is derhalwe uitgangspunte, aannames en beginsels waarvolgens gepoog word om kennis van die werklikheid te verkry. Kennis van die werklikheid dien weer as basis vir die ontleding van sub- en kontrakulture. Die verkreeë kennis kan terselfdertyd aangewend word vir die ontleding van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge. Voorts kan hierdie kennis rigtinggewend binne die onderwys en gemeenskap aangewend word om jeug geassosieerde probleme aan te spreek.

Volgens Van Schalkwyk (1988:14) kan daar agt wesenskenmerke van die werklikheid onderskei word:

- *Religieuse bepaaldheid* - God as Skepper én Onderhouer van die heelal is so één dat die heelal (werklikheid) nie sonder God kan voortbestaan nie. Die werklikheid en die mens (as deel van die werklikheid) staan onder die gesag van die Skepper en is in sy totaliteit van die Skepper afhanklik (Gunter 1964:315-316, 319). Die band tussen die mens en wesens of magte groter of magtiger as hy, staan as religie bekend. Die mens is deur sy verbintenis met God/afgod, 'n religieusgerigte wese (Cronjé 1969:110).
- *Wetsbepaaldheid* - Wetsbepaaldheid dui op die funksionering, bestaan en gedrag van sake volgens bepaalde wette. Vir die voortbestaan van die werklikheid is struktuurwette en -beginsels neergelê. Wette sluit onder andere natuurwette in (Stoker 1969:202-206).
- *Doelbepaaldheid* - Alle subjekte en objekte het 'n bestaansdoel. Die bestaansdoel van alles in die natuur word deur wette en beginsels bepaal. Dit wil sê die verwerkliking van bestaanswette en beginsels is 'n voorwaarde vir die bereiking van die bestaansdoel (Van

Schalkwyk 1988:19).

- *Tydbepaaldheid* - Alles in die werklikheid het 'n hede, verlede en toekoms. Tyd is allesomvattend en allesdeurdringend. Tyd beheers, begrens en bepaal alle gebeure in die werklikheid (Strauss 1978:11).
- *Ewewigsbepaaldheid* - Die totaliteit van die werklikheid is die samestelling van ontelbare verskeidenhede. Elke deel of faset van die verskeidenheid is noodsaaklik vir die funksionering van die totale werklikheid. Materie kan nie sonder atome bestaan nie en lewe nie sonder materie nie. Die eenheid van die verskeidenheid impliseer dat die dele mekaar in ewewig hou (Van Schalkwyk 1988:22).
- *Universaliteit teenoor individualiteit* - Alle subjekte in die werklikheid het sowel 'n universele as 'n individuele sy. Die universele sy dui op die gemeenskaplikheid van verskillende vorme van dieselfde soort. Die individuele sy dui op die andersheid van entiteite van dieselfde soort. Die universele en individuele sy kante, bestaan gelyktydig en interafhanklik (Van Schalkwyk 1988:20).
- *Waardebepaaldheid* - Waardebepaaldheid dui op 'n "goed-sleg" verhouding. In sy bestaan verwerklik elke objek voortdurend 'n positiewe of negatiewe waarde (Stoker 1969:163; Van Schalkwyk 1988:23)
- *Modaalbepaaldheid* - Modaalbepaaldheid dui op die struktuur van 'n objek/subjek, of te wel die wyses waarvolgens en waardeur dit bestaan (Spier 1972:33). Die modus van bestaan is waarneembaar maar alle subjekte en objekte bestaan eiesoortig na aanleiding van die besondere ontiese wette wat daarvoor geld (Stoker 1969:160). So byvoorbeeld funksioneer mens, dier en plant bioties, maar menselewe verskil van plant- en dierelwe (Van Schalkwyk 1988:24).

Die modaalbepaaldheid van die werklikheid is daardie aspekte van die werklikheid wat alle menslike ervaring ten grondslag lê. Die aspekte word "modaliteite" genoem aangesien dit die mees fundamentele modi of wyses is waarvolgens die tydelike werklikheid deur die mens ervaar word. Stone (1974:21), Strauss (1978:26) en Spier (1972:33-43)

identifiseer 15 modale werklikheidsaspekte naamlik die numeriese-, ruimtelike-, kinematiese-, fisiese-, biotiese-, psigiese-, analitiese-, kultuur-historiese-, linguistiese-, sosiale-, ekonomiese-, estetiese-, juridiese-, etiese-, en geloofsaspekte. In die verloop van die onderhawige navorsing sal daar aangetoon word dat bogenoemde modaliteite grootliks bydrae tot die vorming van sub- en kontrakulture.

Aangesien die mens in die werklikheid funksioneer, behoort die bogenoemde wesenstrekke van die werklikheid as beginsels en uitgangspunte te dien wanneer daar oor die *mens* en sy betrokkenheid in die werklikheid besin word.

2.2.2 Die mens as antropologiese gegewe

Die begrip *antropologie* omvat 'n wetenskaplike studie van die mens, 'n studie van die totale betrokkenheid van die mens in sy lefwêreld (Van Rensburg & Landman 1988:12).

'n Mensbeskouing vloei natuurlik uit 'n werklikheidsbeskouing voort want die mens is deel van die kosmiese geheel. "Omdat die mens is, daarom is hy realiteit, en as realiteit is hy deel van die totale realiteit" (Cronjé 1969:22). Van Schalkwyk (1988:17) onderskei tussen die volgende wesenskenmerke van die mens:

- *Religieuse bepaaldheid* - Die mens, as deel van die werklikheid, staan onder die gesag van die Skepper. Vir sy fisiese bestaan en voortbestaan is daar wette en vir sy geestelike bestaan is daar beginsels en norme waarop die mens moet antwoord. Die band tussen die mens en God/afgod dui op 'n religieuse relasie. Sodanige betrokkenheid bepaal die optrede, handeling en gedrag van die mens as God- of afgodgerigte wese (Van Schalkwyk 1988:16).
- *Wetsbepaaldheid* - Vir die mens se voortbestaan is hy aan wette en beginsels gebonde. Wette vir sy fisiese bestaan is bepalend vir al die liggaamshoedanighede en die beginsels vir sy geestelike lewe bepalend vir die gedrag, optredes, handeling en waardes wat hy huldig (Stoker 1969:202-206).

- *Tydbepaaldheid* - Elke mens het 'n begin (geboorte) en 'n einde (sterfte). In tyd voltrek die mens sy fisiese lewe deur opeenvolgende lewensfasies (baba, peuter, kleuter, jong kind en so meer). Elke lewensfase stel eiesoortige eise byvoorbeeld lewensbehoefte, lewenstake en belangstellings (Van Schalkwyk 1988:19).
- *Universaliteit teenoor individualiteit* - Die mens vertoon universeel fisies ooreenstemmende eienskappe maar verskil individueel wesenlik van mekaar (Cronjé 1969:24). Alle mense beskik universeel oor onder meer 'n estetiese, psigiese, sosiale, geloofs- en juridiese funksie maar elke mens se estetiese vermoëns verskil in potensiaal en kwaliteit van dié van andere (Van Schalkwyk 1988:21).
- *Ewewigsbepaaldheid* - Die totaliteit van die menslike liggaam bestaan uit 'n groot aantal dele. Vir die totaliteit van menswees is alle dele van belang. Die mens se geloofsfunksie is net so belangrik soos sy fisiese funksie. Op dieselfde wyse is die mens se kleuterfase net so belangrik soos sy puberteitsfase. Alle fasette moet 'n ewewigtige beklemtoning ontvang (Van Schalkwyk 1988:22).
- *Waardebepaaldheid* - Waardebepaaldheid as wesenskenmerk dui daarop dat die mens die goeie en die slegte in sy lewe kan verwerklik (Cronjé 1969:24). Die mens het die vermoë tot waarde-onderskeiding ontvang maar as gevolg van die oortreding van die wette en beginsels vir die voortbestaan van 'n volmaakte werklikheid en die daaropvolgende gebrokenheid van die skepping, is die mens geneig om anti-normatiewe waardes na te streef (Oberholzer 1954:191). Die mens word daardeur gekenmerk dat hy 'n sedelike wese is.
- *Modaalbepaaldheid* - Modaalbepaaldheid dui op die wyse waarop die mens bestaan. Volgens Stone (1974:18-21) verteenwoordig die mens die werklikheid volledig deur sy bestaan in al 15 bestaanswyses van die werklikheid. Hierdie bestaanswyses besorg 'n unieke identiteit aan die mens.

Daar is reeds melding gemaak van die mens se geskiedenis na die beeld van God. Hierdie eienskap verhoog die mens tot eindpunt én kulminasiepunt van die skepping. Die mens (as subjek) is daarom anders as die res van die skepping (as objek). In hierdie

andersheid is die mens aangestel om oor die natuur te heers en die aarde te bewoon. Daardeur beklee die mens 'n besondere posisie in die werklikheid (Stoker 1969:258). Hierdie posisie veronderstel inherent dat die mens oor die vermoëns, gawes en moontlikhede beskik om skeppend en herskeppend met die werklikheid om te gaan. Dit is slegs 'n wese wat 'n skeppende en herskeppende vermoë besit wat verandering teweeg kan bring (Cronjé 1969:28). Verandering impliseer dat die natuur tot menslike wêreld of woning omvorm word.

Die mens bevind hom in hierdie wêreld sonder sy eie toedoen. By geboorte tref die mens reeds 'n omvormde wêreld aan. " ... maar dit is 'n wêreld waarin die mens as eksisterende wese dit as 'n eie-wêreld, 'n wêreld vir hom, moet konstitueer en herkonstitueer" (Waugh 1983:44). In die konstituering en herkonstituering is die mens besig met kultuurskepping. Mens en werklikheid is 'n eenheid wat mekaar impliseer: "Fundamenteel gesien, as ontiese gegewene, is die mens sy wêreld, sy wêreld is sy kultuur en derhalwe is hy wesentlik kulturaliteit" (Waugh 1983:50).

- *Doelbepaaldheid* - Die bestaansdoel van die mens is inherent om die menskwaliteite waaroor hy beskik (om te glo, om lief te hê en om verhoudings te stig) te realiseer en deur middel daarvan sy beheersing oor en in die werklikheid met verantwoordelikheid te vervul (Bakker 1977:187).

Die eie-aard van menslike eksistensie kan nie gedy sonder die nabyheid van soort-gelyke wesens nie " ... omdat menswees beteken medemens wees" (Cronjé 1969:25). Menslike eksistensie is nie iets wat in afsondering kan geskied nie, omdat 'n fundamentele behoefte van die mens dan onbevredig bly (Alford 1994:1). Die mens het behoefte om medemens te wees en 'n medemens te hê. Hierdie behoefte aan nabyheid kom tot uiting in die behoefte om in relasie met ander mense te lewe. Die behoefte om in relasie met ander mense te lewe, nie maar net 'n behoefte is nie, maar 'n voorwaarde vir die selfrealisering van die mens (Page & Berkow 1994:4).

Om in relasie met die medemens te eksisteer, beteken dat mense mekaar op een of ander wyse ontmoet. Hierdie ontmoeting lei tot die saamlewe met die medemens. Die aard van saamlewe word bepaal deur die intensiteit van die relasie tussen mens en medemens. Die

sosiale eksistensie van die medemens vertoon 'n dinamiese karakter in dié sin dat menslike sosiale eksistensie nie dieselfde bly nie, maar aan verandering onderworpe is (Page & Berkow 1994:264). Hierdie verandering moet teen die agtergrond van die posisie van die mens in die werklikheid gesien word.

2.2.3 Die vorming van 'n groep

Daar is reeds in paragraaf 2.2.2 vasgestel dat die mens se sosiale eksistensie 'n relasionele eksistensie is - die mens is tegelyk mens en medemens. Die menslike behoefte aan nabyheid met ander lê die grondslag van alle saamlewe van mense (Allen & Santrock 1993:508-509; Hobbs & Blank 1982:28-29). Wanneer die saamlewe meer as net die behoefte aan nabyheid of te wel tussenmenslike verhoudings weerspieël, kom 'n gemeenskap of groep tot stand (Ellis & Fisher 1994:3).

Volgens Schein (1987:191) is daar vier stappe in die evolusie van groeppvorming:

- *Stap 1* - Kohesie van individue vind plaas. Elke individu is nog onseker oor sy insluiting, identiteit en gesag in die groep. Individue is van mekaar afhanklik vir aanvaarding. Persoonlike gevoelens word nog bo groepsbelange geplaas.
- *Stap 2* - Groepsnorme word bepaal. Persoonlike voor- en afkeure word gelig en gedebatteer en na groepsnorme herlei. Individue konformeer om harmonie en intimiteit in die groep te bewerkstellig. Gemeenskaplike gebruike en simbole ontstaan.
- *Stap 3* - Doelstellings word gestel. Die bereiking van doelstellings deur spanwerk word hoog aangeslaan. Oortreding van groepsnorme word gesanksioneer.
- *Stap 4* - Die groep bereik "volwassenheid". 'n Gevoel van "ons weet wie ons is, wat ons doel is en hoe om daardie doel te bereik aangesien ons suksesvol is", ontstaan. Die groep ontwikkel 'n eie kultuur as gevolg van die herhaling en oorlewering van norme en gedrag. Groepoorlewing word belangrik. Individuele kreatiwiteit en verskille word as 'n bedreiging beskou.

Indien 'n groep stap vier bereik het, beskik die groep oor historisiteit. Die historisiteit van 'n groep sluit in bepaalde denkwyses, prestasies, handelwyses, opvattinge, waardes, tradisies, gewoontes en lewenswyses. Dit kom daarop neer dat elke groep 'n unieke, eie identiteit het. Hierdie aspekte vorm die kultuur van 'n groep en in die woorde van McLeod (1987:69): "Culture however does have the effect of drawing people together".

Kultuur is 'n groepsfenomeen. Sonder die bestaan van 'n groep sou kultuur nie kon voortbestaan nie. Kultuur is die gemeenskaplike besit van die groep en word deur die groep gedeel. Individue kan nie die voortbestaan van kultuur verseker nie aangesien geen enkele individu kennis van al die kultuurfasette van die groep waartoe hy behoort, dra nie. Die interaksie tussen individue binne 'n bepaalde groep lei daartoe dat kultuur en groepsdoelstellings gemeenskaplike besit van die groep word (Brilhart in Ellis & Fisher 1994:6). Dit dui op die dinamiese aard van kultuur.

2.2.4 Die dinamiese aard van die kultuurproses

Kultuur is dinamies aangesien dit voortdurend verander in die proses van aanpassing by die omgewing en die tydsges (Jenks 1993:116; McLeod 1987:70). Die dinamiese aard van kultuur vestig die aandag op die proses waarin die mens, medemens en die natuur saam betrokke is en in beweging kom (kyk par. 1.5.1.1). Die betrokkenheid en in beweging kom van die mens en die natuur het kultuurvorming tot gevolg. Voortstuwinge binne kulture en tussen kulture lei tot kultuuroordrag, kultuurkontak en diffusie wat uiteindelik in kultuurontplooiing kristalliseer (Herskovits 1966:6,141). Kultuurontplooiing ontbloot sigself in 'n verskeidenheid verskyningsvorme waarvan kultuurverandering, kultuurontwikkeling, kultuurvernuwing en kulturbewaring onder die soeklig kom. Indien bovermelde verskyningsvorme nie positief binne 'n kultuur geïnternaliseer word nie, kan dit tot 'n kultuurkrisis of selfs 'n kultuurrevolusie aanleiding gee. Diagram 3 (p. 51) is 'n diagrammatiese voorstelling van die dinamiese aard van kultuur.





DIAGRAM 3: Diagrammatiese voorstelling van die dinamiese aard van kultuur

2.2.4.1 Kultuurvorming/skepping

Natuur, mens en kultuur is nie van mekaar te skei nie (kyk par. 2.2.2). Dit is net die mens wat die natuur denkend en ingrypend kan verander om by hóm aan te pas. As enkeling skep die mens kultuur maar is skeppend binne 'n groep aan die werk. Die groep is die medium vir die bereiking van groepsdoelstellings en in hierdie geval, kultuur (Bilhart in Ellis & Fisher 1994:6). Daar kan drie stadia in die vorming of skepping van kultuur onderskei word (Pistorius 1974:8):

- 'n opvatting van iets wat *waardevol* is
- *kennis* word ingesamel om dit wat waardevol is te verwerklik
- daarna word daar tot die *daad* oorgegaan

Bogenoemde stadia kan diagrammaties soos volg voorgestel word.



Alle kultuur word voltrek vanuit 'n opvatting van wat waardevol is (kyk par. 1.5.1.1). Kultuur word dus voltrek vanuit 'n bepaalde lewens(mens)- en wêreld(werklikheid)beskouing. 'n Kennissisteem hang ten nouste daarmee saam. Tesame vind dit uitdrukking in kultuurskeppinge en -dade. Hierdie drie stadia kan onderskei maar nie geskei word nie.

Die opvatting oor wat waardevol is, is die diepste kern van die kultuur. Dit is nie die uiterlik sigbare of konkrete vergestaltung van kultuur wat die belangrikste is nie. Die onsienlike fondament of waarde-laag is die ontstaansgrond van wat die mens glo of wat die mens as waardevol ag. Op grond van wat die mens glo, bedink hy wyses om dit te bewerkstellig om die glo tot 'n werklikheid te omvorm.

In die proses van kultuurvorming kan die volgende komponente van kultuur geïdentifiseer word:

(a) Die komponente van kultuur

- *Kognitiewe komponent* - Die kognitiewe komponent omvat omskrywings van wat die realiteit (menswees, opvoeding, gesagstelsels, ekonomiese organisasie) behels. Omskrywings van die realiteit lei tot die daarstel van bepaalde kennisstrukture (Bates & Plog 1990:20). Die betroubaarste kennisstruktuur ontbloot sigself in die natuur- en liggaamswetenskappe. Kennis wat minder betroubaar is, word gevind in die sosiale wetenskappe wat onder andere aspekte soos geloof, die hiernamaals en gode insluit. 'n Volgende kennisstruktuur wat praktiese implikasies vir die instandhouding van die fisiese en sosiale omgewing inhou, is tegnologiese kennis " ... such as skills, crafts, and arts that enable people to produce material goods" (Hobbs & Blank 1982:85).

Die voortbestaan van 'n kultuur is direk eweredig aan die kennis en gebruik van kultuursimbole (kyk par. 1.5.5). Kultuursimbole vergemaklik kommunikasie. Ingewikkelde inligting kan deur die gebruik van simbole op 'n verkorte wyse oorgedra word (Blok 1990:60; Bates & Plog 1990:20). Taal, in verbale of geskrewe vorm, word as die belangrikste kultuursimbool gereken. Taal is die kernmedium waardeur kultuuroordrag plaasvind (Popenoe 1991:62-64).

- *Normatiewe komponent* - Die normatiewe komponent skryf die behoorlike voor. Spesifieke waardes en norme waarvolgens individue in enige gegewe situasie moet optree, word gestipuleer (Popenoe 1991:64-65). *Waardes* is abstrakte skeppings van wat goed, reg, wys of voordelig is. *Waardes* is hoër kriteria as norme en dui op dit wat 'n mens voel of dink binne 'n gegewe situasie (Seymour-Smith 1986:183). Norme vloei voort uit gestelde waardes.

Norme skryf bepaalde gedragspatrone vir sosialisering vir die mens voor. Die manifestering van norme word sigbaar in die gedragspatrone van die mens. Norme is die ideële gedragspatrone en vorm as 'n eenheid die ideële kultuur. Die reële gedragspatrone en dienooreenkomstig die reële kultuur word op sy beurt deur gebruike en gewoontes gevorm. Die reële kultuur (werklike gedrag) kan met die ideële kultuur saamstem of daarvan afwyk (Williams 1981:41). Die ideële sowel as die reële kultuur sal noodwendig van gemeenskap tot gemeenskap en samelewing tot samelewing verskil.

- *Materiële komponent* - Die materiële komponent omvat gereedskap, boeke, klere, masjiene en so meer (Schaefer & Lamm 1992:70; Popenoe 1991:67). Die materiële komponent is daartoe geneig om kultuurspesifiek te wees. So byvoorbeeld kan die shari wat deur Indiërvroue gedra word, in 'n ander kultuur vir gordyne gebruik word. Artefakte en kultifakte wat deur geologiese opgrawings verkry word (juwele, kamme, eetgerei, potskerwe, fondasies van geboue) kan gebruik word om 'n rekonstruksie van die kognitiewe en normatiewe komponente van 'n kultuurgemeenskap te maak. Die materiële komponent word deur 'n kultuurgemeenskap geskep en kan makliker as die kognitiewe en normatiewe komponente deur die kultuurgemeenskap verander word. Op sy beurt rig die materiële komponent ook 'n appél tot gesindheidsverandering in die kultuurgemeenskap. 'n Wedersydse invloed word deur die materiële komponent en die kultuurgemeenskap uitgeoefen (Seymour-Smith 1986:183).

Die proses van kultuurvorming kan nie buite om die kognitiewe, normatiewe en materiële komponente plaasvind nie. Kultuur word nie bloot net gevorm of geskep nie, maar die vorming van kultuur hou vir die mens bepaalde voordele in. Hierdie voordele word vervolgens uitgelig deur na die funksies van kultuur te verwys.

(b) Funksies van kultuur

- *Kultuur gee aan die individu 'n bloudruk vir dit wat hy mag dink, sy gedrag en gevoelens* - Van kleins af word 'n individu aan sy opsigselfstaande kultuur en die wyses waarop binne daardie kultuur gehandel word, blootgestel asof daar geen ander optrede bestaan nie (Bates & Plog 1990:18-20).
- *Kultuur voorsien in die bevrediging van die individu se biologiese behoeftes* - Die individu hoef nie op sy eie na maniere te soek om sy honger en dors te bevredig, of om homself in die koue warm te hou nie. Patrone binne elke kultuur reguleer hierdie basiese behoeftes van die individu. Die individu word binne sy kultuur gekonfronteer met hoe, waar en wanneer hy sy behoeftes kan bevredig. Hy kom in aanraking met 'n spesifieke dieet, maniere van aantrek en die behoorlike ten opsigte van seksuele gedrag (Blok 1990:54).
- *Kultuur voorsien nie net patrone waarvolgens elementêre behoeftes bevredig word nie maar kultuur ontwikkel ook behoeftes* - Indien sukses en rykdom binne 'n kultuur as van waarde geag word, sal die individu daarna strewende en dié dinge wat in vorige geslagte as luukshede beskou is, soos byvoorbeeld 'n televisie, 'n nuwe model motor, operaseisoenkaartjies en die verwerwing van 'n graad, in die teenswoordige kultuur as onontbeerlik vir die handhawing van lewenskwaliteit beskou (Biesanz & Biesanz 1954:62).
- *Kultuur voorsien die individu van antwoorde op die vrae na die oorsprong en rol van die mens, natuur en heelal* - Dié antwoorde kan wetenskaplike of bo-natuurlike verklarings wees maar bied steeds antwoorde op fundamentele vrae. In sekere kulture word die aggressie van Thor, die Griekse mitiese figuur, as die antwoord op die vraag na die ontstaan van 'n donderstorm gegee. In ander kulture sal die werking van atmosferiese druk en elektriese ladings as antwoord voorgehou word (Corsini 1994:353).
- *Kultuur definieer situasies vir individuele deelnemers* - Die betekenis van gebeurtenisse word binne kulture partikulier uitgespel. Die inkleding van wat mooi en lelik, logies en onlogies, belangrik en onbelangrik, goed en sleg, moreel en immoreel is, word binne 'n

kultuur bepaal (Jenks 1993:49).

- *Kultuur bepaal ook die vrees van individue* - In sommige kulture word toordokters gevrees. In ander kulture veroorsaak die gedagte aan 'n vroeë sterfte as gevolg van die hedendaagse wyse van oorlogvoering weer vrees (Biesanz & Biesanz 1954:61).
- *Kultuur voorsien die individu van 'n gewete* - Gewete is nie 'n aangebore eienskap nie maar ontwikkel uit die groep se siening van wat reg en verkeerd is. Die ontwikkeling van die gewete is die gevolg van die internalisering van die waardes en norme van die groep in die persoonlikheid van die individu. Wanneer die individu die gestelde waardes en norme oortree, voel hy skuldig (Corsini 1994:353). So byvoorbeeld kan voorhuwelikse seksuele bedrywighede in sommige gevalle (soos in die Afrikanerkultuur) skuldgevoelens meebring en in ander gevalle (soos in die Zoeloe-kultuur) as 'n teken van liggaamlike ryphed en volwassenheid beskou word.
- *Kultuur voorsien die individu van 'n " behoort tot/aan " gevoel* - Kultuur bind individue tot 'n "ons" saam (Horton & Hunt 1976:47). Dit is een rede waarom immigrante, weg van hulle vaderland, 'n sterk groepsgevoel ontwikkel met individue uit dieselfde land van oorsprong.
- *Kultuur laat 'n persoon by sy status en plek in die samelewing aanpas* - Elke kultuur het wyses waarop hy individue vir sy posisie in die groep voorberei, so byvoorbeeld het elke kultuur sy siening van 'n goeie huisvrou, onderwyser, predikant, leier en so meer (Blok 1990:53; Eliot mcmxlvi:35-36).
- *Kultuur koester die ontwikkeling van individuele persoonlikheid* - Na analogie van 'n goeie dieet wat 'n gesonde liggaam daarstel, stel 'n ryk kultuur die individu bloot aan individuele persoonlikheidsontwikkeling. Kultuur ryk aan kultuurskatte, stel geleenthede en uitdagings aan die individu (Horton & Hunt 1976:83).

Die vorming van kultuur wat deur die kognitiewe, normatiewe en materiële komponente gerig word, kan vir die mens van waarde wees. Kultuur wat gevorm word, kan egter nie funksioneel aangewend word indien daar nie verskeie meganismes vir kultuuroordrag bestaan nie.

2.2.4.2 Kultuuroordrag

Kultuuroordrag, hetsy intern of ekstern, is 'n voorvereiste vir die dinamiese aard van kultuur (Macionis 1992:34). Interne kultuuroordrag of enkulturasie behels die proses van die oordraging van die kultuurbesit van geslag tot geslag (kyk par. 1.5.4.8). Eksterne kultuuroordrag dui op prosesse van kultuuroordrag, onder meer akkulturasie, dekkulturasie, herkulturasie en omkulturasie (kyk par. 1.5.4) wat van buite op elke kultuur inwerk.

Vir kultuuroordrag om plaas te vind, moet daar noodwendig kultuurkontak wees.

2.2.4.3 Kultuurkontak

Die kultuurkontak wat ter sprake is, is kontak tussen kultuurdraers, die mens en kulture as sodanig, aangesien kultuurdraers kultuur skep en oordra. Kultuur kan ook sonder kultuurdraers oorgedra word byvoorbeeld deur die massamedia. Deur kultuurkontak vind kultuuroordrag plaas. Kultuurkontak word ook as kardinale onderdeel van kultuurverandering beskou (Foster 1962:32). Kultuurkontak het in hoogsuitsonderlike gevalle nie kultuurverandering tot gevolg nie. Veranderingsprosesse wat deur kultuurkontak as katalisator aan die gang gesit word, is onder meer assimilasië, amalgamasie, integrasie, akkulturasie, dekkulturering, herkulturering, omkulturering (kyk par. 1.5.4.1 tot 1.5.4.11 en diagram 1 p. 16).

Die mate van verandering is eweredig aan die intensiteit van die kontak tussen kultuurdraers. Kontak kan langdurig of kortstondig, direk of indirek, tussen individue of massas plaasvind. Aangesien kontak tussen kultuurdraers plaasvind, skep dit 'n emosionele interaksie wat met 'n bepaalde gesindheid gepaardgaan. Hierdie gesindheidsverandering kan op 'n kontinuum wissel van aanvaarding tot afwysing. Indien afwysing na vore tree, is die vorming van sub- en kontrakulture (kyk par. 1.5.7 en 1.5.8) 'n moontlikheid⁵ (Herskovits 1966:174). Hoewel langdurige of kortstondige, direkte of indirekte kontak, die verloop, aard en intensiteit van die veranderingsproses beïnvloed, is die wese van die kultuurproses, naamlik dat *verandering* intree, dieselfde (Van der Wateren 1979:118-119).

⁵

As enkele voorbeeld van die afwysing van kultuur en die vorming van sub- en kontrakulture, dien die politieke- en kulturele vryheidstryd van die swart kultuurgemeenskappe in Suid-Afrika.

Kultuurkontak het noodwendigerwys kultuurdiffusie tot gevolg.

2.2.4.4 **Kultuurdiffusie**

Kultuurdiffusie is die proses waardeur kultuureienskappe tussen kulture uitgeruil word (kyk par. 1.5.4.7). Kontak tussen kulture is 'n voorwaarde vir diffusie. Dit is nie 'n vereiste dat die kontak langdurig of grootskaals hoef te wees nie, maar daar moet kontak tussen kultuurdraers, wat as verspreidingsagente optree, wees (Paelinck 1990:29).

Diffusie kan sowel binne kulture as tussen verskillende kulture plaasvind. Diffusie is 'n selektiewe proses aangesien kulture slegs kultuureienskappe van waarde uit ander kulture oorneem (Horton & Hunt 1976:445-447). Die eienskappe wat oorgeneem word, kan verplasend, funksieveranderend of aanvullend in die ontvangende kulture geïnternaliseer word. Daar sal noodwendig van *verandering* in die ontvangende kulture sprake wees. Diffusie moet egter nie altyd as vanselfsprekend aanvaar word nie. 'n Weerstand teen diffusie kan ook voorkom. Van der Wateren (1979:118) noem dat "... daar 'n sekere ooreenkoms in persoonlikheid van volke (moet - CM) wees alvorens diffusie kan plaasvind".

Diffusie is nie as die enigste wyse waardeur kultuurverandering teweeggebring word nie. Uitvindings, vernuwing en kritieklewering binne kulture (kyk par. 2.2.4.5), het ook kultuurverandering tot gevolg (Van Niekerk 1986:112).

Kultuurvorming, -oordrag, -kontak, en -diffusie, kulmineer in kultuurontploffing.

2.2.4.5 **Kultuurontploffing**

Vir die doeleindes van die onderhawige navorsing word die begrip:

- ☞ *kultuurontploffing* as sambreelbegrip aangewend wat die begrippe *kultuurverandering*, *kultuurontwikkeling* en *kultuurvernuwing* insluit.

(a) Kultuurverandering

By geboorte tref die mens 'n bepaalde werklikheid as gegewe aan. Deur die mens se beheersing van die werklikheid (*Mitwelt* en *Umwelt*), konstitueer en herkonstitueer hy die werklikheid tot 'n eie-werklikheid (*Eigenwelt*) vir hom (kyk par. 2.2.2). Van geslag tot geslag skep en herskep die mens kultuur. Daardeur verkry kultuur sy dinamiese karakter. Die dinamiese aard van kultuur bring mee dat daar op een of ander stadium verandering in en van die bestaande en bekende binne 'n kultuurgemeenskap of samelewing plaasvind (McLeod 1987:70).

(i) Die begrip verandering

Verandering dui volgens Schaefer & Lamm (1992:642) op die volgende: "Significant alteration over time in behaviour patterns and culture, including norms and values". Farley (1990:626) beskou die begrip *verandering* as " ... changes are the alterations of behaviour patterns, social relationships and social structure over time".

Verandering tree in as gevolg van die omkering of modifisering, hetsy positief of negatief, van die bestaande.

(ii) Faktore wat verandering prikkel

Daar bestaan 'n legio faktore wat verandering prikkel. Die volgende faktore is deur Popenoe (1991:544) en Venter (1985:104-105) uitgewys:

- demografiese faktore
- ekonomiese faktore
- ideologiese faktore
- politieke faktore
- invloed van wetenskap en tegnologie
- waardeverandering
- opvoedkundige invloede
- massamedia
- eksterne wêreldinvloede

- **aktivistiese faktore**

Bostaande faktore kan in twee kategorieë verdeel word, naamlik sosio-kulturele en fisiese-omgewingsfaktore (Schaefer & Lamm 1992:618-622) wat op 'n beplande of onbeplande wyse, veranderinge kan meebring (Macionis 1992:374). Beplande veranderinge dui op " ... the active and purposeful intervention of individuals or groups into the technological, sociological, and ideological practices of another people" (Woods 1975:40) en is meesal blywende veranderinge. Onbeplande veranderinge "occurs as a result of the interaction of social system forces. However it is change brought about with no apparent deliberateness and no co-ordinated goal setting on the part of those involved in it" (Zaltman & Duncan 1977:10).

Macionis (1992:42) is van mening dat innovasie die basis van kultuurverandering vorm. Schaefer & Lamm (1992:70) omskryf innovasie as "The process of introducing an idea or object that is new to culture". Volgens Woods (1975:11) vind veranderinge plaas die oomblik wanneer 'n individu innoverend, vernuwend, transformerend en selfs revolusionêr op faktore uit sy omgewing reageer. Kultuurveranderinge is eers "afgehandel" indien die reaksie op die faktore uit die omgewing deur 'n groot meerderheid van die groep waartoe die individu behoort, aanvaar en aangeleer is.

Innovasie as impetus vir kultuurveranderinge kan op vier wyses geskied (Schaefer & Lamm 1992:70; Macionis 1992:42-43; Bates & Plog 1990:446):

- *Langtermyn verandering* - Geringe modifisering in gedrags- en denkpatrone vind oor 'n langtermyn plaas. Langtermyn verandering kan ook aan evolusie gelykgestel word.
- *Ontdekking* - Ontdekking is die handeling waardeur 'n bewuswording plaasvind van iets wat reeds bestaan, maar nie voorheen waargeneem of begryp is nie. 'n Kenniskomponent kom met ander woorde by.
- *Uitvinding* - 'n Uitvinding is die nuwe sintese van reeds bestaande materiële omstandighede en gebruike.
- *Diffusie of bruikleen* - Kultuurelemente word bewustelik of onbewustelik tussen kulture


uitgeruil.

Opsommenderwys kan kultuurverandering soos volg omskryf word:

☞ 'n Omkering of modifisering van die sosio-kulturele en fisiese-omgewingsfaktore moedig reaksies van individue aan om daarop te reageer om sodoende by veranderde omstandighede aan te pas. By wyse van innoverende optrede wat in die variante naamlik langtermyn aanpassing, ontdekking, uitvinding en diffusie uiteenval, verstel die individu sy posisie. Indien die meerderheid van die groep die vernuwing aanleer en aanvaar, vind kultuurverandering plaas.

(iii) Die internalisering van kultuurverandering

Soos reeds vasgestel, is kultuurkontak via diffusie 'n belangrike onderdeel van kultuurverandering (kyk par. 2.2.4.3 en 2.2.4.4). Die gewende kultuur bly onveranderd aangesien dit niks verloor of by kry nie. Die ontvangende kultuur is aan verandering blootgestel aangesien die nuwe kultureienskap geïnternaliseer moet word. Kultuurverandering kan op drie wyses plaasvind.



Die normale wyse waarop kultuurverandering plaasvind, is van die abstrakte waardelaag oor die denke na die konkrete manifestasie soos in diagram 5, figuur (a) aangedui. Indien die samelewing, wat 'n konkrete uiting van 'n besondere waarde-opvatting is, verander wil word, is (a) die aangewese wyse. Word die lewens- en werêldbeskouing van mense gewysig, sal hulle self hulle denke moet inspan om die begeerde werklikheid te bereik (Pistorius 1974:11).

Kultuurverandering kan ook vanuit die konkrete laag plaasvind. In hierdie geval is die oorsaak van verandering 'n toevallige ontdekking. Die denke word ingespan om 'n toepassingsmoontlikheid daarvoor te vind. Uiteindelik word die waardelaag ook dienooreenkomstig gewysig (kyk diagram 5, figuur (b)).

'n Derde moontlikheid is om kultuurverandering teweeg te bring vanuit die kennislaag (kyk diagram 5, figuur (c)). Hierdie weg word gevolg in samelewings waarin 'n hoë waarde aan denke en bewussynsaktiwiteit geheg word.

Kultuurverandering vind eers werklik plaas wanneer al drie lae betrek word. Uiterlike kultuur wat nie verinnerlik is nie, bring disharmonie in sowel die kultuur as die persoonlikheid. Pistorius (1974:12) is van mening dat: "n Konkrete laag wat oorgeneem word sonder sy ondersteunende

dink- en waardelaag (kan - CM) net so min standhou as die teerblad van 'n pad wat van onder uitgekalk is ... Net so is 'n gehuldigde oortuiging sonder deurwerking na die praktyk nutteloos ... 'n Daad sonder onderliggende denke en 'n rigtinggewende gesindheid is wispelturig, blind en dikwels destruktief". Volgens Woods (1975:21) kan verandering ten opsigte van gedrag makliker plaasvind as veranderinge in oortuiging.

Ondoelmatige kultuurverandering kan tot weerstand teen verandering, kultuurverbrokkeling en uiteindelik tot 'n kultuurkrisis lei. 'n Volgehoue kultuurkrisis kan tot 'n kultuurrevolusie aanleiding gee. Hierdie verskynsels word in paragrawe 2.2.4.7 tot 2.2.4.9 aan die orde gestel. Die vorming van sub- en veral kontrakulture wat vergestaltingswyses van 'n kultuurkrisis en 'n kultuurrevolusie is, kan te wyte wees aan die afwesigheid van een of meer van die lae van die struktuur van kultuur tydens die internalisering van kultuurveranderinge.

(iv) Weerstand teen verandering

Die onbekende of nuwe element wat na aanleiding van verandering na vore tree, word nie altyd onmiddellik aanvaar nie. Inisiële weerstand teen die aanvaarding van nuwe elemente sal altyd vanuit die samelewing of van sekere individue sigbaar word. Die volgende soorte weerstand kan teen verandering ondervind word (Schaefer & Lam 1992:622-623; Venter 1985:105; Foster 1962:98-111):

- *Kulturele weerstand* - Elke kultuur het inherent 'n waardestelsel wat verskillende soorte gedrag as essensieel, reg of aanvaarbaar omskryf. Wanneer 'n verandering in die fundamentele waardestelsel intree, kan dié verandering afwysing ontlok.
- *Ekonomiese weerstand* - Hierdie vorm van weerstand staan hoofsaaklik in verband met tegnologiese nuwighede. Weerstand ontstaan omdat die koste verbonde aan die invoering van die innovasie te hoog is.
- *Psigologiese weerstand* - Gewoonte-patrone wat oor 'n tydperk gevorm is, bring sekuriteit in die lewe van 'n individu of samelewing. Verandering aan gewoonte-patrone ontlok dikwels weerstand.

- *Gevestigde belange* - Persone met gevestigde belange wat 'n magposisie beklee, kan verhoed dat verandering plaasvind.
- *Irrasionele en bedekte weerstand* - Weerstand teen verandering kan veral in die hande van agitators slinks en bedek wees.

Indien daar nie weerstand teen verandering openbaar word nie en kultuurverandering suksesvol geïnternaliseer word, vind kultuurontwikkeling plaas.

(b) Kultuurontwikkeling

Kultuurontwikkeling word dikwels verkeerdlik in die literatuur aan kultuurverandering gelykgestel. Die begrip *verandering* dui op die omkering van die bestaande realiteit, hetsy positief of negatief, waarteenoor die begrip *ontwikkeling* op 'n *voortdurend verbeterende verandering* van die realiteit, dui. Daardeur word 'n groeiproses geïmpliseer wat vanuit 'n bepaalde norm of standaard opereer.

- **Interne kultuurontwikkeling** dui op die handelinge van 'n kultuurgroep om die partikuliere kultuur volgens sy eie norme ten beste te verander (Van der Wateren 1979:144). Woods (1975:xi) is van mening dat interne kultuurontwikkeling meesal teruggevoer kan word na ontdekkings of innovasie binne 'n partikuliere kultuur.
- **Eksterne kultuurontwikkeling** dui op die pogings van 'n eksterne kultuur (kultuur B) om verbeterings na aanleiding van die eksterne kultuur (kultuur B) se eie norme (met betrekking tot onder meer politieke ordening, religieuse- en sosiale oortuigings, ekonomie, regstelsel) aan kultuur A aan te bring. Weerstand teen ontwikkeling, as gevolg van die genormeerde aard van die optrede van die eksterne kultuur kan voorkom (Van der Wateren 1979:146). Die vergestaltung van eksterne kultuurontwikkeling met 'n genormeerde aard word gevind in ideologieë, soos kolonialisme en imperialisme.

Kultuurontwikkeling wat voortdurend verbeterende verandering daarstel, het noodwendig kultuurvernuwing tot gevolg.

(c) **Kultuurvernuwing**

Vernuwing kan as 'n afskynsel van verandering gesien word. Zaltman en Duncan (1977:12) omskryf die begrip *vernuwing* as " ... an idea, practice, or material artifact perceived to be new by the relevant unit of adoption". Kultuurvernuwing sal die inleiding of bekendstelling van nuwe konsepte, idees en artefakte in 'n gevestigde kultuur impliseer.

Kultuurvernuwing word ook op 'n kontinuum tussen positief en negatief deur kultuurdraers ervaar en aanvaar. Negatiewe ervaring van kultuurvernuwing kan lei tot kultuurverbrokkeling, 'n kultuurkrisis en uiteindelik tot 'n kultuurrevolusie.

Kultuur kan nie voortdurend aan verandering blootgestel word nie. Kultuurbewaring behoort in harmonie met kultuurverandering te geskied.

2.2.4.6 **Kultuurbewaring**

Die begrip *bewaring* dra die betekenis van bewaar, sorg vir en onder toesig neem (HAT 1988, s.v. "bewaar").

Hobbs en Blank (1982:82-83) verwys na kultuur as 'n maatskaplike erfenis aangesien kultuur as 'n bepaalde leefwyse nie geneties oorgedra word nie maar van geslag tot geslag oorgedra word deur 'n proses wat as enkulturasie bekend staan (kyk par. 1.5.4.8). Die mens word binne 'n bepaalde kultuurmilieu gebore en daarom is die mens erfgenaam van die kultuur van sodanige gemeenskap (Van Zyl 1977:248). Hierdie kultuurerfenis word met die verloop van tyd aan verandering blootgestel (kyk par. 2.2.4.5 (a)) aangesien die mens voortdurend besig is om kultuurskeppend te werk te gaan. Kultuurverandering wat intree as gevolg van die kultuurskeppende aktiwiteite van die mens, word gereflekteer in die feit dat die mens nie gedwing word om met sy kultuurerfenis te konformeer nie. Aanpassings binne kulture word oor tyd heen aangebring (Macionis 1992:374). Daar is egter fasette wat onveranderd bly en hierdie fasette is geleë in die identiteit van 'n kultuurgroep: "Elke kultuur konstitueer 'n unieke leefwyse omdat elke partikuliere kultuur as besondere leefwyse partikuliere norme en waardes as riglyne ten opsigte van houdings, verhoudings, instellings en stratifikasie van die gemeenskap as geldend aanvaar" (Waugh 1983:28). Die voortbestaan van 'n partikuliere kultuur is in 'n besondere

leefwyse gesetel en dit is hierdie identiteit wat *bewaar* en van geslag tot geslag oorgedra behoort te word.

2.2.4.7 Kultuurverbrokkeling

Daar is reeds aangetoon dat die mens en die werklikheid nie van mekaar geskei kan word nie en aangesien mens en wêreld mekaar impliseer, impliseer mens en kultuur mekaar (kyk par. 2.2.2). Waugh (1983:83) is van mening dat die mens as onvolmaakte wese ontrend met sy leefwêreld kan omgaan. Die implikasie daarvan, is dat die mens sy kultuur kan skend. Hieruit word die waarde bepaaldheid as wesenskenmerk van die mens duidelik: die mens kan die goeie en die slegte in sy lewe verwerklik (kyk par. 2.2.2). Samevattend beweer Waugh dat die genesis van kultuurverbrokkeling lê in die veranderde waarde-oriëntasie wat uit die teenswoordige tegnokratiese⁶ samelewing spruit (Waugh 1983:85). Hierdie stelling van Waugh verdien groter verheldering.

Hedendaagse samelewings word as kontemporêr-modern⁷ getipeer. Daarvolgens kan daar na 'n kontemporêr-moderne mens en kontemporêr-moderne wêreld verwys word. Die mens het sedert die Tweede Wêreldoorlog (1939 -1945) teen 'n ongekende tempo op wetenskaplike gebied, met die tegniek as toepassing daarvan, 'n totale omwenteling in sy leefwerklikheid veroorsaak. Hierdie omwenteling het die leefwerklikheid van die mens vergemaklik maar ook disharmonie en verwarring meegebring (Adorno 1990:281). Die verabsoluttering van die wetenskap (sciëntisme) het die mens se bestaan vergemaklik in dié sin dat die mens met tegniese en elektroniese apparaat sy materiële nood verlig, asook 'n gevoel van groter individuele mag beleef en tyd bespaar. Disharmonie en verwarring tree in as gevolg van die gevoel dat die mens, medemenslike en bomenslike bystand nie meer nodig het nie (Pistorius 1976:96).

In 'n tegnokratiese samelewing wat 'n premie op hoë produktiwiteit plaas, verloor gefabriseerde dinge gou hul waarde. Die besef van die vervangbaarheid van dinge het 'n verbruikersmentaliteit

⁶ Die begrip *tegnokrasie* dui op die beginsel dat die tegniek, die samelewing en die produksieproses beheers (HAT 1988, s.v. "tegnokrasie")

⁷ Die begrip *modern* verwys na die mens en die tydperk sedert die Renaissance (ongeveer dertiende tot sestiende eeu) tot aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog (1939 - 1945) en die begrip *kontemporêr* verwys na die mens en die tyd sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog tot in die teenswoordige tyd.

tot gevolg. 'n Weggooikultuur ontstaan. Indien die nuttigheidswaarde van 'n artikel uitgedien is, word dit weggegooi. Dié verbruikersmentaliteit suur deur tot medemenslike verhoudinge en die "vervangbaarheid" en "gebruikerswaarde" van die medemens word die norm (Pistorius 1976:96). "Die mens self is uitruilbaar wanneer hy geen nuttigheidsdoel meer het nie, en so ook die produkte van sy skepping - sy kultuur" (Waugh 1983:111).

Die mens se ongekende mag oor die wetenskap en tegnologie het sekularisasie tot gevolg. Dit lei weer daartoe dat die mens homself toenemend van die transendente emansipeer (Schluchter 1990:261; Popenoe 1991:556). Daar word geen plek meer ingeruim vir die bo-natuurlike, die wonder, die ingryping vanuit die transendente nie: "Die toenemende verhorisontalisering van die mens se emansipasie van die Transendente het die mens losgeslaan uit die religie wat die kernkomponent van sy kultuur is" (Waugh 1983:93) (kyk par. 2.2.2). Die verabsoluttering van die wetenskap het tot gevolg dat alles konkreet-rasionalisties-wetenskaplik verifieerbaar is en dat slegs die konkreet waarneembare, werklik is (Luijpen 1971:38).

Die Westerse kultuur kan teenswoordig deur 'n waarde-oriëntasie naamlik utilitarisme⁸, getipeer word. 'n Utilitaristiese waarde-oriëntasie binne 'n tegnokratiese samelewing het 'n toenemende nihilisme⁹ tot gevolg. Hierdie aanpassing wat in die tradisionele waarde-oriëntasie van die mens gemaak word, lei tot kultuurverbrokkeling.

Daar is ook reeds aangetoon dat deur die mens se beheersing oor die werklikheid, hy die werklikheid tot 'n eie-werklikheid vir hom konstitueer en herkonstitueer (kyk par. 2.2.2). Kultuurverandering en kultuurontwikkeling is daarom nie iets nuut nie. Dit is die *snelle tempo* van verandering wat die mens ontnugterd en verbysterd laat (Girard 1983:19; Toffler 1970:32; Duvenhage 1973:128). Die mens verloor sy selfversekerdheid in 'n wêreld waar niks meer vasstaan nie. Die werklikheid self begin onwerklik en chaoties daar uitsien. Die band met die verlede vervaag en die toekoms word onvoorspelbaar. Die sogenaamde kennisontploffing wat as

⁸ Die begrip *utilitarisme* is afgelei van die Latynse woord *utilis* wat *nuttig* beteken. Dit dui op die teorie dat nut die enigste rigsgnoer vir die mens se optrede moet wees (Van Rensburg & Landman 1988:222).

⁹ *Nihilisme* is afgelei van die Latynse woord *nihil* wat niks, beteken. Nihilisme is die leer wat die maatskaplike orde totaal omver wil werp en daarna strewende om 'n nuwe maatskappy uit die niks op te bou.

gevolg van die snelle verdubbeling van wetenskaplike kennis ontstaan¹⁰, vererger die voorbereiding vir die samelewing van die toekoms (Pistorius 1976:100).

Massaproduksie, massakonsumpsie en 'n materialistiese ingesteldheid lei tot statusbewustheid en sosiale kompetisie. Die samelewing word namens die mens in organe, verenigings en institusies ingedeel om sodoende saamwerk en saamlewe te reël. Dit bring mee dat die mens lid is van sosiale groeperinge ter wille van sy arbeidsfunksie, woonfunksies, godsdiensfunksies en ontspanningsfunksies. Pretorius (1990:100) noem die gelyktydig betrokke wees van die mens by verskillende groeperinge, lewe-in-meervoud. Die kontemporêr-moderne mens word aan baie meer groeperinge blootgestel as die mens van eeue gelede wat sy bestaan in kleiner geïsoleerde landbougemeenskappe gevoer het. Die deel hê aan verskeie groeperinge bring ook mee dat die mens aan 'n veelheid van interpersoonlike verhoudings blootgestel word (Macionis 1992:380). Op sy beurt bring die veelheid van interpersoonlike verhoudings gedeelde verantwoordelikhede mee. Die mens is "eggenoot, burger, ouer, werknemer, lid van 'n kerk, lid van een of meer organisasies, lid van 'n sportklub, medereisiger, koerantleser, radioluisteraar, televisiekyker; hy het vriende, kennisse, familie ... " (Pretorius 1990:100).

Die totstandkoming van 'n kindvyandige kultuur waar kinders blootgestel word aan gesinsgeweld, kindermishandeling, eensaamheid as gevolg van die feit dat kinders na skool alleen tuis moet bly, min of enige kontak met ouers as gevolg van 'n gejaagde lewensstyl, veroorsaak dat die kind voel dat daar nie vir hom 'n plek in die lewe is nie. Die kind beleef 'n verlies aan lewenssekerheid (Packard 1983:20-43; Le Roux & Smit 1992:100-107).

Die hedendaagse samelewing bied onvoldoende waarborge vir outentieke menslike bestaan. Die mens begin vra na sy plek binne die wêreld. 'n Samelewingspessimisme ontstaan omdat die mens ontuis voel in die wêreld wat hom omring. Die gevolg is die verwerping van die samelewing as vergestaltung van sy kultuur. Die mens onttrek homself en hy vereensaam. 'n Kultuurkrisis ontstaan, want die mens (as medemens en erkenningsoekende wese) is nou opsoek na 'n sinvoller staanplek waarin en waardeur hy vryheid kan ervaar (Duvenhage 1973:139).

¹⁰

Nagenoeg 90% van alle wetenskaplikes wat ooit gelewe het, is tans in die lewe (Pretorius 1990:124).

2.2.4.8 **Kultuurkrisis**

Die mens vra toenemend na die sinvolheid van sy bestaan. Die ontstaansgrond vir hierdie vraag is sy ervaring van die mensbedreigde werklikheid wat gekenmerk word aan utilitarisme, nihilisme, versaaklikte menseverhoudings, vereensaming van die mens, 'n kennisontploffing en die emansipasie van die transendente waarin die mens hom bevind (kyk par. 2.2.4.7). Die mens soek dan ook konkreet-rasionalisties-wetenskaplik-verifieerbare antwoorde op sy vrae. In hierdie proses word die samelewing en die kultuur aan 'n nihilistiese bevraagtekening onderwerp. Nihilisme, wat sy gronde in die rasionalisties-utilitaristiese wetenskapsdenke het, vertoon die kenmerk van 'n verskuiwing in die normstruktuur. Alhoewel kultuur die konkretisering van norme en waardes in 'n bepaalde orde van belang is, word die waarde- en normstruktuur as gevolg van verandering wel gewysig. Waugh (1983:97) is van mening dat "alhoewel die mens nuwe situatiewe norme skep, behoort hierdie mensgemaakte kontingente norme altyd met die oernorm te harmonieer".

In die kontemporêr-moderne werklikheid word hierdie gedagte genegeer. As gevolg van die mens se wetenskaplik-tegnologiese kennis en -vaardighede en 'n gevoel van mag en vryheid, word die bron van die norm die mens self. In dié proses vind daar 'n toenemende emansipasie van die transendente plaas (Waugh 1983:97). Dit bring mee dat in 'n snelveranderende werklikheid, die normstruktuur ook aan snelle verandering blootgestel is. Die normgewing word nou vloeibaar. Die gevolg daarvan is die volgende: "Man has gradually become less dependant upon absolute standards of conduct, universally binding ideals. He is held to be completely free that he needs no standards except his own" (Horkheimer 1974:97). Die wesenskenmerk van die mens as religieuse wese (kyk par. 2.2.2) word geskend, en vervang met 'n valse religie - aanbidding van die mens self.

'n Beleving van sinloosheid, angs en 'n uitsiglose toekoms kristalliseer uit hierdie nihilisme. As gevolg daarvan word die bestaande kultuur, as vergestaltung van waardes en norme, ook as sinloos beleef en die mens word in wanhoop gedompel (Waugh 1983:98).

Die reaksie van die mens word vergestalt in die daarstelling van utopiese skynwerklikhede in die vorm van sub- en kontrakulture (kyk par. 1.5.7)¹¹: "Die primêre doel na die strewe van 'n kontrakultuur is dan ook die proklamering van 'n "nuwe hemel" en 'n "nuwe aarde", só uitgestrek, só skitterend dat die onmatige eise van tegniese deskundigheid in die teenwoordigheid van sulke glorie as vanself sal verskrimpel na 'n minder belangrike posisie in die lewe van die mens" (Schoeman 1989:47). Hierdie ontvlugting dui op die kultuurkrisis waarin die mens hom bevind. Die soeke na alternatiewe werklikhede verskil gradueel op 'n kontinuum van apatie teen en verwerping of omverwerping van partikuliere kulture. Individue wat apatie teen of 'n verwerping van die partikuliere kultuur beleef, sal waarskynlik in 'n opposisie- of kontrakultuur saamgroepeer.

2.2.4.9 Kultuurrevolusie

Die begrip *revolusie* is afgelei van die Latynse woord wat, *in die rondte draai*, beteken. Die woord is sowat 300 jaar voor die geboorte van Christus gebruik om groot politieke en sosiale veranderinge te beskryf (Dreyer 1978:42). Veranderinge wat teen 'n ongekenende tempo 'n radikale omwenteling meebring, word meesal aan die begrip *revolusie* gekoppel. So word daar byvoorbeeld van 'n ekonomiese- of tegnologiese revolusie gepraat. Die betekenis wat oor die algemeen aan die begrip *revolusie* gekoppel word, is dat revolusie essensieel politieke oogmerke ten doel het. Volgens Rajai (in Seegers s.a.:1) is revolusie " ... abrupt, illegal ... violence aimed at the overthrow of the political regime as a step toward social change." Hieruit kan die afleiding gemaak word dat 'n revolusie verandering meebring wat die totaliteit van gemeenskapsaktiwiteite raak.

Aangesien kultuur die somtotaal van die mens se aktiwiteite in sy materiële en nie-materiële wêreld is (kyk par. 1.5.1.3) kan die begrip *kultuurrevolusie* as die totale en radikale verandering van die mens se hele lewe en sy bestaan in die samelewing gesien word.

Die Franse Revolusie (1789-1799) kan as die eerste revolusie bestempel word wat doelbewus daarna gestreef het om die samelewing in alle opsigte radikaal te verander en sodoende 'n nuwe

¹¹

'n *Kultuurkrisis* en *kultuurrevolusie* as die gevolg van die kontemporêr-tegnokraties bestel is nie die enigste redes vir die vorming van sub- en kontrakulture nie. As dit waar sou wees dan sou sub- en kontrakulture slegs in geïndustrialiseerde omgewings ontstaan het.

samelewing tot stand te bring. Daar is gepoog om 'n nuwe regeringstelsel tot stand te bring, 'n nuwe ekonomiese orde af te dwing, sosiale verhoudings te verander, en religieuse ingrypings te maak. Voor die Franse Revolusie was die vervanging van een regering met 'n ander die hoogste doel van revolusionêre opstande. Die gevolge van vorige revolusies was nie diepgaande nie aangesien die lewe van die bevolking net in enkele opsigte geraak is, maar "met die Franse Revolusie het die idee van die totale revolusie sy intrede in die wêreld gedoen" (Dreyer 1978:60). Dit kom daarop neer dat 'n kultuurrevolusie die somtotaal van alle deelrevolusies (ekonomies, religieus, tegnies en so meer) binne 'n samelewing is (Sztompka 1994:301; De Lange 1969:487-488). 'n Kultuurrevolusie verskil dus kwalitatief van ander revolusies.

Volgens Michielse (1973:80) dra 'n kultuurrevolusie die kenmerk van permanensie. 'n Kultuurrevolusie is nie 'n geïsoleerde gebeurtenis in tyd nie, maar is 'n voortdurende proses waarin daar na vernuwing gestreef word. Vernuwing word dan ook veral deur die jeug nagestreef aangesien "de jeugd werkelijk de *onderdrukte groep* (kursivering - CM) is, en dus alle reden heeft om in opstand te komen" (De Lange 1969:487).

Die sentrale gedagte wat 'n kultuurrevolusie aanvoer, is 'n vryheidsidee. Die vryheid van die individu staan sentraal. Die politieke demokrasie wat tydens die Franse Revolusie verkry is, behoort so verbreed te word dat 'n persoonlike demokrasie tot stand kom: "De democratische waarde moet daarom tot uitdrukking worden gebracht in respect voor het menslijk leven, de persoonlijke vrijheid en de onvervangbare betekenis van het subject-zijn en niet langer in bovenmenselijke totaliteiten als volk, staat of natie". Die uiteindelijke doel van 'n kultuurrevolusie is "de nieuwe mens" (Michielse 1973:80).

Indien 'n persoonlike demokrasie nie binne 'n samelewing ondersteun word nie en kultuurassimilasie, -amalgamasie, -integrasie, dekulterering, herkulterering en omkulterering (kyk par. 1.5.4.1 tot 1.5.4.3 en 1.5.4.9 tot 1.5.4.11) voorgestaan word, kan dit tot gevolg hê dat individue teësinnig is of selfs weier om deel aan die dominante kultuur (kyk par. 1.5.2) te hê. Hierdie teenstand lei volgens Nolet (in Michielse 1973:83) daartoe dat individue vryheid in die vorm van sub- en kontrakulture soek: "De sub-kultuur is gericht op de individuele bevrijding van de mens, die zich een eigen wereldje scheidt met eigen norme en gebruiken, met eigen muziek en eigen taal ...".

'n Beskrywing en verklaring van die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeugroeperinge is een van die doelstellings van onderhawige navorsing. In hoofstuk 3 word 'n filosofiese begroning van 'n *subkultuur* en *kontrakultuur* waaruit *sub-* en *kontrakulturele jeugroeperinge* hul oorsprong het, onderneem.

2.3 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n filosofiese begroning van dié aspekte van kultuur wat tot 'n beter begrip van die begrippe *sub-* en *kontrakultuur* kan lei, onderneem.

Kultuur wat as die somtotaal van menslike gedrag binne sy materiële en nie-materiële werklikheid omskryf word, is teen die agtergrond van die mens as antropologiese wese in sy ontologiese werklikheid ondersoek. Die eienskap dat die mens, as *antropos*, 'n behoefte aan nabyheid met ander openbaar, het groeppvorming tot gevolg. Indien 'n groep oor 'n tyd heen in interaksie verkeer, verwerf die groep historisiteit. Historisiteit behels 'n groep se handelwyses, opvattinge, prestasies, waardes, tradisies, gewoontes en lewenswyses. Saam vorm bogenoemde die identiteit en die kultuur van 'n groep.

Die voortdurende betrokkenheid van die mens en sy medemens in die werklikheid, het verandering tot gevolg en in die proses lei dit tot kultuurvorming. Kultuurvorming dui weer op die dinamiese aard van kultuur wat die *kultuurproses* van kultuurontploffing, -oordrag, -kontak, -diffusie, -verandering, -ontwikkeling, -vernuwing, en kultuurbewaring insluit.

Indien teëstand in die kultuurproses deur 'n individu of individue gebied word, kan dit tot kultuurverbrokkeling, 'n kultuurkrisis of selfs 'n kultuurrevolusie aanleiding gee. Die soeke na alternatiewe en nuwe vryhede word dan in die vorm van sub- en kontrakulture gevind.

Daar word vervolgens oorgegaan tot 'n filosofiese begroning van die begrippe *subkultuur*, *kontrakultuur*, *subkulturele-* en *kontrakulturele jeugroeperinge*.

3

Subkultuur en kontrakultuur: 'n filosofiese begronding

"Subculture is an important concept since it sharpens our awareness of the values and attitudes that accompany participation in a particular type of behaviour and draws our attention to the social shaping of behaviour that can take place which, in turn, facilitates entry of people into a subculture" (Lester 1987:320).

Die doelwag van die onderhawige lyselink is om

- aan te toon wat 'n subkultuur is
- die vermening van 'n subkultuur aan te dui
- die ontwikkeling en groei van 'n subkultuur aan te dui
- subkulturele styl te beskryf
- die vermening van 'n subkultuur aan te toon
- die funksies van 'n subkultuur aan te toon
- aan te toon wat 'n subkulturele jeuggroeping is
- aan te toon wat 'n opposisionele kontrakultuur is
- die vermening van 'n kontrakultuur aan te dui
- die ontwikkeling en groei van 'n kontrakultuur aan te dui
- kontrakulturele styl te beskryf
- die vermening van 'n kontrakultuur aan te toon
- die funksies van 'n kontrakultuur aan te toon
- aan te toon wat 'n kontrakulturele jeuggroeping is
- enkele verklaringsstories vir die ontstaan van geweldsdaadigheid by kontrakultuur
wette te stel

3.1 INLEIDING

In hoofstuk 2 is 'n filosofiese begronding van dié aspekte van kultuur wat tot 'n beter begrip van die begrippe *subkultuur* en *kontrakultuur* sal lei, onderneem. Dit het duidelik geblyk dat die kultuurproses deur kultuurverandering so geraak word, dat individue van die kultuurproses vervreemd kan raak. Gewysigde kulturele groeperinge naamlik, subkulture en kontrakulture, ontstaan as gevolg van hierdie vervreemding.

In hierdie hoofstuk word 'n filosofiese begronding van die begrippe *subkultuur* en *kontrakultuur*, *subkulturele jeuggroepering* en *kontrakulturele jeuggroepering*, onderneem. Die soeklig val geselekteerd op die opsigselfstaande eienskappe van die jeugfase, wat veral 'n invloed op die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge het.

Die gewelddadige jeugbende, as partikuliere kontrakultuur, word as ondersoekgroep uitgesonder en filosofies begrond. Die klem word op die gewelddadige jeugbende geplaas aangesien die omvang van gewelddadige jeugbendes in Suid-Afrika die potensiaal besit om die land op bykans alle lewensterreine te destabiliseer. Enkele geselekteerde teorieë wat as verklaring vir die ontstaan van gewelddadigheid by kontrakulture dien, word ook ondersoek.

3.2 SUBKULTUUR: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING

Die metode om antwoorde op vrae in die sosiale- en natuurwetenskappe te bekom, is die dissekering van die geheel in kleiner dele. Noodwendig sal die dele weer 'n geïntegreerde geheel vorm en dikwels is die som van die dele groter as die geheel. Veral as die *mens* die onderwerp van navorsing is, is die som van die onderskeie dele belangrik aangesien die mens as eenheid funksioneer maar die eenheid word deur verskeie dele sigbaar. Die belang van die bestudering van subkulture as wyses van menslike assosiasie en dikwels ontvlugting (kyk par. 2.2.4.7 tot 2.2.4.9), lê daarin dat 'n subkultuur, as segment van die dominante kultuur hanteerbare navorsingseenhede verteenwoordig. Subkulture "is small enough to be subjected to systematical analysis, yet large enough to be of clear theoretical and practical importance" (Arnold 1970:4).

3.2.1 Wat is 'n subkultuur?

'n Subkultuur kan omskryf word as

- ☞ enige segment van die dominante kultuur wat eiesoortige waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole nie konflikterend met die dominante kultuur, voorstaan. Daar kan dus na 'n subkultuur verwys word as 'n "kultuur" binne 'n "kultuur" (Corsini 1994:353; Baker & Rubel 1980:141) (kyk par. 1.5.7) en volgens Seymour-Smith

(1986:66) is 'n subkultuur "not a population unit but a system of ideas, beliefs and behaviours ...".


'n Subkultuur is

☞ *kultuur*, aangesien 'n sekere stel waardes, norme en doelstellings in samewerking met ander deelgenote onderskryf word (kyk par. 2.2.4.1)

☞ *subkultureel*, aangesien die waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole binne 'n subkultuur deel van die dominante kultuur kan wees of gedeeltelik daarvan kan verskil. Om deel van die geheel (dominante kultuur) te wees, beteken om sekere waardes wat die geheel hoog ag, te onderskryf. 'n Subkultuur wat slegs matig van die dominante kultuur verskil, word normaalweg deur die dominante kultuur aanvaar: "Values which a culture can tolerate are those that do not cause disruptive conflict or that do not disturb too much the larger normative solidarity" (Wolfgang & Ferracuti 1967:101).

Gollnick & Chinn (1986:15) gebruik die begrippe *makrokultuur* as verwysing na die dominante kultuur en *mikrokultuur* as verwysing na segmente van die dominante kultuur. Lede van die makrokultuur deel universele eienskappe alhoewel alle lede van die makrokultuur nie noodwendig onderskrywers is van sodanige kultuur nie. Die nie-onderskrywers van die makrokultuur vorm dan 'n mikrokultuur waar opsigselfstaande kulturele waardes en norme en politieke-, sosiale-, religieuse- en ekonomiese aktiwiteite (om maar enkeles te noem) uitgeleef kan word. Die makrokultuur kan aan die dominante kultuur gelykgestel word en die mikrokultuur kan aan 'n subkultuur gelykgestel word.

Walter (1982:75) omskryf 'n subkultuur soos volg: "A subculture sits as a differentiated species within some generic social system, not necessarily delighted with its situation, but determined to make the best of it, sharing some of its life with the dominant culture, content or resigned, as the case may be, to enjoy or to regret the part it does not share". Diagram 6 (p. 77) is 'n diagrammatiese voorstelling van 'n kultuur en 'n aantal sub- en kontrakulture.



Indien kultuur die skeppende en herskeppende aktiwiteite van die mens in sy omgewing is (kyk par. 2.2.2), wat gee dan aanleiding tot die *vorming* van subkulture? Is kultuur *per se* nie akkomoderend of inklusief genoeg nie?

3.2.2 Die vorming van 'n subkultuur

Die vorming van 'n subkultuur hou direk verband met die teorie van groeppvormingskragte (Smeja & Rojek 1986:1032) (kyk ook par. 2.2.3), kultuurvorming en die internalisering van kultuurverandering (kyk par. 2.2.4.1 en 2.2.4.5 (iv)).

Die menslike behoefte aan nabyheid met ander lê die grondslag van alle saamlewe van individue. Wanneer die saamlewe meer as net die behoefte aan nabyheid weerspieël, kom 'n groep tot stand. Elke individu sluit by 'n groep aan met 'n bepaalde opvatting van wat nastrewenswaardig en navolgingswaardig is. 'n Kennissisteen hang ten nouste daarmee saam. Individuele kennissisteme word gealmagameer en na groepsnorme herlei. Individue konformeer om harmonie en intimiteit in die groep te bewerkstellig. Groepsdoelstellings word geformuleer en gemeenskaplike gebruike en simbole ontstaan.

Subkulturele waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole vertoon *partikulier*, *geaksentueerd* en as 'n *variasie* van die dominante kultuur. 'n Zionistiese subkultuur binne 'n dominante kultuur waar die Christelike geloof aangehang word, onderskryf die waarde- en normstruktuur van die dominante kultuur, maar plaas die klem op 'n partikuliere doel en wyse van byvoorbeeld aanbidding en samekomste.

Vir 'n bepaalde segment van die dominante kultuur om as subkultuur geklassifiseer te word, moet die eiesoortigheid van subkulturele waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole deur die dominante kultuur aanvaar word. Die mate waartoe die subkultuur deur die dominante kultuur aanvaar word, kan volgens Wolfgang en Ferracuti (1967:111) bepaal word deur subkulturele norme aan 'n hiërargiese skaal van dominante norme te meet. 'n Ander metode is om die reaksie van agente binne die dominante kultuur ten opsigte van subkulturele waardes en norme te monitor.

Opsommenderwys kan gesê word dat 'n subkultuur gevorm word wanneer

- ☞ individue saantrek omdat 'n gemeenskaplike klimaat geskep is waar gedeelde waardes en norme, wat van die dominante kultuur varieer of verskil, maar deur die dominante kultuur

aanvaar word, gedy.

Faktore wat bydrae tot die skep van 'n gemeenskaplike klimaat waar gedeelde waardes en norme kan gedy, geniet vervolgens aandag.

3.2.2.1 Faktore wat tot die vorming van subkulture aanleiding gee

Faktore wat as impetus vir die vorming van subkulture dien, kan breedweg in drie kategorieë verdeel word naamlik, kulturele diversiteit, genotipiese¹² faktore en fenotipiese¹³ faktore.

(a) Kulturele diversiteit

Deur die eeue het ekonomiese, politieke, sosiale en religieuse faktore wêreldwyd demografiese verskuiwings meegebring. Die direkte gevolg daarvan was die uitbreiding van 'n verskeidenheid kultuurgemeenskappe binne bepaalde geografiese grense. Die kultuurgemeenskap wat die politieke mag besit, word meesal as die dominante kultuur beskou. Die waarde- en normstruktuur van die dominante kultuur is dan ook die dominante waarde- en normstruktuur. Alle ander kultuurgemeenskappe waarvan die waarde- en normstruktuur van die dominante kultuur varieer of verskil, word as 'n segment van die dominante kultuur of as 'n subkultuur beskou.

(b) Genotipiese faktore

Kultuur is die somtotaal van menslike emosie en normbepaalde gedrag in relasie tot homself, sy medemens en die natuur. Hierdie stelling weerspieël die universaliteit van die mens as antropologiese wese (kyk par. 2.2.2). Die mens is ook individualiteit en daarom is geen individu dieselfde nie. Die genotipe (totale individuele genetiese samestelling) van elke individu verskil (Prinsloo 1990:199). So byvoorbeeld dwing geslagtelikheid mans en vroue in 'n bepaalde

¹² Die begrip *genotipe* verwys na die totale individuele genetiese samestelling en erflike aanleg (die geheel van psigiese aanleg, soos aangebore begaafdheid en disposisies van gevoel en wil) van 'n individu (WAT 1974, s.v. "genotipe").

¹³ Die begrip *fenotipe* is deur die Deense plantkundige en genetikus, W L Johannsen (1857-1927) in 1911, geskep. In die algemene vaktal word fenotipe gebruik in die betekenis van "die tipe soos bepaal deur die sigbare of uiterlike hoedanighede" (WAT 1974, s.v. "fenotipe"). In hierdie navorsing verwys die begrip *fenotipe* na die sosio-ekonomiese leefwyse, gebruike, gewoontes en interaksie van die mens met sy omgewing.

kategorie, etnisiteit het weer die ontstaan van etniese kategorieë tot gevolg terwyl leeftydswydse ouderdomsgroepe bymekaar groepeer (Skelton 1993:189-303; Cohen 1956:54; Gottdiener & Malone 1985:39).

Alhoewel die mens universeel oor onder meer 'n estetiese-, psigiese-, sosiale-, geloofs- en juridiese funksie beskik, verskil elke individu van ander individue (kyk par. 2.2.2). Dit is onafwendbaar dat *verskille tussen individue* nuwe groeperinge binne bestaande kulture tot stand bring (Watson 1993:195; Arnold 1970:114). Sodanige nuwe kategorieë of groeperinge (geslagtelikheid, etnisiteit, klas, ouderdom) kan as segmente van die totale kultuur of as subkulture beskou word.

(c) Fenotipiese faktore

Geen individu kan ten volle in die dominante of selfs sy eie kultuur deelneem nie. Voorts bepaal elke individu se *gegewe situasie* of fenotipiese eienskappe (sosio-ekonomiese leefwyse, gebruike en gewoontes) grootliks in watter subkultuur hy sal funksioneer (Prinsloo 1990:199). Voorts bring elke individu se *voor- en afkeure* mee dat 'n bepaalde subkultuur gevorm word. Die keuse van beroep, stedelike of landelike tuiste, religie, taal, stokperdjie en so meer, kategoriseer individue noodwendig in die raamwerk van 'n bepaalde subkultuur (Corsini 1994:353; Green 1946:534; Gordon 1947:40).

Die mens vra voortdurend na die sinvolheid van sy bestaan. In 'n mensbedreigde wêreld wat gekenmerk word deur utilitarisme, nihilisme en versaaklikte menseverhoudings en so meer (kyk par. 2.2.4.7 tot 2.2.4.8) *soek die mens oplossings vir sy probleme*: "A galvanizing crisis or persistent problem forces a group to adapt. The group's shared assumptions grow out of this joint problem solving" (Maynard-Moody; Stull & Mitchell 1986:302). In die proses groepeer individue wat dieselfde behoeftes openbaar in 'n subkultuur. Persoonlike krisisse en probleme word dikwels "opgelos" deur die ontsnapping na 'n utopie in die vorm van skynwerklikhede. Die gebruik van alkohol en dwelms bied geredelike ontvlugting. Subkulture word dus gevorm om te oorleef en aan te pas in 'n eksterne, dikwels vyandige omgewing (Schein 1987:51). Angs en frustrasie wat ontstaan as gevolg van konflik tussen die dominante kultuur en 'n nie-dominante kultuurgemeenskap, lei ook tot die vorming van subkulture (Yinger 1960:627).

Elke mens is vanweë sy gegewe situasie, voor- en afkeure en keuses, by 'n verskeidenheid subkulture betrokke. Volgens Cohen (1956:65) kom 'n subkultuur tot stand " ... wherever individuals sense in one another like needs, generated by like circumstances, not shared generally in the larger social system".

Daarby is kulturele diversiteit, genotipiese en fenotipiese faktore bepalende faktore vir die ontstaan van subkulture. Navorsers sonder *klas*, *etnisiteit*, *ouderdom* (Wilson 1986:1161; Watson 1993:194), *geslagtelikheid* en *religie* (Karr 1982:126; Taylor 1986:381) uit as die vernaamste veranderlikes vir die vorming van 'n subkultuur.

Die vorming van 'n subkultuur is nie 'n statiese verskynsel nie. Dit is in die ontwikkeling en groei van 'n subkultuur waaruit die funksies van subkulture blyk.

3.2.3 Die ontwikkeling en groei van 'n subkultuur

Elke subkultuur wat gevorm word, is uniek as gevolg van die opsigselfstaande waarde- en normstruktuur wat onderskryf word. Dit bring mee dat 'n samehorigheidsgevoel onder individue ontwikkel. Dié samehorigheidsgevoel dra by tot die vorming van 'n besondere realiteitsbeeld waarbinne eiesoortige waardes en norme uitgeleef word.

3.2.3.1 Subkulturele parameters

Daar bestaan 'n groot mate van interaksie, integrasie en wedersydse beïnvloeding tussen individue in 'n subkultuur, tussen subkulture en tussen subkulture en die dominante kultuur (Lont 1990:4). Dit bring mee dat daar horisontale en vertikale subkulturele parameters geïdentifiseer kan word.

Die *horisontale parameters* word bepaal deur die verhouding tussen subkulture en die dominante kultuur in die mate waartoe die subkultuur die normstruktuur van die dominante kultuur aanvaar. Indien subkulturele waardes en norme nie deur die dominante kultuur gerespekteer word nie (soos byvoorbeeld die hippiesubkultuur) sal 'n sterk lojaliteit vir die waardes en norme van die subkultuur ontwikkel. Die diffusie tussen die dominante kultuur en die subkultuur word hierdeur benadeel en die dominante kultuur en die subkulture funksioneer mettertyd indirek onafhanklik van mekaar. Indien die dominante kultuur wel aan die subkultuur ruimte bied om

kultuurskeppend te werk te gaan, word 'n groepslojaliteit geskep wat die diffusie tussen die dominante kultuur en die subkultuur vergemaklik (Popenoe 1977:102; Waugh 1983:148).

Die mutasie van subkulture vind ook gedurigdeur plaas as gevolg van die kombinasie van subkulture waaraan elke individu behoort en mettertyd blootgestel word. So byvoorbeeld sal 'n laer klas (subkultuur 1) Japanese (subkultuur 2) immigrant (subkultuur 3) wat groot word in New York (subkultuur 4) se spogbuurte (subkultuur 5) aan ander waardes en norme bloot gestel word as 'n laer klas (subkultuur 1) Japanese (subkultuur 2) immigrant (subkultuur 3) wat groot word in Miami (subkultuur 6) se agterbuurtes (subkultuur 7). Wilson (1986:1155) is van mening dat die kontak of diffusie wat tussen subkulture plaasvind, nuwe of hibride subkulture laat ontstaan. Die ontstaan van hibride subkulture verbreed ook die horisontale parameters van 'n subkultuur.

Die *vertikale parameters* van 'n subkultuur word bepaal deur die deelname van die individu op verskeie vlakke in die subkultuur. Die aard van die vlakke wissel na aanleiding van die tyd, intensiteit en uitgebreidheid waarmee 'n individu by 'n subkultuur betrokke is. 'n Individu kan baie of min tyd aan 'n subkultuur afstaan, hy kan terselfdertyd aan een of meer subkulture gelyktydig behoort, solank die subkulture ooreenstemmende waardes en norme het. Die kombinasie van subkulture waaraan 'n individu behoort, oefen 'n invloed op die individu se persoonlike waarde- en normstruktuur uit (Gordon 1947:41-42) aangesien spanning wat as gevolg van die konflik wat tussen twee teenoorstaande subkulturele waarde- en normstrukture ontstaan, deur die individu verwerk moet word (Wolfgang & Ferracuti 1967:104). 'n Individu kan ook terloops of toegewyd by 'n subkultuur betrokke wees.

Diffusie tussen subkulture en die dominante kultuur, die mutasie van subkulture en die vlak van individuele betrokkenheid by subkulture, bring mee dat die grense van subkulture nie streng afgebaken kan word nie. Elke *individu* bepaal die diffuusheid van die horisontale en vertikale grense van die subkulture waaraan hy behoort (Arnold 1970:85-86). Arnold (1970:114) se mening verdien weereens die aandag: "Subcultures are *systems of norms* (kursivering - CM) not groups of concrete people". Die invloei, deurvloei en uitvloei van individue in subkulture, en hierby inbegrepe subkulturele parameters hang derhalwe af van die mate waartoe die opsigselfstaande waarde- en normstruktuur van die subkultuur onderskryf word.

'n Aspek wat 'n invloed op die horisontale en vertikale parameters van 'n subkultuur uitoefen, is subkulturele gedragskodes.

3.2.3.2 Subkulturele gedragskodes

Waardes en norme skryf bepaalde gedragspatrone vir individue binne 'n groep voor (kyk par. 2.2.4.1 (a)). Daar is reeds vasgestel dat 'n subkultuur opsigselfstaande waardes en norme wat van die dominante kultuur varieer of verskil, maar nie in konflik daarmee is nie, aanhang (kyk par. 3.2.1). Gedeelde waardes en norme binne 'n subkultuur word vergestalt in die gedrag wat van elke individu verwag word. Die vereiste gedrag wissel van die toelaatbare tot die verwagte optrede in bepaalde situasies. Subkulturele bedrywighede is in 'n groot mate herhalend van aard en daarom ontstaan daar spesifieke gedragspatrone vir spesifieke situasies. Die herhaalde verwagting van gedrag of optrede, kristalliseer mettertyd in 'n reël of norm. Die oortreding van die reël of norm word deur die groep met afkeur bejeën. Subkulturele waardes en norme wat individuele gedrag bepaal, dikteer ook die mate waartoe individue tot die waarde- en normstruktuur van die subkultuur konformeer: "The degree of the individual's assimilation of the norm may in part be measured by the number and kinds of situations in which he uses the norm as supportive explanation for his behaviour" (Wolfgang & Ferracuti 1967:101).


Individue binne 'n subkultuur gebruik ander groepslede as verwysing ten opsigte van subkulturele gedragskodes. Op hierdie manier vind 'n aanhoudende versterking van subkulturele waardes en norme plaas (Wolfgang & Ferracuti 1967:102). Dit maak dit moontlik om die waarde- en normstruktuur van 'n subkultuur te identifiseer by wyse van die ontleding van die gedrag van individuele lede. Elke subkultuur formuleer subkulturele sanksies vir die instandhouding van subkulturele gedragskodes.

3.2.3.3 Subkulturele sanksies

Vir elke subkulturele norm bestaan daar 'n sanksie (kyk par. 2.2.4.1 (a)) wat die voortbestaan van die norm verseker. Sanksies word as "straf" beskou vir die individu wat subkulturele norme oortree. Die intensiteit van die "straf" bepaal die waarde wat die subkultuur aan die norm heg. Sanksies word as keuringskriteria vir subkulturele lidmaatskap aangewend (Wolfgang & Ferracuti 1967:106).

Die toepassing van sanksies in subkulturele verband is meer effektief as in die dominante kultuur, aangesien lede van subkulture meesal geografies dig geposisioneer is. Subkulture wend hul ook nie na die hoogste vorme van sanksies soos byvoorbeeld die doodstraf nie: "By excluding, sending away, ostracizing, 'kicking out' the norm violator, the subcultural group is using sanctions similar to exile, banishment, deportation" (Wolfgang & Ferracuti 1967:107).

Wilkins (1964:46) stel norme en die afwyking daarvan grafies in 'n kontinuum van normgehoorsaming en normoortreding. Kyk diagram 7 p.85.



Gedrag wat vir een groep aanvaarbaar is, kan vir die volgende groep totaal onaanvaarbaar wees. Afwykende gedrag is met ander woorde nie anti-sosiaal op sigself is nie. Gedrag word eers afkeurenswaardig indien 'n bepaalde groep 'n negatiewe konnotasie in die lig van hul eie gewaardeerde waardes aan bepaalde gedrag koppel. So byvoorbeeld is kannibalisme in sommige kulture deel van religieuse rituele. Die vraag wat ontstaan, is wanneer is 'n bepaalde groep 'n subkultuur en wanneer 'n kontrakultuur? Smeja en Rojek (1986:1034) is van mening dat "the key distinguishing element is whether the social group is supportive or opposed to the parent

(dominant - CM) culture".

'n Definitiewe skeiding tussen 'n sub- en kontrakultuur is onmoontlik aangesien elkeen op 'n kontinuum voorgestel kan word en hierdie kontinuum deur beoordelaars subjektief ingekleur word (Yinger 1960:630; Bash 1982:24).

Aangesien elke individu aan 'n veelheid van subkulture behoort, is daar noodwendigerwys sprake van subkulturele diffusie.

3.2.3.4 Subkulturele diffusie

Kultuurdiffusie is die proses waardeur kultuureienskappe tussen kulture uitgeruil word (kyk par. 2.2.4.4). Dieselfde proses geld vir subkulture aangesien subkulture onderdele van die geheel is en deel in die eienskappe van die geheel. Subkulturele diffusie is selektief ten opsigte van die kognitiewe, materiële en normatiewe komponente van die dominante kultuur. Groter seleksie vind uiteraard ten opsigte van die normatiewe komponent plaas aangesien 'n subkultuur juis normatief van die dominante kultuur verskil.

Lede van subkulture is egter nie altyd effektief in interaksie met die betrokke subkultuur waartoe hy behoort nie. Vir die bestaan van 'n subkultuur is fisiese interaksie nie 'n noodwendigheid nie. Indien individue geografies verwyderd is, maar steeds dieselfde subkulturele waardes en norme deel, kan 'n subkultuur voortbestaan (Wolfgang & Ferracuti 1967:102). Die wyses waarop subkulturele diffusie plaasvind, is onder andere deur die volgende (Fine & Kleinman 1979:8-12):

- die oorvleueling van lede in twee of meer subkulture
- kennisse wat aan verskillende subkulture behoort
- strukturele rolle soos byvoorbeeld 'n gasspreker of reisende predikant
- massamedia

Subkulturele diffusie gaan gepaard met die herkenning van subkulturele styl of voorkoms.

3.2.4 Subkulturele styl

Soos verduidelik is 'n subkultuur 'n segment van die dominante kultuur met eiesoortige waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole nie konflikerend met die dominante kultuur nie (kyk par. 1.5.7 en 3.2.1). Die wyse waarop subkulture hul identiteit, andersheid, verskille en soms weerstand ten toon stel en sigbaar maak, is simbolies by wyse van 'n bepaalde styl, soos byvoorbeeld 'n bepaalde manier van aantrek, kommunikeer, gedragspatrone, en so meer (Deyhle 1986:119). Subkulturele styl kan beskou word as 'n simboliese bewusmaking van subkulturele waardes en norme (Hebdige 1979:17). 'n Bepaalde styl gee betekenis en identiteit aan 'n subkultuur (Levine & Stumpf 1983:421).

Die funksies van subkulturele styl in die vorm van simbole kan soos volg saamgevat word (Shchepanskaia 1991:13; Stevenson; Roscoe; Brooks & Kelsey 1987:394):

- *Simbole is beheermeganismes* - Die basiese eienskap van 'n simbool is die vermoë wat die simbool besit om beheer oor gedrag uit te oefen. Die interpretasie van 'n simbool sal die norm of verwagte gedrag vertoon. Individue wat met 'n bepaalde simbool identifiseer, gebruik die simbool as 'n "ideale-self". Indien die simbool onafhanklikheid simboliseer sal die individu die simbool gebruik om sy begeertes te vertolk (byvoorbeeld langhare waarmee hippies identifiseer en hul onafhanklikheid daarmee te kenne wil gee). Simbole wat individuele norme beheer, akkumuleer om ook groepsnorme te beheer. Simbole is beheermeganismes om gedrag te manipuleer.
- *Simbole verhoog die status en die beheer wat die leier oor die groep uitoefen* - Die reaksie van die groep, indien die leier met bepaalde simbole identifiseer, is om die leier as ideële persoonlikheid te sien. Die leier gebruik die simbole as beheermeganismes om gedrag te manipuleer. Simbole, in die vorm van rituele, word ook deur die leier gebruik om met groepslede te kommunikeer.
- *Simbole vergemaklik kommunikasie van groepslede en ander subkulturele groepe* - Herkenning van simbole bevorder kohesie tussen groepslede en lede van ander subkulture. Herkenning word gevolg deur ontmoeting en samewerking of afwysing.

- *Simbole as obstruksie* - Indien simbole negatiewe norme vooropstel, dien dit as obstruksie vir individue wat positiewe norme aanhang en by die groep wil aansluit. Simbole kan as 'n meganisme aangewend word om infiltrasie te verhoed.

Enkele voorbeelde van subkulturele style wat deur simbole sigbaar gemaak word, word vervolgens bespreek.

- *Graffiti en taalgebruik*

In antieke Italiaans beteken graffiti "scratchings or writing incised on objects" (Bushnell 1990:1). Graffiti is oorspronklik op voorwerpe aangebring om besitreg aan te dui. Graffiti is 'n kombinasie van woorde en simbole wat op strukture en klere aangebring word en weerspieël 'n tipe taal (Bushnell 1990:44).

Graffiti word meesal deur sub- en kontrakulture gebruik as demonstrasie van hul gemarginaliseerde posisie, eiesoortige waardes, simbole en gedragspatrone. Daar kan 'n onderskeid tussen subkulturele graffiti en kontrakulturele graffiti gemaak word. Subkulturele graffiti is simbolies in aanvaarbare taalgebruik in teenstelling met boewetaal ("argot") wat meesal deur kontrakulture gebruik word. Deur die gebruik van 'n "anti-taal" word 'n alternatiewe realiteit geskep. Die "anti-taal" dra die eienskappe van geslotenheid, geheimsinnigheid, is metafoories, diffuus en indirek (Halliday 1976:572-582). Die beheersing van graffiti en die taal van die groep deur die individu, is 'n teken van verbintenis tot die groep en die uitdaging van die dominante kultuur. Taal gee struktuur aan kultuur "and antilanguage (argot), creates and maintains the antisociety that is under constant pressure; it does so by providing a strongly affective identification for its speakers" (Bushnell 1990:59).

Graffiti organiseer en baken individue af in bepaalde sub- en kontrakulture aangesien elke sub- en kontrakultuur 'n "taal van sy eie" gebruik. Graffiti dien ook as gebiedsafbakening, advertensie en afskrikmiddel vir opposisie sub- en kontrakulture (About youth gangs in Dade County s.a:3). Dit is vir elke subkultuur belangrik dat sy simbole teen vyandige sub- en kontrakulture beskerm word. Verkleining van die simbole van 'n subkultuur word as 'n vernedering ervaar (Street gangs in Florida 1991:iii-iv). Groepsolidariteit word deur graffiti versterk.

■ *Pop("rock") musiek*

Musiek het die eienskap dat dit 'n sosiale krag met 'n spesifieke boodskap is: "Orientated towards a collective experience, rock appeared to provide the means whereby young people could explore the politics of consciousness, love, loneliness, depersonalisation, the search for the truth of the person and the attempt to set up an alternative lifestyle" (Whiteley 1992:1). Progressiewe "Rock" musiek het sedert die sestigerjare 'n stylverandering ondergaan en meer klem op die betekenis van die woorde geplaas. Die anti-sosiale inhoud (waarin 'n antagonistiese houding jeens die waardes van die dominante kultuur openbaar word) het mettertyd ook in anti-sosiale melodieë tot uiting gekom.

Roszak (1970:156) is van mening dat die bombardering van die individu deur anti-sosiale gedagtes en ritmes, 'n verskuilde doel is en dat die "reformulation of the personality" die ware doel is. Popmusiek is 'n baie sterk kommunikatiewe middel in dié sin dat dit op internasionale vlak aanhangers het: "Its experimental nature mirrored concern for an alternative society. Stylistic complexity, the elements of surprise, contradiction and uncertainty suggested alternative meanings ... " (Whiteley 1992:2).

■ *Reggae en die rastafarian voorkoms*

Teen die einde van die sewentigerjare het diskriminasie teen swart Wes-Indiërs in Brittanje 'n hoogtepunt bereik. *Reggae* musiek, wat vanaf Jamaika na Brittanje oorgewaaai het, het toenemend gesimpatiseer met die probleme, onder andere ras en klas, wat swart mense ondervind het. *Reggae* musiek en die *rastafarian* voorkoms (lang haarlokke) het 'n simbool van die "African Heritage" geword (Hebdige 1979:35-37). *Reggae* en die *rastafarian* voorkoms het 'n alternatiewe struktuur van norme vir 'n subkultuur voorsien waardeur hulle weer betekenis in hul eie etnisiteit en die lewe kon sien.

Indien die beeld wat deur subkulturele styl uitgedra word, byvoorbeeld die hippie- en punkstyle, negatief deur die dominante kultuur ervaar word, ontwikkel negatiewe stereotipes. Die media het ook 'n groot invloed op die etikettering van 'n subkulturele styl: "The subculture has been depicted by the media in an extremely negative fashion. Those outside the subculture assimilate this information and treat members accordingly" (Baron 1989:225).

Uit bogenoemde filosofiese begronding van die begrip *subkultuur*, kan die volgende eienskappe en funksies van 'n subkultuur uitgelig word.

3.2.5 Eienskappe van 'n subkultuur

- 'n Subkultuur verskil in wese nie van die dominante kultuur nie.
- 'n Subkultuur is nie in konflik met die dominante kultuur nie.
- 'n Subkultuur is 'n segment van die dominante kultuur saamgestel uit eendersdenkendes.
- Eendersdenkendes besit gemeenskaplike subkulturele waardes, norme, doelstellings, kommunikasievaardighede (middele, simbole en tegnieke) en gedragspatrone.
- Vertikale en horisontale subkulturele parameters word deur die individu bepaal.
- Fisiese interaksie tussen individue is nie bepalend vir die voortbestaan van 'n subkultuur nie.

3.2.6 Funksies van 'n subkultuur

- 'n Subkultuur voorsien die individu van 'n "behoort tot/aan"-gevoel waaruit 'n bepaalde groepsolidariteit ontwikkel.
- 'n Subkultuur laat 'n individu by sy status en plek in die samelewing aanpas.
- 'n Subkultuur stel as voorwaarde dat die groep se gedragspatrone en kennisstrukture onderskryf moet word, alvorens nuwelinge tot die groep toegelaat word.
- 'n Subkultuur stel bepaalde reëls daar wat die groep se gedrag teenoor mekaar en teenoor die samelewing reël, dit wil sê 'n subkultuur voorsien die individu van 'n gewete.
- Sanksies spreek oortreding van die subkulturele norme aan.

Vervolgens word die begrip *subkulturele jeuggroepering* filosofiese begrond.

3.2.7 Subkulturele jeuggroepering

'n Subkulturele jeuggroepering is 'n eiesoortige subkultuur. Die vorming, eienskappe en die funksies van subkulturele jeuggroeperinge verduidelik dié stelling verder.

3.2.7.1 Die begrip *subkulturele jeuggroepering*

Die begrip *subkulturele jeuggroepering* kan omskryf word as

☞ 'n spesifieke groep *jeugdiges* wat as 'n segment van die dominante kultuur hulself met eiesoortige waardes, norme, gedragsmanifestasies, styl en simbole, *nie konflikterend* met die dominante kultuur nie, identifiseer ter bereiking van 'n bepaalde doel.

Baron (1989:208) gee 'n bykans soortgelyke omskrywing: "Youth (sub - CM) culture refers to the values and actions that young people develop to cope with shared experiences or shared social problems". Subkulturele jeuggroeperinge sal onder andere jeugverenigings, jeugklubs, ontspanningsorganisasies, studiegroepe en selfs vriendskapsroepe insluit.

3.2.7.2 Die vorming van subkulturele jeuggroeperinge

Alhoewel subkulturele jeuggroeperinge al vir eeue voorkom, word die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) gekenmerk deur die *sigbaarwording* van subkulturele jeuggroeperinge. Dit was 'n tydperk van ekonomiese vooruitgang en die verbruikersindustrie het hierdie vooruitgang tot hul voordeel aangewend. Die fokus is toenemend op verbruikersartikels soos klere, kosmetiek, films en plate vir die jeug geplaas: "Being a 'teenager' took on the connotation of a recognized chronological and social status whereas before, childhood and adulthood had merged with little fanfare" (Campbell; Mune & Galea 1982:78).

Die faktore wat tot die ontstaan van subkulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, stem ooreen met die faktore wat vir die ontstaan van enige ander subkultuur genoem is naamlik, kulturele

diversiteit, groepvormende kragte, kultuurvormingsproses, genotipiese en fenotipiese faktore (kyk par. 3.2). Elke individu se voor- en afkeure, individuele verskille, keuses wat uitgeoefen word en sy gegewe situasie is bepalende faktore vir die vorming van subkulturele jeuggroeperinge.

Subkulturele jeuggroeperinge word deur menige navorser as besonder uitgesonder vanweë die unieke *leeftydsfase* waarin die individue wat aan subkulturele jeuggroeperinge behoort, vasgevang is (Kiel 1969:12). Die individu kan nie aan hierdie fase ontsnap nie aangesien tydbepaaldheid 'n wesenskenmerk van die mens is (kyk par. 2.2.2). Die genoemde faktore wat tot die ontstaan van subkulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, word dus kwantitatief aangevul deur die eienskappe wat eiesoortig aan die jeugfase is. Hier word veral na die jeug tussen die ouderdomme van 7 tot 21 jaar (kyk par. 1.6) verwys.

- **Eienskappe eiesoortig aan die jeugfase**

Die jeugfase word vir die doeleindes van die onderhawige navorsing verdeel in die fase 7 tot 12 jaar en 13 tot 21 jaar.

- **Die fase 7 tot 12 jaar**

Die fase tussen die ouderdomme 7 tot 12 jaar word gekenmerk deur die losmaak van die intieme bande van die gesin. Dit behels voorts 'n herorganisasie ten opsigte van die georganiseerde saambestaan buite die gesin byvoorbeeld in die formele skoolsituasie. 'n Portuurgroepsgevoel begin ontwikkel. Lojaliteit aan die portuurgroep versterk en verwerping word as 'n intense vernedering beleef. Konformering met die groep is veral prominent (Stevenson *et al* 1987:394). Teen die einde van dié fase word onbillike oorheersing deur volwassenes deur verset gekenmerk. Die individu moet homself deur mededinging en prestasie in die groep handhaaf. Die individu begin die gesinsruimte as beperkend ervaar, veral indien die waardes van die gesin en dié in die groep konflikterend is. Die individu word bewus van homself en sy eie identiteit aangesien hy die behae tot nabootsing begin ontgroeï (Pistorius 1976:86-87).

- Die fase 13 tot 21 jaar

Die fase tussen die ouderdomme 13 tot 21 jaar (adolessensie), is die fase waarin die individu deur kwantitatiewe en kwalitatiewe veranderinge op fisiese en geestelike gebied gekonfronteer word. Die individu word intens bewus van sy andersheid ten opsigte van byvoorbeeld seksualiteit. Die individu verloor die sekuriteit van 'n bekende liggaam (Kiel 1969:86). Onsuksesvolle aanpassing by liggaamlike verandering lei tot 'n negatiewe selfbeeld (Mathunyane 1992:20-21). Die besef van sy andersheid lei tot hergroeperings op grond van ouderdoms-, klasse-, godsdiens- en ekonomiese verskille (Kiel 1969:395). Die individualiteit van die adolessent ontvou. Gehoorsaamheid aan beginsels begin onderhorigheid aan 'n gesagsfiguur vervang (Pistorius 1976:87).

Die adolessente fase word nie sonder rede as die storm en drang jare getipeer nie. Dit is 'n tydperk waarin uiterste emosionele skommeling voorkom (Mathunyane 1992:27). Die adolessent is soekende na homself en sy plek in die wêreld. Dit is ook 'n tydperk waarin hy uitreik na ander. Die verhoudinge tussen die individu en die samelewing en tussen individue onderling kry met ander woorde beslag. Hegte vriendskappe word gesluit en tiperende vriendskapskringe ontstaan. So byvoorbeeld kan vriendskapskringe soos 'n kliek of 'n bende onderskei word:

- Klieks en bendes

'n *Kliek* word saamgestel uit jeugdiges van dieselfde sosio-ekonomiese klas en waarde- en normstruktuur. Eksklusiwiteit, solidariteit en wederkerige lojaliteit is kenmerkend van 'n kliek. Status speel 'n vername rol. Dit is meesal dogters wat in 'n kliek saamgroepeer. 'n *Bende* kom hoofsaaklik by seuns voor. 'n Bende word gevorm as 'n groep gemeenskaplike belangstellings openbaar of as 'n groep griewe teen 'n ander groep of die samelewing in die algemeen openbaar. Die konflik kan onskuldig wees maar as dit ernstig is en 'n anti-sosiale karakter openbaar, kan dit tot wangedrag of misdaad aanleiding gee. Onverbiddelike gesag en streng geheimhouding is kenmerkend van 'n bende. Vrees en angs wat ontstaan as gevolg van aanpassingsmislukking, veroorsaak dat die individu in 'n denkbeeldige wêreld terugtrek waar hy homself idealiseer. Hierdie individue word dikwels slagoffers van misdadige bendebedrywighede (Pistorius 1976:87).

■ Portuurgroepdruk

Die adolessent is primêr op soek na groeperinge waar hy terwille van homself aanvaar word (Clark 1992:283). Portuurgroepe en portuurgroepdruk (hetsy positief of negatief) speel in die adolessente fase 'n belangrike rol (Senior & Anderson 1993:233; Kiel 1969:335; Fisher 1995). Navorsing het bewys dat betrokkenheid by jeugmisdad meesal sy oorsprong in negatiewe portuurgroepdruk het (Smeja & Rojek 1986:1032-1033) en dat "crime peaks in adolescence" (Hagan 1991:567).

■ Akademiese prestasie

'n Belangrike faktor bydraend tot die vorming van subkulturele jeuggroeperinge, is individuele akademiese sukses (Stevenson *et al* 1987:395). Hagan (1991:571) is van mening dat swak akademiese prestasie direk aan die vorming van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge gekoppel kan word. Gesinskonflik wat ontstaan as gevolg van swak akademiese prestasie en oorbekerming deur ouers, laat die adolessent na 'n alternatiewe tuiste in sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge soek: "For countercultural adolescents family conflicts are an essential part of their image, an object of special care and pride ... if a teenager finds himself in a situation similar to one prescribed by the youth subculture and can make it into a good story, that story may make a favourable impression and raise his status in the group" (Mazurova & Rozin 1991:48). Mazurova en Rozin (1991:52) is verder van mening dat adolessente verveeld raak met hul eentonige bestaan en roetine. Dit lei tot die ontstaan van kommunes, duimgooiery en doelbewuste konflik in die gesin en in die gemeenskap.

Opsommenderwys kan gesê word dat die vorming van subkulturele jeuggroeperinge gedring word deur



- kulturele diversiteit
- groepvormende kragte
- die kultuurvormingsproses
- genotipiese faktore

- fenotipiese faktore asook

die eienskappe van die jeugfase en in besonder die

- ☞ ■ soeke na *identiteit, aanvaarding* en die *konformering tot groepsdoelstellings* en
- die soeke na *avontuur, opwinding* en *sensasie*.

Hagan (1991:569) sê kort en kragtig: "Adolescent subcultural preferences are partly adaptations to the pressures of the passage to adulthood". 'n Gedetailleerde omskrywing van die fisiese faktore wat tot die ontstaan van subkulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, word in hoofstuk 4 onderneem.

Sub- en kontrakulturele jeugaktiwiteite word om twee redes meesal buitenshuis en meer spesifiek op straat bedryf:

- omdat adolessente nie in die ekonomiese sfeer beweeg en dit finansiële nie kan bekostig om vergaderplekke te huur nie
- omdat die adolessent weg wil beweeg van ouerlike toesig. Die straat skep die gevoel van outonomieit (Baron 1989:209).

Jong seuns eerder as meisies is meer geneig om ontvlugting in sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge te soek. Die rede daarvoor is waarskynlik omdat meisies onder strengere ouerlike gesag as seuns staan. Meisies het ook, tradisioneel beskou, meer huishoudelike take as seuns om te verrig en daarom minder vrye tyd: "thus, girls' subcultures tend to develop under more constraints than those of boys: hence the phrase 'culture of the bedroom'" (Taylor 1986:382).

Uit die ontleding van die vorming van subkulturele jeuggroeperinge, kristalliseer die eienskappe en funksies van subkulturele jeuggroeperinge.

3.2.7.3 Eienskappe van subkulturele jeuggroeperinge

Die eienskappe van subkulturele jeuggroeperinge word voorafgegaan deur die eienskappe van 'n subkultuur wat in paragraaf 3.2.5 bespreek is. Daarby kan die volgende gevoeg word:

- Subkulturele jeuggroeperinge word afgegrens deur die unieke leeftydsefase waarin lede van subkulturele jeuggroeperinge behoort.
- Portuurgroepdruk speel 'n vername rol in die vorming van subkulturele jeuggroeperinge.
- Verhoogde adolossente emosionaliteit kan 'n invloed op gestelde waardes, norme en doelstellings hê.

3.2.7.4 Funksies van subkulturele jeuggroeperinge

Die funksies van subkulturele jeuggroeperinge word voorafgegaan deur die funksies van 'n subkultuur wat in paragraaf 3.2.6 bespreek is. Subkulturele jeuggroeperinge is in wese nie anti-sosiaal nie en daarom bied dit die jeug (Pistorius 1976:88)

- positiewe oefengeleenthede vir deelname in die samelewing
- 'n eie sosiale ruimte waarbinne reëls en regte van ander eerbiedig moet word
- 'n waagruimte waarin die individu in dialoog met ander kan tree en verantwoordelikheid kan aanvaar
- 'n andersoortige sekuriteit
- 'n eksplorasiegeleentheid

Die woorde van Lester (1987:320) dui op die belangrikheid van die kennisnames van subkulture: "Subculture is an important concept since it sharpens our awareness of the values and attitudes that accompany participation in a particular type of behaviour and draws our attention to the

social shaping of behaviour that can take place which, in turn, facilitates entry of people into a subculture". Subkulture en subkulturele jeuggroeperinge bied egter nie positiewe ontvlugting en sekuriteit vir alle individue nie. 'n Ander alternatief, waarom daar vervolgens ondersoek ingestel word, is kontrakulture en kontrakulturele jeuggroeperinge.

3.3 OPPOSISIE- EN KONTRAKULTUUR: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING

Dit is kenmerkend van enige samelewing dat daar groeperinge is wat die sosiale orde nie net teestaan nie maar ook wil omverwerp - hetsy simbolies of letterlik. Dit beteken dat daar sprake is van konflik tussen twee waarde- en normstrukture. Enige segment van die dominante kultuur waarvan die waarde- en normstruktuur in konflik met die waarde- en normstruktuur van die dominante kultuur is, hou 'n bedreiging vir die dominante kultuur in. Groepe behorende tot hierdie kategorie, word in twee tipes verdeel: opposisiiekultuur en kontrakultuur.

3.3.1 Wat is 'n opposisie- en kontrakultuur?

'n *Opposisiekultuur* is

☞ 'n segment van die dominante kultuur waarvan die waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole in konflik met die waardes en norme van die dominante kultuur is en 'n *simboliese* omverwerping van die waardes en norme van die dominante kultuur word voorgestaan (kyk par. 1.5.8).

Groepe wat dwelms gebruik, kan as opposisiiekulture geklassifiseer word aangesien 'n simboliese omverwerping van die dominante kultuur se waardes en norme voorgestaan word. Sataniste kan ook as 'n opposisiiekultuur bestempel word. Die oomblik wanneer geweld by satanistiese rituele ter sprake kom, vind 'n herkategorisering plaas. Sodanige satanistegroepe is dan kontrakultureel van aard.

'n *Kontrakultuur* is

☞ 'n segment van die dominante kultuur waarvan die waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole in konflik met die waardes en norme van die dominante kultuur is en 'n *fisiese (gewelddadige)* omverwerping van die waardes en norme van die dominante kultuur word voorgestaan (kyk par. 1.5.8).

Politiese groepe wat die gewelddadige omverwerping van 'n regering voorstaan, word as 'n kontrakultuur geklassifiseer: "... some artifacts from a counterculture will ridicule a subset of the dominant culture's values, while other countercultural artifacts will express support for an alternative set of values" (Martin & Siehl 1983:54). Konflik is 'n sentrale element binne die bestaan van 'n kontrakultuur. Die waarde- en normstruktuur van 'n kontrakultuur is onaanvaarbaar vir die dominante kultuur en het gewoonlik ontwrigting van die dominante kultuur tot gevolg (Smeja & Rojek 1986:1034). Walter (1982:75) sê: "A counterculture ... condemns the dominant culture and refuses to adapt. It challenges ordinary life and makes demands ... a counterculture is at worst a menace, and at best a nuisance".

Die vorming, ontwikkeling, eienskappe en funksies van opposisie- en kontrakulture oorvleuel tot 'n groot mate. Vervolgens word slegs na kontrakulture verwys.

3.3.2 Die vorming van 'n kontrakultuur

'n Kontrakultuur vorm wanneer

☞ individue saamtrek en daar 'n gemeenskaplike klimaat geskep is waar gedeelde waardes en norme wat in konflik met die waardes en norme van die dominante kultuur is en deur die dominante kultuur verwerp word.

3.3.2.1 Faktore wat tot die vorming van kontrakulture aanleiding gee

Die vorming van 'n kontrakultuur hou direk verband met kulturele diversiteit, die teorie van groeppvormingskragte (Smeja & Rojek 1986:1032) (kyk ook par. 2.2.3), kultuurvorming en die

internalisering van kultuurverandering (kyk par. 2.2.4.1 en 2.2.4.5 (iv)). Soos in paragraaf 3.2.2.1 genoem, gee genotipiese en fenotipiese faktore ook aanleiding tot die vorming van kontrakulture.

Die verskil tussen die vorming van 'n subkultuur en 'n kontrakultuur lê in die feit dat die waarde- en normstruktuur wat tydens kultuurvorming en die internalisering van kultuurverandering by 'n kontrakultuur ter sprake is in konflik met die dominante kultuur is, of soos Yinger (1960:632) dit stel: "not only different from but in part at least a reversal of the values of the dominant culture".

Konflik tussen die dominante kultuur en die kontrakultuur ontstaan indien die dominante kultuur streng grense voorstaan of kultuurassimilasie, -integrasie, -amalgamasie, dekulterering of omkulterering (kyk par. 1.5.4.1 tot 1.5.4.3 en 1.5.4.9 tot 1.5.4.11) beoog. Die individu beleef dat hy nie genoegsame beheer oor sy eie situasie het nie en dat hy deurentyd in 'n minderwaardige posisie verkeer waar hy vertel word wat om te doen en hoe om op te tree. 'n Gevoel van minderwaardigheid ontwikkel wat aanleiding tot fatalisme en desperaatheid gee. Dit is sodanige gevoelens wat die individu dring om tot optrede oor te gaan en iets aan sy situasie te doen (Clark 1992:284).

Individue wat nie status in die dominante kultuur kan verkry deur die aanwending van die kriteria van die waarde- en normstruktuur van die dominante kultuur nie, ondervind 'n ambisieblokkasie. Gevolglik word die waarde- en normstruktuur van die dominante kultuur afgewys en 'n opposisie- of kontranormstruktuur word aanvaar. Die kontranormstruktuur bestaan uit kriteria waarmee die individu wel kan identifiseer (Yinger 1960:632). Indien die individu ander individue ontmoet met dieselfde kontranormstruktuur, word 'n groep gevorm.

Cohen (1956:14) en Yinger (1960:629) wys daarop dat veral *persoonlikheidsveranderlikes* 'n direkte invloed op die ontwikkeling en uitbouing van kontrakulturele norme kan hê. Die Freudiaanse psigo-analitiese teorie van die bestaan van die ego, superego en id word as ondersteuning gebruik vir die feit dat persoonlikheidseienskappe tot kontrakulturele optrede kan lei: "Every human being is endowed with a fund of inborn or instinctual anti-social impulses, commonly called the Id. Most people in the course of growing up, acquire a capacity for circumspection or prudence, commonly called the Ego. They also incorporate into their own personalities, as conscience or Superego together normally suffice to hold the Id in check. The

delinquent and the criminal differ from the normal, law-abiding person in the possession of unusually imperious Id drives of faulty Ego or Superego development, resulting in the eruption of the Id into illegal acts" (Yinger 1960:629).

Kontrakulturele gedrag kan ook deur enkulturasie (kyk par 1.5.4.8) van geslag tot geslag oorgedra word. Indien daar 'n tradisie van kontrakulturele gedrag binne 'n kultuurgemeenskap aanwesig is, word kontrakulturele gedrag maklik aangeleer (Cohen 1956:14).

Die vorming van kontrakulture bereik optimale nut vir lede indien daar sprake van ontwikkeling en groei is.

3.3.3 Die ontwikkeling en groei van 'n kontrakultuur

Die uniekheid van 'n kontrakultuur word weerspieël deur 'n opsigselfstaande konflikterende waarde- en normstruktuur. Hierdie waarde- en normstruktuur het 'n bepaalde samehorigheidsgevoel tot gevolg wat kristalliseer in 'n realiteitsbeeld. Die realiteitsbeeld word gekenmerk aan kontrakulturele parameters, gedragskodes, sanksies en diffusie.

3.3.3.1 Kontrakulturele parameters

Indien die groep waardes en norme sanksioneer wat deur die dominante kultuur verwerp word, verkry die groep 'n nuwe groepstatus maar verloor status teenoor die buitewêreld. In dié proses gee die groep die respek en aanvaarding van die buitewêreld prys. Die groep het nou die opgaaf om hulself teen kritiek van buite te beskerm en daarom word die nie-konformeringsmet die buitewêreld 'n statuskriterium. Sekere gedrag word aanvaarbaar juis omdat dit onaanvaarbaar in die oë van die buitewêreld is (Cohen 1956:68). Daar bestaan ook nie 'n noemenswaardige interaksie, integrasie en wedersydse beïnvloeding tussen die kontrakultuur en die dominante kultuur nie. Horisontale en vertikale kontrakulturele parameters is vanweë die wedersydse "afsydigheid" tussen die dominante kultuur en die kontrakultuur strenger by kontrakulture as by subkulture, omlin. Waar die individu horisontale en vertikale subkulturele parameters bepaal, word kontrakulturele parameters deur die kontrakultuur (groep as sodanig) bepaal.

'n Kontrakultuur bly egter 'n segment van die dominante kultuur en deel weliswaar steeds sekere eienskappe met die dominante kultuur. Kontrakulture is veral geneig om die eienskap van dominasie oor te neem: "In their expression street-gang cultures derive to some extent from parent cultures, which value physical strength and tolerate aggression" (Cross 1992:96).

Kontrakulturele parameters word spesifiek deur kontrakulturele gedragkodes bepaal.

3.3.3.2 Kontrakulturele gedragkodes

Waardes en norme (hoe anti-samelewing ookal) skryf bepaalde gedragpatrone binne 'n groep voor (kyk par. 2.2.4.1 (a)). Indien individue oor 'n bepaalde periode in interaksie is of kommunikeer, vind 'n herorganisasie van waardes, norme en simbole, wat binne die partikuliere omstandighede van die groep geld, plaas. Die volgende omstandighede skep 'n klimaat vir die herorganisasie van waardes en norme binne kontrakulture (Arnold 1970:110):

- die groep moet oor 'n langdurige tydperk aktief bly
- daar moet 'n sterk verpligting en verbintenis teenoor die groep wees
- daar moet 'n algemene onderlinge ooreenstemming ten opsigte van die groep se waardes en norme wees
- daar moet nie 'n sterk verbintenis met die konvensionele waardes en norme van die dominante kultuur wees nie

Kontrakulturele bedrywighede is net soos subkulturele bedrywighede repeterend van aard en daarom ontstaan spesifieke gedragpatrone vir spesifieke situasies wat mettertyd kulmineer in 'n reël of norm. Die oortreding van die norm word deur die groep met afkeur bejeën. Kontrakulturele waardes en norme wat individuele gedrag bepaal, dikteer ook die mate waartoe individue tot die waarde- en normstruktuur van die kontrakultuur konformeer: "The degree of the individual's assimilation of the norm may in part be measured by the number and kinds of situations in which he uses the norm as supportive explanation for his behaviour" (Wolfgang & Ferracuti 1967:101).

Individue binne 'n kontrakultuur gebruik ander groeplede as ideaalbeeld wanneer kontrakulturele gedragskodes ter sprake kom. Sodoende vind 'n kontinue versterking van kontrakulturele waardes en norme plaas (Wolfgang & Ferracuti 1967:102). Binne kontrakulture is die kompetisie-element hoog aangesien daar om verhoogde status meegeding word. Dit lei tot die deurlopende eksperimentering met nuwe gedrag. Die gevolg daarvan is dat die gedragskodes tot die uiterstes getoets word (Lester 1987:320). Juis hierdie feit maak dit moontlik om die waarde- en normstruktuur van 'n kontrakultuur te identifiseer deur die gedrag van die individuele lede te ontleed.

3.3.3.3 Kontrakulturele sanksies

Sanksies word as "straf" gesien vir die individu wat kontrakulturele gedragskodes oortree. Vir elke kontrakulturele gedragskode bestaan daar 'n sanksie wat die voortbestaan van die gedragskode of norm verseker. Die intensiteit van die "straf" bepaal die waarde wat die kontrakultuur aan die norm heg. Sanksies word net soos by subkulture as keuringskriteria vir kontrakulturele lidmaatskap aangewend (Wolfgang & Ferracuti 1967:106).

As gevolg van die afsydigheid en die eksklusiwiteit van 'n kontrakultuur is die toepassing van sanksies in kontrakulturele verband strenger as die toepassing van sanksies in die dominante of subkultuur. Die afsydigheid en die eksklusiwiteit van 'n kontrakultuur strem kontrakulturele diffusie.

3.3.3.4 Kontrakulturele diffusie

Kultuurdiffusie is die uitruiling van kultureienskappe tussen kulture (kyk par. 2.2.4.4). Diffusie tussen die dominante kultuur en die kontrakultuur vind wel plaas, maar is geselekteerd. Seleksie is tot die materiële en in 'n mate die kognitiewe komponente van kultuur beperk (kyk par. 2.2.4.1 (a)). Diffusie tussen kontrakulture onderling is ook beperk as gevolg van die afsydigheid en eksklusiwiteit van kontrakulture.

3.3.4 Kontrakulturele styl

Die wyse waarop kontrakulture hul identiteit, andersheid, verskille en weerstand ten toon stel en sigbaar maak, geskied net soos by subkulture, by wyse van 'n bepaalde styl. Dit sluit in 'n bepaalde manier van aantrek, kommunikasie en gedragpatrone (Deyhle 1986:119) (kyk par. 3.2.4 vir 'n beskrywing van graffiti, pop("rock")- en *reggae* musiek en die *rastafarian* voorkoms in hierdie verband). Kontrakulturele styl is 'n simboliese uitdaging van die dominante waardes en norme (Hebdige 1979:17). 'n Bepaalde styl gee betekenis, identiteit en groepsolidariteit aan 'n kontrakultuur (Levine & Stumpf 1983:421). Simbole wat dien as beheermeganismes, statusverhoging, die vergemakliking van kommunikasie en infiltrasie of blokkasie, (kyk par. 3.2.4), verrig dieselfde funksie by kontrakulture as by subkulture.

Dit moet weer eens beklemtoon word dat die individu, net soos met subkulturele betrokkenheid, ook by kontrakulture betrokke raak as gevolg van groepvormende kragte. Die ontspoorde individu word deur aanskoulike kontrakulture uit die konvensionele waarde- en normstruktuur geruk en 'n herverwoorde struktuur van waardes en norme, wat skynoplossings vir die individu se probleme bied, word voorgehou.

Uit die voorafgaande filosofiese begroning van die begrip *kontrakultuur*, word die volgende eienskappe en funksies van 'n kontrakultuur duidelik.

3.3.5 Eienskappe van 'n kontrakultuur

- 'n Kontrakultuur is in konflik met die dominante kultuur.
- 'n Kontrakultuur is 'n segment van die dominante kultuur, saamgestel uit eendersdenkendes wat deur die gemeenskap verwerp word.
- 'n Kontrakultuur word gekenmerk aan 'n bepaalde soort negativisme.
- 'n Kontrakultuur besit gemeenskaplike kontrakulturele waardes, norme, doelstellings, kommunikasievaardighede (middele, simbole en tegnieke) en gedragpatrone.

- Kontrakulture word sigbaar deur 'n bepaalde kontrakulturele styl. Sodanige sigbaarheid beklemtoon die kontrakultuur se opposisie teenoor of verwerping van die dominante kultuur.
- Binne elke kontrakultuur is die kompetisie-element hoog aangesien daar om verhoogde status meegeeding word.

3.3.6 Funksies van 'n kontrakultuur

- 'n Kontrakultuur voorsien die individu van 'n "behoort tot/aan-"gevoel waaruit 'n bepaalde groepsolidariteit ontwikkel.
- 'n Kontrakultuur definieer situasies vir en optrede van individue.
- 'n Kontrakultuur stel as voorwaarde dat die groep se gedragpatrone en kennis onderskryf moet word alvorens nuwelinge tot die groep toegelaat word.
- 'n Kontrakultuur stel bepaalde reëls daar wat die groep se gedrag teenoor mekaar en teenoor die samelewing reël, dit wil sê 'n kontrakultuur voorsien die individu van 'n gewete ("kontragewete").
- Sanksies spreek enige oortreding van die kontrakulturele norme aan.
- Kontrakulture onderwerp die dominante waarde- en normstruktuur aan toetsing: " ... countercultures are essentially movements for rectification" (Walter 1982:77).
- Die optrede van 'n kontrakultuur artikuleer in duidelike terme die grense tussen behoorlike en onbehoorlike gedrag (gemeet aan die waarde- en normstruktuur van die dominante kultuur) (Martin & Siehl 1983:63). Alhoewel die kontrakultuur buite die dominante kultuur funksioneer, belig die kontrakultuur konflikterende aspekte van die dominante kultuur (Levine & Stumpf 1983:433).

Die radiks van die onderhawige navorsing fokus op die jeug as leeftydsefase en daarom word daar

vervolgens tot die filosofiese begroning van die begrip *kontrakulturele jeuggroepering* oorgegaan.

3.3.7 Kontrakulturele jeuggroepering

'n Kontrakulturele jeuggroepering is 'n eiesoortige kontrakultuur. Die vorming, eienskappe en die funksies van kontrakulturele jeuggroeperinge verduidelik dié stelling verder.

3.3.7.1 Die begrip *kontrakulturele jeuggroepering*

'n Kontrakulturele jeuggroepering is

☞ 'n spesifieke groep jeugdige wat as 'n segment van die dominante kultuur hulself met eiesoortige waardes, norme, gedragsmanifestasies en simbole, *konflikterend* met die dominante kultuur, identifiseer ter bereiking van 'n bepaalde doel (kyk par. 1.5.9.2).

Kontrakulturele jeuggroeperinge wat in konflik met die dominante kultuur is, hou 'n bedreiging vir die dominante kultuur in. 'n Ontleding van die vorming van kontrakulturele jeuggroeperinge behoort daarom derhalwe ondersoek te word.

3.3.7.2 Die vorming van kontrakulturele jeuggroeperinge

Die faktore wat tot die vorming van kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, kom ten brede ooreen met die faktore wat vir die vorming van subkulturele jeuggroeperinge genoem is naamlik:

- ☞
- kulturele diversiteit
 - groeppormende kragte
 - die kultuurvormingsproses
 - genotipiese faktore
 - fenotipiese faktore asook

die eienskappe van die jeugfase en in besonder die

- ☞ ■ die soeke na identiteit, aanvaarding en die konformerings tot groepsdoelstellings
- die soeke na avontuur, opwinding en sensasie.

In hoofstuk 4 word genoemde faktore verder ontleed. Alhoewel die vorming van sub- en kontrakulturele jeuggroepeerings dieselfde blyk te wees, lê die verskil tussen die vorming van sub- en kontrakulturele jeuggroepeerings in die omskrywing van die waarde- en normstruktuur. Die waarde- en normstruktuur van die kontrakulturele jeuggroepeerings is in konflik met die waarde- en normstruktuur van die dominante kultuur waarteenoor subkulturele waarde- en normstrukture nie konflikterend met die waarde- en normstruktuur van die dominante kultuur is nie.

Die konflik word duidelik as die meganismes wat inwerking gestel word vir die selfbehoud van 'n kontrakulturele jeuggroep, onder oë geneem word (Levine & Stumpf 1983:433):

- inboeseming van vrees by die dominante kultuur en die lede van die kontrakultuur
- geformaliseerde geheimhouding
- indoktrinering van lede van die jeugbendes: "If they accept the values of society around them, they must desist from their gang activity (Bushnell 1990:58).

Een uitingsvorm van kontrakulturele jeuggroepeerings is die vorming van gewelddadige jeugbendes. Die vorming van kontrakulturele jeuggroepeerings word vervolgens aan die hand van die vorming van 'n gewelddadige jeugbende as eksemplaar geïllustreer. Hierdie eksemplaar van 'n kontrakulturele jeuggroepeerings word uitgesonder aangesien die samesyn binne die Suid-Afrikaanse samelewing en onderwys op destruktiewe wyse deur gewelddadige jeugbendes ondermyn word.

Gewelddadige jeugbendes het opmerklike interne strukture waarvolgens hulle opereer. Betrokkenheid by jeugbendes val in vier kategorieë van betrokkenheid uiteen (Streetgangs in Florida 1991:ii):

- *Kernlede* is die leiers wat bende-aktiwiteite beplan en bestuur. Kernlede sluit ook individue in wat bende-aktiwiteite geheel en al hul leefwyse gemaak het. Die intensiteit van die gewelddadigheid van die bende word deur hierdie groep bepaal. Hierdie groep word deur ander lede gerespekteer.
- *Vennote* is die navolgers en verteenwoordig die grootste aantal lede van die jeugbende. Vennote kan as die "voetsoldate" van die jeugbende beskou word. Hulle is betrokke vanweë die status en erkenning wat hulle van bendelede ontvang. Hulle word egter nie by groepsbesluitneming betrek nie.
- *Randfigure* is nie direk deel van die jeugbende nie en beweeg in en uit nagelang van die aktiwiteite wat aan die gang is. Hulle modelleer wel die taalgebruik en gedrag van die jeugbende aan jonger, beïnvloedbare jeugdiges.
- *Klieke* is kleiner groepe binne die bende en word gevorm na aanleiding van ouderdom en geografiese ligging.

Die voorwaarde vir toetreding tot die geledere van gewelddadige jeugbendes, is dikwels die pleeg van 'n misdaad of die onderwerping aan groepsinisiasie waartydens die individu liggaamlik "aangerand" word om sy uithou- en bakleivermoë te bepaal. Spesialisasie in 'n bepaalde misdadrigting kom voor. So sal 'n bendelid byvoorbeeld spesialiseer in huisbraak. Die winste van die misdaad word deur die bende gedeel (Streetgangs in Florida 1991:i).

Vervolgens word enkele eienskappe en funksies van 'n gewelddadige jeugbende as kontrakulturele jeuggroepeerings voorgelê. Ter wille van kontekstualisering moet die geïdentifiseerde eienskappe en funksies soos verduidelik in paragrawe 3.3.5 en 3.3.6 ingedagte gehou word.

3.3.7.3 **Eienskappe van gewelddadige jeugbendes as eksemplaar van 'n kontrakulturele jeuggroep**

Alle gewelddadige jeugbendes vertoon nie 'n absolute homogeniteit ten op sigte van die eienskappe wat voorgelê word nie. 'n Verwysing na die kenmerke van die gewelddadige jeugbende impliseer dat daar wel sekere eienskappe is wat redelik kenmerkend vir die deursnee

gewelddadige jeugbende is (Clark 1992:286-287; Streetgangs in Florida 1991:i-ii; Cronjé; Van der Walt; Retief & Nausé 1987:291-295).

- Konflik is essensieel vir die ontstaan en interne verstewiging van 'n gewelddadige jeugbende. Deur 'n gemeenskaplike vyand te hê, ontwikkel die lede 'n groepsbewustheid en groepsolidariteit.
- 'n Gewelddadige jeugbende bestaan gewoonlik uit individue van dieselfde geslag (gewoonlik manlik).
- 'n Gewelddadige jeugbende bestaan gewoonlik uit individue van dieselfde etniese groep.
- 'n Gewelddadige jeugbende is gewoonlik uit jeugdige van naastenby dieselfde leeftyd (tussen die ouderdomme 14 tot 24 jaar) saamgestel.
- Territoriale toe-eiening, wat deur geweld teenoor ander bendes en die publiek beskerm word, is 'n belangrike eienskap van die bende.
- 'n Gewelddadige jeugbende word uitgeken aan 'n naam. Alle lede het ook byname.
- 'n Gewelddadige jeugbende hou by 'n spesifieke soort kleredrag. Kleredrag tipeer hulle as groep en bevorder 'n samehorigheidsgevoel.
- 'n Gewelddadige jeugbende is oor die algemeen goed georganiseer, vergader gereeld en funksioneer onder 'n leier en onderleier(s).
- 'n Gewelddadige jeugbende beskou hulself as die "soldate" van die gemeenskap en sien dit as hulle plig om die gemeenskap teen indringers (gewoonlik ander vyandige bendes) te beskerm. Territoriale oortreding is onaanvaarbaar en dit is daardie aspek wat aanleidend is tot konflik tussen bendes. Jeugbendes gebruik hulle vuiste, voete, messe of tuisgemaakte en outomatiese gewere om hulleself te verdedig. Die meeste wapens word óf gesteel óf bekom deur onwettige transaksieruilings.

- Vergeldingstogte word gereeld onderneem. Huise, vergaderplekke en voertuie van "vyandige", opposisiebandes word geïdentifiseer en in 'n "verbyrit" aangeval. In die aanval sal die bende sy naam bekend maak sodat die opposisiebande weet wie vir die aanval verantwoordelik is. Dit lei gewoonlik tot verdere botsings aangesien vergelding 'n belangrike eienskap van bendesielkunde uitmaak.

3.3.7.4 Funksies van gewelddadige jeugbandes as eksemplaar van 'n kontrakulturele jeuggroep

Gewelddadige jeugbandes bied aan die jeug die volgende (*The New Nation* 24 May 1991:18; *Streetgangs in Florida* 1991:i; Cronjé *et al* 1987:287-288):

- *Identiteit en erkenning* - Om deel van 'n gewelddadige jeugbande te wees, laat die individu 'n tipe status beleef wat hy moeilik buite die bende kan verwerf.
- *Alternatiewe tuistes* - Die gewelddadige jeugbande is 'n ontsnapping van huislike en sosio-ekonomiese probleme. Die bende bied emosionele en materiële sekuriteit.
- *Vryheid* - Deur by 'n gewelddadige jeugbande aan te sluit, verbreek die jeugdige die bande met die huis, die skool, die werk en glo dan dat hy die verlangde "vryheid" verkry het.
- *Nuwe ondervindinge en belewinge* - Die gewelddadige jeugbande dien as uitlaatklep vir die energie, spanning en frustrasie van wanaangepaste jeugdige.

3.3.8 Verklaringsteorieë vir die ontstaan van gewelddadigheid by kontrakulture

'n Kontrakultuur word as 'n kontrakultuur getipeer omdat die betrokkenes daarby gewelddadige optrede en gedrag goedkeur. Enkele geselekteerde teorieë word vervolgens voorgedra wat funksioneel in die verklaring vir die ontstaan van gewelddadigheid by kontrakulture is. Die gewelddadigheidsverskynsel by kontrakulture kan nie sinvol aan die hand van slegs een teorie verklaar word nie. Dit is ook belangrik dat die verklaringsteorieë nie in isolasie beskou word nie. Teorie en praktyk behoort in wisselwerking te wees. Kennis van die mens as antropologiese wese

(kyk par. 2.2.2) in sy ontologiese gesitueerdheid (kyk par. 2.2.1 en hfst. 4) moet ook telkens met die verklaringsteorieë in verband gebring word.

Die verklaringsteorieë wat geselekteer is, is die volgende:

- Koloniale-teorie van F Fanon
- Ras-en-ekonomiese beperkingsteorie van L A Curtis
- Populasie grootte kweek onkonvensionaliteit-teorie van C S Fischer
- Anomie-teorie van R Merton
- Instinktoïde-teorie van A Maslow

3.3.8.1 Koloniale-teorie van F Fanon

Fanon se koloniale-teorie is die resultaat van navorsing wat hy in Europese koloniale gebiede wêreldwyd, onderneem het. Fanon (1963:29) is van mening dat koloniale regerings twee afsonderlike wêrelde in gekolonialiseerde gebiede skep: "It is probably unnecessary to recall the existence of native quarters and European quarters of schools for natives and schools for Europeans". Fanon (1963:29) wys verder daarop dat die genoemde twee wêrelde op fisiese en geestelike wyse deur geweld in stand gehou word. In hierdie verband verwys hy na die teenwoordigheid van die polisie en weermag om die oortreding van koloniale reëls en regulasies te voorkom. Dit het tot gevolg dat "he (die kolonialiseerder - CM) is the bringer of violence into the home and into the mind of the native" (Fanon 1963:29). Voorts sê Fanon (1963:30) dat daar sigbare verskille in die ekonomiese en kulturele welstand van die kolonialiste en die inboorlinge bestaan: "The native town is a hungry town, starved of bread, of meat, of shoes, of coal, of light ... the look that the native turns on the settler's town is a look of lust, a look of envy; it expresses his dreams of possession - all manner of possession: to sit at the settler's table, to sleep in the settler's bed ...".

Fanon het bogenoemde omstandighede in koloniale gebiede verteoretiseer. Die teorie gaan van die standpunt uit dat (Fanon 1963:29-30,251)

- *gekoloniseerde persone* 'n ongewone gereedheid, bereidheid en gewilligheid vertoon om tot gewelddadige optrede oor te gaan. Fanon noem dat frustrasie en aggressie wat in

geweld oorgaan in die eerste plek teen die individu se eie mense gerig is: "The dog-eat-dog mentality" (Campbell *et al* 1982:87) is tweeledig. Eerstens, is dit die veiligste uitlaatklep vir frustrasie wat ontwikkel as gevolg van fisiese en psigiese deprivasie wat deur kolonisasie veroorsaak is. Tweedens bring die meedoen aan geweld 'n illusie van vryheid vir die gekolonialiseerdes mee, wat deur die rassistiese houding van die Europese setlaars gedehumaniseer is.

- *ekonomiese deprivasie* geweld aanmoedig.
- *kulturele deprivasie* wat veroorsaak is deur die ignorering van die inheemse tradisionele drag en gebruike tot geweld aanleiding gee.
- *geweld aangeleer word*, aangesien die setlaars geweld gebruik om aan bewind te kom en te bly.

Austin (1983:93-104) het die koloniale-teorie van Fanon, wat konstateer dat gewelddadige subgemeenskappe die gevolge van onderdrukkende koloniale regerings is, toegepas in die dekoloniseringsproses van die Karibiese eiland St. Vincent¹⁴. Die gevolgtrekking waartoe hy gekom het was dat "*decolonization is accompanied by a substantial decrease in the rates of violence* (kursifering - CM)" (Austin 1983:97).

In hoofstuk 4 word ondersoek ingestel na die moontlikheid of die koloniale-teorie van Fanon toepassingswaarde op die vorming van swart kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika het.

3.3.8.2 Ras-en-ekonomiese beperkingsteorie van L A Curtis

Die disproporsionele hoë syfer van misdaad onder lae inkomste swart Amerikaners in 17 groot stede in Amerika het as motivering gedien vir die navorsing wat Curtis (1975:1) vir haar boek *Violence, Race and Culture* onderneem het.

¹⁴ St. Vincent was 'n Britse kolonie tot 1969. Koloniale status het totale beheer oor die eiland in die hande van Brittanje geplaas. Plaaslik het 'n handjie vol blankes beheer oor die meerderheid swart inwoners gehad. Alhoewel die eiland sedert 1783 onder beheer van Brittanje was, is stemreg eers in 1951 na alle volwassenes uitgebrei en in 1960 het 'n meerderheidsregering aan bewind gekom (Austin 1983:93-104).

In haar navorsing verwys sy na Ladder (Ladder in Curtis 1975:10) se siening van die redes waarom armoede onder swart mense veral in die suide van Amerika heers. Volgens Ladder is armoede onder swart mense steeds oorblyfsels van die slawe handel. Alhoewel armoede oor geslagte heen beveg is, kan gesê word dat: "the black son experiences the same failures (for example, in securing good employment) as did the father ..." (Curtis 1975:17).

Curtis (1975:18) gaan voort deur te sê dat institusionele rassisme tot die gedepriveerdheid van swart mense bydrae. Curtis (1975:18) is voorts van mening dat ras en ekonomiese beperkings 'n invloed op die gedrag van swart mense uitoefen. Braithwaite (1979:163) sê in dié verband: "... the more a city tends to segregate its poor into slums, the higher its crime rate tends to be."

Die teorie van Curtis poog om 'n antwoord te bied op die vraag na die redes vir geweld onder swart Amerikaners in lae inkomste groepe. Die model gaan van die standpunt uit dat (Curtis 1975:18-37)

- baie swart mans *ekonomies so gedepriveerd* is, dat dit afbreuk doen aan hul manlike status in die gemeenskap. Die wyse waarop swart mans probeer om hul manlikheid as gevolg daarvan te bewys, is deur fisiese geweld, oormatige alkohol misbruik en seksuele losbandigheid.

In hoofstuk 4 word die moontlike segswaarde van die ras-en-ekonomiese beperkingsteorie van Curtis vir die Suid-Afrikaanse situasie, verder ondersoek.

3.3.8.3 Populasie-grootte-kweek-onkonvensionaliteit-teorie van C S Fischer

Die teorie van Fischer is 'n poging om groter helderheid op die vraag na die sosiale invloed van verstedeliking te verkry. Binne die Sosiologie bestaan daar wel antwoorde op hierdie vraag. Louis Wirth (1897-1952) het in sy werk getiteld, *Urbanism as a way of life* (1938) tot die gevolgtrekking gekom dat sosiale disorganisasie en individuele vereensaming die gevolg is van verstedeliking (Wirth in Schaefer & Lamm 1992:557).

'n Teen argument is in 1962 deur Gans gemaak. Volgens Gans kan daar geen opsigselfstaande sosiale uitvalsverskynsels direk aan verstedeliking gekoppel word nie (Gans in Macionis

1992:366).

Fischer het in sy teoretiese verklaring van wat die sosiale invloed van verstedeliking is, die klem op die onafhanklike invloed van die populasiedigtheid laat val. Hy het veral ondersoek ingestel na kulturele en gedragsverskille tussen gemeenskappe met 'n hoë en 'n lae populasiedigtheid (Fischer 1975:1319).

Die teorie van Fischer (1975:1323) huldig die volgende standpunte:

- Hoe groter die populasie in 'n stedelike gebied, hoe groter is die aantal subkulture.
- Hoe groter die populasie in 'n stedelike gebied, hoe meer subkulturele normstrukture word aangetref.
- Hoe groter die populasie in 'n stedelike gebied, hoe meer diffusie vind tussen die subkulture (subkulturele normstrukture) plaas.
- Die grootte van die populasie van 'n gemeenskap is direk eweredig aan onkonvensionele gedrag. Populasie grootte kan met ander woorde direk verbind word met moreel afwykende gedrag soos voorhuwelikse seks, bostuklose nagklubs, homoseksualiteit en die aanvaarding van geweld as 'n aanvaarbare wyse om verandering mee te bring.

Ook die bostaande teorie van Fischer word in hoofstuk 4 verder ondersoek om die segswaarde vir die Suid-Afrikaanse situasie te bepaal.

3.3.8.4 Anomie-teorie van R K Merton

Die begrip *anomie* is deur die Franse sosioloog Durkheim (1858-1917) bekendgestel en dui op 'n toestand van normloosheid. Normloosheid dui volgens Durkheim op die afwesigheid van 'n kollektiewe moraliteit of 'n staat van konflikterende norme binne 'n gemeenskap. Die begrip *anomie* is deur vroeë sosioloë gebruik om die sosiale veranderinge wat deur die Industriële Rewolusie (laat agtiende eeu tot vroeë negentiende eeu) meegebring is te omskryf (Borgatta & Borgatta 1992:95).

Die begrip *anomie* is deur Merton (1910) 'n Amerikaanse sosioloog aangeneem en gedefinieer as: "... a state in which socially prescribed goals and the norms governing the means of attaining them are incompatible" (Seymour-Smith 1986:13). Volgens die strukturele sosiale teorie is misdaad 'n uitvloeisel hiervan. Die anomie-teorie probeer die sosiale oorsprong van misdaad aanspreek (Merton & Nisbet 1976:6).

Die anomie(normloosheid)teorie van Merton (Merton & Nisbet 1976:73) gaan van die volgende standpunte uit:

- Misdaad en gepaardgaande gewelddadigheid word aan sosiale veranderinge gekoppel omdat individue vanweë die vooruitgang en ontwikkeling van die samelewing hoë ideale koester en doelwitte stel waaraan nie altyd aan die hand van geïnstitutionaliseerde middele, of sosiaal aanvaarbare wyses, voldoen kan word nie. Wanneer 'n groot gedeelte van die samelewing nie in vooruitgang en ontwikkeling deel nie, of toegang tot geïnstitutionaliseerde middele ontsê word, laai spanning in die samelewingstruktuur op.
- Konformiteit word volgens die anomieteorie beskou as die ideale toestand wat geskep word wanneer daar 'n balans tussen die gestelde doelwitte en voorsiene middele is.
- Wanneer geen balans tussen die gestelde doelwitte en voorsiene middele bereik word nie, ontstaan die volgende vier alternatiewe gedragswyses (McCaghy 1985:56-57):
 - *Innovering* wat beskryf kan word as 'n wyse van aanpassing wanneer die vooropgestelde doelwitte aanvaar word terwyl die sosiaal aanvaarbare middele ter verwesenliking daarvan verwerp word. Dienooreenkomstig word onkonvensionele middele ter bereiking van die doelwit nagestreef.
 - *Ritualisme* word beskryf as 'n alternatiewe gedragswyse wat die slaafse toepassing van geïnstitutionaliseerde middele behels alhoewel die kulturele doelwitte verwerp word. Individue wat ritualisme as uitweg kies, aanvaar dat hulle hulself nooit sal kan ophef nie (Van Zyl 1993:189).

- *Onttrekking* behels die verwerping van sowel die kulturele doelwitte as die geïnstitutionaliseerde middele ter verwesenliking van 'n doel. Onttrekking vind plaas wanneer sukses deur middel van geïnstitutionaliseerde middele nie bereik word nie. Aangesien die aanwending van onwettige middele ter bereiking van doelwitte ontoelaatbaar is, bevind die individu homself in toenemende isolasie.
- *Rebellie* behels nie net die verwerping van beide die geïnstitutionaliseerde middele en kulturele doelwitte nie, maar strewe ook 'n verandering in die sosiale struktuur na. Hierdie wyse van gedragsaanpassing word meesal met gewelddadige groepe geassosieer.

In hoofstuk 4 word die praktykwaarde wat die bostaande teorie vir die Suid-Afrikaanse situasie inhou, ondersoek.

3.3.8.5 Instinktoëde-teorie van A Maslow

Abraham Maslow (1908-1972), 'n Amerikaanse kliniese psigoloog is veral bekend vir sy uitbouing van die teorie van selfaktualisering en van sy voorstelling van behoeftes in die vorm van 'n hiërargie (Plug, Meyer, Louw & Gous 1986:212). Maslow was van oortuiging dat die mens nie deur drange voortgedryf word nie maar deur die behoefte tot selfaktualisering (Monte 1991:684).

Die begrip *instinktoëde* beteken volgens Maslow dat bepaalde instinkte en behoeftes reeds met geboorte aanwesig is, maar dat behoeftes nie tot die selfde mate as instinkte figureer nie. Instinktoëde behoeftes, alhoewel dit sterk by geboorte aanwesig is, word moeiliker bevredig hoe groter die behoefte by die individu tot selfaktualisering teenwoordig is as gevolg van die invloede van die omgewing, leer, kultuur en spesifieke lewensomstandighede: " ... to know that we really want and need love, respect, knowledge ... selfactualization, etc. - this is a difficult psychological achievement. ... the higher they are the weaker and more easily changed and suppressed they are ... what is left of them, are so weak that they need protection against culture, against education, against learning ..." (Maslow 1970:103).

Die instinktoëde teorie van Maslow is weliswaar alombekend maar is deur Prinsloo (1990:185-208) aangepas vir die verklaring van die ontstaan en aard van gewelddadige jeugbendes. Die teorie van Maslow en die aanpassing daarvan deur Prinsloo gaan van die standpunt uit dat

- die mens oor bepaalde behoeftes in 'n bepaalde rangorde beskik.
- die bevrediging van behoeftes op 'n laer vlak 'n voorwaarde is vir die bevrediging van behoeftes op 'n hoër vlak.
- die volgende vlakke van behoeftes onderskei kan word: fisiologiese-, veiligheids- en affiliasiebehoeftes, behoefte aan waardering en selfaktualisering.
- In kriminologiese konteks beteken dit dat individue hulle tot misdaad en gewelddadigheid kan wend ten einde 'n bepaalde behoefte te bevredig. So kan lae ekonomiese status, wat meesal fisiologiese behoeftes onbevredig laat, tot misdaad en gewelddadigheid aanleiding gee (Prinsloo 1990:198).

Die waarde van die bostaande teorie in die interpretasie van die ontstaansredes vir gewelddadige jeuggroeperinge in Suid-Afrika word in hoofstuk 4 ontleed.

Bogenoemde teorieë benadruk die verband tussen sosiale predisposisie en gewelddadigheid. Dit moet weer duidelik gestel word dat die manifestasie van gewelddadigheid nie binne die verskraalde raamwerk van enkele geïsoleerde teorieë (par. 3.3.8) en die genoemde faktore (par. 3.3) soos in hierdie hoofstuk uiteengesit, optimaal ontleed kan word nie. Daar is 'n veelvoud van faktore aanwesig, wat 'n kousale verband met die gewelddadigheidsverskynsel het. 'n Verdere ontleding van faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, word in hoofstuk 4 ondersoek om die raamwerk vir ontleding van die manifestering van gewelddadigheid by kontrakulturele jeuggroeperinge, te verbreed.

3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n filosofiese begroning van die begrippe *subkultuur*, *subkulturele jeuggroepering*, *kontrakultuur* en *kontrakulturele jeuggroepering* onderneem.

Deur tyd heen het demografiese verskuiwings kulturele diversiteit tot gevolg gehad. Dit beteken dat verskeie kultuurgemeenskappe binne bepaalde geografiese grense saamgegroeper is. Die kultuurgemeenskap wat die politieke mag besit, word as die dominante kultuur gereken. Noodwendigerwys sal die waardes en norme van die dominante kultuur die waardes en norme van die samelewing binne die geografiese gebied weerspieël. Individue wat teenstand bied teen die waardes en norme van die dominante kultuur of teen die prosesse van kultuurvorming en 'n ander identiteit wat van die dominante kultuur *verskil of varieer*, voorstaan, vorm uiteindelik 'n subkultuur. Individue wat teenstand bied en 'n ander identiteit met ander waardes en norme wat in *konflik* is met die waardes en norme van die dominante kultuur voorstaan, groepeer in 'n opposisiiekultuur of 'n kontrakultuur. 'n Opposisiiekultuur het die *simboliese omverwerping* van die waardes en norme van die dominante kultuur ten doel soos byvoorbeeld die "hippie" verskynsel. 'n Kontrakultuur het die *fisiese en gewelddadige omverwerping* van die waardes en norme van die dominante kultuur ten doel soos byvoorbeeld politieke aktiviste.

Elke individu leef in 'n veelvoud van subkulture. Deur dié betrokkenheid ontwikkel bepaalde houdings en gedragpatrone. Dit is noodsaaklik om die dinamika van sub- en kontrakulture te ontleed om sodoende antwoorde op vrae na die gedrag van individue en groepe in die jeugfase van hulle lewe te verkry.

In die onderhawige hoofstuk is voorts 'n *filosofiese* begroning van die begrippe sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge gemaak. Die jeugfase is allerweë bekend as die fase waarin die individu vrae ten opsigte van sy identiteit formuleer. Die gesin, die skool en die gemeenskap, vorm die jeugdige se Eigenwelt, Mitwelt en Umwelt. In sy eksplorاسie en eksplorasie van hierdie wêreld ontmoet die jeugdige ander individue wat met dieselfde eksplorاسie- en eksplorasietog besig is. Dit lei tot groeppvorming waarvan die lede dieselfde doel voor oë het. Wat gebeur wanneer hierdie natuurlike soeke na "behoort aan" skeef loop? Wanneer die adolessent nie die ondersteuning van sy gesin, skool of gemeenskap in die vestiging van 'n positiewe identiteit ontvang nie, reik hy/sy uit na 'n portuurgroep wat dieselfde teleurstellings en selfs ontnugtering


op sosiale, ekonomiese en akademiese gebied ervaar. 'n Alternatiewe realiteit en "gesin" word binne opposisie- en kontrakulturele jeuggroeperinge gesoek. Die status wat die adolessent nie binne die gesin, skool en gemeenskap kon bewerkstellig nie, word by die groep gesoek deur die aanvaarde waardes en norme van die dominante kultuur oorboord te gooi. Sekere gedragsuitinge word die norm juis omdat dit onaanvaarbaar in die oë van die gesin, die skool en die gemeenskap is. Enkele teorieë wat hierdie gedagte verder ontleed, is ondersoek. In hoofstuk 4 sal die implikasies van dié teorieë, soos dit in die praktyk gestalte vind, onder die soeklig kom.

Eiesoortige of konflikterende waarde- en normstrukture lê aan die basis van die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge. Die bestudering van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge moet as 'n uitdaging beskou word aangesien probleme wat verskuil in die dominante kultuur lê, daardeur openbaar gemaak kan word.

4

Faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika aanleiding gee

"Our concern here is with normative systems in sharp opposition to prevailing culture ... attention to social organization and social structure must be complemented, it is now generally agreed, by attention to the fact that conflict is endemic, presenting a need for synthesis" (Yinger 1982:6).



4.1 INLEIDING

In hoofstukke 2 en 3 is 'n filosofiese begronding van die begrippe *kultuur*, *subkultuur*, *kontrakultuur*, *subkulturele jeuggroepeerings* en *kontrakulturele jeuggroepeerings* gemaak.

Sub- en kontrakulturele jeuggroepeerings is subtypes van sub- en kontrakultuur en word deur die eienskappe en waardes en norme wat eiesoortig aan die jeugfase is, afgegrens. Subkulturele jeuggroepeerings funksioneer ongehinderd in die dominante kultuur aangesien die waarde- en normstruktuur van subkulturele jeuggroepeerings nie in konflik met dié van die dominante kultuur is nie. Kontrakulturele jeuggroepeerings hou 'n bedreiging vir die dominante kultuur in aangesien die waarde- en normstruktuur in konflik met dié van die dominante kultuur is.

Die vorming van veral kontrakulturele jeuggroepeerings neem kommerwekkende afmetings onder veral die swart jeugdige in Suid-Afrika aan. Gewelddadige jeugbendes, of te wel kontrakulturele

jeuggroeperinge, identifiseer met 'n waarde- en normstruktuur waarbinne geen respek vir lewe, eiendom en gesag voorkom nie (*Agenda/Newsline*, 7 Desember 1995). Kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika is revolusionêr en het die potensiaal om die land op alle lewensterreine te destabiliseer. Die vraag wat beantwoord moet word, is watter faktore tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika, aanleiding gee?

Waar daar in hoofstuk 3 'n *algemene filosofiese begroning* van die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge gemaak is, word daar in hierdie hoofstuk oorgegaan tot die *identifisering van eiesoortige faktore* wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee. Daar word ook ondersoek ingestel na die verband tussen die verklaringsteorieë vir gewelddadigheid by kontrakulture (kyk par. 3.3.8) en die eiesoortige faktore wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika gelei het. Tendense in die *ontwikkeling en groei* van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge word ook histories onder die loep geneem.

4.2 FAKTORE WAT TOT DIE ONTSTAAN VAN SUB- EN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE AANLEIDING GEE

Die faktore wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, behoort nie in isolasie ondersoek te word nie. Die kumulatiewe effek van die enkele mees prominente faktore wat vervolgens bespreek word, is direk eweredig aan die konflik wat in individue teenoor die dominante kultuur opbou.

- Die saamgroepering van *enkele* faktore het die vorming van subkulturele jeuggroeperinge tot gevolg.
- Die saamgroepering van 'n *veelheid* van faktore het die vorming van kontrakulturele jeuggroeperinge tot gevolg.

Op sigwaarde mag dit blyk dat die faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, verwyderd is van 'n opvoedkundige perspektief. Aangesien die onderhawige navorsing 'n fenomenologiese studie is, moet die fenomeen tot in sy wortels deurgrond word. Daar kan nie tot 'n sinvolle sintese gekom word as daar nie 'n analise van die fenomeen gemaak is nie. Die direkte verband tussen die faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee en die invloed wat kontrakulturele jeuggroeperinge op die onderwys uitoefen (kyk hfst. 5), word in die loop van die navorsing duidelik.

4.2.1 Politieke omstandighede

Politieke omstandighede is na eie mening die mees beduidende oorsaak vir die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge onder die swart jeug in Suid-Afrika aangesien politieke omstandighede as impetus gedien het vir die ander faktore (kyk par. 4.2.2 tot 4.2.7) wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee.

Afsonderlike ontwikkeling, ook bekend as segregasie of apartheid, het sedert 1948 tydens die bewindsoorname van die Nasionale Party (NP) die hoeksteen van politieke bedrywighede in Suid-Afrika geword. Die beleid van apartheid word dan ook deur navorsers uitgesonder as die sondebok vir die konflik en haglike toestande waaronder die meeste Suid-Afrikaners gebuk gegaan het en steeds gaan (Cross 1992:7; Hartshorne 1992:2; Tutu in Smit & Le Roux 1993:30): "The roots of impoverishment in southern Africa lie deep, ... , in the region's political economy which includes not only apartheid as it evolved after 1948 but also the pattern of racial capitalism that grew during the centuries before that" (Wilson & Ramphela 1989:5).

Die radikals van die beleid van apartheid lê egter veel verder terug in die geskiedenis as 1948. So vroeg as 1676 is daar op grond van ras en kleur in die Kaapkolonie onderskei toe slawekinders verbied is om publieke skole by te woon (Du Toit 1970:2-3). Die houding teenoor swartmense in die provinsies na die Groot Trek (1935-1938), veral die destydse Oranje Vrystaat en Transvaal, was steeds dié van segregasie. Teen 1858 het wetgewing (die *Grondwet*) in Transvaal die afsonderlike ontwikkeling en gebiedskeiding tussen blank en swart herbevestig (Malherbe 1975:227). Na 1880 het die swart tuislandkonsep beslag gekry waarin kerntuistes vir bepaalde swart volke geïdentifiseer en gereserveer is (kyk par 4.2.4).

In die tweede helfte van die negentiende eeu het daar veral in Europa en Amerika 'n nuwe tendens, naamlik wetenskaplike rassisme, ondersteun deur die teorieë van Darwin en eugenetika (rasverbeteringsteorie), sigbaar geword. Bioloë, antropoloë, argeoloë en sielkundiges het dit hulle taak geag om die rasse van die wêreld in 'n natuurlike hiërargie te klassifiseer. Die eugenetiese beweging was voorstanders van sosiale en biologiese beheer en kontrole ten einde die genetiese poel van die verskillende rasse suiwer te hou. Hierdie intellektuele teoretisering is na die kolonies oorgedra en het veral in die beleid van Lord Milner in die tydperk 1902-1910, neerslag gevind: "The white race had to retain the responsibility of government because of its superior intellectual endowment" (Cross 1992:119). Afsonderlike ontwikkeling is daardeur geregverdig.

In die twintigste eeu is die beleid van segregasie herbevestig. In die verkiesing van 1923 is die Suid-Afrikaanse Party (SAP) deur die NP wat voorstanders van 'n beleid van segregasie was, verslaan (Van Jaarsveld 1982:278-282).

Swart mense het nie die segregasiebeleid gelate aanvaar nie. Swart nasionalisme en ontevredenheid oor die segregasiebeleid is deur gebeure in die binneland en buiteland aangewakker.

- In die buiteland het lande in Afrika, Asië en Japan die koloniale juk begin afskud en swart nasionalisme het gelyke beregtiging, selfbestuur en die emansipasie van swart mense geëis (Nkomo 1981:134).
- In die binneland het die houding van blanke Suid-Afrikaners, dat enige toegewings aan die druk en eise van die buiteland nasionale selfmoord vir die blanke en rasse-integrasie sou beteken, die vlam van ontevredenheid onder swart mense aangeblaas (Van Jaarsveld 1982:292-297). Na die verkiesingsegetog van 1948 deur die NP, sou die beleid van segregasie die politieke toneel tot in die negentiger jare oorheers.

Die Suid-Afrikaanse politieke beleid loop soos 'n goue draad deur die ekonomiese- (kyk par. 4.2.3), demografiese- (kyk par. 4.2.4), sosiale- (kyk par. 4.2.5), kulturele- (kyk par. 4.2.6) en onderwyskundige faktore (kyk par. 4.2.7) wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge, veral onder die swart jeug, aanleiding gegee het. Die beleid van

afsonderlike ontwikkeling het meegewerk dat swart mense in gebiede ver van hul werkplekke moes woon. Swart mense was verhinder om geskoolde arbeid te verrig en eiendom aan te skaf. Die gevolg was dat miljoene swart mense in armoede gedompel is. Armoede het weer 'n direkte impak op sosiale en huislike omstandighede uitgeoefen. Afgesien van ekonomiese- en demografiese segregasie het opeenvolgende politieke doelstellings die verwestering of kulturele assimilasië van swart mense ten doel gehad.

Bogenoemde faktore (wat in onderstaande paragrawe in groter besonderhede uiteengesit word) is nie deur swart mense gelate aanvaar nie.

- Die Sharpeville-slagting in 1960 kan volgens eie beskouing as die speerpunt in die stryd van die swart jeug teen hul gedepriveerde omstandighede gesien word. Waar die ouer geslagte swart mense nog huiwerig was om die apartheidsregime openlik die stryd aan te sê, het die jeug respek vir die passiwiteit van die volwassenes van hul tyd verloor en toenemend in opstand gekom teen die gelatenheid van hul ouers wat op verskeie lewensterreine die slagoffers van die apartheidsera was. Sedert die sewentigerjare het aktivisme toenemend 'n hefboom geword waardeur die swart jeugdige hul eie menswaardigheid herontdek het. In plaas daarvan om soos hulle ouers te glo dat hulle "tweede klas burgers" is, het die jeugdige begin om struikelblokke in hul weg na selfverwesening te identifiseer en protesaksies te loods ter verwydering van die struikelblokke.
- Die Black Consciousness Movement (BCM) met die slagspreuk "blackman you are on your own" het die voortou geneem om die jeug bewus te maak van die krag van mobilisasië. Die Soweto-opstande in Junie 1976 was die direkte uitvloeisel van die politieke bewusmakingsproses van die BCM. Hierdie bewusmakingsproses het daartoe gelei dat die skoolkinderes in Soweto nie langer gehuiwer het om die politieke stelsel in die algemeen en Bantoe Onderwys in die besonder, uit te daag nie (Christie 1991:236-237; Motlhabi 1987:118-119,149).
- Die totstandkoming van politieke weerstandsbewegings of kontrakulturele jeuggroeperinge wat geweld voorstaan, het 'n nuwe era in Suid-Afrikaanse politiek van die sewentigerjare ingelei (Mokwena 1992:34). Militante optrede het aan die jeug 'n gevoel van persoonlike

mag gegee en die oortuiging dat hulle deur hulle daad die samelewing positief kan verander (*De Kat*, 1990:12). Aanvanklik het swart mense met trots van die verset van die swart jeug gepraat. Die kinders het vermag waarvoor talle ouers net gedroom het, naamlik om die gesag van die staat uit te daag. Die geprojekteerde resultate is nie bereik nie. Ouers het die slagoffers van 'n kontrakultuur geword waar hulle hul kinders in alles moes gehoorsaam: "Ons doen wat die kinders vir ons sê anders brand hulle ons huise af" (*Rapport*, 22 Julie 1990:15). Die grondslag vir die militante optrede deur die stedelike swart jeug is gelê in die realiteite wat hulle tydens hul kindertyd saam met hul ouers moes deurmaak - werkloosheid, armoede, hoë vlakke van geweld, verskeurde gesinsverhoudinge en 'n gedepriveerde onderwysstelsel (*South African Broadcasting Corporation*, 15 August 1990).

- Gedurende die 1980's het die impak van die jeug se politieke en kontrakulturele betrokkenheid in die samelewing begin deursuur. Met die jeug in die voorste linie van protes, het dit byna onmoontlik geword om tradisionele gesagstrukture in plek te hou. Gesinsverhoudinge is ernstig daardeur benadeel: "The cultural and traditional forces which, to some extent, had held society in place began to decline noticeably in the face of the resurgent sub- (and counter - CM) cultural youth movements ... children became used to power and control, refused to yield to the authority of adults whom they despised - their parents and teachers" (Ramphela 1992:17). Die skool het die bron van politieke onrus geword wat uiteindelik na die gemeenskap oorgespoel het. Konflik was onvermydelik.

Sedert 1983 het die kontrakulturele slagkreet, "maak Suid-Afrika onregeerbaar", tot 'n klimaat van steeds toenemende konflik en geweld aanleiding gegee. Duisende swart jeugdige het by die politieke stryd betrokke geraak. Hulle het geleer om boikotte af te dwing, wegbly aksies uit te voer, gesag in die ouerhuis te verydel, politieke konflik aangeblaas, brande gestig, klippe gegooi, intimidasieveldtogte geloods en aan en halsnoermoorde deelgeneem. Politieke betrokkenheid by wyse van die bywoon van vergaderings, deelname aan optogte, en die opstel van padblokkades het betekenis begin gee aan lewens wat andersins doelloos en hooploos was. Politieke betrokkenheid het egter tot 'n arrogansie onder die jeug aanleiding gegee wat op 'n ernstige generasiekonflik tussen die jeug en die gesagdraers in die gesin en die gemeenskap gelei het: "Weekend

by poverty, overcrowding, migrant labour and the general sense of worthlessness experienced by some adults, the family is not adequately poised to cope with politicised and rebellious youths. This resulted in the intensification of tension between the generations, violence within families, and attacks on authority structures at home and school. A void was thus left in the lives of young people" (Ramphela 1992:20).

Die politieke verlede wat op die beginsel van afsonderlike ontwikkeling berus het, is een van die mees prominente faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gegee het. Cross (1992:99) sê byvoorbeeld "South Africa is a *limit case* where the salience of racial, gender and ethnic features cannot for a moment be denied and where the process of race polarisation and its concomitant cultural implications must not be ignored in analysing culture. ... for black people their primary identity, the way in which they are reacted to, and the way in which they act upon the world is mediated by their colour, and the oppression that it brings, structurally, politically, psychologically and economically. Racism is the common experience they are subject to. It is race which defines them, which acts against them, and which unites them".

4.2.2 Ideologiese invloede

Die volgende drie tydperke van ideologiese beïnvloeding, wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge onder swart mense aanleiding gegee het, kan onderskei word:

- 'n Christen-liberale-tydperk (1884-1943)
- 'n Pragmaties nasionalistiese en Afrikanistiese-tydperk (1943-1976)
- 'n Kritiese nasionalistiese en Afrikanistiese-tydperk (1976-1994) (Cross 1992:41)

Hierdie drie tydperke word vervolgens kortliks aan die orde gestel om sodoende aan te toon dat ideologiese beïnvloeding ook tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gegee het. Ideologiese beïnvloeding het die gedragsmanifestering van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge sodanig gerig dat die onderwys en skoolterrein die gevolge moes dra.

4.2.2.1 Christen-liberale-tydperk (1884-1943)

'n Kenmerk van die eerste wegbereiders vir swart nasionalisme teen die einde van die negentiende eeu, was die opkoms van 'n akademies geskoolde swart middelklas elite wat meesal 'n bevoorregte ekonomiese posisie beklee het. 'n Aspek wat hierdie vroeë wegbereiders van die aktiviste van die 1960's tot 1980's onderskei het, was die feit dat eersgenoemde hul strategie om swart nasionalisme te bevorder en 'n beter bedeling vir swart mense daar te stel, gematig binne die sisteem wou probeer oplos. Dié pro-swart nasionaliste het besef dat pogings om die sisteem omver te gooi, futiel sou wees (Cross 1992:43).

Blanke liberaliste het in die tydperk 1889 tot ongeveer 1943 'n groot invloed op die pro-swart nasionaliste uitgeoefen. Dié liberale invloed het meegebring dat die pro-swart nasionaliste toenemend op gelyke geleenthede op politieke, sosiale en ekonomiese gebied aangedring het. Liberale persepsies is ook deur sendelinge en sommige Christen onderwysers versterk deur die propagering dat alle mense gelyk is (Cross 1992:45).

Pro-swart nasionaliste is ook in die 1920's en 1930's aan Marxistiese invloede blootgestel. Hulle het egter apaties teenoor Marxisme gestaan as gevolg van die blootstelling aan liberale invloede (stemreg van swart mense in die Kaap en die hoop dat die stemreg na die ander provinsies uitgebrei sou word) en Christen invloede (met die hoop dat die sisteem ook die beginsel dat alle mense gelyk is, sal aanvaar). Marxisme is as revolusionêr, ateïsties en uitlands bestempel. Daarbenewens wou Marxistiese invloede die rassestryd ideologies omskakel in 'n klassestryd wat oor rasgrense heen teen kapitalisme weerstand bied. Swart nasionaliste het egter die *rassestryd* in Suid-Afrika as 'n integrale deel van hul weerstand gesien. 'n Verdere faktor was die feit dat daar 'n vyandigheid tussen blanke en swart werkers was (kyk par 4.2.3) en daarom was solidariteit onder die werkersklas (wat deur Marxisme gepropageer word) nie in Suid-Afrika haalbaar nie. Pro-swart nasionaliste het daarom besluit om eerder die weg van *vreedsame* protesoptogte, deputasies, petisies, propaganda en die verspreiding van literatuur as bewusmakingsmetodes aan te wend (Karis & Carter 1972:77).

4.2.2.2 Pragmaties nasionalistiese en Afrikanistiese-tydperk (1943-1976)

Na die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het 'n ideologiese verskuiwing in Afrika plaasgevind vanaf pro-swart nasionalisme tot 'n militante nasionalisme wat deur aktiewe weerstand nasionale bevryding wou bewerkstellig. Die Suid-Afrikaanse swart middelklas het 'n anti-liberale radikale houding ingeneem en die swart demokratiese beweging verbreed. Blanke liberaliste is daarvan beskuldig dat hul altyd hul sin kry en swart eenheid ondermyn. Die gevolg was dat swart mense besluit het om die bevryding van hul mense op hul eie aan te pak. Twee ander faktore wat momentum aan hierdie besluit gegee het en tot die ideologie van Afrikanisme aanleiding gegee het, was die volgende:

- die stigting van die jeugvleuel van die African National Congress (ANC) in 1944 wat 'n militante radikale element in swart nasionalisme ingedra het
- die bewindsaanvaarding van die NP in 1948 (Cross 1992:60).

Die ideologie van Afrikanisme kan saamgevat word met die slagspreuk: "Africa for the Africans by the Africans" Cross (1992:61-62). Vervolgens is dit 'n gegewe dat "only an ideology based on orthodox or exclusive African nationalism could be dynamic and powerful enough to attract the African masses to the struggle".

Onderdrukking en verbanning van swart nasionaliste het aanleiding gegee tot die opstel van die "Freedom Charter" in 1954. Dit was ook die begin van die bedinging van alternatiewe politieke oplossings vir Suid-Afrika. Marxistiese invloede en by name Neo-Marxisme, wat 'n vorm van klassieke Marxisme is, het ook 'n toenemende impak op die groei van swart nasionalisme gemaak omdat die oorgrote meerderheid van die betrokkenes by die anti-apartheidsbeweging lede van die werkersklas was. Swart nasionalisme, beïnvloed deur die idees van Neo-Marxisme, het toenemend oproepe tot boikotte, wegbly-aksies en burgerlike ongehoorsaamheid gedoen onder die vaandel van die stryd vir nasionale vryheid (Cross 1992:62-63). Die Neo-Marxistiese vryheidsgedagte verdien hier beklemtoning omdat hulle gehoorsaamheid aan die gesag van die owerheid beskou het as die basis van die kapitalistiese stelsel. As sodanige basis vernietig kon word, sou die "establishment" met sy repressiewe karakter in duie stort. Alle vorme van owerheidsgesag moet derhalwe teen gestaan word (Van Niekerk 1986:50).

Die verbanning van die ANC en die diskriminasie teen swart studente op blanke kampusse, het die opkoms van die BCM in die sestigerjare in die hand gewerk. Die BCM het hulle beywer vir die sielkundige herstel van swart mense en die wegdoen van 'n slawe-ingesteldheid. Die houding van onderdanigheid moet met 'n houding van selfhandhawing en selfstandigheid verplaas word (Christie 1991:236-237). Die BCM het ook teen die middel sewentigerjare met die ideale van sosialisme begin identifiseer en 'n anti-kapitalistiese houding in die vryheidstryd ingeneem (Cross 1992:66). In pas met die bykomende twintigste eeuse ideologiese invloede van onder andere Ivan Illich¹⁵ (1971) (dat die onderwys verantwoordelik was vir die skepping van 'n classesamelewing en die instandhouding daarvan) en Paulo Freire (1972) (dat revolusie deel van menswees is) (Van Niekerk 1986:100), is jeugdiges by bogenoemde alternatiewe lewens- en wêreldbeskouing betrek. Hierdie beskouing het die gedragsmanifestasies van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in hulle gemeenskappe en in die onderwys gerig.

4.2.2.3 Krities nasionalistiese en Afrikanistiese-tydperk (1976-1994)

Die periode na 1976 word gekenmerk deur ideologiese verfyning. Hierdie verfyning is meegebring deur die verbreding van die deelname aan politieke debatvoering as gevolg van die opkoms van 'n groot hoeveelheid organisasies soos byvoorbeeld vakbonde en studente organisasies: "This *democratisation of thought* played a crucial role in creating a spirit of self-criticism within and outside the resistance and liberation movement. It made possible the achievement of higher levels of political militancy and ideological and theoretical sophistication among black intellectuals" (Cross 1992:42). Radikale en Neo-Marxistiese idees, waar kritieklewing teen die samelewing die uitgangspunt is, is verbreed, krities beoordeel en aangepas by die unieke sosiale, ekonomiese en politieke omstandighede in Suid-Afrika. Hierdie ideologieë het as oorreding gedien vir die mobilisering van die massas en daarby ingeslote duisende jeugdiges, teen die beleid van apartheid.

¹⁵ Dit is nie binne die omvang van hierdie navorsing moontlik om 'n uitgebreide beskrywing van Illich en Freire se ideologieë te gee nie. Die leser kan die volgende bronne as verdere verwysing gebruik:

Illich, I D 1971. *Deschooling society*. London: Calder & Boyars.

Freire, P 1973. *Education for critical consciousness*. New York: The Seabury Press.

Bogenoemde ideologiese bewusmaking het 'n groot invloed op die swart jeug uitgeoefen. 'n Kritiese ingesteldheid teenoor die samelewing, die bevraagtekening van gesag, die regverdiging van revolusie om van onderdrukkende situasies soos kapitalisme en rassisme bevry te word, het 'n nuwe uitdaging aan swart jeugdige gebied. Jeugdige wat in politieke subkulturele jeuggroeperinge betrokke geraak het, is toenemend bewus gemaak van die doelstellings van die bevrydingsstryd. Jeugdige wat in politieke kontrakulturele jeuggroeperinge betrokke geraak het, het onafwendbaar ook by die bevrydingstryd betrokke geraak (kyk par 4.2.1).

4.2.3 Ekonomiese faktore

Ekonomiese faktore wat aanleiding tot die ontstaan en ontwikkeling van veral swart sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge gee, spruit direk voort uit die politieke beleid van rassesseiding wat voor 1994 in Suid-Afrika gevolg is. Die meeste swart mense in Suid-Afrika is van mening dat hulle doelbewus deur die wit regime verarm is. Ekonomies-politiese redes wat vir die verarming aangevoer word, kan histories soos volg saamgevat word (Wilson & Ramphela 1989:190-210):

- *Verowering* - Sedert die aankoms van Jan van Riebeeck (1619-1677) het die blanke kolonialiste grond van die swart inboorlinge geruil of met geweld verower: "In this manner, first the Khoisan, and subsequently Xhosa and other Bantu-speaking people, were pushed off the land or absorbed onto it as conquered labourers" (Wilson & Ramphela 1989:191). Hierdie verowering van grond het in 1913 gekulmineer in die *Naturellen Grond Wet 27* (Republiek van Suid-Afrika 1913) waarin gestipuleer is dat geen swart mens grond buite die reservate mag besit nie. Die gevolg was dat geen swart mens homself ekonomies kon bemagtig deur grond of eiendom vir sy familie aan te skaf of met eiendom te spekuleer nie.
- *Blanke dominasie* - Slegs ses jaar na die koms van Van Riebeeck is die eerste swart slawe uit Afrika na Suid-Afrika gebring. Die filosofie agter slawerny (baas-kneg verhouding) is nie net op die slawe nie, maar ook op die inboorlinge toegepas. Die filosofie is geregverdig met die argument dat daar 'n aantoonbare verskil in beskawingspeil tussen blank en swart is. Omdat daar tussen "Christen" en "heiden" onderskei is, en die Christen sogenaamd *beskaafd* en die heiden sogenaamd *onbeskaafd*

was en die Christen 'n *blanke* en die heiden 'n *swart mens* is, is die differensiasie tussen "christen" en "heiden" geassosieer met die verskil in beskawingspeil en laasgenoemde met ras en kleur (Van Jaarsveld 1982:45). Die afskaffing van slawerny (1833) het nie 'n verandering in die verhouding tussen blank en swart gebring nie (Muller 1969:52). Die inwerkingtrekking van die paswetstelsel (1872) waarvolgens die bewegings van swart mense gekontroleer is, het blanke dominasie verder versterk. Swart mense mag steeds nie eiendom of besighede in blanke gebiede besit het nie.

Die paswetstelsel het noodwendig aanleiding tot migrasie-arbeid gegee. Swart werkers het hul arbeid aan blankes in die stede of myne verkoop. Swart arbeiders is in kampongs of hostelle, waar vroue en kinders nie toegelaat is nie, gehuisves. Een van die redes vir die vestiging van swart werkers in hostelle was om beheer oor die werkers uit te oefen.

Sedert kolonisering was blanke dominasie 'n uitstaande kenmerk van die ekonomies-politieke verlede van Suid-Afrika (Wilson & Ramphele 1989:193).

- *Diskriminasie tussen blanke- en swart werkersvakbonde* - Blanke mynwerkersvakbonde het sedert die 1883-staking vir beter salarisse en werksomstandighede beding. Stakings deur swart werkersvakbonde is egter gewelddadig onderdruk. Stemreg en 'n beter sosiale posisie het blanke mynwerkersvakbonde in 'n beter posisie geplaas as swart mense wat geen stem- en eiendomsreg gehad het nie. Dit het die volgende implikasie gehad: "if the black miners had been able through strike action to shift the balance of power between black and white within the industry, it would have been possible over the period 1936-69 for black wages to have increased in real terms by 40 per cent instead of falling as they did instead" (Wilson & Ramphele 1989:194).
- *Werkreservering* - Die eerste wet wat werkreservering vir blankes in die Suid-Afrikaanse ekonomie verskans het, het in 1893 gestipuleer dat slegs blankes met springstowwe in myne mag werk. In 1907 het blanke mynwerkers deur 'n suksesvolle staking verseker dat swart mense nie beter werksgeleenthede as blankes bekom nie. Na Uniewording (1910) het die proklamering van die *Mijnen en Bedrijven Wet 12 van 1911* (Republiek van Suid-Afrika 1911) die Goewerneur-generaal die mag gegee om arbeidsbevoegdheidssertifikate vir verskillende soorte werk uit te reik. In die destydse Transvaal en die Oranje Vrystaat

is sulke sertifikate slegs aan blankes uitgereik. Die doel daarmee was om die blanke werker te beskerm. Ingevolge die wetgewing mag sekere werke in die myne net deur blankes verrig word. In 1922 het die *Vakleerlingen Wet 26* (Republiek van Suid-Afrika 1922) gestipuleer dat 'n minimum kwalifikasie van standerd ses 'n voorvereiste vir vakleerlinge is. Gesien in die lig van die swak toestande in swart onderwys (sommige swart skole het nie tot en met standerd ses aangebied nie), is swart mense weer eens van geskoolde arbeid uitgesluit. Werkreservering is in 1924 verder gevoer met die aanvaarding van die beleid dat slegs blankes in die staatsdiens en semi-staatsdiens opgeneem mag word (Muller 1984:423).

Werkreservering het swart mense tot ongeskoolde en dienoreenkomstig swak besoldigde beroepe, beperk. Dit het tot grootskaalse werkloosheid aanleiding gegee. 'n Verdere faktor wat tot werkloosheid aanleiding gegee het, was die feit dat werkgewers eerder immigrante werkers in diens geneem het aangesien immigrante werkers laer lone aanvaar het, fisies harder kon werk en groter onderdanigheid as die stedelike swart mense aan die dag gelê het (Glaser 1988/9:5). Misdaad en geweld het toenemend 'n skynbare oplossing geword om die frustrasie en konflik van 'n gedepriveerde ekonomiese bestaan te beveg.

- *Oneweredige besteding van staatsgeld tussen die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika* - Staatsuitgawes ten opsigte van onder andere onderwys, gesondheid, behuising, landbou en werkskepping was nog altyd per capita meer vir blankes as vir swart mense (Wilson & Ramphele 1989:4). Staatsuitgawes is grotendeels geïnvesteer in die daarstel van infrastrukture en hulpbronne vir menslike ontwikkeling onder blanke geleedere.
- *Swart onderwyskwalifikasies* - Die uitdrukking dat Bantoe Onderwys wat in 1953 ingestel is niks minder as "hewers of wood and drawers of water" (Ramphele 1992:16) opgelewer het nie, word algemeen in swart gemeenskappe aanvaar. Suid-Afrikaners wat 'n matrieksertifikaat deur swart onderwys verwerf het, vind dat hulle nie tot die arbeidsmag met hul kwalifikasie kan toetree nie aangesien die arbeidsmag die sertifikaat as minderwaardig beskou (Ramphele 1992:16). Die anderkant van die munt word ook gevind en dit is dat swart jeug met 'n matrieksertifikaat oorgekwalifiseer is vir die ongeskoolde arbeid wat tradisioneel vir swart werkers opsy gesit word (Bundy 1987:312).

In die proses van werkreservering, 'n paswetstelsel, migrante-arbeid, oneweredige verspreiding van staatsgeld en minderwaardige skoolopleiding, blanke dominasie en diskriminasie, is swart mense daarvan weerhou om ekonomies opgang te maak. Hierdie omstandighede het miljoene swart Suid-Afrikaners in 'n ongekennde armoede gedompel.

Armoede het 'n sneeubal effek op alle lewensterreine (kyk par 4.2.5). In gesinne waar armoede heers, werk ouers gewoonlik lang ure weg van die huis en verdien 'n minimumloon. Ouers is daarom selde in staat om die nodige aandag aan die opvoeding van hulle kinders te gee. Dikwels moet die broodwinner so veel as 15 monde voed. Ondervoeding is 'n kenmerk in swart gemeenskappe (Wilson & Ramphele 1989:4). Jeugdige in hierdie omstandighede leer van kleins af om te steel ten einde te oorleef. Kinders in gedepriveerde omstandighede, waarin geen geleentheid tot ekonomiese vooruitgang is nie, het die geneigdheid om vir die oomblik te lewe. Die toekoms vir sulke kinders is uitsigloos. Indien hierdie lewensuitkyk gekombineer word met ander eienskappe van die jeug in geweldgeteisterde omgewings, byvoorbeeld 'n lae frustrasie toleransie, dan "you have all the ingredients for a timebomb of violence and destruction (*The Mercury*, 12 September 1990:5). 'n Ekonomies-politiese klimaat soos hierbo uiteengesit "has undoubtedly been a spur to radicalism among black school students and school leavers" (Bundy 1987:313) en gee aanleiding tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge.

4.2.4 Demografiese faktore

Politieke oorwegings het grotendeels daaraan meegewerk dat demografiese faktore 'n uitstaande rol in die ontstaan en ontwikkeling van swart sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge speel.

Verskeie wette en regulasies in die demografies-politieke verlede van Suid-Afrika het daartoe gelei dat swart gemeenskappe grondbesit ontsê is en 'n beperking op verstedeliking geplaas is.

- Reeds sedert kolonisasie (1652) was daar gebiedskeiding tussen die blankes en die inboorlinge teenwoordig. 'n Kanaal dwarsdeur die skiereiland, 'n paalheining en forte moes die hottentotte uit die blanke gebied hou (Muller 1969:29; Van Jaarsveld 1982:23).
- Die *Naturellen Grond Wet 27 van 1913* (Republiek van Suid-Afrika 1913) en *Naturelletrust en -grond Wet 18 van 1936* (Republiek van Suid-Afrika 1936) het bepaal

dat 'n beleid van segregasie tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika gevolg sou word met die afsondering van spesifieke gebiede vir uitsluitlike okkupasie en besit deur swart mense.

- Die *Naturellen(Stadsgebieden) Wet 6 van 1923* (Republiek van Suid-Afrika 1923) en die *Naturellen(Stadsgebiede)Konsolidaie Wet 25 van 1945* (Republiek van Suid-Afrika 1945) het toestroming en vestiging van swart arbeiders in stedelike gebiede beheer. Die "stad" is as die blankes se terrein gedefinieer en die swart mense is beskou as tydelike inwoners wat op gesegregeerde basis in die buitewyke in lokasies of swart dorpe geplaas is (Van Jaarsveld 1982:366).
- Die *Wet op Groepsgebiede 41 van 1950* (Republiek van Suid-Afrika 1950) en die *Wet op Groepsgebiede 36 van 1966* (Republiek van Suid-Afrika 1966) het bepaal dat afsonderlike woonbuurtes in dorpe en stede aan die verskillende bevolkingsgroepe toegewys word (Van Jaarsveld 1982:370).
- Die *Wet op Hervestiging van Naturelle 19 van 1954* (Republiek van Suid-Afrika 1954) het bepaal dat ongemagtigde swart woonbuurtes en "swart kolle" in blanke gebiede verskuif moet word en in behoorlike woonbuurtes gevestig word (Van Jaarsveld 1982:370).

Bogenoemde wetgewing en regulasies is in werking gestel om die bewegings en vestiging van swart mense te beheer en te lokaliseer. Dit het tot gevolg gehad dat swart mense kunsmatig oor bepaalde gebiede versprei is. Dit het uiteindelik tot oorbevolking aanleiding gegee.

Ekonomiese groei na die Tweede Wêreldoorlog het verstedeliking aangemoedig. Migrante werkers (wat ekonomies aktief in die stad moes wees en eggenoot en vader in die tuislande) het mettertyd met sy gesin na die stede verhuis om naby sy werkplek te wees. Aangesien dit 'n oortreding van die apartheidswette was, het die staat groter beheer oor die paswetstelsel uitgeoef en die bekikbaarheid van behuising in die stede aan bande gelê. Polisie klopjagte en inhegtenisnames as gevolg van die oortreding van die vele apartheidswette, het 'n gevoel van magteloosheid en frustrasie by die swart jeugdige meegebring (Wilson & Ramphele 1989:208).

Met die afskaffing van die *Instromingsbeheer Wet 25 van 1945* (Republiek van Suid-Afrika 1945) deur die *Wet op die Afskaffing van Instromingsbeheer 68 van 1986* (Republiek van Suid-Afrika 1986) in 1986 het 'n toestroming van swart mense na die stede 'n krisis veroorsaak. Plakkerskampe met 'n ondervoorsiening in maatskaplike dienste, het opgeskiet: "Housing backlogs, inadequate school facilities, neglect of infrastructural development such as roads, electrification and general public space management, were all designed to make townships unattractive to potential settlers" (Ramphela 1992:14). Onbeheersde verstedeliking gaan gepaard met die verbrokkeling van tradisionele waardes en norme en plaas so 'n gemeenskap in 'n kulturele oorgangsperiode (kyk par. 4.2.6.1) (Glanz & Pretorius 1991:101). Geweld is onteenseglik gekoppel aan die trauma van vinnige verstedeliking. In die oorbevolkte, informele of krotbuurte waar bykans 70% swart Suid-Afrikaners woon en waar die bevolkingsdigtheid so hoog is as 327 mense per hektaar, is toestande haglik. Leefbare infrastruktuur is bykans afwesig - teerpaaië, riolering, vullisverwydering, stormwaterdreinerings, elektrisiteit, telefone, winkelsentrums, skole, parke, sportgronde, biblioteke, hospitale en klinieke, gemeenskapsentrums of ontspanningsgeriewe ontbreek of is ondervoorsien. Een kraan bedien dikwels 'n hele gemeenskap. In groot dele van die landelike gebiede is die terrein gebroke en wanneer dit reën, verander die voetpaadjies in sterk waterstrome en stort vele wonings in duie (Botha 1990:56). Bogenoemde faktore bring 'n magteloosheid mee en 'n gevoel dat enigiets gedoen sal word om die swak toestande te verlig.

'n Ander demografiese faktor wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, is die verhuising van swart mense in die hoër inkomste groepe na blanke gebiede. Die afskaffing van die wet op groepsgebiede, *Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëling 108 van 1991* (Republiek van Suid-Afrika 1991) in 1991 en daarmee saam die stabiliteit en ekonomiese geleentheid in voorheen eksklusiewe blanke gebiede, is waarskynlik die belangrikste rede vir hierdie verhuising. Swart mense wat professionele en geskoolde beroepe volg, dien as rolmodelle vir die swart gemeenskappe (Ramphela 1992:15): "Their flight deprives the townships of valuable regenerative resources and leads to a concentration of a deviant and crime-ridden sub-culture, which then takes over whole communities" (*Monitor*, October 1991:7).

Die demografies-politieke verlede van Suid-Afrika was insigself bykans genoeg rede vir die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge.

4.2.5 Sosiale faktore

Enkele sosiale faktore wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gegee het word vervolgens, uitgesonder.

4.2.5.1 Gedepriveerde sosiale omgewing

Die positiewe en negatiewe assosiasie wat 'n kind in sy gemeenskap opdoen, word gevorm deur die positiewe of negatiewe omgewing waarin 'n kind opgroei (*The New Nation*, 1 November 1990:6). 'n Gedepriveerde, negatiewe sosiale omgewing is derhalwe 'n belangrike oorsaak vir die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge. Dié bevinding stem grotendeels ooreen met navorsingsresultate in ander Derde Wêreldlande en lande met gedepriveerde gemeenskappe soos in Afrika en Suid-Amerika (Mortimore & Blackstone 1982:25-39).

Die sosiale milieu van kinders in Suid-Afrika wat hul tot sub- en kontrakulture wend, sien soos volg daaruit:

- *Gebrek aan ontspanningsgeriewe en speelruimte* - Volgens Mortimore & Blackstone (1982:39) is "the lack of or difficulty of access to playgrounds, play spaces, parks, water, shopping facilities, health centres and so on, and exposure to noise and dirt" van die grootste oorsake van 'n gedepriveerde sosiale omgewing. Die sosiale milieu en die geweld waarin swart jeugdige hulle in swart woongebiede bevind, lei daartoe dat kinders nie meer soos kinders speel of optree nie: "They now play with toy-guns and sing freedom songs. The killings ... have blunted the children's fear of a dead person. They just stare at a corpse without flinching or just go-by their games without even noticing what is lying in their path" (*The New Nation*, 26 October 1990:6). Gebeure in 'n kind se leefwêreld word vergestalt in sy spel. Geweld het 'n realiteit in die lewe van die swart jeug geword. In stedelike gebiede boots die jeug televisiehelde na, maar in die swart woongebiede word gewelddadige jeugbendes nageboots. So byvoorbeeld kan die meeste kinders 'n AK47 masjiengeweer identifiseer omdat hulle daaglik daaraan blootgestel word.

- *Demoraliserende omgewing* - Verwoesting, brutaliteit en doodsangs, is deel van die leefwêreld van miljoene swart kinders wat in swart woongebiede woonagtig is. Om te oorleef in 'n milieu waar moord, brandstigting, verkragting en aanranding hoogty vier, wend die jeug hul ook na gewelddadige optrede. Die direkte gevolg is die afstomping van emosies en die prysgee van respek vir 'n lewe. Dit lei verder tot geweld teenoor die gesin in die vorm van kindermishandeling, manslag, selfmoord en 'n algemene afname in moraliteit en respek vir gesag (Van den Aardweg 1987:175-177).

- *Wetsoortreding* - Die oorgrote meerderheid jeugdiges wat hulself in kontrakulturele jeuggroeperinge bevind en wat geweld en misdaad as lewensnorm aanvaar, word groot in 'n omgewing waar misdaad en oortreding van die wet 'n leefwyse is. Daar is trouens 'n direkte korrelasie tussen werkloosheid, armoede, swak behuising en misdaad (Wilson & Ramphela 1989:152).

Bogenoemde sosiale omstandighede dra by tot die groei van 'n gevoel van hulpeloosheid en frustrasie. Misdaad en geweld word dikwels beskou as die enigste ontvlugting: "A central reason for gang formation ... is stark poverty in an equally impoverished environment" (Pinnock 1984:99).

3.2.5.2 Huislike faktore

Die feit dat die swart werksmag lang afstande na hul werkplekke moet aflê, het tot gevolg dat hul hul tuistes vroegdag (tot so vroeg as drie uur in die oggend) verlaat en laataand tuiskom. Ouers is vir die grootste gedeelte van die dag nie dáár om in hul kinders se behoeftes te voldoen nie. Die afwesigheid van beide ouers is 'n algemene verskynsel in swart woongebiede. Kinders word soms in die sorg van grootouers geplaas, maar gesagsuitoefening is gebrekkig. Afwesigheid van die pa/ma as gesagsfiguur bring mee dat jeugdiges tot 'n groot mate aan hul eie lot oorgelaat word. Dit dwing die kind om na ander rolmodelle in die samelewing te soek wat dikwels kriminele of politieke leiers insluit (*The Mercury*, 12 September 1990:5).

Die situasie word verder gekompliseer waar ouers, byvoorbeeld huishulpe by werkgewers inslaap en migrantewerkers vir etlike maande nie tuis is nie. In dié gedepriveerde gesinsopset is hoë vlakke van alkohol- en dwelmmisbruik, egskeiding, enkelouerskap waar een van die ouers 'n

slagoffer van geweld was en selfs ouerloosheid, 'n algemene verskynsel. Kinders in hierdie omstandighede wend hulle na hul portuurgroep in 'n soeke na alternatiewe waardes en norme op 'n baie jonger ouderdom as kinders wat in 'n normale gesinsopset groot word (*The Mercury*, 12 September 1990:5).

4.2.5.3 Behuisingsnood

Verskeie navorsers¹⁶, kom tot die gevolgtrekking dat swak behuising die ewewigtige ontwikkeling van 'n kind kan beïnvloed. Swak behuising sluit die volgende in: strukturele gebreke, hetsy deur stene of sinkplate gebou, 'n gebrek aan fasiliteite soos lopende water en badkamer met 'n toilet, in die huis. 'n gebrek aan privaatheid weens onvoldoende leefruimte en onvoldoende of geen speelruimte (Mortimore & Blackstone 1982:36-37). Volgens Wilson en Ramphela (1989:125) was daar in 1982 in Soweto 'n tekort aan 35 000 huise. In Daveyton het die populasie tussen 1967 en 1977 met 26 000 gegroei terwyl geen nuwe huise gebou is nie. Dit het daartoe gelei dat 3 588 gesinne geforseer is om plakkershuise te betrek. Oorbevolking in die huise is ook 'n ernstige probleem (Mathabatha 1995). Oorbevolking word geassosieer met 'n vertraging in die tempo van fisiese groei, die risiko van aansteeklike siektes, negatiewe kognitiewe ontwikkeling en swak skoolprestasie (Richter 1989:191).

Gedepriveerde huislike omstandighede bring mee dat kinders 'n sluimerende frustrasie opbou omdat hulle nie genoeg slaap kry nie en dikwels 'n bed met 'n huisgenoot moet deel, koud kry of nat word omdat die struktuur van die huis swak is, privaatheid moet prysgee omdat die beskikbare vertrekke deur alle geslagte en ouderdomme gedeel word en ook omdat hulle 'n gebrekkige leerruimte het (Ferreira & Mathibe 1993:2-3).

¹⁶ Davie, R *et al* 1972. *From birth to seven. A report of the National Child Development Study*. Longman.

Douglas J W B 1964. *The home and the school*. MacGibbon & Kee.

Fogelman, K 1976. Development correlates of family size. *British Journal of Social Work*. 5.

4.2.5.4 Gesinsgrootte

In gedepriveerde omstandighede neem armoede toe namate die gesinsgrootte toeneem. Alhoewel dit 'n neiging is wat in alle ekonomiese klasse voorkom, vergroot die tendens by die laer ekonomiese klasse (Mortimore & Blackstone 1982:32-33). Soos reeds aangetoon, is oorbevolking in swart woongebiede 'n werklikheid. Wat die probleem van gesinsgrootte vergroot, is die tendens dat tiener dogters of jong volwasse vroue met hul babas en kleuters in die kerngesin aanbly totdat hul mans vir hulle kan sorg. Migrante-arbeid, die verbrokkeling van die "lobola" stelsel (waardeur die voornemende bruidegom 'n vergoeding aan die pa van die bruid betaal) en behuisingstekorte in swart woongebiede is faktore wat daartoe bydra dat mans nie vir hulle vroue apart van die kerngesin waaruit die vrou afkomstig is, kan sorg nie. Jong volwasse vroue bly dus langer in die kerngesin (Richter 1989:195).

'n Onbeheerbare gesinsgrootte bring mee dat minder geld per kind beskikbaar is vir kos, klere en georganiseerde vryetydsbesteding soos tennis- of musieklesse. Oorbevolking in die huis veroorsaak ook dat jeugdige vermaak buite die huis en gesin soek. Jeugdige verwyd hul vryetyd deur leeg te lê, sokker te speel, politieke byeenkomste te reël, dagga te rook, aan straatgevegte deel te neem en sjebeens te besoek (*South African Broadcasting Corporation*, 15 August 1990). Die vorming van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge vloei as 'n logiese verskynsel hieruit voort. Glanz en Pretorius (1991:103) kom tot die gevolgtrekking dat "the larger the family size, the less time parents ... have for nurturing, disciplining and providing general emotional support to children ... families with a large number of children contribute a disproportionately large number of juvenile delinquents".

4.2.5.5 Enkelouergesinne

'n Veilige gesinsruimte waarin albei ouers aktief teenwoordig is, vergroot die moontlikheid dat die kind ewewigtig ontwikkel (Mortimore & Blackstone 1982:33-35). Daarmee word nie gesuggereer dat kinders in enkelouergesinne nie ewewigtig kan ontwikkel nie. Dit is egter 'n feit dat enkelouerskap 'n laer inkomste en minder effektiewe tyd aan die versorging van die kinders impliseer. Dit lei tot 'n stigma van gedepriveerdheid. Verder bly die vrae waarop adolessente jeugdige antwoorde soek dikwels onbeantwoord aangesien dit die ouer dikwels aan die tyd ontbreek om werklik bemoeienis te maak (Clemishaw 1987:38). Pinnock (1984:106) is verder

van mening dat "gangs ... also result from emotional deprivation and the breakdown of supportive family structures".

4.2.5.6 Gesagskrisis

Die gesagskrisis wat in ouerhuise en die samelewing beleef word, het 'n tweeledige oorsprong wat vervolgens uitgelig sal word:

- *Die jeug* - Jeugdige soek na mag ten einde die gevoel van magteloosheid met hul omstandighede op te hef. Hierdie soeke na mag manifesteer kultureel en polities. Kultureel kom dit tot uiting in 'n soort kleredrag, musiek en taal wat kenmerkend is van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge. Die soeke na mag deur kontrakulturele jeuggroeperinge vind uiting in die gebruik van verdowingsmiddels, stakings, massabetogings en geweld. Hierdie negatiewe hanteringswyses lei tot provokasie en uittarting, nie alleen om hulle te onderskei van die res van die samelewing nie, maar ook om invloed en outoriteit vir hulle op te eis en politieke, ekonomiese en maatskaplike veranderinge af te dwing. Indien kontrakulturele jeugaktiwiteite deur die owerheid of ander relevante gesagsstrukture geïgnoreer word, kan dit 'n vonk in 'n kruitvat word. Hierdie ongeduld kan tot revolusie lei (Duvenhage 1973:239).

Voorts is die sanksionering van geweld om 'n gesagsposisie in stand te hou, soos gedemonstreer deur die sekuriteitsmagte, deur kontrakulturele jeuggroeperinge nageboots (Myles & Simpson 1994:55).

- *Ouers en volwassenes* - Gedepriveerde werksomstandighede soos uitermate lang werksure en minimum vakansievoordele, beperk die fisiese tyd wat ouers saam met hul kinders kan deurbring. Harde hande-arbeid lei daartoe dat ouers dikwels te moeg is om na hul kinders se behoeftes om te sien. 'n Swak magsbasis (powerlessness) by die werk suur deur tot ouers se algemene lewensuitkyk. Dit veroorsaak dat ouers enige optrede van ander teenoor hul kinders, byvoorbeeld swak onderwysstandaarde of besluite wat oor kinders geneem word, gelate aanvaar (Mortimore & Blackstone 1982:27). In die lig daarvan begin kinders die legitimiteit van hulle ouers se outoriteit bevraagteken. Kinders verloor ook respek vir hul ouers veral in gevalle waar die vader 'n migrantewerker is en weg van die huis ander

verhoudings aanknoop: "Sons tell of their shock upon going to town. We find our fathers with concubines yet our mothers are starving. Besides, the sweethearts are as young as father's children. We get fed up and cannot communicate with our fathers" (Wilson & Ramphele 1989:199).

Jeugdige beskuldig hul ouers verder daarvan dat hulle nie genoeg gedoen het om die apartheidsjuk af te skud nie. Dit lei steeds na jare tot hewige konflik tussen ouers en kinders omdat kinders meen hul ouers ontnem hulle van voldoende beskerming teen armoede en die gevolge van die apartheidsbedeling. As gevolg van hierdie konflik en om kompensasië te soek vir hulle frustrasies, sluit jeugdige by kontrakulturele jeuggroeperinge aan wat militant in hulle optrede is en die staatsbestel op verskeie wyses uitdaag (Ramphele 1992:15-16).

4.2.5.7 Generasiekonflik

Die generasiekonflik van die huidige tyd moet beskou word teen die agtergrond van die totale omvang en tempo waarteen veranderinge op bykans elke lewensterrein plaasvind. Groot veranderinge op tegnologiese gebied, in die kommunikasiewese en ten opsigte van verstedeliking, druk 'n bepaalde stempel op die jeug af. Die jeug is deel van 'n proses van radikale verandering, van oorfloed, van bykans totale behoeftebevrediging maar ook van angs, onsekerheid en selfs vrees vir die toekoms (kyk par. 2.2.4.7 tot 2.2.4.9). Die generasiegaping in die huidige tyd is derhalwe in die lig van die groter prominensie wat daaraan verleen word, duidelik sigbaar (Duvenhage 1973:225).

Statistiek toon dat 50% van die inwoners van Suid-Afrika jonger as 21 jaar oud is. Meer as 43% swart mense is jonger as 15 jaar oud (Bundy 1987:310). Dit impliseer dat die getal jeugdige in die afgelope aantal dekades aansienlik verhoog het. Indirek het dit gelei tot 'n gees van solidariteit onder die jeugdige. Die solidariteitsgees het op sy beurt groepsidentiteit bevorder wat uiteindelik tot die montering van gemeenskaplike idees en selfs mag gelei het (Duvenhage 1973:225).

Feuer (1969:11) beskryf 'n jeugbeweging, wat in hierdie navorsing aan sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge gelyk gestel word as "a combination of students inspired by aims which they try

to explicate in a political ideology, and moved by an emotional rebellion in which there is always present a disillusionment with and rejection of the values of the older generation, the members of a student movement have the conviction that their generation has a special historical mission to fulfill where the older generation ... have failed". Indien die jeug van mening is dat die ouer generasie gefaal het, beskou die jeug hulself as die nuwe "gewete" van die gemeenskap (*Sowetan*, 19 October 1994:10). Hierdie gewete moet alles wat in die samelewing "verkeerd" geloop het, regstel (Bundy 1987:310). Jeugdige wat in 'n kontrakulturele jeuggroep vasgedraai het, distansieer hulle van hul ouers. Die kontrakulturele jeuggroep word die allesoorheersende sosiale, emosionele en geestelike ondersteuningsgroep (Cleminshaw 1987:37).

4.2.5.8 Religieuse faktore

In die kontemporêr-moderne werklikheid beleef die mens as gevolg van sy wetenskaplik-tegnologiese kennis en vaardighede dikwels 'n gevoel van mag en vryheid. Die mens voel homself nie meer gebind aan absolute waardes en norme nie. Die wesenskenmerk van die mens as religieuse wese, word geskend en vervang met 'n valse religie - aanbidding van die mens self (kyk par. 2.2.4.7 tot 2.2.4.8). Die gevolg is 'n sekulêre ingesteldheid wat verwêreldliking voorstaan en wat geestelike betrokkenheid op welke vlak ook al nie as wesenlik vir die lewe of denke van die mens ag nie.

In die Christelike godsdiens word die kerk toenemend deur die jeug as 'n besigheidskorporasie beskou. Die kerk word beleef as 'n instelling wat die bewaarder van die tradisionele waardes van die samelewing is. Hierdie waardes word as uitgedien vir die probleme en uitdaging van die huidige tyd beskou. Vanweë hierdie beeld van die kerk, draai baie jeugdige hul rug daarop (Duvenhage 1973:288). Die resultaat van hierdie apatiese houding teenoor die kerk is volgens Glanz en Pretorius (1991:107) een van die redes vir die positiewe korrelasie tussen jeugmisdaad en die nie-bywoning van kerklike aktiwiteite.

'n Verdere faktor binne die religieuse kader wat tot die ontstaan van kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, is die revolusie teologie wat deur Richard Shaull verkondig word. Hierdie teorie wil dit hê dat aktiewe rewolusionêre deelname aan die omvorming van die *status quo*, binne die Christendom regverdigbaar is. Hy steun derhalwe die stryd van die proletariaat om die struktuur van die samelewing te verander. Die simpatie van Shaull lê by die

onderontwikkelde volke van die wêreld (Shaul in Duvenhage 1973:296). Hierdie gedagtes vanuit die teologie word deur jeugdiges as regverdiging vir kontrakulturele optrede gesien.

Veral die swart jeug is van mening dat segregasie en die Christendom nie met mekaar versoenbaar is nie (Duvenhage 1973:289). In dié proses word die sisteem wat Christelikheid propageer in diskrediet gebring. Dit lei daartoe dat alternatiewe waardes en norme kritiekloos aanvaar word en kontrakulturele jeuggroeperinge te midde hiervan sterker groei.

4.2.6 Kulturele vervreemding

In die veelfasettige Suid-Afrikaanse samelewing is daar 'n toenemende spanning waarneembaar tussen die tradisionele kultuur waarmee die individu vertrou is en die kultuur wat die individu in samelewingsverband leer ken. Hierdie spanning kom op drieërlei wyses tot uiting.

4.2.6.1 Tradisionele kultuur *versus* geïndustrialiseerde westerse kultuur

Verwestering en die afwesigheid van ouerlike teenwoordigheid het die tradisionele kultuur, gedragsnorme en gesagstruktuur in stedelike gebiede grootliks laat verbrokkel. Kinders word groot met min ouerlike gesag (kyk par 4.2.5.2) en is van kleins af grootliks op hulself aangewese vir die internalisering van die tradisionele kultuur. Daarbenewens word kinders in die stede ook aan konflikterende kultuurnorme blootgestel. Van Niekerk en Bondesio (1989:119-122) is van mening dat hierdie konflikterende kultuurnorme sy oorsprong het in die kultuurdinamika waar die tradisionele kultuur in kontak kom met die geïndustrialiseerde westerse kultuur en geleidelik vanaf die tradisionele in 'n oorgangsfase oorbeweeg na die geïndustrialiseerde kultuur. Kenmerke van elk van die drie fases, sien soos volg daaruit:

- *Tradisionele fase* - Die tradisionele fase word gekenmerk aan 'n geïntegreerde lewenswyse met die klem op identifikasie met die groep, 'n bestaans ekonomie, hegte familiebande, 'n ongedifferensieerde tydsbewussyn en 'n eiesoortige taal en gesagstruktuur.
- *Geïndustrialiseerde fase* - Die geïndustrialiseerde fase word gekenmerk aan 'n individualistiese lewensuitkyk waar die klem op die individu, tegnologie, 'n kapitalistiese markge-oriënteerde sisteem en 'n kompetisiegerigte samelewing val. Die vryheid van

innovasie en oorspronklike denke word as die basis vir sosio-ekonomiese ontwikkeling gestel. In hierdie fase word 'n toekomsvisie wat gekenmerk word aan sinvolle, rasionele beplanning, voorsorg en inisiatief onontbeerlik.

- *Oorgangsfase* - Die oorgangsfase manifesteer deur die migrasie, of te wel akulturasië (kyk par. 1.5.4.6) van swart kulture van die tradisionele na die geïndustrialiseerde fase as gevolg van die aantreklikheid van die hoë materiële lewensstandaard van kulture in die geïndustrialiseerde fase (Glanz & Pretorius 1991:101). Teen die 1950's het swart kulture reeds fundamentele veranderinge nader na die Westerse kultuur ondergaan as gevolg van blootstelling en deelname aan die Westerse ekonomiese bedrywighede. Slegs 37% swart mense het teen die vyftigerjare nog die tradisionele leefomstandighede in die tuislande gehandhaaf (Malherbe 1977:546-548).

In die oorgangsfase bevind die jeug hul in 'n kulturele vakuum wat spruit uit 'n onvermoë en 'n verwardheid om 'n keuse te maak tussen die tradisionele gesagstrukture, groepnorme, optrede en religie aan die een kant en die eiesoortige sosiale en ekonomiese eise van die geïndustrialiseerde fase aan die ander kant.

Grootouers wat toesig en beheer oor die kinders in die afwesigheid van hul werkende ouers het, is nog aan die tradisionele kultuurnorme gebonde. Hierdie norme staan in direkte kontras met die norme van die geïndustrialiseerde westerse ekonomiese bedeling. Swart mense wat in die stede gebore is en geen ander lewenswyse as dié van die stad ken nie, het tot 'n soort geïndustrialiseerde westerse elite-middelklas ontwikkel. Hulle het die westerse kultuurpatroon deel van hul lewenswyse gemaak (Van Jaarsveld 1982:370). Wanneer grootouers in die tradisionele kultuurfase verkeer, ouers in die oorgangsfase en kinders in die geïndustrialiseerde fase, lei dit meesal tot 'n kultuurkrisis en uiteindelik tot 'n gesagskrisis tussen kinders en die res van die familie. Uiteindelik lei dit tot kulturele vervreemding.

Kulturele vervreemding veroorsaak dat die jeug onseker van hulself voel, waar behoort hulle nou eintlik, vir wie moet hulle luister. Tesame met talle ander onsekerhede in hulle lewe (kyk par. 4.2.1 tot 4.2.7) soek die jeug na sekerhede en vastighede wat dikwels in alternatiewe groepe gevind word. Kulturele vervreemding word deur die *The New Nation* (26 October 1990:6) uitgesonder as 'n belangrike rede vir die ontstaan van kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-

Afrika.

4.2.6.2 Kulturele deprivasie

Kulturele deprivasie het sy ontstaan in ouerhuise wat gekenmerk word aan 'n materiële en intellektuele ontoereikendheid: "Cultural deprivation can also have disastrous results ... a child brought up in a family which, because of poverty, missing parents or the low intelligence of parents, cannot provide security or sufficient emotional or intellectual stimulation may miss a significant stage in his early social development" (Mortimore & Blackstone 1982:43).

Gesien in die lig van die feit dat 'n groot gedeelte van die swart jeug, opgroei in 'n armoede geteisterde omgewing (kyk par. 4.2.3), waar ouers selde tuis is of waar kinders wees gelaat is as gevolg van die geweld in die swart gebiede en waar ouers ongeskoold is (kyk par. 4.2.7), kan die afleiding gemaak word dat kulturele deprivasie kenmerkend van die swart jeug se bestaan is. In 'n kulturele gedepriveerde omgewing is daar weinig geleentheid tot intellektuele stimulasie. Volgens Cross (1992:81) is "... delinquent cultural forms such as violence, brutality and intolerance (are) attributed to ... intellectual inferiority".

4.2.6.3 Anti-kind ingesteldheid

'n Hele aantal faktore werk mee tot die totstandkoming van 'n anti-kind ingesteldheid. In 'n kontemporêr-moderne tegnokratiese wêreld waar nihilisme, ulitarisme en materialisme aan die orde van die dag is (kyk par. 2.2.4.7), beleef die kind dat hy nie 'n regmatige plek in die samelewing inneem en sy talente optimaal aktualiseer nie. As gevolg van armoede staar kinders ondervoeding, swak behuising, swak mediese sorg, onvoldoende onderwysgeleentheid en ontoereikende gesinsverhoudinge in die gesig. In swart gemeenskappe word kinders ook blootgestel aan hervestiging, kinderarbeid, politieke onderdrukking, geweld en verbanning (Le Roux & Smit 1992:36).

In 'n milieu waarin 'n anti-kind kultuur bestaan, ontbreek intieme interpersoonlike verhoudings in gesins- en samelewingsverband wat die kernelemente vir 'n gebalanseerde opvoeding is. Alhoewel die samelewing voorgee om 'n voorstander van kinderregte soos die reg tot ouerlike sorg, sekuriteit en basiese gesondheidsorg te wees en kinders te beskerm teen mishandeling en

arbeidsmisbruike word kinders steeds aan betreurenswaardige omstandighede blootgestel (Le Roux 1995:165). Weens die anti-kind ingesteldheid beleef die jeug 'n verlies aan lewensekuriteit. As gevolg van sy antropologiese geneigdheid tot groepvorming (kyk par 2.2.3) skaar die jeugdige hom by 'n groep wat dieselfde verliesprobleme ervaar (kyk par. 3.2.1). In hul soeke na lewensekuriteit raak die jeug dikwels by allerlei ongure situasies en sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge betrokke.

4.2.7 Onderwyskundige faktore

Onderwyskundige faktore word deur die swart jeug aangegee as die belangrikste oorsaak vir hulle gevoel van frustrasie en gramskap (*Daily News*, 24 August 1990:17). Die redes daarvoor het 'n lang historiese aanloop wat kortliks ondersoek word om die afwysing van onderwys deur die swart jeug in konteks te plaas. Die afwysing van onderwys deur die swart jeug hou direk verband met die politieke beleid van segregasie (kyk par. 4.2.1. & 4.2.3). Daarvolgens is ook afsonderlike *onderwysgeriewe* vir die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika voorsien.

Kort na kolonialisering het die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1676 daarop aangedring dat daar skeiding in die onderwys op grond van kleurverskille ingestel moes word (Du Toit 1970:2-3). Na 1676 is slawekinders verbied om publieke skole by te woon en daar is afsonderlike geriewe vir slawekinders in die slawekwartiere van die Kompanje ingerig (Cruse s.a.:12). Die onderwys aan die plaaslike inboorlinge en Hottentotte is deur kerkskole of te wel sendingskole onderneem. Die eerste sendingskool is in 1737 in die Kaap gestig. Die standaard van die skole was nie baie hoog nie as gevolg van die swak bywoning van klasse. Die algemene gevoel onder die swart mense was dat formele onderwys irrelevant vir hul tradisionele bestaan was (Education Bureau - Department of Internal Affairs 1981:3-4). Sendingskole is ook swakker befonds as publieke skole met die gevolg dat ontoereikende fasiliteite 'n kenmerk van sendingskole was (Christie 1991:41). Die kulturele agtergrond van die swart mense is in die sendingskole op die agtergrond geskuif en westers-georiënteerde kurrikuluminhoude is aan swart mense onderrig (Ross 1967:4).

Tot dusver kan twee onderliggende faktore wat tot die onderwysuitbarsting in 1976 aanleiding gegee het, onderskei word:

- afsonderlike onderwysgeriewe met 'n verskil in standaard en befondsing vir die verskillende rassegroepe
- assimilasië, dekkulturering en omkkulturering (kyk par 1.5.4.1 tot 1.5.4.11) van die tradisionele swart kultuur na die geïndustrialiseerde westerse kultuur.

Teen die einde van die sewentiende eeu was skole nie volgens *wet* gesegregeerd nie: "Separation in education [was] quite natural as long as the different races tended to reside separately" (Education Bureau - Department of Internal Affairs 1981:1).

Die onderwys aan swart mense het na 1833 verbeter. Verbeterings was essensieel as gevolg van die afkondiging van *Ordonnansie 50* waarvolgens Hottentotte gelyke status met blankes ontvang het en die vrystelling van slawe in 1833. Blankes kon nie meer geredelik op die arbeid van swart mense staat maak nie. Die doel met die verbetering en vermeerdering van skole vir swart mense was "a way of 'instilling social discipline' ... but they also taught ... , obedience and the value of work" (Christie 1991:36). Blankes het swart mannekrag nodig gehad om verhoogde produksie en ekonomiese vooruitgang te verseker. Onderwys aan swart mense sou hiertoe 'n bydra lewer. Die kurrikulumdoelstellings in die swart skole is selfs aangepas om die swart mense op te lei " ... for the combination of manual training with elementary instruction and ... for the shaping of that elementary instruction so as to equip the native for a more intelligent comprehension of any industrial work that is set before him" (Hartshorne 1992:26).

'n Derde onderliggende faktor wat tot die 1976 onderwysuitbarsting aanleiding gegee het, kan vervolgens geïdentifiseer word:

- Die doel met swart onderwys was om swart mense op te lei om hoofsaaklik ongeskoolde arbeid in die industrieë te verrig. In effek kom dit daarop neer dat swart onderwys minderwaardig teenoor blanke onderwys gestel is.

In 'n ondersoek na toestande in swart onderwys in 1935 het die Welsh-kommissie bevind dat:

- ekonomiese hulp van die staat aan blanke onderwys 10 keer meer was as die hulp aan swart onderwys

- 70% swart kinders van skoolgaande ouderdom woon nie skole by nie
- die skoolleefyd van 'n kind wat wel skool bywoon, was korter as drie jaar
- die hoë syfer van jeugmisdaad onder swart jeugdiges kan toegeskryf word aan die bevinding dat die meerderheid swart leerlinge nie verder as standerd een gevorder het nie
- die leerlinge wat wel skole bygewoon het, het nie die nodige onderwysfasiliteite tot hulle beskikking gehad nie
- die swart skole was oorvol en daar was 'n tekort aan personeel
- die standaard van onderwys in blanke en swart skole het kommerwekkend verskil (Hartshorne 1992:28-29; Behr 1988:29-32).

Daar is nie veel aan die bevindinge van die kommissie gedoen nie aangesien die finansiële implikasies daarvan nie haalbaar was in die lig van die toename in die getalle van die swart skoolgaande jeug nie (Hartshorne 1992:30). Met die inwerkingtrede van die *Bantoe Onderwyswet Wet 47 van 1953* (Republiek van Suid-Afrika 1953) is die ingeslane weg van segregasie tussen rasse opnuut bevestig deur die woorde van die toenmalige minister van Bantoe Onderwys, Hendrik Frensch Verwoerd (1901-1966): "Bantu education should have its roots entirely in the native areas and in the native environment and in the native community" (Republiek van Suid-Afrika in Malherbe 1977:546). Onderwys aan swart mense was ook nie gratis en verpligtend soos in die geval van blankes nie (Glaser 1988/9:4).

Die ongelykheid in onderwysvoorsiening is nie deur swart mense gelate aanvaar nie. Georganiseerde onderwysopstande het in die twintigste eeu 'n algemene gesig geword. In die twintigerjare is stakings en opstande deur swart skoliere by Kilnerton Opleidingsentrum en Lovedale Sendingskool gerapporteer (Christie 1991:223-227). In die vyftigerjare het opstande teen die swak onderwystoestande 'n klemverskuiwing ondergaan. Opstande het 'n duidelik georganiseerde en politieke kleur begin kry. Die ANC en die Non-European Unity Movement (NEUM) het opposisiegroepe gevorm en onderwysers en leerlinge by hul veldtog teen Bantoe Onderwys betrek (Lodge 1985:118). Betogings, opstande en stakings het in die sestigerjare

momentum gekry en is in die sewentigerjare aangeblaas deur die BCM (Christie 1991:235; Motlhabi 1987:118-119).

Die gebeure in Soweto in Junie 1976 het sy oorsprong in 1975 gehad met die afkondiging dat naas moedertaalonderrig in nie-eksaminerende vakke, alle akademiese vakke in Afrikaans of Engels op gelyke basis in swart skole aangebied moes word (Republiek van Suid-Afrika 1980:41-42). Opvoedkundiges en swart politici was heftig teen hierdie beleid gekant. Op 16 Junie 1976 is 'n massa-optog deur die strate van Soweto gehou. Die polisie het ingegryp en 'n twaalfjarige seun Hector Peterson, is noodlottig gewond (Republiek van Suid-Afrika 1980:111-119). Die insident het grootskaalse geweldpleging aan die gang gesit en geweld het soos 'n veldbrand oor die hele land versprei. Alhoewel Afrikaans daarna as verpligte medium opgeskort is en meer fondse vir swart onderwys beskikbaar gestel is, het die veranderinge nie die drastiese omkering van Bantoe Onderwys of "gutter education", soos dit bekend geword het, getoon wat verwag is nie (Christie 1991:245-247). Swart onderwysvoorsiening- en geleenthede was steeds gesegregeerd en ongelyk.

Tot aan die einde van 1981 is swart onderwys deur wegbly-aksies geteister. In die tydperk 1980-1984 het die leiers van studente-organisasies hul volgelinge op vergaderings en kongresse aangemoedig en gemobiliseer om verdere weerstand teen Bantoe Onderwys te bied. Die opstandiges wou die stryd teen die regering wen. Die slagspreuk, "Liberation Now, Education Later" en "People's Education for People's Power", was tekenend van die grootskaalse onderwysontevredenheid wat geheers het (Education in South Africa 1988:22-25).


Met byna twee jaar van onderrig wat in die vroeë tagtigerjare verlore gegaan het en skoolterreine wat in oorlogsterreine omskep is, was skoliere vasbeslote om nie die stryd vir dit waarin en waaraan hulle geglo het, gewonne te gee nie. Teen die einde van 1986 het die Departement van Onderwys en Opleiding (DOO) ongeveer 73 swart skole gesluit omdat bykans 70% van die DOO-skole deur stakings en onrus ontwrig is. Ongeveer 250 000 swart leerlinge en studente het daarna met verdere wegbly-aksies begin. Teen 1988 is 900 DOO-skole deur die onderwysonrus geraak. Die matriekslaagsyfer in 1989 van 42% het ook groot ontevredenheid veroorsaak (Christie 1991:286-295).

Met die swart onderwysstelsel wat in duie gestort het, gaan baie swart jeugdige glad nie of slegs periodiek skool toe. Daar is na beraming vier miljoen Suid-Afrikaners wat nie by formele onderwys kon baat nie. Daar is ongeveer 1,7 miljoen swart jeugdige van skoolgaande ouderdom wat huidig nie skool gaan nie en 'n verdere 1,7 miljoen onder die ouderdom van dertig jaar wat oor die afgelope dekade deel van die uitvalsyfer geword het. Tussen 500 000 en 600 000 ander was nooit op skool nie. Die klein groepie swart kinders wat 'n magdom struikelblokke oorkom en uiteindelik matriek slaag, is nie veel beter daaraan toe nie. Ten spyte van hulle matriekwalifikasie is hulle steeds nie in staat om 'n werk te bekom nie (*De Kat* 1991:42): "The overwhelming majority is relegated to the ranks of a growing marginalised youth population. Education has been unable to provide clear connections between schooling and the job world, and has remained ineffective in enhancing the social advancement of youth (Mokwena 1992:33).

Sommige jeugdige verlaat die skool weens 'n gebrek aan volharding te midde van omstandighede en is ledig, verveeld, verwaarloos en 'n maklike prooi vir diegene wat daarop uit is om die jeug vir eie gewin te gebruik of te misbruik. Wanneer jeugdige na hul portuur kyk en sien dat sommiges ekonomiese vooruitgaan deur dwelmsmokkelary of handel in gesteelde voertuie word die nodigheid van 'n matrieksertifikaat bevraagteken. Die "voordele" van betrokkenheid by 'n kontrakulturele jeuggroep word 'n aantreklikheid wat min in staat is om te weerstaan (*Sowetan*, 21 August 1992:12).

Elk van die bovermelde faktore wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, veronderstel 'n selfstandige navorsingstema. Daar is egter kortliks en geselekteerd aangetoon wat volgens eie mening die uitstaande faktore is wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee. Die aantal en intensiteit van die faktore waaraan die individu blootgestel word, rig 'n appél tot sy vlak van frustrasie, gevoel van magteloosheid en aggressie.

Diagram 8 (p. 151) is 'n diagrammatiese voorstelling van die faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee. Die diagram vertoon ook die gedragsmanifestasies van die verskillende jeuggroeperinge soos in paragrawe 4.2 tot 4.7 uitgewys.



Vervolgens word die verband tussen die verklaringsteorieë vir die ontstaan van gewelddadigheid by kontrakulture (kyk par. 3.3.8) en die faktore wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, ondersoek.

4.3 DIE VERBAND TUSSEN DIE VERKLARINGSTEORIEË VIR DIE ONTSTAAN VAN GEWELDDADIGHEID BY KONTRAKULTURE EN DIE FAKTORE WAT TOT DIE ONTSTAAN VAN SUB- EN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE AANLEIDING GEE

Daar bestaan 'n wye verskeidenheid teorieë wat die verskynsel van gewelddadigheid by kontrakulture probeer verklaar. Enkele van hierdie teorieë is in paragraaf 2.4.6 bespreek. Om eensydigheid in die verbandlegging tussen die verklaringsteorieë en die geïdentifiseerde faktore wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, te vermy, mag die verklaringsteorieë nie in isolasie gesien word nie. In die poging tot verbandlegging word teorie en praktyk teenoor mekaar gestel om te verseker dat teorie nie net abstrahering bly nie, maar werklik 'n praktykverklaringsfunksie het. Teorie word vervolgens met praktyk in verband gebring.

4.3.1 Koloniale-teorie van F Fanon

Volgens hierdie teorie (Fanon 1963:29)

- het gekoloniseerde persone 'n ongewone gereedheid, bereidheid en gewilligheid om tot gewelddadige optrede oor te gaan.
- word geweld deur ekonomiese deprivasie aangemoedig.
- word geweld deur kulturele deprivasie aangemoedig.
- word geweld aangeleer aangesien bewindhebbers geweld gebruik om in beheer te bly.

Alhoewel Suid-Afrika in 1910 'n Uniale regeringsvorm tot stand gebring het, was die nalatenskap van Britse kolonisasie steeds kenmerkend deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Eers met Republiekwording in 1961 het die blanke Suid-Afrikaner alle bande met sy Britse voorgangers verbreek. Dieselfde kan nie van swart mense gesê word nie. Swart mense in Suid-Afrika is nie saam met hul blanke volksgenote in 1961 *gedekoloniseer* nie, maar as't ware eers in 1994 na die demokratiese verkiesing toe swart mense van hulle "koloniale" onderdaanskap "onthef" is. Die teorie van Fanon is derhalwe ook op die swart mense van Suid-Afrika van toepassing.

Die politieke, demografiese, ekonomiese, sosiale, kulturele en onderwysfaktore wat as ontstaansredes vir sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aangesny is (kyk par. 4.2), het die "kolonisering" van swart mense meegebring. Die verowering, besetting en onteiening van grond het die "koloniale status" van swart mense ingelui. Die politieke beleid van segregasie het "koloniale onderdane" van swart mense gemaak. Werkreservering, diskriminasie en die oneweredige besteding van staatsgeld, het swart mense in 'n ekonomiese krisis en armoede gedompel. Volgens Fanon dra al bogenoemde faktore by tot geweld. Hierdie standpunt van Fanon is in paragrawe 3.2.1 tot 3.2.6 as 'n werkbare verklaring vir gewelddadigheid uitgewys. Ekonomiese gedepriveerdheid lei ook daartoe dat individue 'n stadium bereik waarin tot lydelike verzet oorgegaan word. Politieke, ekonomiese en kulturele deprivasie werk 'n gevoel van hulpeloosheid en frustrasie in die hand en geweld word dikwels as die enigste uitweg beskou. Voorts het die gebruikmaking van geweld veral deur die Suid-Afrikaanse sekuriteitsmagte om geweld in die swart woongebiede in die sewentiger- en tagtigerjare te bekamp, as voorbeeld gedien vir 'n houding van "so maak mens as jy iets gedoen wil hê". Kontrakulturele jeuggroeperinge het in navolging hiervan geweld as die enigste uitweg beskou ter bereiking van hul doelstellings.

Samevattend blyk dit dat daar 'n duidelike verband tussen die koloniale-teorie van Fanon en die ontstaansredes vir kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika te vinde is.

4.3.2 Ras-en-ekonomiese beperkingsteorie van L A Curtis

Volgens hierdie teorie (Curtis 1975:18)

- word manlikheid onder swart mense, wat deur ekonomiese deprivasie afgebreek is, deur gewelddadige optrede herstel.

Werkreservering, diskriminasie en migrante-arbeid werk ekonomiese- en sosiale deprivasie in die hand sodat manlike persone wat tradisioneel die broodwinners is, nie meer in die behoeftes van hulle gesinne kan voorsien nie. Werkreservering en selfs diskriminasie het tot gevolg dat die man wat bedags tradisioneel by die werk moet wees, nou tuis is. Dit lei tot 'n aftakeling van manlikheid. Misdaad en geweld het toenemend 'n oplossing onder jong swart mans geword om die frustrasie en konflik van 'n deprivende ekonomiese bestaan te beveg en "poor black teenagers with little education and low selfesteem resort to macho displays of violence to preserve a twisted sense of dignity" (Calhoun 1988:10).

Daar kan dus 'n duidelike verband gelê word tussen die ras-en-ekonomiese beperkingsteorie van L A Curtis en die ontstaansredes vir kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika.

4.3.3 Populasie-grootte-kweek-onkonvensionaliteit-teorie van C S Fischer

Volgens hierdie teorie (Fischer 1975:1323)

- vermeerder die aantal subkulture, hoe groter die populasie in stedelike gebiede.
- verhoog die diffusie tussen subkulture, hoe groter die populasie.
- kan die grootte van die populasie en die gepaardgaande verhoogde diffusie direk met onkonvensionele gedrag verbind word (waaronder die aanvaarding van geweld as 'n aanvaarbare wyse om verandering mee te bring).

Verstedeliking en segregasie het meegebring dat miljoene swart mense in swart woongebiede 'n tuiste gevind het. Steeds stygende ekonomiese deprivasie in die landelike gebiede het 'n

toestroming na die stede veroorsaak waardeur die populasiegrootte in stedelike gebiede aansienlik vergroot is. 'n Wye verskeidenheid sub- en kontrakulture het as gevolg daarvan ontstaan en oefen duidelik 'n invloed op die oorbevolkte populasie in swart woongebiede uit. Insgelyks stel kulturele en religieuse vervreemding (kyk par. 4.2.5.8 & 4.2.6) individue aan alternatiewe waardes en norme bloot. Die kultuur gedepriweerde jeugdige binne 'n anti-kind kultuur, bevrat die sinvolheid van sy tradisionele waardes en norme. 'n Verwerping van sy tradisionele waardes en norme vind geleidelik plaas en histories ongeoorloofde gedrag, soos geweld, word aanvaarbaar.

Daar kan 'n duidelike verband gelê word tussen die populasie-grootte-kweek-onkonvensionaliteit-teorie van Fischer en die ontstaansredes vir kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika.

4.3.4 Anomie-teorie van R K Merton

Volgens hierdie teorie (Merton & Nisbet 1976:73)

- ontstaan spanning as gevolg van die beperking wat geplaas word op deelname aan geïnstitusioneerde middele in die samelewing.
- word misdaad en gepaardgaande gewelddadigheid aan bogenoemde beperking gekoppel.

Die beleid van segregasie kan beskou word as 'n maatreël waardeur die geïnstitusioneerde deelname van sekere groepe in die samelewing beperk is. Ideale en doelstellings wat as gevolg van die beleid van segregasie nie deur swart mense verwesenlik kon word nie, het 'n ambisieblokkasie meegebring. Die bevrediging van hulle ambisies is derhalwe op sosiaal onaanvaarbare wyses, soos geweld, bekom. In die lig van die bostaande is 'n verbandlegging tussen die anomie-teorie van R K Merton en die ontstaansredes vir kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika moontlik.

4.3.5 Instinktoïde-teorie van A Maslow

Volgens hierdie teorie (Maslow 1970:103)

- beskik elke individu oor bepaalde behoeftes in 'n bepaalde rangorde.
- is die bevrediging van die behoeftes op 'n laer vlak 'n voorwaarde vir die bevrediging van behoeftes op 'n hoër vlak.
- kan individue hul tot misdaad en geweld wend ten einde behoeftes wat onbevredig gelaat is, te bevredig (Prinsloo 1991:198).

Ekonomiese en sosiale deprivasie het tot gevolg dat die mees basiese behoeftes van die mens, naamlik fisiese behoeftes soos kos, klere en behuising nie bevredig word nie. In die swart woongbiede waar 68% van die inwoners onder die sogenaamde "brood"-lyn leef, is voedselvoorsiening, behuising en kleding onvoldoende of ontbreek selfs in sommige gevalle. Misdaad en geweld waaronder gewapende roof en moord, word 'n wyse om inkomstes aan te vul en frustrasies te ontlai (Peacock & Theron 1992:29). So byvoorbeeld is daar op 18 Julie 1995 by die kantore van die Nelson Mandela Kinderfonds in Waverley, Pretoria ingebreek. Die boodskap teen die mure was: "Jammer, maar ons was honger" (*Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie*, 19 Julie 1995).

Ook in hierdie geval is daar 'n aantoonbare verband tussen die instinktoïde teorie van Maslow en die ontstaansredes vir kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika. Dit moet weer eens beklemtoon word dat bogenoemde verklaringsteorieë in samehang 'n vollediger beeld bied van die verband tussen die sosiale predisposisie van swart jeugdige wat hulself in kontrakulturele jeuggroeperinge bevind en gewelddadigheid.

Uit paragraaf 4.2 en 4.3 is dit duidelik dat sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge ontstaan het uit die werklikheid en realiteit waarin die jeug opgroei. Sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge toon 'n duidelike historiese ontwikkeling en groei. Hierdie ontwikkeling word vervolgens ondersoek.

4.4 DIE ONTWIKKELING EN GROEI VAN SUB- EN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE IN SUID-AFRIKA

Die ontwikkeling en groei van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge onder die swart jeug in Suid-Afrika, kan in sewe fases ingedeel word (Cross 1992:198-205)

- Die verbrokkeling van voor-koloniale etniese kulture (1884-1939)
- Die ontstaan van stedelike swart kulture (1939-1955)
- Die ontstaan van 'n stedelike werkersklas jeugkultuur (1955-1976)
- Die toenemende sigbaarwording van kontrakulturele jeuggroeperinge en politieke weerstand (1950-1976)
- Die ontwikkeling van 'n jeugweerstandsbeweging (1976-1985)
- Die krisis rondom jeugweerstandsbewegings en die herverskyning van kontrakulturele jeuggroeperinge (1985-1990)
- Die verskyning van konformerende en middelklas subkulturele jeuggroeperinge (1985-1995)

4.4.1 Die verbrokkeling van voor-koloniale etniese kulture (1884-1939)

Die industriële revolusie in Suid-Afrika teen die einde van die vorige eeu het weliswaar 'n impak op die tradisionele kulture en gesinsamestelling van swart mense gehad. Die reservaatbeleid, migrasie-arbeid, die blootstelling aan kapitalisme en veranderde sosiale waardes en norme as gevolg van verstedeliking, het die geleidelike verbrokkeling van voor-koloniale etniese kulture in die hand gewerk. Ten spyte van bogenoemde omstandighede het daar nie 'n noemenswaardige sigbaarwording van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in die tydperk 1884 tot 1939 plaasgevind nie.

Wolpe (1972:435) se "dissolution/conservation"-teorie bied 'n werkbare verklaring daarvoor. Die gedeeltelike voortbestaan van voor-kapitalistiese etniese strukture in die landelike gebiede het die algehele verbrokkeling van etniese kulture (as gevolg van verstedeliking) en arbeidsprobleme (soos 'n werklose stedelike jeug), teengewerk. Tradisionele etniese strukture kon die ontspoorde jeug herabsorbeer en die vorming van kontrakulturele jeuggroeperinge stuit.

4.4.2 Die ontstaan van stedelike swart kulture (1939-1955)

Mettertyd het die getalle mans en vroue wat vanaf die landelike gebiede en die reservate na die stede verhuis het, toegeneem. Die konsentrasie van verskeie etniese-, klasse- en migrantegroepe in swart woongebiede het die ontstaan van 'n redelik stabiele stedelike proletariaat, wat die oorsprong van 'n swart stedelike kulture was, tot gevolg gehad (Cross 1992:198-200).

4.4.3 Die ontstaan van 'n stedelike jeug werkersklaskultuur (1955-1976)

Die swart stedelike kulture het met verloop van tyd, soos meer ekonomies desperate swart mense hul in die stede kom vestig het, onder neerdrukkende en beperkende omstandighede ontwikkel en gegroei. Hierdie faktore is breedvoerig in paragraaf 4.2 bespreek en kan opsommenderwys soos volg saamgevat word:

- die onstabiliteit van die swart stedelike gesin
- die afwesigheid van gesins- en sosiale dissipline
- algemene armoede onder swart mense
- werkloosheid
- oorbevolking in die woongebiede en in huise
- ondervoeding
- die migrasie-arbeid wat gesinslewe laat verbrokkel
- buite-egtelike kinders
- onvoldoende onderwysvoorsiening
- oorbevolkte klaskamers
- hoë uitvalsifers onder skoolgaande jeugdiges.

'n Algehele gevoel van frustrasie en die ontwikkeling van metodes, soos misdaad om te oorleef, het deel van die stedelike swart jeug se lewe geword. Jeugbendes of kontrakulturele jeuggroepering het natuurlikerwys uit bovermelde gedepriveerde en dehumaniserende omstandighede ontwikkel. Waar swart mense hulle frustrasie teenoor hulle omstandighede in die twintigerjare in sjebeens en deur tradisionele danse probeer hanteer het, het kriminele optrede in die vyftigerjare die ontvlugting van frustrasie en magteloosheid geword. *Tsotsis* of kontrakulturele jeuggroeperinge het begin om die beheer van swart woongebiede oor te neem. Onstabiliteit was aan die orde van die dag (Glaser 1992:48; Seletela 1995): "*Tsotsi* culture was a culture manufactured on the streets where black urban youths spent most of their leisure time because of the absence of other outlets into which their energies could be channelled" (Cross 1992:200-201).

4.4.4 Die toenemende sigbaarwording van kontrakulturele jeuggroeperinge en politieke weerstand (1950-1976)

Die laat veertiger- en vyftigerjare is deur 'n groeiende militantheid onder swart Suid-Afrikaanse politiekbewuste jeugdiges gekenmerk. Die stigting van die ANC Jeug Liga in 1944 het 'n groot aantal, skoolgaande jeugdiges, by die bevrydingsstryd betrek (Glaser 1988/9:2). Die reeds bestaande kontrakulturele jeuggroeperinge of straatbendes is deur die politiek bewustes as "a potentially powerfull resource in wider political struggles" (Bonner 1988:393-420) beskou omdat die straatbendes vanuit agtergrond van anti-sosiale gedrag, uittarting en selfhandhawing kom deur hulle straatlewe. Jeugbendes is vanweë hulle anti-normatiewe en anti-samelewingsgedrag toenemend by politieke weerstandsbewegings betrek.

'n Aspek wat reeds genoem is, maar wat teen die 1976-opstande sy volle konsekwensies bereik het, was die aanwending van die straatbendes se waagmoed, avontuurlus, selfvertroue en gevoel van manlikheid (wat uit die pleeg van ongeoorloofde dade spruit). Die Soweto-opstande het vir die meerderheid jeugdiges die kans gebied om hulself te laat geld en hul persoonlike kwaliteite te toets. Dit was dan ook die jeugdiges wat voorheen aan straatbendes behoort het wat in die voorste linie van politieke protes geplaas is aangesien hulle die beste kandidate was om byvoorbeeld polisiestasies aan te val en weermagvoertuie aan die brand te steek. Die voormalige bendelede is as buffer gebruik omdat hulle gewoon was aan ontberings van allerlei aard. Te midde van hierdie gees van geweld was dit geensins 'n moeilike taak om die nie-aktiewe middel-

klas jeugdige ook te betrek nie (Cross 1992:203).

4.4.5 Die ontwikkeling van 'n jeugweerstandsbeweging (1976-1985)

Teen die laat sestigerjare is 'n proses aan die gang gesit waarin bestaande kontrakulturele jeuggroeperinge toenemend in politieke weerstandsbewegings geïntegreer is. Drie faktore het hierin 'n rol gespeel (Cross 1992:201-203):

- *Die BCM, met sy filosofie dat swart mense hulle eie toekoms moet bepaal, het as hoop en trekpleister gedien* - Die BCM het 'n politieke en kulturele bewusmaking onder die swart jeug begin waarin wit superioriteit en swart-wit afhanklikheid verwerp is. Hierdie gedagte het politieke weerstandsbewegings en straatbendes kragte laat saamsnoer.
- *Die uitbreiding van sekondêre onderwys het 'n groot gedeelte van die voorheen nie-skoolgaande jeug waaruit die kontrakulturele jeuggroeperinge bestaan het, geabsorbeer* - Dit het meegebring dat politieke weerstandsbewegings en straatbendes in dieselfde klasse beland het en blootstelling was onvermydelik. Aangevuur deur aangeleenthede soos oorvol klaskamers, onvoldoende onderwysfasiliteite en ontoereikende gekwalifiseerde onderwysers, het 'n landswye jeugweerstandsbeweging ontstaan (Kane-Berman 1991:43).
- *Die konsolidering van kragte tydens die Soweto-opstande in 1976* - Die Soweto-opstande het die politieke weerstandsbewegings en die straatbendes op so manier verenig dat dit al moeiliker geword het om tussen die doelstellings van die politieke weerstandsbewegings en dié van die straatbendes te onderskei: "They both had similar expectations in their future: unemployment and the harsh conditions their parents had been forced to live in. Typical gang violence tended to be replaced by political violence in response to growing state repression. School grounds became not just a battle field against the symbols of oppression but also a *melting-pot* where a variety of youth subcultures (school cultures, student movements and street subcultures, etc.) combined to form a *national youth resistance culture* (kursifering - CM)" (Cross 1992:203).

Teen 1985 het die politieke weerstandsbeweging en die straatbendes kragte saamgesnoer en 'n nasionale jeugweerstandsbeweging gevorm.

4.4.6 Die krisis rondom jeugweerstandsbewegings en die herverskyning van kontrakulturele jeuggroeperinge (1985-1990)

Die tydperk 1985-1990 is gekenmerk deur verskerpte polisie-optrede, 'n leierskap en organisatoriese krisis in die jeuggroeperinge, die toenemende marginalisering van jeuggroeperinge, die herverskyning van straatbendes en die opkoms van 'n middelklas jeugsubkultuur.

Na die afkondiging van 'n noodtoestand in 1985 het die regering sy strategie om kontrakulturele jeuggroeperinge openlik en gewelddadig aan bande te lê, verander na 'n verlaagde intensiteit van konflikterende optrede. In die praktyk het dit daarop neergekom dat die leierskap van die jeuggroeperinge geëlimineer moes word, sonder om die massas te betrek (Cross 1992:204). Cross (1992:204) noem dat "*curiously* (kursifering - CM) this shift also inaugurated the emergence of vigilante groups in South Africa, violent reactionary groupings operating in black communities to neutralise individuals or organisations that opposed the apartheid system". Enkele van hierdie groepe was die *Phakatis* in Thabong, *Amabutho* in Umlazi en die *Witdoeke* in Crossroads. Hierdie groepe het die jeugweerstandsbewegings binnegedring, hulle organisasie omver gewerp en die leierskap geëlimineer. Die beheer wat die jeuggroeperinge oor hul volgelinge uitgeoefen het, het geleidelik verdwyn en in hierdie lugleegte het die straatbende-verskynsel weer sy kop uitgesteek.

'n Aspek wat die straatbende-verskynsel vinniger laat groei het, was die gees van militaristiese ingesteldheid en die opkoms van jeugdige soldate of te wel "*Young Lions*". Hierdie groep was egter onbeheers en kontraproduktief en het dikwels buite die opdragte van die jeugweerstandsbeweging opgetree. Hulle het meesal in straatgevegte waarin honderde lewens geëis is, met die sekuriteitsmagte betrokke geraak. Sodoende het die swart woongebiede verder onregeerbaar geword (Webster 1988:191).

Die kontrakulturele straatbende het weer eens 'n gevoel van outonomieit verkry en in die proses skoolkinders, veral meisies (Glaser 1992:58), studente- en politieke jeugleiers geterroriseer. Dié groep, wat as die *com tsotsis* (of *ex-comrades*) bekend gestaan het, het volgens Cross (1992:206) die potensiaal "(to) easily enter into agreements or partnership with the authorities in policing the townships and doing the dirty work of the police". Alhoewel sporadiese samewerking tussen die

straatbendes en polisie voorgekom het, kon die polisie nie algehele beheer oor die kontrakulturele optrede van die straatbendes uitoefen nie (Pinnock 1984:105). Die vermydingstaktiek van die straatbendes kan toegeskryf word aan die groter mate van geskooldheid en politieke bewustheid van die bendes van die jare tagtig teenoor dié van die jare vyftig.

4.4.7 Die verskyning van konformerende en middelklas subkulturele jeuggroeperinge (1985-1995)

'n Belangrike verskyning onder die swart jeug in die tydperk 1985 tot 1995 is die ontwikkeling van 'n middelklas subkultuur wat gekenmerk word aan elitisme, liberalisme, persoonlike outonomie en politieke afsydigheid. Faktore wat die ontwikkeling van dié subkultuur in die handgewerk het, was die volgende:

- *Die gedrag, waardes en veranderde lewensuitkyk wat jeugdiges wat gedesegegreerde en privaatskole bywoon na die swart buurtes oordra - Veral privaatskole moedig individualisme in plaas van kollektiwisme aan, kompetisie in plaas van samewerking, persoonlike beheer in plaas van aanvaarding. Jeugdiges wat aan hierdie nuwe lewenstyl blootgestel is, is geneig om fluks, konsensieus en gehoorsaam te wees. Dit is alles opvoedingsaangeleenthede wat vir 'n lang tydperk in die swart woongebiede afwesig was. Jeugdige in privaatskole het 'n voorkeur vir nie-tradisionele kultuuruitinge, ontspanning en stokperdjies. Sodoende bevind die jeugdige hulle inderwaarheid in 'n gemarginaliseerde subkultuur aangesien hulle vreemd staan teenoor ander tydgenote in die swart woongebiede (Cross 1992:207).*
- *Die strukturele veranderinge wat die staat in die swart woongebiede aanbring, het ook 'n effek op 'n veranderde lewensuitkyk - Die bevordering en aanmoediging van hoë-inkomste behuising en die gepaardgaande sosiale status van ouers, het 'n diepgaande invloed op die persepsies van die jeug (Cross 1992:207).*
- *Toenemende werkseleenthede verander die lewensuitkyk van jeugdige - Luukshede soos radios en televisies word meer bekostigbaar as gevolg van 'n beter inkomste. Persoonlike aansien en prestige word belangrike sake (Cross 1992:207-208).*

'n Nuwe middelklas subkultuur het sedert die middel van die tagtigerjare in swart woongebiede ontwikkel en 'n gees van "a celebration of the present over the past, the subjective over the objective, the personal over the positional" (Bernstein 1975:33) tot gevolg gehad.

4.5 SAMEVATTING

Politiese faktore het sedert kolonisasie aanleiding gegee tot gedepriveerde ekonomiese, demografiese, sosiale, kulturele en onderwysomstandighede in swart woongebiede. Hierdie faktore het daartoe bygedra dat die swart jeug op 'n vroeë leeftyd, oorlewingsmeganismes moes ontwikkel aangesien behuising, voldoende geld en 'n normale gesinslewe nie deel van die groot word proses van swart jeugdiges was nie. Die maklikste uitweg en ook die mees belonende was om by misdaad, soms ook geweld, betrokke te raak. Die gevoel van outonomieit wat jeugdige wat in kontrakulturele jeuggroeperinge saamtrek, beleef deur die pleeg van misdaad, geweld en ideologiese invloede, veroorsaak dat daar 'n kontrawaarde- en normstruktuur ontwikkel wat gedrag rig. Hierdie kontrawaarde- en normstruktuur maak kontrakulturele jeuggroeperinge onbevrees, nie-sentimenteel en seker van hul krag.

Daar is 'n positiewe korrelasie tussen die verklaringsteorieë vir gewelddadigheid by kontrakulture en die faktore wat tot die ontstaan van kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika aanleiding gee. Die koloniale-teorie van F Fanon, wat konstateer dat gekoloniseerde persone 'n ongewone gereedheid en gewilligheid openbaar om tot gewelddadige optrede oor te gaan, kan in die praktyk bevestig word. Swart mense wat tot en met 1994 as gekoloniseerde onderdane van die blanke gereken kan word, leef in gedepriveerde en onderdrukkende omstandighede. Hierdie neerdrukkende omstandighede werk 'n gevoel van hulpeloosheid en frustrasie in die hand en geweld word dikwels as die enigste uitweg beskou.

Die ras-en-ekonomiese beperkingsteorie van L A Curtis het ook praktyksegwaarde. Curtis is van mening dat manlikheid onder swart mense wat deur ekonomiese deprivasie afgebreek is, deur gewelddadige optrede herstel word. Die statistieke ten opsigte van ekonomiese deprivasie onder swart mense korreleer positief met die toename in misdaad en geweld. Die deelname aan gewelddadige optrede word as 'n poging beskou om verlore aansien te herstel.

Die populasie-grootte-kweek-onkonvensionaliteit-teorie van C S Fischer gaan van die standpunt uit dat die grootte van die populasie in 'n woonbuurt, onkonvensionele gedrag soos die pleeg van misdaad en geweld, vergroot. Gesien in die lig van die oorbevolking in swart woongebiede is die blootstelling aan 'n verskeidenheid waarde- en normstrukture natuurlik. Indien beïnvloeding plaasvind, vind 'n herorganisering van individuele waarde- en normstrukture plaas en word met kontrawaarde- en normstrukture, wat geweld as normaal beskou, geassosieer.

Die anomie-teorie van R K Merton kan ook tot die praktyk deurgetrek word. Indien 'n beperking geplaas word geïnstusionaliseerde deelname van watter aard ook al, ontstaan konflik. Geïnstusionaliseerde deelname kan dan feitlik net deur sosiaal onaanvaarbare gedrag verkry word. Die instinktoëde teorie van A Maslow, wat konstateer dat individue tot misdaad en geweld kan oorgaan om behoeftes wat onbevredig gelaat is te bevredig, kan ook in die praktyk van waarde wees. As gevolg van die ekonomiese, sosiale en demografiese deprivasie, wend jeugdige hul dikwels tot geweld om kos en geld in die hande te kry. Die teorieë van Fanon, Curtis, Fischer, Merton en Maslow korreleer positief met die faktore wat tot die ontstaan van kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee.

Die faktore wat tot die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, is sinoniem aan die werklikheid en realiteit waarin die swart jeug opgroei. Die groei en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge het die werklikheid en realiteit van die swart jeug as voedingsbron benut. Die werklikheid en realiteit waarin die swart jeug opgroei, het sedert die begin van die twintigste eeu bepaalde veranderinge ondergaan. Teen die draai van die eeu kon die tradisionele swart kulture, wat as gevolg van die industriële revolusie tekens van verbrokkeling getoon het, weliswaar volhou om maatskaplike, ekonomiese en politieke probleme te absorbeer. Verstedeliking het die tradisionele swart kultuur teen die veertigerjare in so 'n mate laat verbrokkel dat die ontwikkeling van 'n swart stedelike proletariaat onvermydelik was. Die tradisionele kulture was as gevolg van die invloede van verstedeliking nie meer in staat om as kulturele ondersteuningsbasis te dien nie. Te midde van die gedepriveerde ekonomiese, sosiale, demografiese, kulturele en onderwysomstandighede, het die swart stedelike jeug gesukkel om te oorleef. Sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge het toenemend psigiese en fisiese ontvlugting vir die jeug gebied. Geweld en misdaad het 'n lewenswyse geword vir jeugdige van wie gesinne, gesag en kultuur verbrokkel het, kos en klere minimaal was en onderwys en religieuse ondersteuning ontoereikend was.

Politiese weerstandsbewegings het in kontrakulturele jeuggroeperinge die potensiaal gesien om op militante wyse politieke griewe te lug en in die vyftiger- tot die tagtigerjare is die swart jeug verenig in 'n kontrakulturele jeugweerstandsbeweging. Die disorganisasie van die kontrakulturele jeugweerstandsbewegings in die middel tagtigerjare, het die afsplitsing van die straatbende tot gevolg gehad. Die straatbende het teen die begin negentigerjare 'n vreesaanjaende en plofbare mag geword vanweë hulle ervaring met militante politieke kontrakulture.


Verbeterde politieke, ekonomiese en onderwysomstandighede het sedert die middel tagtigerjare tot die ontwikkeling en groei van middelklas subkulturele jeuggroeperinge gelei. Die bywoning van privaatskole, verbeterde werksgeleenthede en die opheffing van swart woongebiede het tot die ontstaan van 'n nuwe toekomsblik gelei waarin die verlede afgeskud is en die toekoms met verwagting tegemoet gegaan word.

Die onderwys het egter onberekenbare skade deur die aanslag van kontrakulturele jeuggroeperinge gely. In hoofstuk 5 word daar ondersoek ingestel na die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge op die onderwys.

5

Die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge op die onderwys

*" ... exposure to civil strife is emotionally hurtful to youth. Every person has his or her breaking point and those who survive civil strife are those lucky enough not to have been taxed to this point"
(Straker 1992:142).*



5.1 INLEIDING

'n Onderwysstelsel se grootste verantwoordelikheid is die oordraging van kennis, waardes en vaardighede. Die oordraging van *kennis* behels nie net die oordraging van feitlikhede nie, maar sluit ook die beheersing van kennis in. Die oordraging van *waardes* sluit in dit wat volgens die dominante waardestruktuur goed en reg vir die sosialisering van die mens is. *Vaardighede* sluit nie net tegniese vaardighede vir beroepsvoorbereiding in nie, maar ook lewensvaardighede waar onder besluitnemings-, probleemoplossings- en redenasievaardighede.

Daar is egter faktore wat 'n invloed op die onderwys uitoefen wat bovermelde verantwoordelikhede laat skipbreuk lei. Enkele van hierdie faktore wat 'n rol speel, is die inmenging van staatsbeheerliggame, oerbeheerliggame of die deelname van die leerlingkorps aan skoolaangeleenthede.

In die onderhawige hoofstuk word ondersoek ingestel na die invloed wat die leerlingkorps, en in besonder gewelddadige kontrakulturele jeuggroeperinge, op die onderwys het. Praktiese riglyne word ook voorgestel vir die hantering van kontrakulturele jeuggroeperinge in die onderwys.

5.2 DIE INVLOED VAN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE OP DIE SKOOL AS MIKROGEMEENSKAP

Die leerlingkorps van 'n skool kan breedweg in drie kategorieë ingedeel word (kyk diagram 8 p.151):

- *Aktiewe jeugdige of subkulturele jeuggroeperinge* - Subkulturele jeuggroeperinge hou geen bedreiging vir die skool as mikrogemeenskap in nie. Inteendeel, subkulturele jeuggroeperinge opereer nie-konflikterend in die mikroskoolgemeenskap. Subkulturele jeuggroeperinge word ook aktief betrek ter uitbouing van die waardes en norme van die skool as mikrogemeenskap.
- *Passiewe jeugdige of opposisielkulturele jeuggroeperinge* - Opposisielkulturele jeuggroeperinge is in passiewe verset teen die waardes en norme van die skool as mikrogemeenskap. Die oortreding van reëls, onder andere die afwysing van gesag en die gebruik van dwelms en alkohol op die skoolterrein, dui op hul simboliese omverwerping van die waardes en norme van die skool. Hierdie groep hou geen fisiese bedreiging vir die skool in nie, maar het psigies wel 'n negatiewe invloed op medeleerlinge
- *Destruktiewe jeugdige of kontrakulturele jeuggroeperinge* - Kontrakulturele jeuggroeperinge is op 'n destruktiewe wyse in konflik met die waardes en norme van die skool as mikrogemeenskap. Hierdie groep hou fisies en psigies 'n bedreiging vir die totale skoolopset in. Uit die volgende aanhalings spreek die agenda van kontrakulturele jeuggroeperinge vir die onderwys duidelik:
 - "... schools have in some cases become havens for reactionary youth groups" (Naidoo 1990:128).
 - "A fundamental transformation has taken place in the consciousness of large numbers of pupils and students: a militant and combative public mood has emerged to present a direct and continuing challenge to the structures of segregated education ... " (Nasson 1990:147).

- "Education is part and parcel of the liberation struggle" (Wilson & Ramphela 1989:341).

Vervolgens word die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge op die skool as mikrogemeenskap ondersoek. Hierdie groep word vanweë sy patologiese aard uitgesonder asook omdat aanbevelings ten opsigte van die hantering van hierdie groep van dwingende belang is.

5.2.1 Invloed op die fisiese omgewing

Die impak wat die kontrakulturele jeuggroeperinge op die fisiese omgewing het, is in vandalisme waarneembaar. Die swak sosiale omstandighede waarin die swart jeug hulle bevind, het tot die ontstaan van 'n straatbende kultuur in die vyftigerjare gelei (kyk par. 4.4). Die straatbendes het buite die onderwysstelsel gefunksioneer en was op hulself aangewese om kos, klere en aansien te bekom. Die enigste uitweg was misdaad wat later met geweld gepaard gegaan het. Met die uitbreiding van sekondêre onderwys sedert die sewentigerjare, is heelwat straatbendes in die skole opgeneem.

Die misdaad mentaliteit van die straatbende kultuur het binne die skoolterrein geamalgameer met die revolusionêre politieke weerstandsbewegings. Onderwysers berig dat daar na onrusvoorvalle op skoolterreine honderde ongeïdentifiseerde en vreemde kinders by vandalisme betrokke was (Van der Merwe 1986:12). Die versmelting van gewelddadigheid en revolusionariteit het 'n vloedgolf van ongekende verwoesting op skoolterreine ontketen.

Die *Sowetan* (6 June 1991:2) berig dat leerlinge selfs waterpype oopgedraai het om dokumente in die administratiewe kantoor te beskadig aangesien hulle ontevrede oor eksamenuitslae was. By ander skole het ontploffings groot skade aangerig (*Die Transvaler*, 20 Desember 1991:1). Die *The Pretoria News* (8 January 1992:6) berig soos volg: "Disruptions ... from student activists, or even criminal elements in some cases, have become part of the school programme. Most of these pupils do not know what it is to sit in a classroom without broken windows and desks". Biblioteke en skryfbehoeftestore is sonder gewete geplunder en verwoes (*The Weekly Mail*, 31 January - 6 February 1992:2).

Kontrakulturele jeuggroeperinge dra ook wapens op die skoolterrein en skroom nie om dit te gebruik nie. In 'n voorval by die Sesaoane Secondary School is vier skoolkinders gewond in 'n skietery tussen lede van verskillende bendes. Dié vergeldingsaanval wou die dood van 'n bendeleier wreek (*The Pretoria News*, 20 September 1995:2).

Sitstakings en wegbly-aksies word georganiseer uit ontevredenheid met ontoereikende en onbevredigende skoolfasiliteite. Onderrigaktiwiteite in skole is tot so 'n mate deur vandalisme en wegbly-aksies ontwrig, dat leerlinge afleiding buite die skool gaan soek (Phatudi 1995). As voorbeeld het 'n onderwyseres vertel hoe sy skoolkinders in skooltyd in die sjebeens gesien dans het (*City Press*, 28 April 1991:6). Die ernstigste voorval waarby kontrakulturele jeuggroeperinge betrokke was spruit uit berigte dat swart skole afgebrand is (Green 1991:14) en vier skole in die PWV-gebied tot op fondasievlak afgebreek is (*Die Volksblad*, 13 Januarie 1994:6). Daaruit blyk dit duidelik: 'n Kultuur van bandeloosheid buite die skool, het binne die skool in vandalisme neerslag gevind waardeur onmeetbare finansiële skade aan skoolleiers aangerig is.

5.2.2 Invloed op die psigiese omgewing

Die vernietiging van die fisiese omgewing het onwillekeurig 'n invloed op die psigiese omgewing van die skool. Geweld op die psigiese omgewing het betrekking op die doelbewuste aantasting van die waarde- en normstruktuur van die omgewing en die jeugdige in die omgewing. Die hoogste doelwitte van kontrakulturele jeuggroeperinge is die ondermyning en afbreking van gesagstrukture (Green 1991:14). Psigiese geweld het voorts betrekking op die inperking of opskorting van die reg van 'n individu om 'n keuse uit te oefen en op die aantasting van sy waardigheid. Op dié wyse word 'n aanslag op die integriteit van die individu gemaak. Dit kom daarop neer dat die ongekompliseerde ontwikkeling van die lewens- en wêreldbeskouing van die individu deur eksterne magte aan bande gelê word (Degenaar 1990:9).

Jeugdige wat hul aan kontrakulturele jeuggroeperinge verbind en oorgaan tot die fisiese verwoesting van eiendom, openbaar normlose en anti-sosiale gedrag. Hierdie gedrag is die gevolg van kollektiewe groepsoprede wat individuele norme op die agtergrond dwing. Deur groepsdruk word jeugdige se vryheid tot keuse aangetas. In hierdie omstandighede word die groepsgedrag gekarakteriseer aan psigologiese ongebalanseerdheid, onstabieleit en konformiteit.

In 'n toestand van psigologiese ongebalanseerdheid en normlose gedrag, verdiep die geweld op die psigiese omgewing deurdat die fisiese geweld gelegitimeer word. Die fisiese geweld in swart skole is deur kontrakulturele jeuggroepeeringe geregverdig as deel van die stryd teen gesegregerde onderwys, armoede en swak sosiale omstandighede (Myles & Simpson 1994:55; Louw 1987:99). Die regverdiging van die onregmatige optrede van kontrakulturele jeuggroepeeringe het tot 'n psigiese herorganisasie van "buitestaanders" gelei en daardeur 'n breër groep as net die skoolgaande jeugdiges betrek. Deur die selfopgelegte vryheidstryd is waardes, norme en reëls oorboord gegooi.

Die invloed op die psigiese omgewing is deur intense mediadekking vergroot (May 1986:17). Die vertoon van gewelddadigheid op televisie en in films het die nabootsing van gewelddadige gedrag tot binne die skoolterrein geneem. Die beeld van trotse rebelleiers wat die indruk van kits opwinding skep, het 'n rolmodel in swart woonbuurtes geword. Die rolmodel is kritiekloos nageboots vanweë die feit dat onordelike optrede reeds gelegitimeer is. Die gevolg van onverantwoordelike en ongeselekteerde, sensasionele mediadekking was 'n vloedgolf van onbeheerste geweld, roof, verkragtings, dwelm- en alkoholmisbruik op skoolterreine, wegbly-aksies, en algemene gesagafwysing wat uiteindelik tot die herhaaldelike sluit van swart skole aanleiding gegee het (Phatudi 1995).

Die opskorting van onderrigaksies het die geweld op die psigiese omgewing verdiep. Soos vermeld, is die onregmatige aantas van 'n individu se reg op vryheid van keuse as psigiese geweld geklassifiseer. Die sluiting van skole het inbreek gemaak op die vryheid van leerlinge om onderrig te ontvang. Bekommernis oor verlore onderrigure het veral leerlinge uit die middelklas, wat nie deel aan die fisiese geweld van die bevrydingstryd wou hê nie, ontstel. Die herhaaldelike onderbreking van onderrigaksies, het gevoelens van bitterheid, moedeloosheid, depressiwiteit, pessimisme en ontnugtering by leerlinge ontketen. Dit het gelei tot die ontwikkeling van skoolfobie, aggressiewe optrede, hiperaktiwiteit, slaaploosheid, sosiale onttrekking, konsentrasieprobleme, post-traumatiese stres en selfs verval tot gewelddadigheid (Sautter 1995:K1).

Die invloed van psigiese geweld kom tot uiting in die volgende (Davies 1974:5,41,81,123,177):

- *Psigosomatiese afwykings* - Psigosomatiese afwykings is 'n toestand wat ontstaan wanneer 'n fisiese ongesteldheid ontwikkel as gevolg van die inwerking van oormatige negatiewe psigiese faktore.
- *Gedragsafwykings* - Gedragsafwyking kom voor wanneer die gedrag van individue afwyk van die gestelde waardes en norme van die samelewing. Sosiaal onaanvaarbare gedrag sluit in die gebruik van dwelmmiddels, alkohol, wegloop van die huis, diefstal, beskadiging van eiendom en selfs moord en verkragting. Interpersoonlike probleme, wisselende emosies, onvanpaste emosionele reaksies op gebeure en handhawing van afstand in verhoudings kom ook voor.
- *Leerafwykings* - Konsentrasie en memoriseringsvermoë word nadelig beïnvloed.
- *Neurotiese afwykings* - Neurotiese afwykings kom voor wanneer die individu "normale" probleme as buitengewoon groot ervaar. Aan die wortel van neurotiese afwykings is emosionele konflik en angs.
- *Psigotiese afwykings* - Psigotiese afwykings vertoon die volgende simptome: onbewus van eie identiteit, versteurde interpersoonlike verhoudings, oormatige belangstelling in meganiese voorwerpe, weerstand teen verandering, oormatige angsbeleving, gebrekkige spraak en abnormale liggaamsbewegings.

'n Aanslag op die vryheid en integriteit van die jeug deur 'n eksterne mag soos kontrakulturele jeuggroepeerings, het 'n destruktiewe invloed op die psigiese omgewing van die skool as mikrogemeenskap. Die impak van geweld het 'n besliste uitwerking op leerlingmoraal, selfs lank na die fisiese voorval van geweld. Al die bogenoemde het 'n kollektiewe nadelige invloed op normale ontwikkeling, 'n normale skoolloopbaan en eventueel op 'n gelukkige jeugfase.

5.2.3 Invloed op medeleerlinge

Kontrakulturele jeuggroeperinge het hulle "gesag" ook op hul medeleerlinge afgedwing: "They have simply regarded the institutions as areas where large numbers of highly sensitive boys and girls are readily available for the dubious stunts *in which millions were forced to become involved* (kursifering - CM) ... And when some schools did not wish to fall into line plain thuggery was used to press pupils to 'join in'" (*The Education Journal* 1990:2-3).

Leerlinge word deur groepsdruk gedwing om deel van die verwoesting te word. In die krisissituasies *verloor* sommige leerlinge hul identiteit en versmelt in die gewelddadige identiteit wat die norm van die oomblik geword het. Die opsegging van die eie identiteit en selfbeheersing word gegeneer deur die opwinding van die groep. Die fokus verskuif dus van die individu na die groep. In hierdie staat van opsegging is die individu nie in beheer van sy eie waardes en norme nie. Hy tree dan sonder oorweging op. Die norme van die groep word dan geëmuleer sonder om verantwoordelikheid vir eie gedrag te aanvaar. Buitestaanders word maklik deel van die geweld en verwoesting van kontrakulturele jeuggroeperinge. Die afbrand van skooliendom, die aanranding van onderwysers en moord op verraaiers, word aanvaarbare optrede in die oë van die massa. Hierdie toestand, word deur Festinger; Pepitane en Newcomb (in Straker 1992:120) as "the state of deindividuation" geklassifiseer.

Wanneer die opwinding en euforie vervaag, word die individu tot die werklikheid teruggeskok wanneer sy persoonlike waardes en norme weer die oorhand kry. Selfbeskuldiging volg terwyl die gedagte van "ek was wat ek nie wou wees nie" dikwels tot skuldgevoelens aanleiding gee.

Dit is 'n saak van onmoontlikheid om die geweld in swart skole en woongebiede vry te spring. In 'n studie deur Straker (1992:72) in die gewelddeteisterde Alexandra, is bevind dat leerlinge in die ondersoekgroep ten minste een voorval van verkragting, seksuele teistering van meisies, moord en aanranding in die verloop van een jaar aanskou het. Verder is bevind dat feitlik al die leerlinge in die ondersoekgroep een of ander teken van psigologiese afwyking toon. Navorsing wat deur Potter; Arnott; Hingle; Mansfield; Mentis & Nene (1995) onderneem is en waarin onderhoude met onderwysers gevoer is in die Gauteng provinsie, kom die volgende algemeen voor: " ... burning of classrooms, burnings of houses, pupils killed, pupils burned, killing teachers, pupils' parents/mothers being assaulted, pupils prevented by other pupils from attending

school, children raped, parents drunkenness, pupils throwing stones at schools, child abuse, necklacing, children of one school fighting against children of another school, exposure to drugs, children being kidnapped or killed, parents quarrelling with teachers, disputes between parents, violence on TV, parents being killed, hijacking and stealing".

Dit moet beklemtoon word dat jeugdiges op verskeie wyses op die invloed van geweld reageer. So byvoorbeeld sal 'n jeugdige wat 'n moord aanskou het, anders reageer as 'n jeugdige wat vandalisme aanskou het. Reaksies op geweld kan breedweg in twee kategorieë verdeel word naamlik akute reaksies en langdurige (chroniese) reaksies (Gibson 1989:660).

- *Akute reaksies* behels normale skokreaksies na die blootstelling aan buitengewone hoë vlakke van geweld. Die reaksies kom vir 'n paar dae na die voorval voor en word gekenmerk deur angs.
- *Langdurige reaksies* kom voor lank na die voorval plaasgevind het. Langdurige reaksies gaan gepaard met geestelike en liggaamlike verswakking.

Bogenoemde kategorisering van reaksies op geweld kan voorts verfyn word om die fases van jeugdige reaksies op geweld te beskryf (Fraser 1974:109-113).

- *Die impak fase* - Hierdie fase veronderstel die onmiddellike reaksie op 'n voorval. Bewegingloosheid en verstarring kenmerk hierdie fase. Angs vertoon uiterlik in huilbuie en die liggaam wat bewe. Spanning kom tot uiting in 'n geskree, samesang, dans of giggelbuie. Fraser (1974:109-113) wys daarop dat hierdie gedragsuiting dikwels deur navorsers verkeerdelik beskou word as 'n wyse waarop kinders hulself geniet. Dit is egter eerder 'n reaksie van ontkenning van die ware betekenis van die situasie.

Jeugdiges in hierdie fase het 'n behoefte aan akkurate informasie aangaande die oorsake van die insident en die daaruitvloeiende gevolge. Die nabyheid van geliefdes versag die impak van die situasie.

- *Die terugdeins fase* - Hierdie fase volg op die krisis. Tydens hierdie fase is dit vir kinders nodig om hulle gevoelens met ander te deel.

- *Die post-traumatische fase* - Hierdie fase tree in as die terugdeins fase nie positief voltrek is nie. Reaksies tydens hierdie fase is langdurig. Negatiewe reaksies kan ook verdiep met verloop van die tyd.

Die gedragsmanifestasies van kontrakulturele jeuggroeperinge het ook tot gevolg dat leerlinge verhinder word om eksamen te skryf en dikwels selfs verhinder word om die skool by te woon. Gultig en Hart (1990:9) berig dat leerlinge in die Mpande distrik die skool slegs tussen 09:30 en 12:30 kon bywoon aangesien hulle te bang was om ander tye te reis. Wanneer leerlinge en onderwysers vir hul persoonlike veiligheid begin vrees, begin hulle onveilig voel in hulle sosiale en fisiese omgewing. Kennedy en Silverman (1985:278) en De Kock en Schutte (1995:254) is van mening dat die gevoel van onveiligheid, negatiewe sosiale interaksie en vervreemding in die hand werk. Die medemens word met agterdog en wantroue bejeën. Wanneer jeugdige voortdurend vreesbevange en onveilig voel, ervaar hulle 'n hoë mate van stres en angs, toon 'n verlies aan produktiwiteit, beperk hul sosiale aktiwiteite en is selfs geneig om van skool te verwissel. Goldstein en Shotland (1980:140) is verder van mening dat vrees vir misdaad en geweld daartoe lei dat individue meer geneig is om vuurwapens aan hulle persoon te dra. Dit het tot gevolg dat vuurwapens dikwels onverantwoordelik hanteer word. Wantroue, agterdog en vermyding lei ook daartoe dat jeugdige te bang is om ander wat slagoffers van geweld en misdaad is, te hulp te snel (Fattah 1986:6). 'n Verdere gevolg is dat jeugdige vertrouwe verloor in die vermoë van gesagsdraers (onderwysers, polisie en die howe) om gesag te handhaaf (Baker & Nienstedt 1983:320).

Dit is verder opvallend dat jeugdige wat by kontrakulturele bedrywighede betrokke raak, al hoe jonger is. Die nabootsing van geweld is met ander woorde nie net beperk tot ouer jeugdige nie, maar sluit die juniors van die skool in. Die intensiteit van die geweld het ook gradueel toegeneem (Sautter 1995:K5).

Geweld het die gees van die jeug beplek en jong harte verhard. Storey (1990:4) vestig die aandag daarop dat die Suid-Afrikaanse jeug 'n waardevolle gawe naamlik "a childhood" prys gegee het. Die woorde van Toby (in Becker 1983:46) is 'n goeie opsomming van die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge op medeleerlinge: "crime and the anticipation of crime ... reduces teacher and student commitment to the educational process".

5.2.4 Invloed op gesagsdraers

Jeugdige betrokke by kontrakulturele jeuggroeperinge het die gesag in ouerhuise en in die samelewing uitgedaag (kyk par 4.2.5.6). As gevolg van die swak sosiale posisie van ouers en gemeenskapsleiers en die verbrokkeling van die gesin is die legitimiteit van volwasse gesag bevraagteken. 'n Geleidelike oorname van gesag het gevolg omdat die jeug van mening was dat hulle in elk geval op hulself aangewese is. Hierdie ingesteldheid het ook in die onderwys neerslag gevind. Die gesag en status van onderwysers is toenemend deur kontrakulturele jeuggroeperinge ondermyn (Green 1991:14). Die volgende uittreksel uit 'n skoolkoerantjie van leerlinge in die Wes-Kaap dien as voorbeeld: "Teachers - The Stillborn Radicals. Our first, our second, our final impression of teachers in general, is that they are a misfit lot ... Their sole concerns are their checks [sic], their bonds on houses, their cars ... As a body they could not be trusted" (Naidoo 1990:129).

Doelbewuste negering van reëls, stokkiesdraaiery en uittarting het deel van die kontrakulturele strategie geword om gesag uit te daag en te verower. Na die oorname van gesag is onderwysers voorgeskryf wanneer en hoe hulle moet onderrig en in sommige gevalle is onderwysers summier ontslaan en van skoolterreine verjaag (*City Press*, 28 April 1991:1; *The Star*, 22 September 1994:6), fisies aangerand of vermoor (*The Pretoria News*, 30 January 1992:2), wanneer hulle disiplinêr teen kontrakulturele jeuggroeperinge wou optree. Onderwysers is selfs as gyselaars aangehou in 'n poging om kontrakulturele eise te bereik (*The Pretoria News*, 20 September 1995:2). In die navorsing wat deur Potter (*et al*) (kyk par. 5.2.3) onderneem is, het onderwysers die volgende aangegee as insidente wat 'n negatiewe effek op hulle as leerkragte het: "... pupils attacking teachers, burning of classrooms, pupils attacking schools, the burning of teachers' cars, white teachers being expelled from black schools, drugs, guns, teachers being stoned by pupils". In die lig van die vrees wat kontrakulturele jeuggroeperinge by onderwysers ingeboesem het, was onderwysers nie bereid om met kontrakulturele jeuggroeperinge slaags te raak nie (*The Education Journal* 1990:2; Gultig & Hart 1990:9).

Onderwysers wat probleme met dissipline in hulle klaskamers ondervind, is geneig om die probleme eerder te ignoreer as om dit aan te meld. Becker (1983:46) voer twee redes vir die apatiese houding van onderwysers aan:

- Vrees vir hulle lewens.
- Die voortdurende rapportering van probleme met dissipline kan daartoe lei dat die hoof die betrokke onderwyser as onbevoeg beskou om gesag te handhaaf. In so 'n geval kan die onderwyser sy onderrigvermoëns bevraagteken wat weer tot 'n aftakeling van sy selfbeeld kan lei. Implisiet daarby ingereken het die sneeubal effek van historiese agterstande in swart onderwys en die geweld en verwoesting van die sewentiger- en tagtigerjare, onderwysfasiliteite uitgeput. Negatiwiteit en depressiwiteit het langsamerhand by onderwysers ontstaan. Alhoewel daar nie meer sprake van normale onderrig was nie, het leerlinge steeds suksesvolle eksamenuitslae geëis. Beroepsbevrediging vir die onderwyser in swart skole waar kontrakulturele jeuggroeperinge die oorhand gekry het, het bykans verdwyn (Phatudi 1995).

Bovermelde omstandighede is verder deur kontrakulturele jeuggroeperinge uitgebuit vanweë hulle pogings én sukses om gesagsdraers deel van hulle vryheidstryd te maak. Langtermyn doelwitte om die onderwysstelsel te ondergrawe, het gelei tot 'n alliansie tussen onderwysers en leerlinge (Naidoo 1990:129) wat uiteindelik meegebring het dat onderwysers ook begin staak het. Onderwysers het hulle posisies begin misbruik as 'n platform vir die verkondiging van revolusionêre idees (*The Education Journal* 1990:1-2).

Die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge op die gesagsdraers het verreikende gevolge vir die tradisionele siening dat gesagsdraers as rolmodelle vir die jeug moet dien. Onderwysers wat self nie meer entoesiasies is nie, wat 'n fatalistiese en negatiewe houding inneem, kan nie as rolmodel beskou word nie. Die jeugfase, wat veranker is in die navolging van 'n positiewe rolmodel, is die voorbeeld van gesagsdraers ontnem omdat hulle "bondgenootskap" met kontrakulturele jeuggroeperinge hul waardigheid gestroop het.

5.2.5 Invloed op die leeromgewing

Die kontrakulturele jeuggroeperinge was in die tydperk 1976 tot 1995 aanspreeklik vir die aftakeling en disintegreering van die leeromgewing. Wegbly-aksies het die veronderstelde stabiliteit van die leeromgewing ongekende skade aangedoen. Alhoewel daar tog oproepe was dat die jeug moes terugkeer skool toe, was daar geen waarborg dat die leeromgewing sou herstel nie.

Leerlinge wat wel opgedaag het, het aanvangs- en sluitingstye geïgnoreer, die skoolterrein verlaat indien hulle wou, nie boeke skool toe gebring nie, en geweier om huiswerk te doen en vir eksamens voor te berei. 'n Gesindheid en 'n selfvertroue het onder die leerlinge begin ontwikkel dat hul sonder die hulp van die onderwyser kon klaar kom (Hartshorne 1992:80).

Volgens Hartshorne (1992:80) het daar in die eerste twee derdes van 1990, 21 skooldae uit die moontlike 96 as gevolg van boikotaksies verlore gegaan. In 1989 het 174 564 leerlinge in sekondêre skole die skool verlaat. 'n Analise van die matriekuitslae onderstreep die diepgaande impak van die disintegrasië van die leeromgewing. In die 10 jaar vanaf 1980 tot 1989 het net meer as 'n miljoen leerlinge in swart onderwys die senior sertifikaat eksamen afgelê, 12,9% het matriekvrystelling behaal, 37,2 % 'n seniorsertifikaat en 49,9 % het gedruip. Na beraming het 400 000 jeugdige die skool in die 10-jaar tydperk sonder 'n skoolsertifikaat verlaat. Ten spyte van die feit dat hierdie jeugdige die skool na matriek verlaat het, was hulle tot die gelede van die werkloos gedom. Vanweë die swak reputasië van swart onderwys was werkgewers huiwerig om swart skoolverlaters in diens te neem. 'n Natuurlike reaksie onder hierdie groep was een van ontugtering oor die waarde van hul onderwyskwalifikasië.

'n Bose kringloop het gevolg. Werklose jeugdige het 'n persepsie begin ontwikkel dat hulle deur die onderwys en die gemeenskap, wat hulle nie indiens wil neem nie, in die steek gelaat is. Die vernedering en "statusverlagings" het daartoe meegewerk dat die jeugdige by groepe waar hulle waardigheid herstel is en wat hulle instaat gestel het om iets aan hul situasie te doen, betrokke geraak het. Soos reeds vermeld (kyk par 3.3) het opposisië- en kontrakulturele jeuggroeperinge die maklikste uitweg gebied.

Die ontwrigting in die onderwys en die vrees onder leerlinge vir die geweld op die skoolterrein, het tot die verlaging van die kwaliteit van onderwys gelei:

- onderrigtyd is ingekort
- onderwysers het hulle spontaneïteit verloor
- personeel het geweier om na skool buitekurrikulêre aktiwiteite aan te bied en het waarborgte ten opsigte van hulle veiligheid geëis

Die impak van die negatiewe aksies en antinormatiewe optrede van kontrakulturele jeuggroeperinge op die leeromgewing kan nie gekwantifiseer word nie. Tog is dit duidelik dat onberekenbare skade aan onderwys aangerig is.

5.2.6 Invloed op die gemeenskap

Kontrakulturele jeuggroeperinge word nie net in die skool gevrees en "gerespekter" nie, maar ook in die gemeenskap. Die mag wat kontrakulturele jeuggroeperinge in die gemeenskap vir hulself opgeëis het, het die gemeenskap verhinder om hulle openlik teen te gaan. Kontrakulturele jeuggroeperinge is egter ten spyte van die "verdraagsaamheid" van die gemeenskap toenemend verag vanweë hulle betrokkenheid by geweld, saakbeskadiging en moord (kyk par. 4.2.1).

Kontrakulturele jeuggroeperinge het besef dat indien hulle hul optrede wil regverdig hulle die gemeenskap en spesifiek die ouergemeenskap aan hulle kant moes kry. Die volgende brief aan ouers van die Congress of South African Students (COSAS) dien as voorbeeld:

"A letter to all our Mothers for their hopes and their tears

We, your beloved children would like to take this occasion to write to you all. In writing this letter we are also motivated by the aims to create a spirit of trust and cooperation between students and parents, to which our organization COSAS strives.

... Dear mothers, we would like to say that we love you all, and we know what sacrifices you are making in order that we get school fees, textbooks, uniforms, and piece[s] of bread. Your hopes and struggles for the sake of our country, our future and humanity.

We, your children, at school, in the factories, on the street corners, bus shelters, sportsgrounds, fields, villages, farms, in hospitals and even jails, every where, in 'whereabouts unknown', would like to extend a hand of embrace to you all, our mothers. We know that without your sacrifices we would not be where we are today" (Naidoo 1990:133).

Kontrakulturele jeuggroeperinge is 'n gegewe. Ten spyte van die aandoenlike inhoud van die brief, is dit 'n feit dat die aksies waarby kontrakulturele jeuggroeperinge betrokke is, destruktief van aard is. Om hierdie negatiewe impak te neutraliseer, sal die onderwys, ouers en die gemeenskap daadwerklik moet optree.

5.3 PRAKTIESE RIGLYNE VIR DIE HANTERING VAN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE IN DIE ONDERWYS

Die rol van die skool in die hantering van kontrakulturele jeuggroeperinge kan nie oorbeklemtoon word nie. James (1995:31) en Sullenger (1936:95) stel dit dat die skool daadwerklik daarop ingestel moet wees om die gedrag van leerlinge te monitor en pro-aktief en voorkomend in te gryp. Die skool is 'n belangrike instansie in die oordra en internalisering van gemeenskapsnorme aan die kind. Die skool staan in 'n sleutelposisie om beheer oor kontrakulturele jeuggroeperinge uit te oefen. Die skool is egter nie die enigste instelling wat 'n aandeel in die opvoeding van die jeug het nie. Makroskopies beskou het die gesin, familie, portuurgroep en die gemeenskap ook 'n verantwoordelikheid en 'n aanspreeklikheid ten opsigte van die opvoeding van die jeug. Nasionale en internasionale insette, behoort ook nie uitgesluit te word in die poging tot die hantering en suksesvolle akkommodering van kontrakulturele jeuggroeperinge in die onderwys nie. Die verantwoordelikheid moet dus gedeel, maar gesamentlik aangepak word.

Vervolgens word riglyne op mikro- of skoolvlak voorgestel waarvolgens gewelddadige kontrakulturele jeuggroeperinge hanteer kan word. Aangesien die skool nie los van nasionale en internasionale gemeenskappe funksioneer nie, word daar ook kortliks voorstelle op meso (gemeenskap)- en makro (staat en internasionale gemeenskap) vlak gemaak (kyk diagram 9 p. 181). Die internasionale gemeenskap (hetsy dit van Eerste (Weste), Tweede (Ooste) of Derde (Afrika) Wêrelddele oorsprong is) oefen 'n aantoonbare invloed uit op die aard en ingesteldheid van die breëre samelewing en kleinere gemeenskappe se hantering van maatskaplike probleme en verskynsels. Aangesien kontrakulturele jeuggroeperinge reeds deel van die skoolmieu is, word noodwendigerwys reaktief ten opsigte van die riglyne wat voorgestel word, te werk gegaan. Pro-aktiewe riglynvoorstelling sal poog om die ontstaan van kontrakulturele jeuggroeperinge in die skool te verminder of te verhoed.

MIKROVLAK

Skool

onderwysers

leerlinge

skool

AKSIEPLAN

Geïdentifiseerdes

aanleer van vaardighede:

selfdissipline
selfrespek
selfvertorue
konflikhantering
probleemoplossing
kritiese denke
doelwit neerlegging
beheersing van emosies
onderhandelingsvaardighede
besluitneming

Ondersteuners

ondersteuning:

luister
rolmodel
gesprekke inisieer
samerwerking inisieer
portuurgroepmentor
bemiddeling

kwaliteit van skool
vryetydsbesteding
ontspanningsgeriewe
ondersteuningsgroepe
opleiding van ouers
in hantering van kontra-
kulturele jeuggroeperinge
doelwitbepaling

identifisering
kurrikulum-leerling
behoefes
kurrikulum-sosiale
werklikheid
onderwyser - leerling
verhouding
gekwalifiseerde onderwysers
positiewe onderwyser -
kind verhouding
dissiplinering

MESOVLAK

Gemeenskap

gesin

besigheidsektor

religieuse instellings

AKSIEPLAN

opleiding t.o.v. hantering
van kontrakulturele jeuggroeperinge
direkte kontak met skool

rolmodel
finansiële bystand
skep werksgeleenthede
mentorsteisel
beroepsuitstallings
inligtingsessies

"adopt a class"
emosionele bystand

MAKROVLAK

staat

internasionale gemeenskap

AKSIEPLAN

beleid
media

afwysing van geweld
respekteer menseregte

DIAGRAM 9: Diagrammatiese voorstelling van die hantering van kontrakulturele jeuggroeperinge op mikro-, meso- en makrovlak

5.3.1 Mikrovlak - Die skool

Die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge is in die meeste skole sigbaar. Kontrakulturele jeuggroeperinge maak inbreuk op die vryheid van keuse van die onderwyser en die leerlinge. Daarvolgens het die onderwyser en leerlinge die reg om daarop aan te dring dat kontrakulturele jeuggroeperinge op die een of ander wyse aan bande gelê word.

Die realiteit is: indien daar nie *aktief* teen die aksies en teenwoordigheid van kontrakulturele jeuggroeperinge standpunt ingeneem word nie, is dit seker dat die probleem nie vanself gaan verdwyn nie. Leerlinge wat by kontrakulturele jeuggroeperinge betrokke is kan nie summier onderwys ontsê word nie. Hulle moet by wyse van rehabilitasie binne die skoolopset geakkommodeer word. Dit behels die volgende:

- lang- en korttermyn doelwitte behoort geformuleer te word
- elke skool behoort sy *eie omstandighede* te ontleed en 'n aksieplan daarvolgens uit te werk. Die formulering van doelwitte behoort die uitwerk van 'n aksieplan vooraf te gaan.

5.3.1.1 Doelwitbepaling

Doelwitbepaling sluit noodwendig die formulering van korttermyn doelwitte sowel as langtermyn doelstellings in.

- ***Korttermyn doelwitte***

Korttermyn doelwitte word gestel om probleemsituasies so vinnig as moontlik onder beheer te plaas.

- **Ontleding van die veiligheidsituasie in die skool**

'n Vraelys kan aan elke leerling voorsien word waarin sy/haar gevoel oor die veiligheidsituasie in die skool geëvalueer word (Furlong & Morrison 1994:141). Die

volgende vrae kan onder meer ingesluit word:

- voel jy veilig in ons skool?
- voel jy onveilig in ons skool?
- waarom voel jy onveilig?
- waar voel jy onveilig?
- wanneer voel jy onveilig?
- voel jy ongemaklik as iemand 'n vuurwapen op die skoolterrein dra?

Waardevolle inligting kan ten op sigte van die omvang van die veiligheidsituasie in die skool verkry word. Aan die hand daarvan kan 'n langtermyn strategie vir die beveiliging van die skool en die voorkoming van geweld uitgewerk word. Klem moet op die veiligheid van die leerlinge geplaas word.

■ Daadwerklike beveiliging van leerlinge

Daadwerklike stappe moet geneem word om leerlinge teen geweld op die skoolterrein te beveilig. Doelbewuste pogings tot die beveiliging van leerlinge dra die boodskap uit dat die skool die leerlinge se belange op die hart dra. Die vertrouensverhouding wat sodoende geskep word, kan meewerk dat die leerlinge geredelik hul samewerking ten opsigte van beveiligings- en voorkomingsprogramme gee (Pulido 1994:28).

Sekuriteitsmaatreëls behoort in oorlegpleging met byvoorbeeld die polisie verskerp te word. Alhoewel drasties kan genoem word dat die oprig van heinings om die skool, die installering van metaalopspoorders en die gebruik van snuffelhonde, om maar enkele maatreëls te noem, in Amerikaanse skole baie doeltreffend aangewend is om geweld op skoolterreine te bekamp (Morrison & Furlong 1994:6-9). Die Suid-Afrikaanse situasie is egter andersoortig en selfs meer kompleks as die Amerikaanse situasie. In Suid-Afrika word die teenwoordigheid van die polisie, snuffelhonde en metaalverklidders nie deur die meerderheid swart mense as beveiligend ervaar nie. Ten einde 'n gesindheisverandering hieroor te bewerkstellig, behoort die hou van 'n skoolreferendum oor die aangeleentheid, die wenslikheid van die beveiligingsmaatreëls uit te wys. Dit is baie belangrik dat al die leerlinge van die skool betrek word, sodat hul voel dat dit hulle self is wat aktief teen die

probleem optree en standpunt inneem.

- Onmiddellike "zero-toleransie" van geweld op skoolterreine

Zero-toleransie van geweld op skoolterreine impliseer dat geweld en aanverwante sake soos die dra van wapens, gevaarlike voorwerpe en dwelms nie geduld word nie (Pulido 1994:26). Leerlinge behoort ingelig te word oor die voordele van 'n zero toleransie-standpuntinname. Indien leerlinge besef dat 'n zero toleransie op die veiligheid van leerlinge gerig is, behoort die instel daarvan nie probleme op te lewer nie. Leerlinge behoort ook aangemoedig te word om deel te neem aan die diskrete uitwysing van leerlinge wat oortree.

- *Langtermyn doelstellings*

Langtermyn doelstellings sluit die rehabilitasie, akkommodasie en voorkoming van kontrakulturele jeuggroeperinge in.

- Gedragsveranderings

Onbehoorlike gedrag behoort op die langtermyn met sosiaal aanvaarbare gedrag vervang te word.

- Aanvaarding van 'n wye verskeidenheid jeuggroeperinge

'n Groter toleransie ten opsigte van 'n verskeidenheid jeuggroeperinge is belangrik. Al verskil die jeuggroeperinge van die volwasse subkultuur ten opsigte van kleredrag, taalgewoontes, uitvoering van pligte ensovoorts, moet daar ruimte gelaat word waarbinne die jeug hulself kan ontdek. Dit behoort tot minder uitvalle na kontrakulturele jeuggroeperinge te lei.

- **Ontwikkel 'n gevoel van trots vir die skool**

Indien die skool as gevolg van geweld op die skoolterrein en swak skolastiese prestasies nie in deur gemeenskap geag word nie, sal leerlinge ook nie met die skool geassosieer wil word nie. Leerlinge wat trots op hulle skool is, sal meewerk om die probleme in die skool te help oplos. 'n Gevoel van mede-eienaarskap behoort by leerlinge ontwikkel te word. Daadwerklike pogings behoort aangewend te word om 'n positiewe beeld na buite toe uit te dra.

- **Stimuleer aktiewe subkulturele jeuggroeperinge**

Kanale vir aktiewe leerlingbetrokkenheid in subkulturele jeuggroeperinge behoort voorsien te word. Positiewe groepdinamika is een moontlikheid om leerlingbetrokkenheid te verhoog. Groepdinamika beïnvloed die gedrag van leerlinge. Kontrakulturele jeuggroeperinge behoort aan positiewe gedrag van 'n verskeidenheid subkulturele jeuggroeperinge op die skoolterrein blootgestel te word.

Ter bereiking van bogenoemde korttermyn doelwitte en langtermyn doelstellings moet 'n aksieplan uitgewerk word. Die volgende aksieplan word voorgestel vir die rehabilitasie, akkommodering en voorkoming van kontrakulturele jeuggroeperinge in die skool.

5.3.1.2 Aksieplan

Die aksieplan bepaal wat gedoen en wat in ag geneem behoort te word in die poging tot die rehabilitering en akkommodering van kontrakulturele jeuggroeperinge in die skool. Die volgende drie terreine is geïdentifiseer as terreine waarbinne hulp op direkte of indirekte wyse verleen of aanpassings gemaak moet word: die onderwyser in sy klaskamer, die leerlinge in die skool en die skool as geheel.

(a) Die onderwyser in sy klaskamer

Die onderwyser staan midde-in die rehabilitasie en akkommodering van kontrakulturele jeuggroeperinge. Die *identifisering* van kontrakulturele jeuggroeperinge is een van die

belangrikste komponente van die aksieplan.

(i) Die vroegtydige identifisering van kontrakulturele jeuggroeperinge

Onderwysers moet in staat wees om kontrakulturele jeuggroeperinge te identifiseer en te ondersteun voordat hulle wangedrag te diep gesetel raak. Die uniekheid van en dikwels onvoorspelbaarheid van menslike gedrag bemoeilik die identifisering van leerlinge wat in kontrakulturele jeuggroeperinge betrokke is. Indien onderwysers nie onderlê is in die herkenning van versteurde en wangedrag nie, is hulle dikwels ook nie in staat om emosionele versteurings te identifiseer nie. *Onderwysersopleiding* wat hierdie saak aanspreek, is derhalwe belangrik (Devaney & Hernandez 1995:51). Onderwysers behoort opleiding te ontvang ten opsigte van

- aanduidings van gewelddadige gedrag
- krisisbeplanning en hantering
- krisisontvouing
- portuurgroep mediasietegnieke
- die aard van bendebedrywighede
- identifikasie van versteekte wapens
- konfiskering van wapens
- wapenveiligheid
- selfverdediging

Die volgende strategie kan deur die onderwyser gevolg word in die identifisering van gedrag wat kenmerkend aan kontrakulturele jeuggroeperinge is:

- *Begrip vir en ingryping in afwykende gedrag.*

Afwykende gedrag is nie eensklaps dáár nie. Spesifieke gedragspatrone kom in vier stadiums voor: frustrasie, verdediging, aggressie en selfkontrole (Myles & Simpson 1994:56).

- Frustrasie

Frustrasie is *aantoonbaar* in gedrag soos die kou van naels of lippe, byt op die tande,

saamtrek van spiere saam, verlaging van stemtoon en die uiterlike vertoon van misnoeë. *Ingryping* deur die onderwyser om die frustrasie wat besig is om op te bou teen te werk, kan in die volgende kategorië verdeel word:

- *Hekkiehulp* - bystand word byvoorbeeld met die uitvoer van moeilike werkopdragte verleen
- *Sinjaalkommunikasie* - nie-verbale seine word na die leerlinge gestuur om hom daarvan bewus te maak dat die onderwyser op hoogte is van die probleem
- *Nabyheidskontrole* - die onderwyser posisioneer hom/haarself fisies op só 'n wyse dat aggressiewe gedrag geminimaliseer word

Hierdie stadium neem nie baie van die tyd van die onderwyser in beslag nie. Die effektiwiteit van die hierdie stadium lê daarin dat potensiële wangedrag aan bande gelê kan word.

■ Uitdaging

Hierdie fase is *aantoonbaar* in beskuldigings en dreigende houding van leerlinge teenoor die onderwyser en ander leerlinge - verbaal of fisies. Aan die ander kant kan onttrekking, emosioneel en/of fisies, ook plaasvind. Die gesag van die onderwyser word nietemin uitgedaag en die klaskameratmosfeer benadeel. *Ingryping* deur die onderwyser moet geskied sonder om 'n deelnemer aan die probleemsituasie te word. Die leerlinge se aandag moet opnuut op die klas- en skoolreëls, roetine en die gevolge van die oortreding van reëls gevestig word. Die onderwyser moet sy/haar empatie met die uitwerk van take teenoor die leerlinge bewys. Positiewe opmerkings oor die waarde van die take of onderwys in die algemeen, moet gemaak word (Myles & Simpson 1994:56).

■ Aggressie

Hierdie fase is *aantoonbaar* deurdat leerlinge gedrag openbaar soos byt, slaan, skop en die vernietiging van eiendom. *Ingryping* deur die onderwyser moet daarop gerig wees om

ander leerlinge te beveilig. Die onderwyser behoort 'n vooraf uitgewerkte plan te hê om hulp te ontbied. Dit is ook die onderwyser se taak om die aggressiewe leerlinge te kalmeer (Myles & Simpson 1994:56).

- **Onttrekking**

Hierdie fase is *aantoonbaar* deurdat die leerlinge stuurs en nors word. Hy trek homself terug en ontken dat hy 'n probleem het. *Ingryping* deur die onderwyser behels die doelbewuste poging om die leerling weer deel van die algemene klasroetine te laat voel. Dit hang van die onderwyser af of hy/sy die leerling gaan straf of verbaal gaan ondersteun (Myles & Simpson 1994:56).

- **Voorsorgmaatreëls vir die klaskamer**

Voorkoming was nog altyd beter as genesing. Die volgende riglyne kan deur onderwysers gebruik word in die voorkoming van wangedrag in die klaskamer (Myles & Simpson 1994:57):

- *Antisipeer en oefen 'n krisissituasie* - Die volgende aspekte behoort aandag te geniet: Waarheen moet die leerlinge gaan in die geval van 'n ontruiming, wie moet van die krisis in kennis gestel word, op watter wyse moet die persoon in kennis gestel word, wie moet die kontak bewerkstellig, wat die rol van die leerlinge tydens die krisis behoort te wees, wat behoort die rol van die onderwyser tydens die krisis te wees?
- *Lei personeel op om wangedrag te hanteer* - Verskeie wyses van ingryping in wangedrag moet aan onderwysers bekend gestel word. Daardeur kan onderwysers in verskillende situasies verskillende tegnieke gebruik.
- *Verwyder waardevolle artikels en artikels met sentimentele waarde uit die klas* - Leerlinge met wangedrag is geneig om destruktief op te tree.
- *Werk doelgerig aan 'n vertrouensverhouding tussen die onderwyser en leerlinge* - Sluit die leerlinge wat tot wangedrag geneig is, ook in.

- *Stel die klasreëls en die verwagtinge ten opsigte van leerlinggedrag duidelik - Die gevolge van die oortreding van reëls behoort duidelik te wees.*
- *Wees daarop ingestel om kalm te bly tydens aggressiewe uitbarstings - Verduidelik aan die leerling dat daar alternatiewe is vir die bereiking van doelstellings. Dit is normaal om aggressie te beleef, maar daar is 'n sosiaal aanvaarbare manier waarop dit hanteer moet word.*
- *Handhaaf 'n terapeutiese ingesteldheid teenoor die leerlinge wat neigings tot wangedrag toon.*

Onderwysers en leerlinge behoort ook daarop ingestel te wees om individue te identifiseer wat moontlik die *prooi* van kontrakulturele jeuggroeperinge kan word. Sulke individue moet daadwerklik by subkulturele jeuggroeperinge betrek word.

(ii) Die skoolkurrikulum moet in die werklike behoeftes van die leerlinge voorsien

In 'n ondersoek deur Ahlstrom en Havinghurst (1971:88) is bevind dat, indien die kurrikulum nie in die behoeftes van die leerlinge voorsien nie, dit tot frustrasie, aggressie en negativisme kan lei. Frustrasie en aggressie is soos aangedui (kyk par 3.3) katalisatore vir leerlinge wat neigings tot jeugmisdad en wanaanpassing toon.

Die inhoud van die skoolkurrikulum behoort die leerlinge aan te moedig en aan te spoor om die skool as belangrike agent te sien in die voorbereiding vir 'n beroep en die volwasse lewe. Die kurrikulum behoort daarom toereikend, gedifferensieerd, prikkelend en interessant te wees om in hierdie behoefte te voorsien. 'n Balans tussen praktiese en teoretiese inhoude behoort gehandhaaf te word (Pulido 1994:28).

Cronjé *et al* (1987:213) is van mening dat met die stagnasie van die sogenaamde middelklas-skoolsisteem weggedoen behoort te word en meer diverse leerplanne en programme aangebied moet word wat so ver moontlik in die individuele behoeftes van die leerlinge voorsien. Indien moontlik, moet leerlinge vrygestel word van vakke waarin hulle beperkte of geen aanleg en belangstelling het nie. Die onbuigsaamheid van verpligte vakke skep frustrasie en lei tot

onderprestasie aangesien die motivering om 'n sukses van skoolwerk te maak nie, ontbreek.

Die skoolkurrikulum behoort in die lig daarvan indringend voorsiening te maak vir die herstel van negatiewe selfkonsep van leerlinge wat by kontrakulturele jeuggroeperinge betrokke was.

(iii) Die kurrikulum moet verband hou met die sosiale werklikheid

Die skoolkurrikulum word dikwels daarvan beskuldig dat dit min verband het met aktuele probleme soos veranderende sosiale toestande in die gemeenskap en beroepsgeleenthede. Die skool wat veronderstel is om 'n brug tussen die leerling en die gemeenskap te vorm, faal dus in sy taak. Vakke wat lewensvreemd vir die leerlinge is, hou vir hulle geen belangstelling in nie. Wangedrag en jeugmisdaad bied vir sulke leerlinge 'n opwindende kontras met die werklikheidsvreemde skoolkurrikulum (Vedder 1963:57).

Een van die oorsake van die leerling-onluste in die sewentiger- en tagtigerjare, was daarin geleë dat die kurrikuluminhoude van sekere vakke min of geen verband met die werklikheid van die swart jeug gehad het nie (kyk par 4.2.7). Kurrikuluminhoude behoort derhalwe meer aktueel te wees en in pas met 'n veranderende gemeenskap en samelewing.

(iv) Toereikend gekwalifiseerde onderwysers

Die Departement van Nasionale Onderwys ondervind 'n tekort aan onderwysers wat oor genoegsame opleiding en kwalifikasies in hul vakgebied beskik asook oor die vermoë, aanleg en belangstelling om met die skoolgaande jeug te werk (Cronjé *et al* 1987:213). 'n Toereikend gekwalifiseerde en gemotiveerde onderwyser kan 'n daadwerklike bydrae tot 'n interessante en stimulerende kurrikulum lewer. 'n Kurrikulum wat "in pas is" behoort 'n bydrae daartoe te lewer om verveeldheid en wangedrag teen te werk (Cronjé *et al* 1987:213). Onderwysers wat weens ontoereikende opleiding nie in staat is om die kurrikulum te beheers en interessante onderrigmetodes aan te wend nie, kan ook tot die frustrasie van leerlinge bydra (Myles & Simpson 1994:56).

Die toereikende opleiding van onderwysers is essensieel. Die onderwysers moet sy vakgebied so beheers dat hy daardeur gesag afdwing. Verder is dit noodsaaklik dat hy op die hoogte behoort

te wees van die spesifieke leeftyd fases van sy leerlinge (Cronjé *et al* 1987:199).

(v) Positiewe onderwyser-kind-verhouding

Die verkeerde hantering van die wangedrag van leerlinge het dikwels negatiewe emosies by leerlinge tot gevolg. Die vertrouensverhouding tussen onderwyser en kind lei onwillekeurig daardeur skade want 'n positiewe onderwyser-kind-verhouding is onontbeerlik binne die opvoedingsproses.

Mead (in Frease 1972:133) wys daarop dat 'n leerling se selfbeeld tot 'n groot mate deur die reaksies en optrede van ander persone teenoor hom as persoon beïnvloed word. Positiewe verwagtinge, stimuleer positiewe gedrag. Dieselfde is ook waar van negatiewe verwagtinge. Indien weing positiefs van 'n leerling verwag word, voldoen hy vanselfsprekend aan die lae verwagtinge. In 'n positiewe onderwyser-kind-verhouding word negatiewe gedrag op so 'n wyse afgekeur dat die leerling nie verwerp voel nie.

(vi) Dissiplinerings

Dissipline is onontbeerlik vir menswees. Gesagsdraers behoort dissipline so toe te pas dat dit uiteindelik tot selfdissipline by die leerling ontwikkel (Pulino 1994:27). Onvoldoende en ontoereikende dissipline kan aan wangedrag by skole gekoppel word. Leerlinge wat nie weet waar die "grenslyn" van dissipline loop nie, en sodoende sekuriteit ontbeer, kan sekuriteit in bandelose gedrag soek. In ander gevalle kan 'n traak-my-nie-agtige houding jeens dissipline ingeneem word wanneer die anti-sosiale daad 'n beloning opsigself word (Cronjé *et al* 1987:203).

b) Die leerlinge in die skool

Geweld word aangeleer en daarom kan dit ook afgeleer word. Aggressie en woede is normale verskynsels. Die *wyse waarop hierdie aggressie en woede hanteer word*, is egter die probleem. Daarom behoort *alternatiewe vir gewelddadige optrede vir leerlinge tydens spesifieke opleiding aangeleer te word*. Opleiding in die hantering van konflik, frustrasie en soeke na aanvaarding het gedragswysiging by kontrakulturele jeuggroeperinge ten doel. Opleiding van medeleerlinge sal ondersteuning van eersgenoemde ten doel hê.

i) Opleiding aan lede van kontrakulturele jeuggroeperinge met die doel om gedragswysiging te inisieer

Anti-sosiale gedrag omsluit die afwysing van sosiaal aanvaarbare waardes en norme. Geïdentifiseerde leerlinge behoort daarom by programme wat anti-sosiale gedrag teenwerk, betrek te word. Met ander woorde 'n *omvattende* rehabilitasieprogram behoort met geïdentifiseerde leerlinge deurloop te word.

Leerlinge moet bepaalde vaardighede aanleer (The Reconstuction and Development Programme 1994:68) om gedragswysiging te vergemaklik. 'n Leerling wat bedrewenheid ten opsigte van bepaalde kritiese lewensaspekte ontwikkel het, is in staat om probleme makliker te antisipeer en te voorkom. Dit kan kulmineer in geestes- en fisieke gesondheid en positiewe sosiale interaksie.

Die vaardighede wat ter sake is, is die volgende (Carey 1983:16):

In die algemeen:

- die aanleer van positiewe gedrag wat selfdissipline, goeie oordeelsvermoë, verantwoordelikheid en samesyn met ander insluit
- selfrespek, selfvertroue en respek vir ander
- die nakom van verpligtinge teenoor die gesin, skool, maats en die gemeenskap

In die besonder:

- konflikhantering
- weerstand teen die negatiewe invloed van individue en drukgroepe
- onderhandelingsvaardighede
- die maak van persoonlike keuses
- beheersing van emosies
- probleemoplossing
- kritiese denke

- doelformulering en die deurvoer daarvan
- evaluering van die waarde en normstruktuur van die gesins, gemeenskap en skool
- mediageletterdheid wat die vermoë om aanvaarbare en onaanvaarbare programme en literatuur te onderskei

Nelson-Jones (1991:13) gee die volgende samevatting van bovermelde aangeleenthede: "... skills are personally responsible sequences of choices in specific psychological skills areas conducive to mental wellness. People require a repertoire of lifeskills according to their developmental tasks and specific problems of living".

Ter onderskrywing van bovermelde kan die volgende "dink-eers model" as 'n soort "wapenrusting" aan leerlinge voorgelê word. Dié model kan as alternatief dien in krisisituasies waar geweld as enigste oplossing voorgelê word (Sautter 1995:K10-K11).

- | | |
|--------|--|
| Stap 1 | Beheer van emosies |
| Stap 2 | Som die situasie op en stel die keuses en oplossings teenoor mekaar |
| Stap 3 | Plaas die oplossing in 'n positiewe waarde- en normstruktuur |
| Stap 4 | Maak 'n keuse deur die konsekwensies te oorweeg (leerlinge word geleer om 'n geweldlose oplossing te kies) |

Bogenoemde vaardighede behoort leerlinge in staat te stel om persoonlike keuses in ooreenstemming met die waardes en norme van die skool en gemeenskap te maak. Die afwysing van kontrakulturele bedrywighede behoort die resultaat te wees.

Die suksesvolle internalisering van bovermelde vaardighede kan nie deur die individu alleen bereik word nie. Ondersteuning vanuit die skool en die gemeenskap is van groot belang. Om ondersteuning te bied moet medeleerlinge ook opleiding ondergaan.

- ii) Opleiding aan medeleerlinge met die doel om kontrakulturele jeuggroepeerings in hul rehabilitasie en akkommodasie by te staan**

Ondersteuning om gedragsverandering te weeg te bring is van kardinale belang. Uit die aard van menswees is ondersteuning 'n natuurlike ingesteldheid (kyk par 2.2.3), maar wanneer spesifieke

gedragsverandering ter sprake is, is ondersteuning meer spesifiek. Spesifieke ondersteuning hang ook ten nouste saam met spesifieke vaardighede. Die vaardighede wat ter sprake is om gewelddadige kontrakulturele jeuggroepeeringe by te staan, behels die volgende (Sautter 1995:K11):

- bemiddelingsvaardighede. Leerlinge wat as bemiddelaars opgelei word, leer om:
 - te luister
 - as rolmodelle op te tree
 - gesprekke te inisieer
 - terugvoering te kanaliseer
 - persoonlike gedrag te verander
 - te help om individuele vrese te hanteer
 - medeleerlinge te begelei
 - samewerking te inisieer
- portuurgroep mentorsvaardighede
- jeugleierskapsvaardighede
- geleenthede waarbinne vaardighede geoefen kan word
- moet 'n "behoort-aan" omgewing kan skep

Daar is reeds vasgestel dat portuurgroepinvloede in die adolessentefase 'n faktor is waarmee rekening gehou moet word (kyk par. 3.2.7.2). Die portuurgroep kan daarom met groot sukses in die rehabilitasie van kontrakulturele jeuggroepeeringe gebruik word (Davey 1990:46). Dit bring egter mee dat gesag afgewentel moet word na leerlinge wat as ondersteuners en bemiddelaars optree. 'n Belangrike taak van die ondersteuners is ook om te differensieer tussen leerlinge wat reeds in kontrakulturele jeuggroepeeringe betrokke is en leerlinge wat 'n hoë risiko loop om daardeur beïnvloed te word. Daar moet voorkomend ten opsigte van hoë risiko leerlinge opgetree word.

c) Die skool

'n Positiewe skoolklimaat is onontbeerlik vir die rehabilitasie en akkommodasie van kontrakulturele jeuggroepeeringe in die skool (Garcia 1994:23). Die gees in die skool sal bepaal hoe leerlinge en leerkrigte teenoor mekaar optree en hoe suksesvol die opname van

kontrakulturele jeuggroeperinge in die hoofstroomonderwys gaan wees. Die volgende dien as voorstelle waardeur die skoolklimaat positief verander kan word.

i) Inagneming van die behoeftes van die leerlinge

Elke skool behoort in voeling te bly met die behoeftes van die leerlinge en daadwerklik pogings aanwend om leerlinge te ondersteun. Hiervoor is 'n oop verhouding met die leerlinge of prefekte as direkte skakeling met die res van die skool wenslik met ander woorde die onderwyspersoneel moet die spreekwoordelike "oor op die grond hê".

ii) Voldoende ontspanningsgeriewe

By talle skole is daar nie genoegsame sport- en ontspanningsgeriewe nie. Sport- en ontspanning bied aan leerlinge die geleentheid om aktief aan georganiseerde aksies deel te neem en van hul energie ontslae te raak. Voldoende ontspanningsgeriewe as deel van buitekurrikulê aktiwiteite kan 'n wesentliche bydrae lewer om leerlinge positief en konstruktief te akkommodeer. Anti-sosiale gedrag kan ook teengewerk word aangesien geriewe gedeel moet word.

iii) Konstruktiewe vryetydsbesteding

In 'n landswye ondersoek na die vryetydsbestedingspatrone van stedelike swart jeugdige vanaf 1988 tot 1991 is bevind dat meer as 25% van die jeugdige nie een positiewe gebeurtenis in hulle gemeenskap kon identifiseer waarby die jeug betrokke was nie. Vyftien persent kon geen positiewe aspekte noem waarom dit aangenaam is om jonk te wees nie (Möller 1991). Hierdie bevinding is kommerwekkend. Die stigting en uitbouing van bestaande *jeugklubs* behoort in die lig daarvan aangemoedig te word (Masetle 1995). Jeugdige wat wel by jeugklubs betrokke is, is van mening dat "Young people see their youth clubs and centres as havens of peace and stability in the midst of the strife and confusion in their lives ... Youth clubs cater for the need of fellowship and belonging, excitement and adventure, physical activity and emotional expression, recognition and development of talents, and personality development. Most importantly, youth clubs serve as a vehicle to channel youthful surplus energy, to give direction to the restlessness experienced by teenagers ... " (Möller 1991:8,28).

Leerlinge behoort aangemoedig te word om aan buitekurrikulêre aktiwiteite deel te neem. Op dié wyse kan hulle by subkulturele jeuggroeperinge betrek word wat opvoedkundig van aard en derhalwe tot hulle voordeel is.

iv) Uitbreiding van ondersteuningsgroepe

Die fisiese en psigiese taak van die skool is so omvattend dat daar toenemend van ondersteuningsgroepe gebruik gemaak word om aan geïdentifiseerde leerlinge professionele hulp te voorsien (Soriano; Soriano & Jimenez 1994:220). Professionele hulp en ondersteuning kan op tweërlei wyses verkry word.

- *Ampelik* behoort die dienste van Sielkundige en Maatskaplike Dienste soos deur die Departement van Nasionale Onderwys beskikbaar gestel, op 'n gereelde basis gebruik te word. Die diagnosering en evaluering van die emosionele, persoonlikheids-, sosiale en skolastiese probleme van leerlinge kan van groot waarde wees in die voorkoming van wangedrag. Kommunikasie tussen verskeie dienste en die ouerhuis moet aangemoedig word. Inligting ten opsigte van probleemleerlinge kan gedeel word om sodoende 'n multidissiplinêre oplossing op die tafel te plaas. Die telefoonnommers van die onderskeie dienste kan tot die beskikking van die leerlinge gestel word. Sodoende het die leerlinge toegang tot professionele hulp.
- *Nie-ampelik* kan die kundigheid en gewilligheid wat in die ouergemeenskap gesetel is in die vorm van ondersteuning en hulpverlening aangewend word:
 - nie-werkende ouers kan by na-uurse remediërende klasse toesig hou of 'n naskoolsentrum bedryf waar kinders onder toesig huiswerk kan doen
 - ouers kan ook tienergespreksgroepe op die been bring waar lewensvaardighede soos selfkennis en selfinsig, persoonlikheidsontwikkeling, groepsdeelname, probleemoplossing en kreatiwiteit in geoefen word
 - stokperdjiegroepe waarbinne 'n bepaalde stokperdjie beoefen word, kan georganiseer word

- sport- en buiteleweklubs kan gestig word

Elke skool behoort 'n goed gekoördineerde strategie en doelstellings te hê om kontrakulturele jeuggroeperinge te rehabiliteer en te akkommodeer. Hierdie strategie kan soveel kragtiger wees indien dit in samewerking met die gemeenskap plaasvind.

5.3.2 Mesovlak - Die gemeenskap

Die skool is so 'n integrale deel van die gemeenskap dat daar onwillekeurig 'n wedersydse invloed op mekaar uitgeoefen word. 'n Samewerkingsooreenkoms behoort tussen die gemeenskap en die skool gesluit te word waardeur

- die skool op die hoogte gehou kan word van gemeenskapsprobleme wat na die skool kan uitbrei, byvoorbeeld bende-aktiwiteite, verhoogde huisinbrake en dwelmsmokkelary deur jeugdige
- leerlinge aktief by gemeenskapsprojekte betrek word ten einde sosiale waardes wat vir hulle gemeenskap geld te leer ken. 'n Sin vir verantwoordelikheid en samewerking eerder as teenwerking, behoort by die leerlinge ontwikkel te word
- die gemeenskap, projekte wat op die behoeftes van die skool afgespits is, befonds
- besighede, deur middel van 'n mentorstelsel 'n vennootskap met 'n bepaalde skool in die gemeenskap sluit en hulp ten opsigte van akademiese ondersteuning, finansies en kundigheid aanbied
- besighede beroepsuitstallings en inligtingsessies hou en vakleerlingskap of vakansiewerk vir leerlinge aanbied
- die gemeenskapsopleiding aan ouers in die hantering en akkommodering van kontrakulturele jeuggroeperinge bied. Programme wat veral gerig is op temas soos effektiewe dissipline en interpersoonlike verhoudings kan van groot waarde wees

- die gemeenskap die veiligheid van die jeug op die hart dra. Dit sal 'n boodskap aan die jeug oordra dat hulle "saak maak"
- religieuse instellings in die gemeenskap deur 'n stelsel van "adopt a class" 'n bydrae lewer tot die emosionele behoeftes van die jeug

Alhoewel heelwat van die bovermelde voorstelle reeds in die praktyk mag voorkom, is die belangrikste oorweging en boodskap dat die gemeenskap *aktief* in die rehabilitering en akkommodasie van kontrakulturele jeugdige betrokke moet wees (Garcia 1994:24).

5.3.3 Makrovlak - Die staat en internasionale gemeenskap

Die staat kan deur sy betrokkenheid op velerlei terreine 'n bydrae lewer tot die hantering maar ook die rehabilitasie van kontrakulturele jeuggroeperinge. Deur die staatsdepartemente gemoed met onderwys en welsyn in te span kan opvoedkundige programme en advertensies wat 'n gesonde jeuglewe teenoor 'n kontrakulturele jeugbestaan uitbeeld, gebeeldsend of oor die radio uitgesaai word (Louw 1987:92).

Die internasionale gemeenskap het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die jeug. Deur die afwysing van onder andere geweld nasionaal en internasionaal en die beskerming van menseregte sal bewys gelewer word van 'n toegewydheid vir die respek vir lewe, die medemens en eiendom (Gorski & Pilotto 1994:42).

Op mikro (skool)-, meso (gemeenskap)- en makro (staat en internasionale gemeenskap) vlak, kan die implementering van bovermelde voorstelle die rehabilitasie en akkommodering van kontrakulturele jeuggroeperinge in die skool vergemaklik.

5.4 SAMEVATTING

Daar bestaan verskeie faktore wat die taak van die skool as opvoedingsinstansie benadeel. Een daarvan is die voorkoms van kontrakulturele jeuggroeperinge. Geen skool spring die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge vry nie. Die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge varieer

tussen vandalisme ten opsigte van die fisiese omgewing, versteurings in die psigiese omgewing en 'n destruktiewe invloed op medeleerlinge, gesagsdraers, die leeromgewing en die gemeenskap.

Skole behoort *aktief* by die rehabilitasie en akkommodering van kontrakulturele jeuggroeperinge betrokke te wees. Daarvoor is die *formulering van korttermyn doelwitte, langtermyn doelstellings* en die *ontwerp van 'n strategie* onontbeerlik.


As deel van die aksieplan moet onderwysers en medeleerlinge *opleiding* ontvang in die identifisering en rehabilitering van kontrakulturele jeuggroeperinge. Lede van kontrakulturele jeuggroepe wat by die rehabilitasieproses betrokke is, moet bepaalde vaardighede aanleer om anti-sosiale gedrag af te sweer.

Indien 'n samewerkingsooreenkoms op mikrovlak (die skool, die onderwyser en medeleerlinge), mesovlak (die gemeenskap, ouers) en makrovlak (die staat en internasionale gemeenskap) bereik is, kan dit as 'n stewige ondersteuningsnetwerk dien vir die jeugdige wat deur kontrakulturele bedrywighede geteister word. Binne so 'n ondersteuningsnetwerk kan die jeugdige sosiale vaardighede wat op 'n normatiewe gemeenskaps- en samelewingsdeelname gerig is, bekom. Die klem moet deurgaans op *voorkoming* en *ondersteuning* val.

6

Evaluering: bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings

"Dit is die natuurlike strewe van die mens om die werklikheid waarvan hy deel vorm te probeer begryp. Die belangrikste wyse waarop die mens sy ervarings en belewings vasgryp, is in uitsprake oor die werklikheid" (Mouton & Marais 1990:3).



6.1 INLEIDING

'n Ondersoek na die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika het 'n filosofiese begronding van die begrippe *kultuur*, *subkultuur*, *kontrakultuur*, *subkulturele jeuggroepering* en *kontrakulturele jeuggroepering*, genoodsaak. In die lig daarvan is dit sinvol om in die bevindinge, gevolgtrekkings en aanbevelings wat volg, dieselfde indeling ten opsigte van die begrippe te handhaaf. Dit skakel 'n onwetenskaplike en lukraak ordening van die evaluering uit.

In die navorsingsverloop is van sowel formatiewe as summatiewe evalueringsprosedures gebruik gemaak.

- *Formatiewe evaluering*: Gagné en Briggs (1979:309) definieer formatiewe evaluering soos volg: "Formative evaluation is undertaken while the new unit is being developed. Its purpose is to provide evidence on feasibility and effectiveness, so that revisions and improvements can be made". Formatiewe evaluering is *deurlopend in die gang van die navorsing* gedoen.
- *Summatiewe evaluering*: Gagné en Briggs (1979:309) definieer summatiewe evaluering soos volg: "Summative evaluation is concerned with the effectiveness of the course or program, once it has been developed". Summatiewe evaluering word na voltooiing van

die navorsingsprojek onderneem en "... its purpose is to permit conclusions to be drawn about how well the instruction [research] has worked" (Gagné & Briggs 1979:294). Summatiewe evaluering word aan die *einde van die navorsing* onderneem en vind neerslag in die gevolgtrekkings en aanbevelings.

Vervolgens word aandag gegee aan die evaluering van die navorsingsgegewens soos vir verslagdoeleindes geselekteer. Bepaalde bevindinge word voorgehou (feitelike resultate van dit wat werklik gebeur het) waaruit makrogevolgtrekkings telkens geformuleer is. Vanuit die gevolgtrekkings word bepaalde aanbevelings as toekomsriglyne voorgehou. Aanbevelings wat uit die navorsing vloei, word nie as voorskrifte vanuit die wetenskap op die praktyk afgedwing nie, maar as toepassingsmoontlikhede voorgehou.

6.2 KULTUUR: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING

'n Filosofiese begronding van dié aspekte van kultuur wat tot 'n beter berip van die verbandhoudende begrippe, *sub-* en *kontrakultuur* sou lei, is onderneem. Daar is van die standpunt uitgegaan dat kultuur die somtotaal van menslike gedrag in sy materiële en nie-materiële wêreld is. 'n Ontleding van die wesenskenmerke van die mens, die wesenskenmerke van die werklikheid en die proses van kultuurvorming, kon nie oorgesien word nie. In sy betrokkenheid in die werklikheid vorm die mens kultuur.

6.2.1 Bevindinge

- Die wesenskenmerke van die werklikheid is oorspronklik gegee en is universeel van aard. Daar bestaan egter nie 'n eksakte uiteensetting van die wesenskenmerke van die werklikheid nie, aangesien elke beskouing 'n partikuliere lewensbeskouing ten grondslag lê.
- Die wesenskenmerke van die werklikheid rig die daarstel van wesenskenmerke vir die mens, aangesien die mens in die werklikheid betrokke is.

- Die volgende wesenskenmerke van die mens is 'n voorwaarde vir kultuurvorming:
 - *modaalbepaaldheid* - die mens, alleen, is aangestel om die natuur (werklikheid) te beheers. In die konstituering en herkonstituering van die werklikheid, is die mens besig met kultuurvorming.
 - *doelbepaaldheid* - die bestaansdoel van die mens veronderstel kwaliteite onder andere om lief te hê en verhoudings te stig. Dit dui op die behoefte om in relasie met die medemens te lewe. Wanneer die saamlewe meer as net die behoefte aan relasie met die medemens weerspieël, kom 'n groep tot stand.
 - *waardebepaaldheid* - die mens is tot waarde-onderskeiding in staat.
 - *universaliteit teenoor individualiteit* - die mens vertoon universeel dieselfde eienskappe maar individueel verskil individu tot individu.
- Kultuur is dinamies. Die dinamiese aard van kultuur is daarin geleë dat die mens, medemens en die natuur saam betrokke is en in beweging kom. Die in-die-beweging-kom dui op die kultuurproses naamlik kultuuroordrag wat via kultuurkontak en diffusie, kultuurontplooing tot gevolg het. Kultuurontplooing ontbloot sigself in 'n verskeidenheid verskyningsvorme onder andere kultuurverandering, kultuurontwikkeling, kultuurvernuwing en kultuurbewaring.
- Die negatiewe beleving van die kultuurproses, kan tot kultuurverbrokkeling, 'n kultuurkrisis en selfs 'n kultuurrevolusie, aanleiding gee.

6.2.2 Gevolgtrekkings

- Die wesenskenmerke van die mens naamlik, modaalbepaaldheid, doelbepaaldheid, en waardebepaaldheid rig kultuurvorming. Die mens se waarde-onderskeidende, gerelationeerde, konstituering van die werklikheid dui op kultuurvorming.

- Die mens is ook individualiteit in sy universaliteit. Dit kom daarop neer dat individue die kultuurproses verskillend beleef. Die verskil in klempasing ten opsigte van waarde bepaaldheid tydens kultuurvorming, het tot gevolg dat individue negatief of positief op kultuurverandering reageer. In hierdie reaksies, stig die individu relasies met subjekte en objekte met wie en waarmee hy tuis voel. Die gevolg is groepverskeidenheid en kultuurdiversiteit, wat in hierdie navorsing as die vorming van sub- en kontrakulture gesien word.

6.2.3 Aanbevelings

Die internalisering van die kultuurproses, wat noodwendig kultuurverandering insluit, verskil by elke individu.

- Daar behoort genoegsame ruimte vir individue gelaat te word vir 'n eie kulturele affiliasie.
- Individue wat weens kultuurverandering nie by veranderde omstandighede kan aanpas nie en sosiale uitvalsverskynsels vertoon, behoort deur sy kultuurgemeenskap geïdentifiseer en fisies en emosioneel ondersteun te word.

6.3 SUBKULTUUR EN KONTRAKULTUUR: 'N FILOSOFIESE BEGRONDING

Die begrippe *subkultuur* en *kontrakultuur*, *subkulturele jeuggroepering* en *kontrakulturele jeuggroepering*, is onlosmaaklik deel van die begrip *kultuur*. 'n Filosofiese begronding van bogenoemde begrippe is daarom essensieel en in hoofstuk 3 onderneem.

6.3.1 Bevindinge

- 'n Subkultuur is enige segment van die dominante kultuur wat eiesoortige waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole *nie konflikterend* met die dominante kultuur, voorstaan. In teenstelling daarmee is 'n kontrakultuur enige segment van die dominante kultuur waarvan die waardes, norme, doelstellings, gedragsmanifestasies en simbole in *konflik* met die waardes en norme van die dominante kultuur is en die

omverwerping van die waarde- en normstruktuur van dominante kultuur beoog. Dit impliseer 'n simboliese omverwerping in die geval van opposisiëkulture en fisiese omverwerping in die geval van kontrakulture.

- 'n Subkultuur kom tot stand wanneer individue saamtrek indien daar 'n *gemeenskaplike klimaat* geskep is waar *waardes en norme* gedeel word. Kontrakulture kom onder dieselfde omstandighede tot stand. Die verskil tussen 'n sub- en kontrakultuur lê in die *kontranormatiewe aard* van laasgenoemde.
- Omstandighede wat as impetus vir die vorming van subkulture dien, is groeppormende kragte, die kultuurvormingsproses, kulturele diversiteit, genotipiese en fenotipiese faktore. Dieselfde omstandighede geld vir die vorming van kontrakulture.
- Die diffuusheid van subkulturele parameters vergemaklik interaksie tussen individue in 'n subkultuur, tussen subkulture en die dominante kultuur. In teenstelling daarmee is kontrakulturele parameters streng afgebaken, juis vanweë die konflikterende waarde- en normstruktuur.
- Subkulture stel hul identiteit, andersheid en verskille simbolies by wyse van 'n bepaalde styl ten toon. Dieselfde geld vir kontrakulture.
- Die subjektiewe beoordeling van anti-sosiale gedrag maak 'n eksakte skeiding tussen sub- en kontrakulture onmoontlik.
- 'n Subkulturele jeuggroepering is 'n spesifieke groep *jeugdiges* wat as 'n segment van die dominante kultuur hulself met eiesoortige waardes, norme, gedragsmanifestasies, styl en simbole, *nie konflikterend* met die dominante kultuur nie, identifiseer ter bereiking van 'n bepaalde doel. In teenstelling daarmee is 'n kontrakulturele jeuggroepering 'n spesifieke groep jeugdiges wat as 'n segment van die dominante kultuur hulself met eiesoortige waardes, norme, gedragsmanifestasies en simbole, *konflikterend* met die dominante kultuur identifiseer ter bereiking van 'n bepaalde doel.

- Sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge word deur dieselfde omstandighede as sub- en kontrakulture gevorm. Die opsigselfstaande eienskappe van die jeugfase verleen egter *uniekheid* aan sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge.
- Subkulturele jeuggroeperinge bied aan die jeug 'n *positiewe waagruimte en eksplorasië- en oefengeleenthede vir deelname in die gemeenskap*. Kontrakulturele jeuggroeperinge bied 'n alternatiewe vryheid en tuiste aan die jeugdige. Jeugdige wat nie binne die waarde- en normstruktuur van die dominante kultuur erkennig geniet nie, ondervind 'n ambisieblokkasie en 'n gevoel van minderwaardigheid. Gevolglik word die waarde- en normstruktuur van die dominante kultuur afgewys en 'n kontranormstruktuur word aanvaar. Binne die kontrakulturele jeuggroepering beleef die jeugdige 'n tipe status wat hy buite die groep nie sou beleef nie. Hy word nou ter wille van homself aanvaar.
- Daar bestaan verskeie teorieë vir die verklaring van gewelddadigheid by kontrakulture.

6.3.2 Gevolgtrekkings

- Die omstandighede wat as impetus vir die vorming van subkulture dien, is so veelgeskakeerd dat elke individu by 'n oneindige veelheid van subkulture betrokke is. Daar is egter 'n gemeenskaplike faktor wat die veelheid van subkulture saambind en dit is die waarde- en normstruktuur van die subkultuur. Individue trek in groepe waar hulle tuis hoort saam. Dit bring mee dat die waarde- en normstruktuur van die subkulture waarby die individu betrokke is, min of meer die persoonlike waarde- en normstruktuur van die individu komplimenteer.
- 'n Subkultuur bestaan naas die dominante kultuur aangesien die waarde- en normstruktuur van die subkultuur slegs gradueel van die dominante kultuur varieer of verskil. Dit bring mee dat daar 'n groot mate van wedersydse beïnvloeding tussen individue in 'n subkultuur, tussen subkulture en tussen die dominante kultuur bestaan. In teenstelling daarmee is daar weinig wedersydse beïnvloeding tussen kontrakulture en die dominante kultuur, juis as gevolg van die konflikterende normstruktuur.

- Sub- en kontrakulturele styl dra 'n verborge boodskap. Gedragspatrone en uiterlike vertoon, is 'n simboliese bewusmaking van sub- en kontrakulturele waardes en norme.
- Die vorming van subkulturele jeuggroepeeringe word binne die dominante kultuur aanvaar, juis omdat die waarde- en normstruktuur van die subkulturele jeuggroepeeringe nie in konflik met dié van die dominante kultuur is nie. Kontrakulturele jeuggroepeeringe hou egter 'n bedreiging vir die dominante kultuur in, aangesien die waarde- en normstruktuur van kontrakulturele jeuggroepeeringe in konflik met dié van die dominante kultuur is en selfs die omverwerping van die dominante kultuur beoog.
- Kontrakulturele jeuggroepeeringe voorsien op sy eie manier in sekere basiese menslike behoeftes van jeugdige wat as gevolg van hulle bepaalde lewensagtergrond en omstandighede nie deur die gewone kanale en daarom op 'n natuurlike wyse, bevrediging vir sodanige behoeftes verkry nie. Die erkenning wat die jeugdige binne die kontrakulturele jeuggroepeering beleef, sal ook ten alle koste in stand gehou word. Die gevolg is dat enige gedrag (geweld, moord, verkragting, diefstal) aanvaarbaar word. In die geval van die gewelddadige jeugbende as kontrakulturele jeuggroepeering, is geweld ook die wyse om aandag te trek. Geweld is 'n middel tot 'n doel. Die doel wissel van die verkryging van aandag van ouers, omkoopgeskenke tot groepsaanvaarding.
- Gewelddadigheid by kontrakulture word deur verskeie teorieë verklaar. Kennisname van soveel as moontlik verklaringsteorieë kan 'n beter begrip vir die gewelddadige kontrakultuur laat ontstaan. Ingryping kan ook meer doelgerig beplan word.
- Die vorming van kontrakulture en kontrakulturele jeuggroepeeringe kan 'n aanduiding wees van 'n patologiese gemeenskap. In 'n gemeenskap waar 'n veelheid van kontrakulture en kontrakulturele jeuggroepeeringe aangetref word, sal konflik sigbaar en voelbaar wees. Positiewe aktualisering vir die individu word dus nie vir die individu binne die gemeenskap geskep nie.

6.3.3 Aanbevelings

- Kulturele relativisme (die beoordeling van elke kultuurgemeenskap volgens sy eie waarde- en normstruktuur kyk par. 1.5.3) behoort 'n groot mate van kulturele verdraagsaamheid binne 'n land tot gevolg hê en minder uitvalle na kontrakulturele kultuurgemeenskappe tot gevolg hê.
- Die onderliggende boodskap in die uiterlike vertoon van sub- en kontrakulturele styl behoort deur die gemeenskap gekodeer en geanaliseer word in 'n poging om sub- en kontrakulturele variasie te verstaan.
- Daadwerklike identifisering van kontrakulturele jeuggroeperinge behoort aan maatskaplike- en sosiale werkers in formele staatsbeleid opgedra te word. 'n Rehabilitasieprogram behoort as doelwit gestel te word.
- Subkulturele jeuggroeperinge behoort daadwerklike ondersteuning en leiding van die gemeenskap te ontvang. Subkulturele jeuggroeperinge is 'n positiewe uitlaatklep vir die opgehoopte energie en kreatiwiteit van die jeugfase. Indien hierdie energie op die regte wyses gekanaliseer word, kan subkulturele jeugbewegings 'n stewige pilaar in die werksaamhede van 'n gemeenskap wees.

6.4 FAKTORE WAT TOT DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN SUB- EN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE IN SUID-AFRIKA AANLEIDING GEE

In hoofstuk 4 is die faktore wat tot die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge onder die swart jeug in Suid-Afrika aanleiding gee, ondersoek.

6.4.1 Bevindinge

- *Politiese omstandighede* is die grootste oorsaak vir die ontstaan van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika. Politieke beleid het 'n destruktiewe invloed op die ganse bestaan van swart Suid-Afrikaners uitgeoefen.

- Die politieke beleid van segregasie het deprivasie op vele terreine meegebring en menswaardigheid aangetas:
 - Op *ekonomiese* gebied het werkreservering, migrante-arbeid en die oneweredige verspreiding van staatsgeld (om maar 'n paar voorbeelde te noem), swart Suid-Afrikaners daarvan weerhou om ekonomiese vooruitgang te maak. Hierdie toedrag van sake het daartoe gelei dat swart Suid-Afrikaners onder gedepriveerde omstandighede 'n bestaansekonomie gevoer het.
 - Op *demografiese* gebied is swart gemeenskappe grondbesit ontsê, 'n beperking is op verstedeliking geplaas en 'n kunsmatige verspreiding van swartmense het tot oorbevolking aanleiding gegee.
 - Op *sosiale* gebied is die swart jeug blootgestel aan gedepriveerde sosiale omgewings, swak behuising, abnormale gesinsgroottes, enkelouergesinne, gesags- en outoriteitskrisisse, generasiekonflik en religieuse verval.
 - Op *kulturele* gebied is kulturele vervreemding, kulturele deprivasie en anti-kind sentimente deel van die alledaagse bestaan van die swart jeug.
 - Op *onderwyskundige* gebied is die swart jeug blootgestel aan 'n gedepriveerde onderwysstelsel wat assimilasie, dekultering en omkultering beoog het.
- *Ideologiese* invloede het swart gemeenskappe bewus en sensitief vir hul gedepriveerde omstandighede gemaak.
- Daar kan 'n duidelike verband gelê word tussen die geselekteerde verklaringsteorieë vir gewelddadigheid en die ontstaansredes vir kontrakulturele jeggroeperinge in Suid-Afrika.
- Die ontwikkeling en groei van sub- en kontrakulturele jeggroeperinge toon 'n duidelike historiese ontwikkeling. In hierdie ontwikkeling het portuurgroepdruk en die misbruik van die jeug deur politieke leiers en aktiviste, 'n vername rol gespeel.

6.4.2 Gevolgtrekkings

- Daar kan teoreties geargumenteer word dat 'n verandering van die politieke beleid in Suid-Afrika die ontstaan van veral kontrakulturele jeuggroeperinge kan beperk. Die politieke beleid het inderdaad verander, maar die oorwig van oorsake wat tot die vorming van sub- en kontrakulturele jeuggroeperinge aanleiding gee, is steeds in plek.
- Die realiteite van die bestaan van die swart jeug het tot frustrasie en hulpeloosheid aanleiding gegee. Misdaad en geweld is dikwels as die enigste uitweg beskou.
- Die jeug het respek vir die passiwiteit van volwassenes van hul tyd verloor wat op verskeie lewensterreine die slagoffers van die historiese politieke beleid in Suid-Afrika was. Daarna was dit onmoontlik om die tradisionele gesagstrukture in plek te hou. 'n Arrogante negering van gesag, orde en dissipline het onder die jeug ontstaan wat onvermydelik op 'n generasiekonflik afgestuur het. Ouers het mettertyd die slagoffers van 'n kontrakultuur geword waar hulle die kinders in alles gehoorsaam.
- Militante optrede het aan die jeug 'n gevoel van persoonlike mag gegee en die oortuiging dat hulle deur hulle dade die samelewing positief kan verander. Geweld, moord en aktivisme het 'n model geword waardeur die swart jeug hul eie menswaardigheid herontdek het. Alternatiewe waardes en norme is sonder kritiese oorweging aanvaar.
- Die eienskappe van die jeugfase en in besonder die soeke na identiteit, aanvaarding en die konformerings tot groepsdoelstellings, die soeke na avontuur, opwinding en sensasie, was ideale bestanddele vir die vorming van kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika. Al bogenoemde behoeftes van die jeug is bevredig alhoewel dit kontranormatief geskied het.
- Geweld word 'n lens waardeur leerlinge situasies beoordeel en waarvolgens hulle dan handel. Die jeug het meer fatalisties geword en aanvaar die toename in geweld as normaal. Die gevolg daarvan is dat leerlinge nie die verantwoordelikhede wat van volwassenes vereis word, aanleer nie.

- Die swart jeug wat in kontrakulturele jeuggroeperinge vasgevang is en geweld deel van hulle alledaagse bestaan is, het 'n afstomping van emosies ondergaan. Hulle het ook die "gawe" van 'n onbekommerde jeug "misgeloop".

6.4.3 Aanbevelings

- Indien 'n oplossing vir die ontstaan van kontrakulturele jeuggroeperinge gevind wil word, behoort daar op grondvlak na die probleem gekyk te word.
- Die skepping van werksgeleenthede is van kardinale belang. Die bedreiging van werkloosheid onder die jeug kan waargeneem word in die vorm van sosiale disintegrasië. Die ontwikkeling van 'n oorweldigende *jeugwerkskeppingsprogram* deur die staat behoort 'n prioriteit te wees. So 'n program sal groot finansiële insette verg en daarom behoort die beleidmakers en ekonome weë te ondersoek om die jeug in die arbeidsmark te integreer. Openbare werke kan deur die staat geïnisieer word.

Werkskeppingsprogramme behoort ook deur die privaatsektor as deel van hul sosiale verantwoordelikheid op die been gebring te word. Werkskepping met entrepreneurskap, werkskwaliteit en produktiwiteit as basis, sal 'n positiewe poging wees om armoede te beveg en selfrespek te verkry.

Wat kan gedoen word om beleid ten opsigte van werkskepping effektief te laat funksioneer?

- Eerstens is die politieke *deursettingsvermoë van beleidmakers* van kardinale belang.
- Tweedens behoort die *vordering van werkskeppingsprogramme krities gemonitor* te word.
- Derdens is die *effektiwiteit van die beleid oor werkskepping afhanklik van die strukturering van tersaaklike beleid*.

- Die jeug behoort bewus gemaak te word van die feit dat die jeugfase 'n voorbereiding vir die volwasse wêreld is. Die gemeenskap en die skool moet voorsiening maak vir die oefening van vaardighede vir die volwasse wêreld. Dit moet by jeugdige tuisgebring word dat kontrakulturele waardes en norme nie by verantwoordelike volwassenes tuis hoort nie.
- Die jeug behoort hulself te sien as die leiers en ouers van die toekoms. Die vraag moet aan hulle gestel word of hulle as toekomstige leiers en ouers hul kinders by kontrakulturele jeuggroeperinge betrokke wil sien.

6.5 DIE INVLOED VAN KONTRAKULTURELE JEUGGROEPERINGE OP DIE ONDERWYS

Die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge en die voortvloeiende geweld in die onderwys as gevolg daarvan, is in hoofstuk 5 ondersoek. Riglyne is ook voorgestel vir die sinvolle hantering van kontrakulturele jeuggroeperinge in die onderwys.

6.5.1 Bevindinge

- Die jeug beleef nie net geweld in hulle woonbuurtes nie maar ook op hulle skoolterreine.
- Die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge op die onderwys het nadelige gevolge vir:
 - *die fisiese omgewing* - deur vandalisme, waaronder die beskadiging van skoleiendom, word duisende rande se skade jaarliks aangerig. Dit is 'n finansiële las wat die gemeenskap en die staat kwalik kan bekostig.
 - *die psigiese omgewing* - geweld wat teenoor 'n persoon gerig word, is 'n doelbewuste aantasting van sy menswaardigheid. Intimidasië wat dikwels met geweld op skoolterreine gepaard gaan, maak inbreuk op 'n persoon se vryheid tot keuse uitoefening, waarde- en normstruktuur en integriteit. Geweld op die psigiese

omgewing van die skool het 'n nadelige uitwerking op normale ontwikkeling.

- *medeleerlinge* - psigologiese afwykings, (in 'n mindere of meerdere mate, akueel of chronies), wantroue en agterdog van die medemens en negatiewe sosiale interaksies is die gevolg van die beleving van geweld.
- *gesagsdraers* - die oorname van gesag in die skool deur kontrakulturele jeuggroeperinge het aanleiding gegee tot negatiewe, depressiewe, 'n swak selfbeeld en 'n gevoel van fatalisme onder gesagsdraers.
- *die leeromgewing* - die invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge het tot die aftakeling en disintegreer van die leeromgewing aanleiding gegee.
- *die gemeenskap* - kontrakulturele jeuggroeperinge het gepoog om die gemeenskap van hul kontra-waarde- en normstruktuur te oortuig om sodoende hul optrede meer aanvaarbaar te maak.

6.5.2 Gevolgtrekkings

- As gevolg van 'n pessimistiese en fatalistiese ingesteldheid by die meerderheid onderwysers, kom die effektiwiteit van onderwysers as *rolmodel* vir die leerlinge in die gedrang.
- Die kollektiewe invloed van kontrakulturele jeuggroeperinge in die skool lei tot die *verlaging van die kwaliteit van onderwys*.
- Die skade wat kontrakulturele jeuggroeperinge aan die hele spektrum van die skoolomgewing aangerig het, kan nie *gekwantifiseer* word nie.
- Die skool kan nie die volle omvang van kontrakulturele jeuggroeperinge hanteer nie, maar kan op 'n *betekenisvolle wyse 'n bydrae lewer* tot die akkommodering van kontrakulturele jeuggroeperinge in die onderwys.

- Wanneer leerlinge positief by buitemuurse aktiwiteite betrokke raak, verminder die aktiwiteite van kontrakulturele jeuggroeperinge en die algemene ingesteldheid teenoor onderrig verhoog. Die geheim is om kontrakulturele jeuggroeperinge in die hoofstroom te integreer. Die leerlinge behoort dermate betrokke te raak sodat hulle uiteindelik met 'n gesonder selfkonsep en selfaanvaarding die skool verlaat.

6.5.3 Aanbevelings

- Positiewe vryetydsbesteding behoort deel van 'n misdadaoorkomingsprogram te vorm.
- Maatskaplike Dienste behoort op makro- en mikrovlak uit te brei en deur die staat ondersteun te word. In aansluiting daarby behoort meer omvangryke jeugprogramme soos Youth Reseach (Botha 1990:56), die Imbali Rehabilitation Programme (*The Natal Witness*, July 6 1994:7) en die National Youth Development Co-ordinating Committee (*Sowetan*, June 15:1994:10) geïnisieer te word. Dit kan die jeug beter en meer toereikend toerus om agterstande en gedepriveerdheid te oorkom.
- Uit die onderhawige navorsing is dit duidelik dat die ontspoorde jeug hul na kontrakulturele jeuggroeperinge wend met kriminele oogmerke. Dit is daarom van dringende belang dat *langtermyn anti-misdad programme* ontwikkel moet word. Hierdie programme behoort die insette van die breë gemeenskap (maatskaplike werk organisasies, gemeenskapsorganisasies, politieke organisasies, jeuggroepe asook navorsers) te vertoon. Die insette behoort te kulmineer in beleid om die vorming van kontrakulturele jeuggroeperinge en jeugmisdad te bekamp en te beveg.
- *Soveel individue en instansies* as moontlik, behoort betrek te word by die rehabilitering van die jeug. 'n Groter betrokkenheid vergroot die sukseskoers.
- Onderwys moet voorsiening maak vir die jeugdige wat nie baat by formele onderwys gevind het nie. Vroeë skoolverlaters voel uitgesluit uit die ekonomiese wêreld aangesien hulle nie maklik werk bekom nie. *Volwasse onderwys* moet daarop gerig wees om hierdie groep te betrek en hulle in beroepsvaardighede te onderrig.

- Afgesien van beroepsvaardighede gaan die jeugdige wat in kontrakulturele jeuggroeperinge betrokke is, mank aan *lewensvaardighede*. Die ontwikkeling van lewensvaardighede kan daartoe meehelp dat die jeugdige vinniger met sy gemeenskap herintegreer. Daar bestaan verskeie programme vir die aanbied van lewensvaardighede. 'n Program wat met vrymoedigheid aanbeveel kan word en spesifiek in skole onderrig kan word, is die *Lions-Quest "Skills for adolescence"* soos deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) benut. Die program wat 'n omvattende handleiding vir onderwysers en 'n werkboek gebaseer op interaktiewe teks vir leerlinge insluit, maak die aanbieding van die program 'n noodsaaklikheid.

- Voorts behoort die effektiwiteit van die rehabilitasieprogramme van korrektiewe dienste hersien te word. Talle lede van opposisie- en kontrakulturele jeuggroeperinge bots met die gereg met die gevolg dat hulle dikwels in die gevangenis beland. Statistieke bewys dat daar 'n groot kader jeugdige gevangenes is wat na vrylating weer met die gereg bots en gevangenisskap opgelê word (Race Relations Survey 1993/1994:306). Die vraag ontstaan of die Suid-Afrikaanse korrektiewe dienste aanspraak kan maak op die funksie van rehabilitasie en herintegrasie van gevangenes in die samelewing.

Gepaardgaande daarmee, vind voormalige gevangenes dat hulle oor weinig vaardighede beskik om suksesvol in die gemeenskap opgeneem te word. Die gemeenskap en die arbeidsmark hanteer die voormalige gevangenes oor die algemeen as sosiale buitestaanders. Daar is derhalwe 'n akute nood aan herevaluasie van die wyse waarop die samelewing voormalige kontrakulturele jeuggroeperinge hanteer.

- Psigologiese heropbouing en ontwikkeling van die jeug is noodsaaklik. Dit kan nie betwyfel word dat die ontstaansredes vir opposisie- en kontrakulturele jeuggroeperinge in Suid-Afrika 'n diepgaande negatiewe psigologiese uitwerking op die jeug gehad het nie. Jeugdiges het geweld en misdaad as lewenswyse en wyse van konflikhantering aanvaar. Sosiale veranderinge moet deursuur wees met pogings tot die psigologiese herkonstruksie van die jeug. Sosiale en psigologiese herkonstruksie loop egter hand aan hand. Daar sal nie veel vrug op die arbeid wees as óf die een óf die ander nagelaat word nie.

Daar is egter bekommernis dat hierdie aangeleentheid nie die ondersteuning geniet wat dit verdien nie: "What angers me even more is that the State does not seem to wish to recognise the psychological effects of what it is doing ... nor does the State make any attempt to think about providing treatment or rehabilitation for these victims. This is left to voluntary organizations" (Robertson 1990:136). Die implementering van die HOP vind nie teen 'n gewenste tempo plaas nie. Geduld en volharding is sleutelwoorde in die psigologiese heropbou en ontwikkeling van die jeug. Insette van veral die swart gemeenskappe is onontbeerlik in hierdie proses en in die woorde van Mokwena (1992:49), "A truly just and non-violent South Africa is not going to be handed over on a silver plate".

6.6 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Die omvang van die ontstaan en ontwikkeling van sub- en kontrakulturele jeuggroepeerings in Suid-Afrika as navorsingsterrein is van so 'n aard dat dit nie binne die bestek van 'n proefskrif aangespreek kan word nie. Die volgende terreine word as aanbevelings vir verdere navorsing voorgestel:

- In die onderhawige navorsing is daar hoofsaaklik na die rol van die skool in die sinvolle hantering van kontrakulturele jeuggroepeerings verwys. Die *taak van die ouer in die rehabilitering en akkommodering van kontrakulturele jeugdiges* is 'n navorsingsterrein wat deurlopende navorsing verg. Laasgenoemde is ook 'n terrein waar daar nie genoeg riglyne voorgestel kan word nie.
- Die *wantroue wat tussen jeugdiges en persone in gesagsposisies en by name ouers, onderwysers en die polisie bestaan*, behoort aangespreek te word. Navorsing wat daarop gerig is om riglyne neer te lê en programme te implementeer om bovermelde vertroue te herstel, is van dringende belang.
- *Gemeenskapspolisiëring* is 'n navorsingsveld wat ondersoek verdien. Wysies waarop die eerbaarheid, geloofwaardigheid en betroubaarheid van die polisie in die oë van die jeug herstel kan word, verdien aandag.

6.7 AANBEVELINGS VIR ONDERWYSVERNUWING

- Meer as ooit te vore is indringende navorsing op die terrein van multikulturele onderwys nodig. Met die amalgamering van alle onderwysdepartemente en die oopstelling van skole vir leerlinge van alle kulture is 'n kennis van die lewens- en wêreldbeskouing van 'n diversiteit van kulture nodig om die talle vrae van wat reg en verkeerd binne die skoolopset is te probeer beantwoord.
- Alternatief is nie noodwendig verkeerd nie. Hierdie stelling word gemaak in die lig van die feit dat optrede wat jeugdige van een kultuur in 'n subkultuur klassifiseer deur 'n volgende kultuur as kontrakulturele optrede ervaar kan word. Aanvaarding van kultuurdiversiteit binne 'n breë raamwerk van waardes en norme in die skool is essensieel.
- 'n Gedragskode vir onderwysers en leerlinge behoort deur die onderwysowerhede opgestel en afgedwing te word.

6.8 SLOTOPMERKING

Die jeug bly die jeug deur watter trauma hulle ook al gaan. Die jeugfase bly die fase van voorbereiding vir die volwasse fase. Dit is onhoudbaar dat die jeug die verantwoordelikhede van volwassenes in hulle gemeenskappe op hulle neem soos die versorging van kleiner kinders in die afwesigheid van ouers en daar van hulle verwag word om tot die ekonomiese sy van die huishouding by te dra. Maar die jeug word veroordeel indien hulle deur protesoptogte, verset en skool wegbly-aksies hulle standpunt teen hulle gedepriveerde omstandighede wil stel.

Kontrakulturele jeuggroeperinge het hul onskuld in die geweldgeteisterde swart woongebiede verloor. Die probleem van kontrakulturele jeuggroeperinge is dat hulle 'n tekort aan erkenning en status beleef. Daarom skep hulle hulle eie kontrakulturele groepstatus. Indien daar weer aan die jeug 'n positiewe status toegeken kan word, kan die skep van valse statusse voorkom word.

Die belangrikste van alle pogings om kontrakulturele jeuggroeperinge in 'n rehabilitasie proses by te staan, is die daarstel van 'n sterk, langdurige emosionele band tussen voogde en die jeug,

hetsy die voogde, onderwysers, ouers, familie of werkgewers is. Toekomstige onderwysbeleid sal doelbewus die impak van voogde moet evalueer. Die behoeftes van die jeug en hulle gesinne moet as prioriteit sien word. Die gesin behoort weer die primêre eenheid te word waarbinne die jeugdige tot volwassenheid gelei word.

Dit is belangrik om te besef dat die jeugtydperk die "laaste" geleentheid vir volwassenes bied om aktief, primêre gedragsverandering by jeugdige te inisieer. Die tydperk moet daarom ten volle benut word indien gedragsafwykings opgemerk word.

In die finale instansie sal die wyse waarop daar na die jeug in die toekoms omgesien word, bepaal of hulle persoonlikheidslose meedoeners aan opposisie- en kontrakulturele jeuggroeperinge gaan wees of individualistiese meedoeners aan subkulturele jeuggroeperinge opweg na volwaardige volwassenheid.

Geraadpleegde bronne

About youth gangs in Dade County. s.a. Pamflet uitgegee deur die Dade-Miami Criminal Justice Council: Dade.

Adorno, T W 1990. Culture industry reconsidered. In Alexander, J C & Seidman, S (eds) 1990. *Culture & Society. Contemporary debates.* Cambridge: Cambridge University Press.

Agenda/Newsline, Die Kaap van storms. 7 Desember 1995.

Ahlstrom, W M & Havinghurst, R J 1971. *400 Losers delinquent boys in high school.* San Francisco: Jossey-Bass Inc.

Alexander, K C & Kumaran, K P 1992. *Culture and development. Cultural patterns in areas of uneven development.* New Delhi: Sage Publications.

Alford, C F 1991. *Group psychology and political theory.* New Haven: Yale University Press.

Allen, L & Saltrock, J W 1993. *Psychology. The context behaviour.* Wisconsin: Brown & Benchmark Publishers.

Appleton, N 1983. *Cultural pluralism in education: theoretical foundations.* New York: Longman Inc.

Arnold, D O (ed) 1970. *The sociology of subcultures.* Santa Barbara: The Glendessary Press.

Austin, R L 1983. The colonial model, subcultural theory, and intragroup violence. *Journal of Criminal Justice*, 11(2):93-104.

Baker, K & Rubel, R J 1980. *Violence and crime in the schools.* Toronto: Lexington Books.

Baker, M H & Nienstedt, B A 1983. The impact of a crime wave: Perception, fear and confidence in the police. *Law and Society Review*, 17(2):319-335.

- Bakker, R 1977. *Het geschiedenis van het fenomenologische denken*. Utrecht: Het Spectrum.
- Banks, J A 1988. *Multi-ethnic education. Theory and practice*. Boston: Allyn and Bacon.
- Banks, J A & Lynch, J 1986. *Multicultural education in western societies*. London: Holt, Rinehart and Winston.
- Bargotta, E & Bargotta M L (eds) 1992. *Encyclopedia of Sociology*. Volume 1. New York: Macmillan Publishing Company.
- Barnett, H G 1953. *Innovation: the basis of cultural change*. London: McGraw-Hill.
- Baron, S W 1989. Resistance and its consequences. The street culture of punks. *Youth & Society*, 21(2):207-237.
- Bash, H H 1982. Counterculture: some problems in the quest for sociological theory. In Leventman, S (ed) 1982. *Counterculture and social transformation*. Illinois: Charles C Thomas.
- Bates, D G & Plog, F 1990. *Cultural Anthropology*. Third edition. New York: MacGraw-Hill, Inc.
- Becker, D C 1983. Impact of crime and violence on schooling: is there a solution? *Contemporary Education*, 55(Fall):45-47.
- Beeld*, 1992. Fokus op jeug in drie inisiatiewe. 5 Februarie 1992:9.
- Beeld*, 1992. Erger fout. 8 Julie 1992:8.
- Behr, A L 1988. *Education in South Africa: origins, issues and trends: 1652-1988*. Pretoria: Academica.

- Bernstein, B 1975. *Class and pedagogies: visible and invisible*. United Kingdom: Centre for Educational Research and Innovation.
- Best, J W & Kahn, J V 1993. *Research in Education*. Seventh edition. Boston: Allyn and Bacon.
- Biesanz, J & Biesanz, M 1954. *Modern society*. New York: Prentice-Hall, Inc.
- Blauw, J 1978. *Mens, kultuur en maatschappij*. Nijkerk: Intro Beeld.
- Blok, C 1990. Rhyme and reason: artistic creation and problems of culture. In Blok, C; Van den Braembussche, A A; Kimmerle, H & Paelinck, J H P 1990. *Different elements for a general science of culture*. Aldershot: Avebury.
- Bonner, P L 1988. Family, crime and political consciousness on the East Rand 1939-1955. *Journal of Southern African Studies*, 14(3):393-420.
- Botha, W 1990. Die kinders van geweld. *De Kat*, 5(12):56-62.
- Braithwaite, J 1979. *Inequality, crime and public policy*. London: Routledge and Kegan Paul.
- Brake, M 1985. *Comparative youth culture: the sociology of youth cultures and youth subculture in America, Britain and Canada*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Bredemeier, H C & Stephenson, R M 1965. *The analysis of social systems*. New York: Holt, Rinehart and Winston, Inc.
- Buiks, E J & Kwant, R C 1981. *Cultuursociologie: perspectief op cultuurvorming, cultuurbeweging en cultuurbeleid*. Brussel: Samsom Uitgeverij.
- Bundy, C 1987. Street sociology and pavement politics: aspects of youth and student resistance in Cape Town. *Journal of South African Studies*, 13(3):303-330.

- Bushnell, J 1990. *Moscow graffiti: Language and subculture*. Boston: Unwin Hyman.
- Calhoun, J 1988. Violence, youth and a way out. *Children Today*, 17(5):9-11.
- Camilleri, C 1986. *Cultural anthropology and education*. Kogan Page in association with United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation.
- Campbell, A; Munez, S & Galea, J 1982. American gangs and British subcultures: A comparison. *International Journal of Offender Therapy and Comparative Criminology*, 26(1):76-89.
- Carey, L 1983. Teaching alternatives to violence in the resolution of conflict. *Momentum*, 14(December):16-18.
- Challenor, M 1992. 'Lost generation' a major crime factor. *The Daily News*, 20 January 1992:3.
- Chin, R 1967. Some ideas on changing. In Miller, R I 1967. *Perspectives on educational change*. New York: Appleton-Century-Crofts.
- Christie, P 1991. *The right to learn. The struggle for education in South Africa*. Cape Town: Ravan Press.
- City Press*, 1991. Another disastrous school year? 3 March 1991:1.
- City Press*, 1991. Bored kids ditch class for rapping in taverns. 28 April 1991:6.
- City Press*, 1991. Where to in blackboard battle? 28 April 1991:6.
- Clark, C M 1992. Deviant adolescent subcultures: Assessment strategies and clinical interventions. *Adolescence*, 27(106):283-293.
- Cleminshaw, D 1987. Problems of township children and youth. *The South African Outlook*, 117(1389):37-40.

- Coertze, P J 1980. *Filosofiese en metodologiese grondslae van die volkekunde*. Johannesburg: Lex Patria.
- Cohen, A K 1956. *Delinquent boys: the culture of the gang*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Corsini, R J (ed) 1994. *Encyclopedia of Psychology*. Second edition. Volume 1. New York: John Wiley & Sons.
- Cronjé, G 1969. *Mens-in-sosiale-verband*. Pretoria: Academica.
- Cronjé, G; Van der Walt, P J; Retief, G M & Naudé, C M B 1987. *Die jeugoortreder in die gemeenskap*. Pretoria: HAUM.
- Cross, M 1992. *Resistance and transformation*. Johannesburg: Skotaville Publishers.
- Cruse, H P s.a. Die geskiedenis van kleurlingonderwys in die Kaapprovinsie. s.l. s.n.
- Curtis, L A 1975. *Violence, race and culture*. Lexington, MA: Lexington Books.
- Daily News*, 1990. Black urban youth radicalised by harsh realities of life in townships. 24 August 1990:17.
- Daily News*, 1992. The lost generation. 20 January 1992:3.
- Daniel, N 1975. *The cultural barrier. Problems in the exchange of ideas*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Davey, J 1990. High times at high school. *Youth Studies*, 9(3):43-46.
- Davies, A 1974. *Children in conflict: a casebook*. New York: John Wiley & Sons, Inc.

- Degnaar, J 1990. The concept of violence. In *The influence of violence on children. Occasional Paper no. 13*. Cape Town: Centre for Intergroup Studies.
- De Kat*, 1991. Onderwys vir die verlore geslag. Augustus 1991:42.
- De Kock, C & Schutte, C 1995. "Lost generation" or "dynamics of a new South Africa?" An investigation into the life circumstances of the African youth in the PWV region. In Van Zyl Slabbert F; Malan, C; Marais, H; Olivier, J & Riordan, R. 1995. *Youth in the new South Africa. Towards policy formation*. Pretoria: Human Sciences Research Council.
- De Lange, D 1969. Culturele revolusie, een poging tot inhoudsbepaling. *Wending*, 24(8):478-490.
- Devaney, L & Hernandez, C 1995. Living community in a fragmented society. *Momentum*, 26(February/March):50-52.
- Deyhle, D 1986. Break dancing and breaking out: Anglos, Utes, and Navajos in a border reservation high school. *Anthropology and Education Quarterly*, 17(2):111-127.
- Die Bybel* (Nuwe vertaling) 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Burger*, 1992. Sonder skoling is misdaad 'verlore geslag' se enigste uitweg. 6 Oktober 1992:13.
- Die Transvaler*, 1991. Plofslae verniel Tegniese Kollege. 20 Desember 1991:1.
- Die Transvaler*, 1992. Meer wittes doen 'swart' werk. 25 Maart 1992:6
- Die Volksblad*, 1994. Vandalisme by swartskole. 13 Januarie 1994:6.
- Dreyer, P S 1978. *Rewolusie en terreur*. Arcadia: Boekenhout-Uitgewers.

- Du Toit, P S 1970. *Onderwys in Kaapland - 'n Historiese oorsig 1652-1969*. Pretoria: J L van Schaik.
- Duvenhage, S C W 1973. *Die opstandige student - 'n analise van evaluering van studenteaktiwisme in die VSA*. Potchefstroom: Pro Rege-pers Bpk.
- Education Bureau - Department of Internal Affairs (Coloured Affairs). 1981. *The education of the coloured population group in the Republic of South Africa*. Cape Town: Department of Internal Affairs.
- Education in South Africa. Facts and figures*. 1988. s.l.: SACHED Trust.
- Eliot, T S mcmxlviii. *Notes towards the definiton of culture*. London: Faber and Faber Limited.
- Ellis, D G & Fisher B A 1994. *Small group decision making*. Fourth edition. New York: McGraw-Hill, Inc.
- Els, J 1972. Die begrip kultuur. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie*, (4)April:71-74.
- Engelbrecht, C S 1989. *Benaderings en metodes in Opvoedkundige navorsing*. Fakulteit Opvoedkunde. Navorsing in die Opvoedkunde. Verslag van die derde jaarlikse seminaar van die Fakulteit Opvoedkunde. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Erasmus, P A 1994. Subculture of smuggling. *South African Journal of Ethnology*, 17(3):88-90.
- Fanon, F 1963. *The wretched of the earth*. New York: Grove Press.
- Farley, J E 1990. *Sociology*. Englewood Cliffs: Prentice Hall.
- Fattah, E A (ed) 1986. *From crime policy to victim policy*. London: Macmillan.

- Ferreira, G V & Mathibe, I D 1993. The black adolescent boy's perception and construction of life-world in an urban area. *Pedagogiek Joernaal*, 14(1):1-14.
- Feuer, L S 1969. *The conflict of generations. The character and significance of student movements*. London: Heineman.
- Fine, G A & Kleinman, S 1979. Rethinking subculture: An Interactionist analysis. *American Journal of Sociology*, 85(1):1-20.
- Fischer, C S 1975. Towards a subcultural theory of urbanism. *American Journal of Sociology*, 80:1319-1341.
- Fisher, J J 1995. Intersubjektiewe gesprek. 20 Oktober. Pretoria.
- Foster, G M 1962. *Oude culturen in een technische wêreld*. Antwerpen: Aula-boeken.
- Fraser, M 1974. *Children in conflict*. Harmondsworth: Penguin.
- Frease, D E 1972. The schools, self-concept and juvenile delinquency. *British Journal of Criminology*, 12(2):133-146.
- Furlong, M J & Morrison, G M 1994. School violence and safety in perspective. *School Psychological Review*, 23(2):139-150.
- Gagné, C & Briggs, L J 1979. *Principles of instructional design*. New York: Holt, Rinehart and Winston.
- Garcia, P A 1994. Creating a safe school climate. *Thrust for Educational Leadership*, 24(October):22-24.
- Gibson, K 1989. Children in political violence. *Social Science and Medicine*, 28(7):659-667.

- Girard, A 1983. *Cultural development: experiences and policies*. Second edition. Vendôme: United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation.
- Glanz, L & Pretorius, R 1991. Demographic correlates of self-reported delinquency among urban black youth. *South African Journal of Sociology*, 22(4):101-108.
- Glaser, C 1988/9. Students, *Tsotsis* and the Congress Youth League: Youth Organisation on the Rand in the 1940s and 1950s. *Perspectives in Education*, 10(2):1-15.
- Glaser, C 1992. The mark of Zorro. Sexuality and gender relations in the tsotsi subculture on the Witwatersrand. *African Studies*, 51(1):47-67.
- Goldstein, L & Shotland, R L 1980. The crime causes model: A critical review of the relationship between fear of crime, bystander surveillance, and changes in the crime rate. *Victimology*, 5(2-4):133-151.
- Gollnick, D M & Chinn, P C 1983. *Multicultural education in a pluralistic society*. London: The CV Mosby Company.
- Gollnick, D M & Chinn, P C 1986. *Multicultural education in a pluralistic society*. London: Charles E Merrill Publishing Company.
- Goodey, J S 1989. Multikulturele onderwys: ideaal en werklikheid. DEd-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Gordon, M M 1947. The concept of the sub-culture and its application. *Social Forces*, 26:40-42.
- Gorski, J & Pilotto, L 1995. Violence in American schools. *The Delta Kappa Gamma Bulletin*, 60(Summer):38-42.
- Gottdiener, M & Malone, D 1985. Group differentiation in a metropolitan high school: the influence of race, class, gender and culture. *Qualitative Sociology*, 8(1):29-41.

- Gracia, R L 1982. *Teaching in a pluralistic society: concepts, models, strategies*. New York: Harper & Row.
- Grant, C 1978. Education that is multicultural - Isn't that what we mean? *Journal of Teacher Education*, 29(5):45-48.
- Green, A W 1946. Sociological analysis of Horney and Fromm. *The American Journal of Sociology*, May:533-540.
- Green, M 1991. The politics of education. South Africa's lost generation. *The American Enterprise*, 2(3):12-15.
- Gultig, J & Hart, M 1990. "The world is full of blood": Youth, schooling and conflict in Pietermaritzburg, 1987-1989. *Perspectives in Education*, 11(2):1-19.
- Gunter, C F G 1964. *Opvoedingsfilosofieë - Op weg na 'n Christelike opvoedingsfilosofie*. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (EDMS)Bpk.
- Hagan, J 1991. Destiny and drift: Subcultural preferences, status attainments, and the risks and rewards of youth. *American Sociological Review*, 56:567-582.
- Halliday, M 1976. Anti-languages. *American Anthropologist*, 78(3):570-584.
- Hartshorne, K 1992. *Crisis and challenge. Black education 1910-1990*. Cape Town: Oxford University Press.
- HAT, fide Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1988. s.v. "bewaar".
- HAT, fide Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1988. s.v. "differensiasie".
- HAT, fide Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1988. s.v. "gemeenskap".

HAT, fide Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1988. s.v. "groep".

HAT, fide Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1988. s.v. "jeug".

HAT, fide Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1988. s.v. "puberteit".

HAT, fide Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1988. s.v. "samelewing".

HAT, fide Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1988. s.v. "segregasie".

HAT, fide Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1988. s.v. "tegnokrasie".

HAT, fide Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1988. s.v. "volwassene".

Hebdige, D 1979. *Subculture: The meaning of style*. London: Methuen & Co. Ltd.

Hernández, H 1989. *Multicultural education. A teacher's guide to content and process*. New York: Macmillan.

Herskovits, M J 1938. *Acculturation: the study of culture contact*. New York: J J Augustin Publisher.

Herskovits, M J 1958. *Acculturation. The study of culture contact*. Gloucester: Peter Smith.

Herskovits, M J 1966. *Cultural dynamics*. New York: Alfred A. Knopf, Inc.

Herskovits, M J 1972. *Cultural relativism: Perspectives in cultural pluralism*. New York: Random House.

Heyns, J A s.a. Opvoeding en sedelike norme. In Dreyer, P S (red) s.a. *Opvoeding, norme en jeugverset*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

- Hobbs, D A & Blank, A 1982. *Sociology and the human experience*. New York: John Wiley & Sons, Inc.
- Hollingshead, A B 1939. Behaviour systems as a field of research. *American Sociological Review*, 4:816-822.
- Horkheimer, M 1974. *Eclipse of reason*. New York: Continuum.
- Horton, P B & Hunt, C L 1976. *Sociology*. Fourth edition. New York: McGraw-Hill Book Company.
- Horton, P B; Leslie, G R & Larson, S 1988. *The sociology of social problems*. Ninth edition. New Jersey: Prentice Hall.
- Ingold, T 1994. Introduction to culture. In Ingold, T (ed) 1994. *Companion Encyclopedia of Anthropology*. London: Routledge.
- James, B 1995. School violence and the law. *Momentum*, 26(February/March):31-34.
- Jenks, C 1993. *Culture*. London: Routledge.
- Kane-Berman, J 1991. South Africa needs to get its educational priorities in order. *Educamus*, 37(5):43-44.
- Karis, T & Carter, G M (eds) 1972. *From protest to challenge: a documentary history of African politics in South Africa 1882-1964*. Stanford: Hoover Institute Press.
- Karr, M 1982. Bender-Gestalt performance of Sierra Leone, West African children from four sub-cultures. *Perceptual and Motor Skills*, 55(1):123-127.
- Kennedy, L W & Silverman, R A 1985. Perception of social diversity and fear of crime. *Environment and behavior*, 17(May):275-295.

- Kiel, N 1969. *The universal experience of adolescence*. London: University of London Press.
- Kirby, D 1971. A counter-cultural explanation of student activism. *Social Problems*, 19(Fall):203-216.
- Kirsten, J M 1985. Verskuiwinge in die eietydse kultuurbegrip. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 1(1):4,5,13.
- Kroeber, A L 1952. *The nature of culture*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Kroeber, A L & Kluckhohn, C 1952. *Culture. A Critical review of concepts and definitions*. Papers of the Peabody museum of American Archaeology and ethnology, Harvard University. Vol. XLVII No. 1. Massachusetts: Peabody Museum of American Archaeology and Ethnology.
- Kwant, R C 1973. *Persoon en structuur*. Antwerpen: H D Tjeenk Willink & Zoon N V.
- Landman, W A (red) 1987. *Die navorsingsprogram vir geesteswetenskaplike navorsing*. Johannesburg: Perskor-uitgewery.
- LeCompte, M D & Preissle, J 1993. *Ethnography and qualitative design in educational research*. Second edition. San Diego: Academic Press, Inc.
- Le Roux, C S 1995. The evolution and educational implications of the children's rights movement; a study in time perspective. MEd dissertation. University of South Africa, Pretoria.
- Le Roux, J & Smit, M E 1992. Die verskynsel "kindvyandige kultuur" in die eie tydse samelewing. In Le Roux, J (red) 1992. *Temas in die Sosiopedagogiek*. Pretoria: J L Van Schaik.
- Lester, D 1987. A subculture theory of teenage suicide. *Adolescence*, 22(86):317-320.

- Levine, H G & Stumpf, S H 1983. Statements of fear through cultural symbols. Punk rock as a reflective subculture. *Youth and Society*, 14(4):417-435.
- Lodge, T 1985. *Black politics in South Africa since 1945*. Johannesburg: Raven Press.
- Lont, C M 1990. Persistence of sub-cultural organizations: An analysis surrounding the process of subcultural change. *Communications Quaterly*, 38(1):1-12.
- Louw, A D 1987. Die evaluering van tien SATV opvoedkundige programme deur, en die gepaardgaande sosiopolitieke persepsies van stedelike swart jeugdiges soos weerspieël in 'n reeks fokusgroepsessies. *RTV*, 1(3):92-99.
- Luijpen, W 1971. *Nieuwe inleiding to de existentiële fenomenologie*. Utrecht: Uitgeverij Het Spectrum N.V.
- Macionis, J J 1992. *Society. The basics*. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.
- Malherbe, E G 1975. *Education in South Africa*. Volume 1 (1652-1922). Cape Town: Juta.
- Malherbe, E G 1977. *Education in South Africa*. Volume 2 (1923-1975). Cape Town: Juta.
- Malinowski, B 1957. *Man and culture: an evaluation of the work of Bronislaw Malinowski*. s.l.: Humanities.
- Martin, J & Siehl, C 1983. Organizational culture and counterculture: An uneasy symbiosis. *Organizational dynamics*, 12(2):52-64.
- Masetle, A 1995. Intersubjektiewe gesprek. 25 Oktober. Pretoria.
- Maslow, A H 1970. *Motivation and personality*. Second edition. Late: Haper Collins Publishers.
- Mathabatha, S 1995. Intersubjektiewe gesprek. 16 Oktober. Pretoria.

- Mathunyane, L H 1992. Pupil identity formation with special reference to the black adolescent. MEd dissertation. University of South Africa, Pretoria.
- May, J M 1986. Cognitive processes and violent behaviour in young people. *Journal of Adolescence*, 9(1):17-27.
- Maynard-Moody, S; Stull, D D & Mitchel, J 1986. Reorganization as status drama: building, maintaining, and displacing dominant subcultures. *Public Administration Review*, 46:310-310.
- Mazurova, A I & Rozin, M V 1991. Family conflicts of countercultural youth in the USSR and possible psychotherapeutic approaches. *The American Journal of Family Therapy*, 19(1):47-53.
- McCaghy, C H 1985. *Deviant behaviour. Crime, conflict, and interest groups*. New York: Macmillan Publishing Company.
- Mcleod, J 1987. The concept of culture. *Unicorn. Bulletin of the Australian College*, 13(2):68-74.
- Merton, R K & Nisbet, R 1976. *Contemporary social problems*. Fourth edition. New York: Harcourt Brace Jovanovich, Inc.
- Michielse, H C M 1973. *Kultuur als instrument van de heersende macht*. Groningen: H D Tjeenk Willink.
- Miller, R I (ed) 1967. *Perspectives on educational change*. New York: Appleton-Century-Crofts.
- Mokwena, S 1992. Living on the wrong side of the law. In Everatt, C & Sisulu, E (eds) 1992. *Black youth in crisis - facing the future*. Braamfontein: Sigma Press.
- Möller, V 1991. *Lost generation found. Black youth at leisure*. Durban: Youth Centre Project.

- Monitor*. 1991. Social disintegration in the black community - implications for transformations. October 1991:7.
- Mönnig, H 1980. *Groepsidentiteit en groepswrywing: Enkele waarneminge oor ras en rassisme, volk en etnisiteit, nasie en nasionalisme*. Johannesburg: Perskor.
- Monte, C F 1991. *Beneath the mask. An introduction to theories of personality*. Fourth edition. New York: Harcourt Brace Jovanovich College Publishers.
- Morrison, R L & Furlong, M J 1994. Knocking the wheels of the school violence bandwagon. *Trust for Educational Leadership*, October:6-9.
- Mortimore, J & Blackstone, T 1982. *Disadvantage and education*. London: Heinemann Educational Books.
- Motlhabi, M 1987. *The theory and practice of black resistance to apartheid - a social-ethical analysis*. Johannesburg: Skotaville Publishers.
- Mouton, J & Marais, H C 1990. *Basiese begrippe. Metodologie van die geesteswetenskappe*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Muller, C F J 1969. *Die Britse owerheid en die Groot Trek*. Pretoria: Academica.
- Muller, C F J 1984. *Vyfhonderdjaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria: Academica.
- Myles, B S & Simpson, R L 1994. Understanding and preventing acts of aggression and violence in school-age children and youth. *The Clearing House*, 68(September/October):55-61.
- Naidoo, K 1990. The politics of students resistance in the 1980s. In Nkomo, M (ed) 1990. *Pedagogy of domination - Towards a democratic education in South Africa*. New Jersey: Africa World Press.

- Nasson, B 1990. Modernization as legitimation: Education reform and the state in the 1980s. In Nkomo, M (ed) 1990. *Pedagogy of domination - Toward a democratic education in South Africa*. New Jersey: Africa World Press.
- Nelson-Jones, R 1991. *Lifeskills - a handbook*. London: Cassell.
- Nkomo, M O 1981. The contradictions of Bantu education. *Harvard Educational Review*, 51(1):126-138.
- Nortjè, J A 1995. Intersubjektiewe gesprek. 27 Desember. Kaapstad.
- Oberholzer, C K 1954. *Inleiding tot die prinsipiële opvoedkunde*. Pretoria: J J Moreau & Kie.
- Oberholzer, C K 1968. *Prolegomena van 'n prinsipiële pedagogiek*. Kaapstad: HAUM.
- Packard, V 1983. *Our endangered children. Growing up in a changing world*. Boston: Little, Brown and Company.
- Paelinck, J H P 1990. Towards an axiomatic culturology. In Blok, C; Van den Braembussche, A A; Kimmerle, H & Paelinck, J H B 1990. *Different elements for a general science of culture*. Aldershot: Avebury.
- Page, R C & Berkow, D N 1994. *Creating contact, choosing relationships*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.
- Peacock, R & Theron, A 1992. Die verband tussen swart straatkinders se biologiese en emosionele behoeftes en die tipe misdaad wat deur hulle gepleeg word. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie*, 23(1):26-30.
- Pinnock, D 1984. *The Brotherhoods: Streetgangs and state control in Cape Town*. Cape Town: David Phillip.

- Pistorius, P 1974. Enkele gedagtes oor kultuur en opvoeding. *Die Unie*, 71(1)Julie:7-13.
- Pistorius, P 1976. *Kind in ons midde*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- Plug, C; Meyer, W F; Louw, D A, Gouws, L A 1986. *Psigologiewoordeboek*. Tweede uitgawe. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.
- Popenoe, D 1977. *Sociology*. Third edition. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.
- Popenoe, D 1991. *Sociology*. Eighth edition. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.
- Potter, C S; Arnott, A; Hingle, I; Mansfield, J; Mashinini, L; Mentis, M & Nene, S 1995. *The development and implementation of "English in Action" in South Africa 1992-1994*. Washington: LearnTech and Johannesburg, Open Learning Systems Education Trust.
- Pratte, R N 1979. *Pluralism in education: conflict, clarity and commitment*. Springfield: McGraw-Hill.
- Pretorius, J W M 1990. *Opvoeding, samelewing en jeug*. Pretoria: J L Van Schaik.
- Prinsloo, J H 1990. Jeugmisdaad in die groter Pretoria-gebied. DPhil-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Pulido, J A 1994. Zero tolerance for violence = a safe learning environment at Highland Highschool. *American Secondary Education*, 23(1):26-29.
- Race Relations Survey 1993/1994*. 1994. Johannesburg: Institute for Race Relations.
- Ramphela, M 1991. Social disintegration in the black community - implications for transformation. *Monitor*, October 1991:7.

- Ramphele, M 1992. Social disintegration in the black community. In Everatt, D & Sisulu, E (eds) 1992. *Black youth in crisis - facing the future*. Braamfontein: Sigma Press.
- Rapport*, 1990. Swart jeug verset. 22 Julie 1990:15.
- Republiek van Suid-Afrika. 1911. *Mijnen en Bedrijven Wet 12*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1913. *Naturellen Grondwet 27*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1922. *Vakleerlingen Wet 26*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1923. *Naturelle(Stadsgebieden) Wet 6*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1936. *Naturelletrust en -grond Wet 18*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1936. *Naturelle(Stadsgebiede)Konsolidasie Wet 25*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1950. *Die Wet op Groepsgebiede 41*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1953. *Bantoe Onderwys Wet 47*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1954. *Die Wet op die Hervestiging van Naturelle 19*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1964. *Wet op Grondgebiede 36*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1980. *Verslag van die kommissie van ondersoek oor die oproer in Soweto en elders van 16 Junie 1976 tot 28 Februarie 1977*, RP55/1980 (Cillie-kommissie). Pretoria: Departement van Justisie.
- Republiek van Suid-Afrika. 1983. *Kindersorg Wet 74*. Pretoria: Staatsdrukker.

- Republiek van Suid-Afrika. 1986. *Wet op die Afskaffing van Instromingsbeheer 68*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Republiek van Suid-Afrika. 1991. *Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëling 108*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Richter, L M 1989. Household density, family size and the growth and development of black children - a cross sectional study from infancy to middle childhood. *South African Journal of Psychology*, 19(4):191-198.
- Robertson, B 1990. The influence of violence on children. In *The influence of violence on children. Occasional Paper no. 13*. Cape Town: Centre for Intergroup Studies.
- Roux, A S 1972. Verdowingsmiddels en kontrakultuur. *South African Psychologist*, 2(1):12-16.
- Ross, J 1967. Bantu education in historical perspective. In Duminy, P A (ed) 1967. *Trends and challenges in the education of the South African Bantu*. Pretoria: J L van Schaik.
- Roszak, T 1970. *The making of a counter-culture. Reflections on the technocratic society and its youthful opposition*. London: Faber and Faber.
- Sautter, R G 1995. Standing up to violence. *Phi-Delta-Kappan*, 76(January):K1-12.
- Sayre, J 1989. Radical therapy: a research note on the ideological work in maintaining a deviant subculture. *Deviant Behaviour*, 10(4):401-412.
- Schaefer, R T & Lamm, R P 1992. *Society*. Fourth edition. New York: Harcourt Brace Jovanovich, Inc.
- Schein, E H 1987. *Organizational culture and leadership*. San Francisco: Jossey Bass Inc.

- Schluchter, W 1990. The future of religion. In Alexander, J C & Seidman, S (eds) 1990. *Culture and society. Contemporary debates*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Schoeman, P G 1989. Die ideaal van vrye menslike persoonlikheid by voorstanders van 'n kontrakultuur. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 25:38-54.
- Schumacher, S & McMillan, J H 1993. *Research in Education. A conceptual introduction*. New York: Harper Collins College Publishers.
- Schusky, E L & Culbert, T P 1978. *Introducing culture*. New York: Prentice-Hall, Inc.
- Seegers, A s.a. *Rewolusionêre strategie in Mosambiek*. Pretoria: Instituut vir Strategiese Studies, Universiteit van Pretoria.
- Seletela, A 1995. Intersubjektiewe gesprek. 20 Oktober. Pretoria.
- Senior, A M & Anderson, B T 1993. Who's who among African-American student groups in High school: An exploratory investigation on peer subcultures. *The Urban Review*, 25(3):233-249.
- Seymour-Smith, C 1986. *Macmillan dictionary of Anthropology*. London: The Macmillan Press LTD.
- Shaull, R 1969. *Uitdaging aan kerk en maatschappij*. Baarn: Het wêreldvenster.
- Shchepanskaia, T B 1991. The symbols of the youth subculture. *Soviet Education*, 33(Oct):3-16.
- Skelton, A 1993. On becoming a male physical education teacher: the informal culture of students and the construction of hegemonic masculinity. *Gender and Education*, 5(3):189-303.

- Smeja, C M & Rojek, D G 1986. Youthful drug use and drug subcultures. *The International Journal of the Addictions*, 21(9&10):1031-1050.
- Smit, M E & Le Roux, J 1993. The anti-child sentiment in contemporary society (with specific reference to the black child). In Le Roux, J (ed) 1993. *The black child in crisis. A socio-educational perspective*. Volume 1. Pretoria: J L van Schaik.
- Smolicz, J 1979. *Culture and education in a plural society*. Canberra: Curriculum Development Centre.
- Soriano, M; Soriano, F I & Jimenez, E 1994. School violence among culturally diverse populations: sociocultural and institutional considerations. *The School Psychology Review*, 23(2):216-235.
- South African Broadcasting Corporation, 15 August 1990. The lost Generation. Presented by B Fölsher.
- Sowetan, 1991. Blacks stream to white schools. 10 January 1991:1-2.
- Sowetan, 1991. 'Lost generation' a challenge for future. 6 June 1991:6.
- Sowetan, 1992. People's lives. Saving the lost generation. 21 August 1992:12.
- Sowetan, 1994. Focus on June 16. 15 June 1994:10.
- Sowetan, 1994. Focus on schools. 19 October 1994:10.
- Spier, J M 1972. *Oriëntering in die Christelike wysbegeerte*. Bloemfontein: Scam.
- Stevenson, B W; Roscoe, B; Brooks, R H & Kelsey, T 1987. Profiles of mod revivalists: a case study of a reemerging adolescent group. *Adolescence*, 22(86):393-404.

- The New Nation*, 1990. Violence and the children. 26 October 1990:6.
- The New Nation*, 1990. Breeding a violent society. 1 November 1990:6.
- The New Nation*, 1991. Youth, crime and violence in the townships. 24 May 1991:18
- The Pretoria News*, 1992. 'Reaping the whirlwind' of black education. 8 January 1992:6.
- The Pretoria News*, 1992. Safety of white teachers 'not guaranteed'. 30 January 1992:2.
- The Pretoria News*, 1995. Four pupils wounded at shooting at school. 20 September 1995:2.
- The Reconstruction and Development Programme. A policy framework*. 1994. Johannesburg: Umanyano Publications.
- The Star*, 1990. The kids with the keys of the kingdom. 18 February 1990:12.
- The Star*, 1992. Education breakdown worries Dr Motlana. 17 July 1992:7.
- The Star*, 1994. 'Stop destroying education'. 22 September 1994:6.
- The Weekly Mail*, 1990. Talk of lost generation is nonsense. 16 November 1990:23.
- The Weekly Mail*, 1992. People Power as chaos grips schools. January 31 to February 6 1992:2.
- Todd, R 1991. *Education in a multicultural society*. London: Cassel Educational Limited.
- Toffler, A 1970. *Future shock*. London: Pen Books Ltd.
- Tylor, E B 1958. *The origins of culture*. New York: Harper Torchbooks.

- United Nations, 1991. *Convention on the rights of the child*. New York: United Nations Department of Public Information.
- Van den Aardweg, E M 1987. Possible causes of school violence. *South African Journal of Education*, 7(3):174-181.
- Van der Merwe, E 1986. Jeug in nood. Hoe haal mens die onrus uit hom uit? *Finansies en Tegniek*, 38(25):12-13.
- Van der Vyver, J D & Joubert, D J 1991. *Persone- en familiereg*. Kaapstad: Juta en Kie Beperk.
- Van der Walt, T 1992. Fokus op jeug in drie inisiatiewe. *Beeld*, 5 Februarie 1992:9.
- Van der Wateren, H 1979. *Kultuurkleed van die mens*. Pretoria: N G Kerkboekhandel Transvaal.
- Van Jaarsveld, F A 1982. *Van Van Riebeeck tot PW Botha*. Johannesburg: Perskor.
- Van Niekerk, E J 1986. Die rewolusieverskynsel in die opvoedings- en opvoedkundewerklikheid. 'n Metableties-eksemplariese studie. MEd-verhandeling. Universiteit van Port Elizabeth, Port Elizabeth.
- Van Niekerk, S L H 1988. Gelyke onderwysgeleentheid in 'n Suid-Afrikaanse samelewing van kulturele pluralisme - 'n Histories-vergelykende ondersoek. DEd-proefskrif. Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Van Niekerk, S L H & Bondesio, M J 1989. Kan kultuurdiversiteit en beskawingsmondigheid deur die onderwys verreken word? *Pedagogiekjoernaal*, 11(1):111-126.
- Van Niekerk, S L H & Meier C 1995. The origin of sub- and counter-cultures among black youth: a historical-educational analysis. *Educare*, 24(1):68-80.
- Van Peursen, C A 1974. *The strategy of culture*. Amsterdam: North Holland Publishing Co.

- Van Peursen, C A 1982. *Cultuur in stroomversnelling*. Brussel: Elsevier-Amsterdam.
- Van Rensburg, C J J & Landman, W A 1988. *Fundamenteel-pedagogiese begripsverklaringe*. Kaapstad: N G Kerkboekhandel Edms. Bpk.
- Van Schalkwyk, O J 1988. *Die onderwysstelsel*. Alkantrand: Alkantro.
- Van Zyl, P 1977. *Opvoedkunde*. Deel III. Johannesburg: De Jong.
- Van Zyl, A E 1993. Verklaring van uitvalsverskynsels aan die hand van die opvoedingsverlede met spesifieke verwysing na jeugmisdaad. *Educare*, 22(1&2):181-195.
- Vedder, C B 1963. *Juvenile offenders*. Springfield: Charles C Thomas.
- Venter, C N 1962. Die kultuurtoestand van die Afrikaner. *Die Taalgenoot*, 31(12)November:5,32.
- Venter, I S J 1985. *Die Historiese Opvoedkunde*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Venter, I S J & Van Heerden, S M 1989. *Die fundering van die Historiese Opvoedkunde: 'n inleiding*. Pretoria: Euro-publikasies.
- Viljoen, G van N 1978. *Ideaal en werklikheid*. Kaapstad: Tafelberg.
- Vorster, L P Intersubjektiewe gesprek. 7 Oktober 1994. Pretoria.
- Vrye Weekblad*, 1990. Kinders hanteer stress deur te toyi-toyi. 30 November 1990:9.
- Walter, E F 1982. From counterculture to subculture: an episode in the history of poverty. In Leventman, S (ed) 1982. *Counterculture and social transformation*. Illinois: Charles C Thomas.
- WAT, fide Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel II. 1974. s.v. "fenotipe".

- WAT, fide Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Deel II. 1974. s.v. "genotipe".
- Watson, I 1993. Education, class and culture: the Birmingham ethnographic tradition and the problem of the new middle class. *British Journal of Sociology of Education*, 14(2):179-195.
- Waugh, P 1983. Die agogiese eise van kultuurbewaring. DEd-proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Wax, M L 1993. How culture misdirects multiculturalism. *Anthropology and Education Quarterly*, 24(2):99-115.
- Webster, E 1988. The rise of social-movement Unionism: The two faces of the black trade union movement in South Africa. In Frankel, P; Pines, N & Swilling, M (eds) 1988. *State resistance and change in South Africa*. London: Croom Helm.
- Whiteley, S 1992. *The space between the notes: rock and the counterculture*. London: Routledge.
- Wilkins, L 1964. *Social deviance - social policy, action and research*. London: Tavistock Publications.
- Williams, R 1981. The analysis of culture. In Bennet, T; Martin, G; Mereer, C & Woollacott, J 1981. *Culture, ideology and social process*. London: The Open University.
- Wilson, F & Ramphela, M 1989. *Uprooting poverty. The South African challenge*. Cape Town: David Phillip.
- Wilson, J Q 1993. The concept of culture. *Aspen Institute Quarterly*, 5(1):108-116.
- Wilson, T C 1986. Community population size and social heterogeneity: An empirical test. *American Journal of Sociology*, 91(5):1154-1169.

- Wissler, C 1923. *Man and culture*. London: George G Harp & Co Ltd.
- Wolfgang, M E & Ferracuti, F 1967. *The subculture of violence*. London: Tavistock Publications.
- Wolpe, H 1972. Capitalism and cheap labour-power in South Africa: from segregation to apartheid. *Economy & Society*, November:425-456.
- Woods, C M 1975. *Culture change*. Los Angeles: W M C Brown Company Publishers.
- Yinger, J M 1960. Contraculture and subculture. *American Sociological Review*, 25:626-635.
- Yinger, J M 1977. Countercultures and social change. *American Sociological Review*, 42(6):833-835.
- Yinger, J M 1982. *Countercultures. The promise and the peril of a world turned upside down*. New York: The Free Press.
- Zaltman, G & Duncan, R 1977. *Strategies for planned change*. New York: John Wiley & Sons.
- Zijderveld, A C 1983. *De culturele factor*. Gravenhage: Vuga.